



EMILY HOBHOUSE EN DIE NAWË

VAN DIE

ANGLO-BOEREOORLOG.

'n Studie van Altruïsme en Pasifisme.

VOORGELEË DEUR

JOHANNES DAVID KRIEL

ter Vervulling van die Vereistes vir die Graad

PHIL
DOCTOR LITERARUM.

in die fakulteit

LETTERE EN WYSBEGEERTE

aan die

UNIVERSITEIT VAN DIE ORANJE-VRYSTAAT,

BLOEMFONTEIN.

in

SEPTEMBER 1956.

PROMOTOR: PROF. DR. C.J. UYS.

UOVS-SASOL-BIBLIOTEEK 0065581



111169336001220000018

111169336001220000018

GEEN ONSKANDIGHEDE UIT DIE
BIBLIOTEEK VERWYDER WORD NIE

VERKLARING.

Hiermee verklaar ek, die ondergetekende dat hierdie proefskrif op my eie oorspronklike navorsing berus en dat die gevolgtrekkings daarin vervat, my eie is.

(Get.) *J.D. Kriel*

Hoogstraat 1,
VREDEFORT.
Sept, 1956.

LYS VAN AFKORTINGS.

- Lt. G: Luitenant-Goewerneur.
T.A.: Transvaalse Argief, Pretoria.
V.A.: Vrystaatse Argief, Bloemfontein.

VOORWOORD.

Die besluit om 'n aspek van Emily Hobhouse se lewe en werk as proefskrif aan te bied, is deur 'n tweeledige doelstelling bepaal. Eerstens, om te verhoed dat die veelbewoë geskiedenis van hierdie groot vrouefiguur tot vergetelheid sal verval; tweedens, om die aangrypende en afgryslike verhaal van die konsentrasiekampe gedurende die Anglo-Boereoorlog en die naweë van die stryd objektief voor te stel. Die biografiese besonderhede wat benadruk word, behoort m.i. ook nuwe lig te werp op die milieu en geslag deur Emily Hobhouse verteenwoordig.

Sy het inderdaad in 'n tydperk swanger aan aangrypende gebeurtenisse geleef: Oorloë en hongersnood; epidemies en verwoesting; inflasie, emigrasie en ekonomiese insinking. Daarbenewens het sy ook die ontstaan van die massa-ideologieë van die twintigste eeu aanskou: Imperialisme in Brittanje, fascisme in Italië, nasionaal-sosialisme in Duitsland, kommunisme in Rusland en nasionalisme in Suid-Afrika. Terselfdertyd was sy ook tweemaal persoonlik ooggetuie van die verval van beskaafde volkere tot oorlog, en barbarisme.

Dwarsdeur die donker tydperk van geestelike en sedelike verval waarin Emily Hobhouse geleef het, loop haar lewe soos 'n silwerdraad. Die dramatiese in haar loopbaan is geleë in die stryd tussen lig en duisternis - die tweekamp enersyds, tussen haar eie Godgerigte lewenswandel en andersyds, die ontaarde wanskapenheid van die mens in oorlogstyd.

Wat haar persoonlike lewe betref, het ek dit my nie ten doel gestel om 'n biografie in die gewone sin van die woord te lewer nie; ek het slegs die suiwer-menslike eienskappe wat rigting gee het aan haar werk as altruïs, pasifis en maatskaplike hervormer beklemtoon.

Sonder om afbreuk aan Ruth Fry en Annette Terblanche se werkie oor die gevierde „meisie van Engeland" te probeer doen, kom dit my voor as of daardeur weinig lig op Emily Hobhouse se werklike historiese belangrikheid gewerp word. Daarom het ek onder-

neem om 'n gedokumenteerde studie oor juis hierdie aspek van haar lewe die lig te laat sien. 'n Doelbewuste poging is aangewend om haar plek in die Suid-Afrikaanse geskiedenis nader te bepaal.

Die nuwe stof wat gebruik word, behels o.m. Emily Hobhouse se eie ongepubliseerde herinneringe, die omvattende Steyn-versameling, w.o. talle koerantberigte, asook nuusberigte uit die Leyds-, Preller- en Fisher-versamelings.

Die hoofstukke „Verskroeiende Aarde“-beleid en „Die Doodsengel Wink“ is oorspronklik geskryf en deur my promotor gelees voor die verskyning van dr. J.C. Otto se proefskrif, „Die Konsentrasiekampe“ (1954). Dr. Otto het hom hoofsaaklik verlaat op bronne in die Transvaalse Argief; hy benadruk gevolglik die Transvaalse sy van die hele aangeleentheid. Omdat dit my bedoeling en oogmerk was om veral die Vrystaatse kampe, deur Emily Hobhouse self besoek, te bespreek, het ek besluit om genoemde hoofstukke in hierdie proefskrif te behou al het dr. Otto dieselfde veld gedeeltelik gedek.

Dr. Otto het ook nie Emily Hobhouse se aandeel aan die uiteindelijke verbetering van die kampe aangetoon nie, omdat dit nie binne die bestek van sy verhandeling geval het nie. Dieselfde geld vir die opruiming van die kampe wat in hierdie werk - sover my bekend - vir die eerste keer behandel word. Vir hierdie hoofstukke is hoofsaaklik geput uit die Steynversameling, kontemporêre publikasies en amptelike stukke.

Die sgn. „Repatriation Muddle“ word slegs terloops deur skrywers soos G.B. Beak, W. Worsfold e.a. vermeld. Sover my bekend is nog nooit tevore getrag om die onderwerp volledig as 'n losstaande geheel te skets nie. Om die rede het ek onderneem om dit wetenskaplik as agtergrond vir die hooftema, Emily Hobhouse te behandel. Ek vertrou dat ek in my doel geslaag het en wel iets nuuts tot die historiografie van Suid-Afrika bygedra het.

Ten slotte, 'n besondere woordjie van dank aan die personeel

van die verskillende argiewe en biblioteke deur my besoek, en my waardering vir my promotor vir deskundige leiding en wenke wat my in staat gestel het om hierdie studie te voltooi.

Get.

VREDEFORT.

September 1956.

INHOUDSOPGAWE.

	Bl.
Inleiding : Vormingsjare	1 - 14
Hoofstuk 1: Die „Verskroeië Aarde“-beleid	15 - 36
" 2: Die Doodsengel Wink.	37 - 58
" 3: „Die Meisie van Engeland“.	59 - 85
" 4: 'n Verslag met 'n Slag.	86 - 104
" 5: Die Stryd teen „Barbaarse Metodes“	105 - 114
" 6: Die Doodsengel Wyk.	115 - 130
" 7: Slagoffer van Krygswet.	131 - 151
" 8: Repatriasie en Kompensasie.	152 - 182
" 9: Besoek aan die O.R.K.	183 - 202
" 10: Transvaalse Reise.	203 - 215
" 11: Voorspraak vir 'n verarmde Volk.	216 - 234
" 12: Die Suid-Afrikaanse Huisnywerhede.	235 - 245
Besluit : Die Laaste Skof.	246 - 257
Bylae 1 : Bronnebespreking.	258 - 261
Bronnelys :	262 - 268

INLEIDING: VORMINGSJARE.

Teneinde die komplekse karakter van die mens Emily Hobhouse te ontleed en te vertolk, moet haar lewe gesien word teen die agtergrond van die roeringsjare waarin sy opgegroeï en tot 'n volwasse persoonlikheid ontwikkel het. Agter haar uiterlike persoonlikheid en in 'n groot mate verklarend van haar latere lewenstaak as altruïstiese pasifis, het daar die maatskaplike, godsdienstige, ekonomiese en politieke woelinge van haar tyd gelê, en teneinde haar karakter en lewe te begryp moet haar agtergrond en vormingsjare noodwendig ontrafel en verstaanbaar vertolk word.

Sy het geleef in 'n eeu van wêreldroering, 'n tydperk gekenmerk deur algemene agteruitgang op godsdienstige gebied en die opkoms van materialisme en kommersialisme as die tonaangewende lewens- en wêreldbeskouing van die volksmassas in Europa en Brittanje. Die algemene rigting van hierdie nuwe materialistiese lewensuitkyk in Brittanje is deur die twee uitstaande Britse filosowe van die tyd, Charles Darwin en John Stuart Mill, bepaal. Mill het die leer van volkome demokrasie verkondig vir sover dit sy hoofdoel was om die verkryging van kennis binne bereik van alle volkslae te bring deur middel van sentralisasie¹⁾. Daarbenewens het hy hom veral ook daarop toegelê om die persoonlike vryheid van die vrou as volwasse lid van die maatskappy te bevorder en terselfdertyd volksoewereiniteit deur middel van pleidooie ten gunste van volkome vryheid van gewete en spraak, tot 'n werklikheid te maak. Die opkomende geslag in Brittanje het die nuwe opvatting t.o.v. persoonlike vryheid onmiddellik aangegryp en 'n doelbewuste poging is aangewend om dit in alle terreine van die volkslewe, politiek, ekonomies, godsdienstig en maatskaplik, in te dra.

Die nuwe opvatting, wat in wese materialisties en egosentriek was, is verder aangewakker deur Charles Darwin se gewaagde

(1) Vgl. Trevelyan: History of England, p. 677.

ewolusieteorie wat 'n neiging om die grondwaarhede van die Heilige Skrif in twyfel te trek en die menslike rede tot goddelike status te verhef, in Brittanje laat posvat het.²⁾ Vrydenkery en onkerkshoid het gevolglik al hoe meer algemeen in Brittanje geword sodat 'n groot deel van die opkomende geslag geredelik ten prooi van die modernistiese tydgees en materialistiese lewensbeskouing van die tweede helfte van die 19de eeu geval het.

Die maatskaplike struktuur van Brittanje is ook deur die Industriële Omwenteling en die daaruitvoortvloeiende sosialistiese vakbondbeweging van die tweede helfte van die negentiende eeu aangetas. Die Britse arbeidersklas, vroeër gewoon aan armoede en ellende, kon hulle nie by die algemene voorspoed op tydelike gebied, soos deur die Industriële Omwenteling moegbring en deur die vakbondbeweging gekonsolideer, aanpas nie, met die gevolg dat selfsugtige winsbejag 'n toenaangewende rol in die volkslewe begin speel het. Terselfdertyd het juis die ewels en vraagstukke deur die Industriële Omwenteling geskep, ogter ook tot 'n ernstige ondersoek van maatskaplike probleme en die stigting van genootskappe soos die Christian Socialists en die Fabian Society aanleiding gegee. Hierdie genootskappe het aan persone wat in maatskaplike werk belanggestel het, die geleentheid gebied om hulle belangstelling daadwerklik uit te leef. Sodoende is ook die Viktoriaanse vrou in staat gestel om intelligente belangstelling in maatskaplike opheffingswerk te toon, sonder om haar vroulikheid in die godrang te bring of maatskaplike ostrasisme te vrees. Die vrou se poging om haar regmatige plek op maatskaplike terrein in te neem, is besonder voordelig beïnvloed deur die opspraakwekkende optrede van Florence Nightingale gedurende die Krimoorlog. Uit haar onbaatsugtige en heldhaftige offervaardigheid is die moderne begrip van hospitaalwese sowel as 'n nuwe opvatting t.o.v. die moontlikhede en plek van die opgeleide vrou in die openbare lewe gebore. Heeltemal tereg kon mevrou Millicent Fawcett, wat self 'n wesentlike aandeel aan

2). Ibid., p. 678.

die vroue-emansipasiebeweging gehad het, dan ook skrywe: „So far, therefore, from greater freedom and better education encouraging women to neglect womanly work, it has caused them to apply themselves to it more systematically and more successfully.”³⁾

Die gewysigde toestand op maatskaplike en ekonomiese gebied in Engeland, soos deur die Industriële Omwenteling en die filosofiese geskrifte van Mills en Darwin meegobring, is duidelik in die politieke verwickelinge van die tweede helfte van die negentiende eeu weerspieël. Gladstone, wat in 1867 Eerste Minister geword het, het op aandrang van die volk 'n nasionale primêre onderwysstelsel daargestel, die staatsdiens vir alle volkslae oopgestel en geheime stemming by verkiesings ingevoer. Sy opvolger, Disraeli, het volksgesondheid deur middel van wetgewing op 'n hegte grondslag geplaas en 'n doelbewuste poging aangewend om 'n einde aan die ondoeltreffende dorpsbeplanning en swak boustyl van die tyd te maak. Disraeli, soos later ook die redakteur van die Londense Times, het besef dat „the Nineteenth century did not attack beauty. It simply trampled it under foot”⁴⁾ en het gevolglik doelbewus getrag om die onooglike agterbuurtes van die Britse stede uit te wis en sodoende die „gentleman” tradisie van die Brit in ere te herstel. Anders as Gladstone, was Disraeli en sy Konserwatiewe party ogter ook uitgesproke imperialisties en was oortuig dat „no minister in this country will do his duty who neglects any opportunity of reconstructing as much as possible our colonial empire.”⁵⁾ Disraeli se imperialistiese ideale is later kragdadig deur sy opvolger, lord Salisbury, voortgesit. Juis op die kritieke tydstip, 1898, is Gladstone, wat die grootste teenstander van die Konserwatiewe party se imperialistiese beleid was, oorlede en het Salisbury en Chamberlain, die Britse minister van Kolonies, die geleentheid gekry om hulle ideaal van imperiale federasie ook in Suid-Afrika toe te pas. Sir Alfred Milner, „a firmly congealed Imperialist with an unyielding and

3). Fawcett: Some Eminent Women, p.iii.

4). The Times Literary Supplement, 25 April 1924.

5). Hazen: Modern European History, p. 461. Vgl. ook Trevelyan: Op. cit., p. 684.

autocratic manner", is as Hoë Kommissaris na Suid-Afrika gestuur en 'n botsing tussen Brittanje en die Boererepublieke het spoedig onvermydelik geword.⁶⁾

Die ontbranding van die oorlog in Suid-Afrika is deur die meerderheid van die Britse volk met vreugde begroet. Die Britse volksiel, deurtrokke van die suurdoeg van materialisme en imperialisme, was dodelik krank, want die bloecityd van die Britse intellektuele lewe was agter die rug en 'n tydperk van reaksie het voor die deur gestaan. Die ligsinne opvatting deur die gemiddelde Britse burger t.o.v. die oorlog in verafgeleë Suid-Afrika, geschuldig, is so duidelik deur die persberigte van die tyd weerspieël, dat Hobson, wat 'n diepgaande studie van die onderwerp gemaak het, onomwonde kon verklaar: „Mild and aged clergymen; gently bred refined English ladies; quiet, sober, unimaginative business men, long to point a rifle at the Boers, and to dabble their fingers in carnage Many will deny this subjection to sheer animalism - in some cases a revulsion of pity, or some better human feeling, hides it, but whenever the dissecting knife is honestly applied, the essential brutality which underlies the glow of patriotic triumph in 'another British victory' is discernable."⁷⁾

'n Aansienlike minderheid van die Britse volk, hoofsaaklik volgelinge van Campbell-Bannerman en die Liberale party, het egter van die staanspoor af die oorlog teen die republieke afgekeur en die oorlogsbeleid en metode van krygsvoering heftig gekritiseer, sonder om die Britse oorlogspoging openlik te dwarsboom. Campbell-Bannerman en sy anti-oorloggesinde ondersteuners soos lord Hobhouse, lord Courtney, Lloyd George, Mnr Rowntree e.a., die meerderheid waarvan vooraanstaande intellektuele en politieke leiers was, het reeds voor die begin van krygsverrigtinge, tot die stigting van die South African Conciliation Committee oorge-

6): Vulliamy: Outlanders, p. 256.

7): Hobson: The Psychology of Jingoism, p. 30. Vgl. ook Trevelyan: Op. cit., p. 691, wat die uitwerking van die Industriële Omwenteling beskrywe as „silently transmuting social habits, obliterating old distinctions of rank and creed, and turning a Bible-reading people with ideals based on reminiscences of rural and burgher life and a hierarchy of classes, into the city population that we know.”

gaan, 'n liggaam wat aanvanklik die oorlog wou verhoed en later, toe krygsverrigtinge reeds begin het, die moontlikhede van 'n oerbare vrede doelbewus nagespou het. Tot ere-sekretaresse van die vrouetak van die Versoeningskomitee is mej. Emily Hobhouse, 'n dame wie se pasifistiese oegmerke reeds welbekend was, verkies, 'n keuse wat voorbestem was om 'n duidelike stempel op die verloop van die oorlog, veral sover dit Suid-Afrika betref het, uit te oefen.⁸⁾

Oorerwing en omgewing, afkoms en invloede van buite, het saamgewerk om die mens Emily Hobhouse te vorm en die grondslag te lê van haar karakter en persoonlikheid, soos tydens haar werksaamhede as ere-sekretaresse van die vrouetak van die Suid-Afrikaanse Versoeningskomitee en ook in latere jare openbaar. Van afkoms was sy deur en deur 'n aristokraat, van vaders- sowel as moederskant. Haar grootvader van vaderskant, Henry Hobhouse, was oors permanent onder-sekretaris van Binnelandse Sake en daarna Bewaarder van die Staatsdokumente, afdoende bewys van sy bekwaamheid en vertroubaarheid.⁹⁾ Henry Hobhouse se tweede-jongste seun Reginald, het, na voltooiing van sy studies te Eton en Balliol, in die kerkdiens getree en na 'n dienstroomyn van een-en-veftig jaar as rektor van St. Ives gemeente in Cornwall, in 1877 aartsdekaan van Bodmin geword.¹⁰⁾ Die uitstaande karaktertrekke van die Hobhouse-familie, soos deur Emily se vader en grootvader openbaar, was dus ongetwyfeld pligsgetrouheid, werkywer en besondere lewenserns, eienskappe wat sy voorbestem was om van hulle oor te erf en later in haar eie lewe duidelik te openbaar.

Emily se moeder, Caroline Salusbury-Trelawny, die dogter van sir William Lewis Salusbury-Trelawny van Cornwall, het behoort aan 'n familie wat vroeg reeds bekendheid vir hulle durf, deur-

- 8). Hobhouse: Memoirs 1. Te vinde in V.A. Steyn Versameling in manuskripvorm.
- 9). Die bloot biografiese gegewens in hierdie inleidende hoofstuk is, behalwe waar anders vermeld, geput uit Ruth Fry se biografie oor Emily Hobhouse, 'n vertroubare werk. Annette Terblanche se "Emily Hobhouse", is hoofsaaklik 'n vertaling van bogenoemde werk en lewer so weinig oorspronklike, dat dit slegs in uitsonderlike gevalle vir bykomstige verwysings gebruik kan word.
- 10). The Dictionary of National Biography, p. 420.

settingsvermoë, avontuurlus en lewenskrag, sowel as vir hulle veranderlikheid en ekstremisme verwerf het. Die geskiedenis van die familie gaan terug tot die tyd van Eduard die Belyer, toe 'n seekere Eduni de Treloen, 'n groen riviervallei aan die ooskus van Cornwall as die geskikste plek om sy stamboom te plant, uitgesoek het. Skynbaar was dit 'n verstandige keuse, want vir die daaropvolgende nege eeue het sy nasate hardnekkig aan hulle landgoed aan die oewers van die Looerivier bly vasklou: "So the Trelawny background was both romantic and hard," skrywe Margaret Armstrong in haar goed-gedokumenteerde verhandeling oor die familie, "a combination likely to foster courage, and courage became the conspicuous family characteristic. It was a flamboyant kind of courage: hearty, heady, self-assured, untinged by modesty."¹¹⁾

Heldhaftigheid, deursettingsvermoë en self-versekerdheid het deur geslagte heen die uitstaande karaktereienskappe van die Trelawny-familie gebly en die naam Trelawny het deel van die veelbewoë Cornwalliese geskiedenis geword. Van al die heethoofdige Trelawnys, het sir Jonathan, die biskop van Bristol, Exeter en Winchester egter die grootste bekendheid verwerf toe hy saam met ses van sy medebiskoppe geweier het om Jakobus II se Verklaring van Gewetensvryheid in sy kerk te laat aflees. As gevolg daarvan het hy in die gevangenis beland, maar die Britse volk se verontwaardiging het so hoog opgevlam dat die koning hom weer op vrye voet moes stel. Sir Jonathan het daarna van krag tot krag voortgegaan, "the insignia of the Order of the Garter blazing on his bosom; crowning William and Mary and finally, and no doubt unwillingly, subsiding into a grave in his ancestral church at Pe-lynt."¹²⁾

Van moederskant het Emily Hobhouse gevolglik enersyds moed en deursettingsvermoë geërf en andersyds daardie militante voortvarendheid en heethoofdigheid wat dikwels haar latere lewe gekenmerk het. Vandaar dat sy so maklik met andersdenkendes in botsing gekom en so moeilik intieme vriende gemaak het.

11). Armstrong: Trelawny. A Man's life, p.5.

12). Ibid., p. 13. Vgl. ook Macaulay: History of England I, p. 770 et seq.

Naas oorerwingsfaktore het ook omgewingsinvloede tot die vorming van die mens Emily Hobhouse bygedra. Sy is op 9 April 1860 in die pastorie te Liskeard in Cornwall gebore as die tweede jongste kind uit 'n gesin van agt, twee waarvan jonk oorlede is. Haar moeder, "a gifted woman who read French, German and Italian with ease,"¹³⁾ het die toonaangewende rol in Emily se lewe tydens haar kinderdae gespeel en het haar liefdevol opgevoed sonder om sigbaar tug uit te oefen. Caroline Trelawny se optrede as vrou en moeder is verder ook nog deur 'n fyn humorsin, 'n besondere gevatheid en 'n ingebore opgewektheid, selfs te midde van huislike teenslae, gekenmerk. Aartsdeken Hobhouse, "remorseless in exacting duty and the repair of neglect, an incarnation of justice and iron rectitude," het 'n minder belangrike rol in Emily se vormingsproses gespeel, hoofsaaklik omdat sy werksaam-¹⁴⁾ hede in sy gemeente te veel tyd van hom geverg het. Sy besondere pligsgetrouheid en toewyding aan sy lowensteek het egter 'n blywende indruk op Emily se ontvanklike gemoed gemaak en is later doelbewus deur haar as rigsgaand in haar eie lewe nagestreef.

Behalwe haar ouers her Arthur en Mary Hobhouse (later lord en lady Hobhouse) die belangrikste onderdeel aan Emily se karaktervorming gehad. Van kleinsaf het sy saam met haar susters en broers gereeld by hulle besoek afgelê en soms, terwyl haar ouers weens haar vader se swak gesondheid in die suide van Frankryk oorwinter het, maandelank daar vertoef: "This beloved pair formed indeed the very background and foundation of my life for many years," kon sy dan ook later rondborstig verklaar. "They were full of character, of wide knowledge and experience."¹⁵⁾ Haar pasifistiese lewensbeskouing en diepgewortelde afsku in oorlog het sy in die eerste plek ook van haar oom, wat self 'n oortuigde pasifis was, geleer. Heeltemal terog kon sy dan ook later getuig: "He was always against the arbitrament of war, never failed to recognise errors on both sides, saw always points where peace could be maintained by methods of reason, and never shrank from

13). Dictionary of National Biography, p. 420.

14). Ruth Fry: Op cit., p. 39. Leonard Hobhouse oor sy vader, Reginald Hobhouse.

15). Emily Hobhouse: Memoirs 1.

a general exposure of the underlying causes of wars - greed,
desire of territory, commercial advantages and so forth." 16)

Emily se grondige kennis van staatkundige aangeleenthede in die breëre sin van die woord, wat haar in haar latere lewe so goed te pas gekom het, was ook 'n voordelige gevolg van haar noue aanraking tydens haar vormingsjare met lord Hobhouse en sy talryke vriendekring van vooraanstaande staatslui.

Omdat dit destyds nog 'n ongehoorde gebruik vir dogters was om hulle ouerhuise te verlaat en elders opvoedkundige inrigtings te besoek, is die formele onderwys van Emily en haar susters aanvanklik aan 'n reeks agtereenvolgende goewernantes oorgelaat. Aangesien hierdie goewernantes oor weinig kennis beskik het en Emily 'n besondere drang na kennis terwille van kennis self openbaar het, het haar ouers haar aan die begin van 1876 na 'n private meisieskool gestuur. Haar vader kon dit egter nie lank bekostig nie en nog voor die einde van die jaar het sy finaal na haar ouerhuis teruggekeer waar sy verder deur haar moeder self onderrig is.

Tenspyte van haar vader se swak gezondheidstoestand en strengheid teenoor sy kinders was Emily se kinderdae oor die algemeen kommersvry en gelukkig. Haar moeder se opgewekte geardheid en humorsin het 'n aangename huislike atmosfeer geskep en so dikwels as sy dit kon bekostig, het sy saam met haar kinders vir vakansieuitstappies na een of ander van die nabygeleë Cornwalliese kusedorpieë gegaan. Die dorpie Bride is veral dikwels besoek, na aanleiding waarvan Emily in haar latere lewe kon getuig: "Bride is associated in my mind with the happiest days of my life when, as tiny children, our mother brought us here, year by year, for bathing in our summer holidays And all through life when we needed rest and cure, we have found it in Bride I suppose we are part and parcel of the soil, for hardly 15 miles from here are the ruins of Treleon (or Trelawne) where my mother's family, the Trelawneys, were living as land

owners long before the Norman Conquest." ¹⁷⁾

Die jaar 1876 het egter die einde van Emily se onbekommerde jeug beteken en 'n tydperk van vereensaming in haar lewe ingelui. Haar lieflingsuster Blanch is aan die einde van die jaar oorlede en die aangename huislike atmosfeer wat voorheen die pastorie te Liskeard gekenmerk het, is diensengevolge permanent versomber.

In die volgende jaar is biskop Hobhouse tot aartsdeken van Bodmin benoem en angesien haar moeder se gesondheid ook tekens van agteruitgang begin toon het, is Emily al hoe meer aan haarself oorgelaat. Hoewel sy gedors het na kennis, is die geleentheid om haarself geestelik te verryk haar nie gegun nie en moes sy haar leeslus of onderdruk of met die bestudering van proekbundels en die lees van die "Goody-goody stories of Miss Yonge and Miss Sowell" ¹⁸⁾ bevredig. Teneinde haarself besig te hou, het sy die gemeentelike werk wat vroeër deur haar moeder behartig is, op haar skouers geneem en sodoende vir die eerste keer in haar lewe persoonlik met maatskaplike vraagstukke en die bekamping daarvan kennis gemaak. Soos sy dit later self gestel het: "In a word, I lived in a world of unrealities, and had my training I became familiar with sick-beds and death." ¹⁹⁾

Die dood van haar moeder in 1880 het ten gevolg gehad dat die newels van eensameheid steeds digter oor Emily toegesak het. Die hele huishouding sowel as die versorging van haar sieklike vader het voortaan op haar skouers gerus en gevolglik het sy vir etlike jare alle gemeenskap met die buitewêreld verloor. Vroeg in 1895 is ook haar vader oorlede en kon die vereensameerde Emily in wanhoop uitroep: "The end had come. Home and shelter gone. Before me the Unknown Childhood and girlhood were over. Some sunshine and many storms were past. I was free, but also I knew that I was uneducated, and unfit to find any useful place in the world." ²⁰⁾

Na haar vader se dood het daar vir Emily, onopgeleid soos

- 17). V.A.: Steyn Versameling: Brief van Emily Hobhouse aan mev. president Steyn, 31 Mei 1925.
18). Ruth Fry: Op. cit., p. 31.
19). Ibid., p. 33.
20). Ibid., p. 35.

sy was, net een wog oopgestaan en dit was om die bietjie praktiese kennis wat sy van aamsorg in St. Ives gemeente opgedoen het, as fondament vir 'n loopbaan as maatskaplike werkster te gebruik. Die vrees vir die onbekende het egter sterk op haar ingewerk en gevolglik het sy verkies om haar werksaamhede onder haar eie mense, die Cornwalliese mynwerkers wat van tyd tot tyd na Minnesota in die V.S.A. uitgewyk het, te begin. Die Episkopaalse Kerk van Minnesota het, op aandrang van Aartsbiskop Benson wat 'n ou vriend van haar vader was, vir haar 'n werkkring in Virginië in Minnesota aangebied en in die najaar van 1895 het sy daarheen vertrek. Hier in Virginië, geleë in die hartjie van 'n eensame oerwoud, het Emily te doen gekry met „the riff-raff, the rag-tag and bob-tail of society, the dregs of population.”²¹⁾ In die dorpie het daar ongeveer veertig dranklokale en 'n aantal ontughuise bestaan en dronkenskap en onsedelikheid het so algemeen voorgekom dat Emily spoedig aan die uitvoerbaarheid van haar taak begin wanhoop het. Sy het egter voet by stuk gehou en as teenvoeter vir die algemene ledigheid, wat volgens haar ook in hierdie geval die duivel se oorkussing was, pogings in die werk gestel om 'n leeskamer en biblioteek in die dorpie in die lewe te roep. Tenspyte van onverwagte teenstand van die kant van die plaaslike Episkopaalse predikant was die biblioteek nog voor die einde van die jaar voltooi.

Tydens haar verblyf in Virginië het Emily gereeld die plaaslike verpleeginrigting besoek teneinde die pasiënte te help versorg en op te beur en het sy spoedig die vertroue van die ruwe mynwerkers en houtkappers verower. Sy het ook teen die drankewel te velde getrek en hoewel sy in die verband minder sukses behaal het, bly die heldhaftige wyse waarop sy drankmisbruik en ontug beveg het, aanprysenswaardig. Die onbevooroordeelde wyse waarop sy mensliewendheid aan alle nasionaliteite waarmee sy in aanraking gekom het, bewys het, het weliswaar die Episkopaalse leraar, wat haar as 'n amptenaar van die Episkopaalse kerk beskou het, ernstig ontstem maar het nietemin vir haar 'n plekkie ver

21). Ibid., p. 46. Brief van Emily Hobhouse aan mev Hebblethwaite, 28 Sept. 1895.

ower in die harte van diegene met wie sy daagliks in aanraking gekom het. Dit is o.a. duidelik bewys deur die groot ophef waar-²²⁾ mee daar in 1896 van haar afskeid geneem is.

Hoewel sy om begryplike redes die deel van haar briefwisseling wat daaroor handel doelbewus vernietig het, skemer dit tog in Emily se ongepubliseerde herinneringe deur dat sy, tydens haar verblyf in Virginië, aan 'n man verloof geraak het wat uiteindelik geblyk het haar liefde nie waardig te wees nie. Sy en haar verloofde was van plan om hulle na hul voorgenome huwelik in Meksiko te gaan vestig en teneinde voorbereidsels in die verband te tref, het Emily vanaf Virginië na Meksikostad afgereis. Aangesien dit egter spoedig vir haar duidelik geword het dat haar huwelik nie binne afsienbare tyd sou kon plaasvind nie, het sy in 1897 voorlopig na Engeland teruggekeer. In die volgende jaar is sy weer na Meksiko, maar omdat sy en haar verloofde nie tot 'n ooreenkoms kon kom nie, is die verlowing verbreek en het sy onverwyld na haar vaderland teruggekeer.

Die wesentlike belangrikheid van Emily Hobhouse se verblyf in Amerika vir haar eie vorming en latere loopbaan, kan moeilik oorskat word. Daar in verafgeleë Virginië, daagliks omring deur ruwe houtkappers en mynwerkers, het sy vir die eerste keer die lewe in sy volle, naakte werklikheid leer ken. Sodoende het sy gevolglik ook geleer om, tenspyte van teenspoed, teleurstelling en afbrekende kritiek, hoopvol en onbevreesd 'n persoonlike standpunt in te neem en soos 'n ware Trelawny, sonder voorbehoud al haar kragte en talente ter verkryging van haar ideaal op die altaar te lê.²³⁾ Haar positiewe optrede hier in die Nuwe Wêreld het dan ook duidelik bewys dat sy die eienskappe wat gewoonlik as kenmerkend van die maatskaplike hervormer beskou word, in 'n volle mate besit het. Die onbekendheid met en onpeilbaarheid van haar self-opgelegde taak hier in die vreemde, moes ongetwyfeld moed en deursettingsvermoë vereis het, moed om te stry en

22). Ibid., p. 54.

23). Vgl. Armstrong: Trelawny. The Story of a Man's Life, t.a.p., p. 21 waar Edward John Trelawny (geb. 1792) o.a. van homself skrywe: "I could long endure annoyance and oppression, but when, at last excited, I never tried half-measures, but proceeded to extremities without stop or pause."

te waag en te volhard, sonder om vir een oomblik haar eie begeertes en maatskaplike status in gedagte te hou. Sodanige moedigheid weer moes volle opregtheid van haar geverg het in handel en wandel, in teorie en praktyk. Bo alles het sy egter nodig gehad gevoeligheid van hart en die besondere gawe om vriend en vyand oor een kam te skeer en slegs menslikheid as rigtinggewende maatstaf in haar eie lewe te aanvaar en uit te leef. Haar lewenservaring is ongetwyfeld ook nog verder deur haar liefdesteleurstelling aangevul. Hoewel dit persoonlike smart vir haar meegebring het, was dit vir haar latere lewe as gemeenskapsmens van onskatbare waarde, veral vir sover dit haar geleer het om haar eie begeertes te onderdruk en in naastediens, op altruïstiese wyse, geluk vir haarself te vind.

Aangesien die mens Emily Hobhouse op hierdie stadium van haar lewe, aan die vooraand van die oorlog in Suid-Afrika, reeds klaar gevorm was, is dit noodsaaklik om hier kortliks by die belangrikste van haar karaktereienskappe stil te staan. Haar mees opmerklike karaktertrek was ongetwyfeld haar oordrewe selfstandigheidsin wat dikwels die vorm van introspeksie en soms selfs puntenerigheid aangeneem het. Gewoond aan eensaamheid het sy, sodra sy voor 'n kruispad in haar lewe te staan gekom het, verkies om tot haarself in te keer en haar eie kop te volg, eerder as om raad en bystand te soek. Vandaar dat iemand soos H.J. Strauss van Philippolis, wat met haar saamgewerk en haar besonder goedgesind was, tog later moes erken dat sy "een zeer, zoo als wy het noemen, punteneerige vrouw" was.²⁴⁾

Inderdaad was Emily self wel deeglik bewus van hierdie karakterwakheid by haar wat samewerking met ander so dikwels bemoeilik en soms selfs onmoontlik gemaak het. Ter verskoning daarvan het sy later, toe hoë ouderdom reeds meer kalmte en berusting gebring het, aangevoer dat sy eensaamheid as die mees blywende faktor in haar veelbewoë lewe aanvaar het, dat sy baie min intieme vriende of vriendinne besit het, en dat veelvuldige en veeleisende werksaamhede gedurende haar vormingsjare, noodwendig selfver-

24). Dr. Preller Versameling. Lêer no. 22. H.J. Strauss aan die Redakteur van Die Volkstem.

troue en selfstandigheid by haar in die hand gewerk het: "In the great solitude of my life," het sy dit kernagtig uitgedruk, "work has been to me what husband and children are to others."²⁵⁾

Hoewel bogenoemde selfstandighedsin en puntenerigheid ongetwyfeld samewerking met ander bemocilik en 'n werklike samehorigheidsgevoel feitlik onmoontlik gemaak het, bly dit nogtans 'n feit dat Emily, dwarsdeur haar lewe, besondere eerbied vir die wet en die owerheid gekoester het. Hierdie wetsgehoorsaamheid en owerheidsonderdanigheid wat sy in die eerste plek van haar vader geleer het, was nou reeds, aan die vooraand van die Anglo-Boereoorlog, ingewortelde karaktertrekke by die mens Emily Hobhouse: "I had been brought up to gaze with awe on all those in high places," verklaar sy later in haar lewe, "and never to question the wisdom of those in authority."²⁶⁾

Nouverbonde met bogenoemde eienskappe was die onwrikbare geloof wat sy op hierdie tydstip nog in die onfeilbaarheid van die Anglikaanse kerk, waarin sy grootgeword het, gekoester het. Latere omstandighede en gebeurtenisse sou weliswaar dikwels haar vertroue in haar eie kerk skok maar desnieteenstaande het die Anglikaanse geloofsleer tog, tot aan die einde van haar lewe, haar godsdienstige rig-snoer gebly.²⁷⁾

Eindelik kan ook nog besondere vermelding gemaak word van Emily se hoog-ontwikkelde eergevoel, 'n eienskap wat nou reeds by haar aanwesig was en haar dwarsdeur haar lewe sou bybly. "To me," kon sy dan ook later terug in haar ongepubliseerde herinneringe verklaar, "personal honour consists in what you really do, not what you say you do and not in what is said of you, but what you actually are."²⁸⁾

Met sodanige karakter en persoonlikheid toegerus het die Jongvrou Emily Hobhouse dus aan die vooraand van die Anglo-Boereoorlog na Engeland teruggekeer en voorbereidse begin tref om 'n nuwe, veelbewoë tydperk van haar lewe binne te tree. Die verlede

25). Steyn Versameling: Emily Hobhouse aan mev. Steyn, 24 Junie 1923. Vgl. ook brief aan mev. Steyn van 31 Mei 1925 en Memoirs XVlll.

26). Hobhouse: Memoirs XXI.

27). Hobhouse: Memoirs XVlll. Vgl. ook Fry: Op. cit., p. 32.

28). Hobhouse: Memoirs Vll.

met sy persoonlike storm en drang het agter gelê en Emily het 'n nuwe tydperk tegemoet gegaan, "with a very poor equipment for the battle of life, but with a character strong from high breeding and the nurture of great ideals of service, and with a heart of pure gold."²⁹⁾

29). Ruth Fry: Op. cit., p. 10. Gen. J.C. Smuts in sy voorwoord tot die boek.

Die amptelike anneksasie van die Vrystaat op 28 Mei 1900 en van Transvaal 'n paar weke later het die einde beteken van die stellingsoorlog en die aanbreek van 'n nuwe fase aangedui wat beskou kan word as die begin van die naweë van die oorlog as sodanig. Krygswet is in die twee nuwe Britse kolonies afgekondig en 'n aanvang is met die siviele administrasie daarvan gemaak. Lord Roberts se idee dat die oorlog self ook oor was, was egter beslis verkeerd en „eitel Schaumschlägerei“, want „weder de jure noch de facto waren die Briten in Bezits des Landes.“²⁾ Teen Roberts se verwagting in het die oorlog voortgeduur en is 'n tipiese guerillastryd deur die klein, beweeglike Boerkommandos aangeknoop. Teneinde die oorlog finaal te kon beëindig, moes Roberts drastiese maatreëls tref en dit het hy gedoen deur 'n vernietigingsveldtog, in die ware sin van die woord, teen die half-oorwonne vyand van stapel te stuur.

Die vernietiging van plaaswonings en -eiendom het in werklikheid reeds aan die einde van 1899 'n aanvang geneem. Mnr. Conan Doyle skrywe o.a. dat Methuen se ruiteryafdeling onder die aanvoering van Babington, op 9 Januarie 1900 oor die Vrystaatse grens getrek en dat, as gevalg van hulle strooptog, „a considerable tract of country was over-run and some farm-houses destroyed.“³⁾ Die presidente van die Vrystaat en Transvaal het sodanige optrede van Britse kant gelaak en op 3 Februarie 1900 beswaar by lord Roberts teen bogemelde vernietiging van private eiendom deur Britse troepe en „barbarians (encouraged by British officers)“

1. Hierdie en die volgende hoofstuk is oorspronklik geskryf voor daar enige werklike subjektiewe gepubliseerde studie oor die onderwerp bestaan het. Intussen het dr. Otto se standaardwerk, „Die konsentrasiekampe“, egter die lig gesien. Hoewel deurtastend en vertroubaar, benadruk dr. Otto nie sekere aspekte genoegsaam vir my doel nie en vertolk hy veral die re-Transvaalse standpunt. Daarom het ek besluit om genoemde hoofstukke in hierdie verhandeling te behou.
2. Vallentin: Der Burenkrieg, p. 202.
3. A Conan Doyle: The Great Boer War, p. 202. Ek onderstreep; Cd. 979/1902: Return of Farm Buildings etc. in Natal and Cape Colony destroyed by the Boers; Vgl. ook Otto: Die Konsentrasiekampe, p. 2.

4)
aangeteken.

Ter verdediging van die Britse opperbevelhebber kan aangevoer word dat hy hom destyds nog in Kaapstad bevind het en dat die losstaande gevalle van moedswillige vernietiging waarskynlik sonder sy medewete en goedkeuring geskied het. In sy amptelike antwoord het hy dan ook verklaar dat hy die presidente se aantygings as ongegrond beskou aangesien „the most stringent instructions have been issued to the British troops to respect private property, as far as is compatible with the conduct of military operations. All wanton destruction or injury to peaceful inhabitants is contrary to British practice and tradition and will if necessary be rigorously repressed by me.”⁵⁾ Roberts, op sy beurt, het in dieselfde telegram voorts die republikeinse strydmagte openlik daarvan beskuldig dat hulle lojale onderdane van Haar Majesteit uit hulle wonings in die noordelike distrikte van die Kaapkolonie verdryf het, bloot omdat hulle geweier het om by die Boeremagte aan te sluit. Hieroor het hy sy verontwaardiging as volg uitgespreek: „It is barbarous to attempt to force men to take sides against their own Sovereign and country by threats of spoliation and expulsion.”⁶⁾ Enkele dae later het hy sy beskuldiging in 'n bykomstige telegram nog verder gevoer deur te beweer dat die Boeremagte in Natal hulle ook aan kwaadwillige beskadiging van private eiendom skuldig gemaak het.

Dat hulle strydmagte in die noordelike Kaapkolonie en Natal dit wel soms terwille van krygsverrigtinge nodig gevind het om nie-vegtendes uit hul wonings te verwyder, is ruitelik deur die presidente in hulle antwoord erken. Om een of ander duistere rede is hierdie telegram egter nie in die amptelike Britse blouboek opgeneem nie. Die gevalle waar sodanige optrede aan Boeremagte voorgekom het, was, volgens die presidente, toe te skrywe daaraan dat „het noodig was in belang onzer krygsoperaties daar er minstens in alle gevallen sterke vermoeden bestonden dat zy

4). Cd. 582/1901, p. 3. Telegram van Kruger en Steyn aan Roberts, 3 Feb. 1900; Leyds Argief: Versamelde Oorlogstelegramme, telegram van 3 Feb. 1900.

5). Cd. 582/1901. p.4.

6). Ibid.

zich niet rustig gedroegen en hun alleen met hunnen dagelyksch beroep bezig hielden maar of zelve als spioenen handelden of spioenen behulpzaam waren om onze bewegingen of posities aan den vyand bekend te maken."

In antwoord op Roberts se ontkenning van hulle vroeëre bewering dat Britse troepe Boerewonings sou vernietig het, het die presidente nou tasbare bewyse aangehaal deur te verwys na agtien huise wat gedurende Desember en Januarie in die Jacobsdalse distrik verwoes is. Voorbeelde is terselfdertyd ook aangehaal van gewapende naturelle wat te Stormberg en Dordrecht deur die Boeremagte gevange geneem is, terwyl ook melding gemaak is van naturelle lebendes wat na die slag van Derdepoort, in die Rustenburgse distrik, hulleself aan gruwelike misdade teenoor nie-vegtende vrouens en kinders skuldig gemaak het.⁷⁾

As gevolg van die yinnige Britse opmars was dit vir die presidente onmoontlik om die beweerde gevalle van vernietiging van private eiendom deur die Boeremagte in Natal, op hierdie tydstip noukeurig te ondersoek. Robertson, die skrywer van "Wrecking the Empire", het egter later, tydens 'n besoek aan Natal, die hele aangeleentheid ter plaatse ondersoek en tot die slotsom gekom dat, hoewel die Boeremagte terwille van krygsverrigtinge wel sekere private eiendomme vernietig het, die eintlike verwoesting op verlate plase deur rondtrekkende naturelle lebendes gesaai is.⁸⁾ Die ondersoek van prof. C.J. Uys in die verband en die bandopnames deur hom gemaak, bewys egter duidelik dat talle persone in Noord-Natal wel deur die republikeinse opperbevel opgekommandeer is en dat private eiendom in etlike gevalle deur onverantwoordelike Boere-afdelings verwoes is.

Uit bogenoemde briefwisseling tussen lord Roberts en die presidente blyk duidelik dat daar aan albei kante so vroeg as die begin van 1900 reeds gevalle van die vernietiging van private eiendom - hoofsaaklik in belang van krygsverrigtinge - voorgekom het. Terselfdertyd is dit egter ook aanneembaar dat daar, wat

7). V.A. Staatspresident: Telegrammen verzonden 7 Julie 1899 - 19 Febr. 1900, p. 599.

8). Robertson: Wrecking the Empire, Hfst LXVII. Vgl ook: The South African News, 25 April 1900, waar die beriggewer tot dieselfde slotsom kom.

die Britse opperbevel betref, op hierdie tydstip nog geen sprake van 'n doelbewuste vernietigingsbeleid as 'n middel om die oorlog spoediger te beëindig, bestaan het nie. Die oorgawe van Cronje, die grootskaalse Britse inval in die Vrystaat en die daaropvolgende besluit van die republikeinse opperbevel om tot guerilla-oorlog oor te gaan, het egter 'n nuwe metode van oorlogsvoering vir Brittanje noodsaaklik gemaak. Dientengevolge is die „verskroeiende aarde“-beleid deur lord Roberts met voorbedagte rade ingevoer as 'n middel om die oorlog spoediger in Brittanje se guns te be-⁹⁾ klink.

Met die uitgesproke doel voor oë het Roberts 'n proklamasieveldtog teen die half-oorwonne vyand van stapel gestuur. In die eerste van hierdie proklamasies, uitgereik onmiddellik na die Britse leër Bloemfontein beset het, is die Vrystaters gemaan om verder vyandelikhede te staak, terwyl diegene wat voortgaan om die vyand van voorrade en inligting te voorsien, gewaarsku is dat hul-¹⁰⁾ le behandel sou word „according to the customs for war.“

Bostaande proklamasie is uitgevaardig voor lord Roberts van die voorgenome guerilla-veldtog wat deur die Boere-opperbevel beplan is, bewus geword het. Dit was gevolglik nog op 'n kalme en beheersde wyse gestel, in die toon van 'n militêre veroweraar wat die eindoorwinning reeds in sig het. Die begeerde eindoorwinning het egter uitgebly en op 15 Maart was die veldmaarskalk verplig om 'n minder bedekte waarskuwing aan die Vrystaters te rig. Hierdie keer het hy bepaal dat alle burgers wat nie 'n leidende rol in die beleidsrigting wat die oorlog ten gevolg gehad het, gespeel het nie, wat nie 'n militêre aanvoerder was nie, wat nie geweld teenoor Britse onderdane gepleeg het nie en wat gewillig was om 'n eed van neutraliteit af te lê, ongehinderd na hulle wonings kon terugkeer. By hierdie proklamasie was daar gevolglik reeds sprake van die uitsluiting van sekere burgers sowel as van¹¹⁾ strafmaatreëls, soos die verbeurdverklaring van eiendom.

9). Vgl Otto: Op cit., p. 4.

10). Cd. 426/1900, p. 2

11). Cd. 426/1900, p. 3.

Dieselfde eed van neutraliteit waarvan in bogenoemde proklamasie melding gemaak is, het egter weer tot 'n ander onvoorsiene moeilikheid aanleiding gegee. Die Britse magte was nog nie in staat om die gebied wat hulle verower het doeltreffend te beset en die burgers wat die neutraliteitseed geneem het, behoorlik te beskerm nie. Die Boerekommandos wat nog gedurig kruis en dwars deur die Vrystaat getrek het, was gevolglik in staat om voortdurend druk op die „beskermdes“ burgers uit te oefen teneinde hulle sover te kry om weer by die kommandos aan te sluit. Wanneer die Britse kolonnes dan op die toneel verskyn en vind dat een van die sgn. „protected burghers“ weer onder die wapen was, is so 'n burger as rebel beskou en sy eiendom as strafmaatreël vernietig. In 'n berig gedateer 27 April 1900, het die Bloemfonteinse korrespondent van die Londense Times in die verband o.m. die volgende te sê gehad: „This column (d.w.s. generaal Carew s'n) had started with definite instructions from Lord Roberts 'to render untenable' the farms of such men who, having surrendered, were found to be still in league with the enemy, or were but making use of British magnanimity as a means to save their property, while they still actively favoured the enemy.”¹²⁾

Op die 31 ste Mei het lord Roberts 'n nog ernstiger dreigement uitgespreek in 'n proklamasie aan Transvaalse burgers gerig. Aan hierdie proklamasie, wat vir beskerming van „protected burghers“ in Transvaal voorsiening gemaak het, is nou 'n voorwaarde vasgekoppel dat, „if wanton damage is done to property, not only will the actual perpetrators of such acts and all directly or indirectly implicated in them, be liable to the most severe punishment in person and property, but the property of all persons, whether in authority or otherwise, who have permitted or have not done their utmost to prevent such wanton damage, will be liable to be confiscated or destroyed.”¹³⁾

Slegs 'n maand later is dieselfde proklamasie nog strenger gestel deur die toevoeging van 'n bepaling dat strafmaatreëls

12). The Times, 21 Mei 1900. Vgl. ook Otto: Op. cit., p. 4.

13). Id. 426/1900, p. 4.

selfs in gevalle waar geen direkte medepligtigheid aan sabotasie bewys kon word nie, nogtans toegepas sou kon word. 'n Verdere proklamasie van 16 Junie het Transvaalse en Vrystaatse burgers, sonder dat medepligtigheid bewys hoef te word, boonop verantwoordelik gemaak vir skade deur guerilla-afdelings in hulle omgewing aangerig. Indien sodanige skade nogtans aangerig word, "the houses in the vicinity of the place where the damage is done, will be burnt and the principal civil residents will be made prisoners of war."¹⁴⁾

Daarmee nog nie tevrede nie het lord Roberts op 19 Junie 'n spesiale boete op eiendom vir diegene wat sy proklamasies oortree, ingestel en vooraanstaande inwoners van die distrikte waar sabotasie voorkom, verantwoordelik vir die herstelkoste gemaak. Ten einde eens en vir altyd 'n einde aan die bedreiging van guerilla-afdelings te probeer maak, is ook neergelê dat: "The Director of Military Railways has been authorized to order that one or more of the residents, who will be selected by him from each district, shall from time to time personally accompany the trains while travelling through their district."¹⁵⁾ Aangesien bostaande bepaling egter te openlik strydig met internasionale oorlogsreg was,¹⁶⁾ was Roberts verplig om dit slegs 'n week later te herroep.

Reeds op 14 Augustus het lord Roberts egter die skroef weer stywer aangedraai deur te proklameer dat enige persoon wat die eed van neutraliteit afgelê het en desnieteenstaande in gebreke bly om die Britse leërmagte van die aanwesigheid van die vyand in sy omgewing kennis te gee, homself aan strafmaatreëls sou blootstel. Slegs diegene wat gewillig was om as geheime agent vir die veroweraar op te tree, kon gevolglik in die toekoms op Britse beskerming staatmaak, ongeag of hulle reeds voorheen die eed van neutraliteit afgelê het of nie.¹⁷⁾

Na aanleiding van bogenoemde proklamasie het daar nou vir die "protected burghers" slegs twee weë oopgestaan: Of hulle moes die Britse opperbevel slaafs gehoorsaam en die straf wat

14). Cd. 426/1900, p. 10.

15). Ibid., p. 11. Proklamasie van 19 Junie 1900.

16). O.R.C. Government Gazette, 26 Sept. 1900.

17). Cd. 426/1900, p. 12. Proklamasie van lord Roberts, d.d. 14 Aug. 1900.

deur die Boerekommandos op spioene gelê is, verduur, of hulle moes getrou aan hulle eie volksgenote wees en hulleself dientengevolge aan Britse strafmaatreëls blootstel. Die noodwendige gevolg was dat die „protected burghers" wat nie kans gesien het om op hulle eie mense te spioeneer nie, weer by die Boeremagte aangesluit het, terwyl ander wat die eed van neutraliteit as bindend beskou het, verkies het om hulle wonings te verlaat en veiligheid agter die Britse linies te gaan soek. Sodoende het die eerste bona fide vlugteling die Britse linies reeds sedert Augustus 1900 begin binnestroom.

Tenspyte van die proklamasieveldtog het die guerilla-oorlog in krag en omvang toegeneem. Die Britse opperbevel het begin besef dat die oorlog sou voortduur solank die platteland ongeskonde bly en die Boerkommandos gevolglik in staat sou wees om voedselvoorrade in hande te kry. Iets moes aan die saak gedoen word en sodoende het die Britse opperbevel teen die helfte van 1900 die vernietiging van private eiendom, veral op die platteland, as 'n vaste militêre beleid aanvaar.¹⁸⁾

Lord Roberts self het die vernietiging van private eiendom op hierdie tydstip reeds as 'n dringende militêre noodsaaklikheid beskou, soos trouens duidelik blyk uit 'n brief deur hom i. v. m. die aangeleentheid aan generaal Louis Botha gerig: „I have the honour", het hy verklaar, „to address your Honour regarding the operations of those comparatively small bands of armed Boers who conceal themselves on farms in the neighbourhood of our lines of communication and thence endeavour to damage the railway, thus endangering the lives of passengers travelling by train who may or may not be combatants2. My reason for again referring to this subject is that, except in the districts occupied by the Army under the personal command of your Honour, there is now no formed body of Boer troops in the Transvaal or Orange River Colony, and that the war is degenerating into operations carried on by irregular and irresponsible Guerillas. This would be so ruinous to the country and so deplorable from every point of view

18). Ibid., p. 10. Proklamasie van lord Roberts, d.d. 10 Junie 1900.

that I feel bound to do everything in my power to prevent it ...3. The orders I have at present issued, to give effect to these views, are that the farm nearest the scene of any attempt to injure the line or wreck a train, is to be burnt, and that all farms within a radius of 10 miles are to be completely cleared of all their stock, supplies, etc....."¹⁹⁾

Waar Roberts se uiteensetting die algemene Britse opvatting t.o.v. die faktore wat die vernietigingsbeleid noodsaaklik gemaak het, verteenwoordig het, was Botha se antwoord daarop weer tipe-rend van die sienswyse destyds aan Boerekant gehuldig. Die Kom-mandant-generaal verklaar o.a.: „Aangezien onze geheele krygsmacht slechts klein is in vergelyking met die van Uwe Excellentie, kan het niet verwacht worden dat overal groote Commando's van ons in het veld zullen zijn en spreekt het derhalve van zelf, dat het-geen vereischt word van onzen kant zooals gedurende den oorlog, door geringe machten moet worden gedaan, en bovendien worden wy nog verplicht onze commando's nog meer op te snipperen, ten ein-de de roovende patrouilles onder Uwer Excellentie's opperbevel, die overal rondgaan om vee en proviand van de verschillende plaat-sen weg te voeren, in die rooftogten te kunnen tegengaan. 2. Wat betreft Uwe bewering, dat behalve de burgermachten onder mijn per-seonlijk bevel er geen ander geregeld lichaam van boerentroepen zou bestaan, ontken ik ten sterkste, aangezien onze legermachten nog verdeeld zijn en bestuurd worden op dezelfde wijze als in het begin van den oorlog, overeenkomstig 's lands wetten. 3. Wat betreft punt 3 van Uw schrijven thans onder behandeling is het my reeds bekend, dat dergelyke barbaarsche handelingen door troep-en onder Uw bevel geschieden en niet alleen langs of naby den spoorweg, maar ook ver van spoorwegen verwijderd, waar Uwe troep-en zich bewegen, worden niet alleen huizen afgebrand of met dij-namiet opgeblazen, maar ook weerloze vrouwen en kinderen er uit gezet, beroofd van alle voedsel en deksel, zonder dat er eenige gegronde redenen voor dergelyke handelingen bestonden"²⁰⁾

19). Buitengewone Staatscourant der Zuid-Afrikaansche Republiek. Deel XX. No 1147: Roberts aan Botha, 2 Sept. 1900. Vgl. ook Cd. 582/1901, p. 11.

20). Ibid. Brief van Botha aan Roberts, 4 Sept. 1900.

Lord Roberts se bewering dat die vernietiging van private eiendom deur die Britse leërmagte bloot as 'n strafmaatreeël teen guerilla-bedrywighede onderneem is, kon, soos deur Botha aange-
toon, nie deur feite gestaaf word nie. Latere gebeurtenisse het dan ook die bewering op onbetwisbare wyse geloënstraf. Amery, amptelike geskiedskrywer vir die Londense Times, het gevolglik tot die logiese gevolgtrekking gekom dat Roberts „was unable to see that the Boers, being essentially a nation of farmers, would regard with comparative equanimity the loss of their towns, largely the resort of races alien to themselves When those towns were gone, he persisted in believing that it was contrary to the usages of war for his enemy to remain in arms. Hence his mistaken resolve to treat, not as regular combatants, but as rebels, who required punishment rather than defeat, a white race defending their homes with a bravery and resource which have rightly won the admiration of the world.”²¹⁾

Dit is onwaarskynlik dat lord Roberts as ervare krygsman werklik self kon geglo het dat die bedrywighede van die Boer-guerillas as strydig met erkende oorlogsgebruike beskou kon word. In werklikheid het hy egter besef dat die oorlogsterrein beperk moes word teneinde die oorlog in sy guns te beklink: „It was obvious”, skrywe Beak wat as Britse offisier persoonlik by die aan-
geleentheid betrokke was, „that, if the federal forces were ever to be overcome, the theatre of war must be curtailed So long as the Boers were able to continue the struggle in every district, victory for the British seemed indefinitely postponed. But if the enemy could be compelled to abandon certain areas, and to concentrate on certain points, then victory was assured to the British by sheer force of numbers, if by nothing else. To compel the Republican forces to evacuate certain districts, and to concentrate in certain others, was the object with which the clearing of the country was commenced.”²²⁾

Omdat Roberts oorhaastig sy vernietigingsbeleid as 'n middel

21). Amery: The Times History of the War, Vol. 1V p. 494-495.

22). Beak: The Aftermath of War, p. 9. Ek onderstreep.

om die oorlogsterrein te beperk, in die praktyk gebring het, is daar dikwels op onmetodiese en selfs wispelturige wyse deur sy ondergeskikte offisiere te werk gegaan. Getrou aan die gees van krygswet, het elke aanvoerder van 'n Britse kolonne aanvanklik eenvoudig gehandel volgens eie godddunke. Geen duidelike bevel is in verband met die vernietiging van eiendom uitgevaardig nie en 'n mate van verwarring en moedswillige en ongeoorloofde gevalle van beskadiging van private eiendom moes noodwendig opduik.

Die redes vir die vernietiging van plaaswonings en voorrade soos deur verskillende Britse offisiere in hulle amptelike op-gawes verstrekk, was gevolglik dikwels, veral aan die begin, of onbegrypelik of vergesog. In die amptelike verslae vir die tydperk Junie 1900 tot Januarie 1901 is as rede vir die vernietiging van 'n aantal plaasopstalle en buitegeboue o.a. genoem: „to de-
stroy mealies stored in house; laying waste country used as base by enemy; harbouring Boers; Son fighting after having taken oath; Scouts sniped from farm; Patrols fired on from farm-house; Boer laager on farm not reported; Burned to prevent supplies falling into hands of Boers; Wires cut; Dynamite found on farm” e.s.m. In 'n groot aantal gevalle is as oorsaak vir die vernietiging van 'n sekere opstal egter slegs aangegee: „Owner away on commando” of andersins „Owner in arms against us.”²³⁾

Eers in November 1900 toe onherstelbare skade klaar aangerig was, het die Britse opperbevel daartoe oorgegaan om 'n algemene bevel in die verband uit te reik. Daarvolgens is toe neergelê dat 'n plaasopstal slegs vernietig kon word ingeval van verraad, as daar uit die woning op Britse troepe gevuur is, die telegraaflyn of spoorweg op die plaas beskadig is, of die plaas as basis deur guerilla-afdelings gebruik is. Die algemene bevel het verder ingehou dat alle vee, waens en voedselware of van die boerplase verwyder of vernietig moes word. Terselfdertyd is egter ook nadruklik bepaal dat „the mere fact of a burgher being absent on commando is on no account to be used as reason for

23). Vgl. March-Phillips: With Rimington, p. 201; Otto: p. 10.
24). Cd. 524/1901. Vgl. ook Otto: Op. cit., p. 20.

burning the house."²⁵⁾

Op 30 November 1900 het lord Kitchener die opperbevel in Suid-Afrika oorgeneem. Soos sy voorganger was dit ook sy doel om die oorlogsterrein deur middel van vernietiging van private eiendom te beperk en sodoende 'n Britse oorwinning te verhaas. In die uitvoering van hierdie voorneme is hy deur Alfred Milner, die Siviele Administrateur, bygestaan. In sy amptelike verslag vir Maart 1901, het Kitchener dan ook duidelik vermeld dat hy bevele uitgerek het wat daarop gemik was "to clear the country systematically of all horses, cattle, and supplies."²⁶⁾

Die "verskroeiende veld"-beleid deur die Britse opperbevel in die verowerde republieke toegepas, moet as die direkte oorsaak vir die totstandkoming van die konsentrasiekampe beskou word. Voorge-noemde vernietigingsveldtog het dakloosheid meegebring en die daarstelling van een of ander vorm van kamp vir ontworteldes nood-saaklik gemaak. Sodoende was die onderliggende dryfveer vir die vernietigingsbeleid en die daarstelling van die eerste konsentra-siekampe gevolglik ook dieselfde, t.w. die verbasing van 'n Brit-se eindeoorwinning. Daaruit moet egter nie afgelei word dat dit ooit die Britse opperbevel se vooropgestelde doel was om die kam-pe wat opgerig is, doelbewus vir die uitwissing van vrouens en kinders te gebruik nie. Inteendeel, Kitchener en Roberts se uit-gangspunt t.o.v. die oprigting van die kampe was in die eerste opsig humanitêr. Die wyse waarop daar later in die konsentrasie-kampe te werk gegaan is, was egter foutief en geensins so kritiek verheue nie. As sodanig het die kampstelsel spoedig self ook af-keurenswaardig geword. Vandaar dat die Edinburgh Evening News die beleidsrigting van die Britse opperbevel in Suid-Afrika as volg kon opsom: "The troops, failing to crush the Boers, are making war on cattle, on farm-houses, and Boer towns."²⁷⁾ Deur die familievaste Boer doelbewus van sy dierbares te skei, het die Britse opperbevel gemeen, kon die einde van die oorlog moontlik verhaas word. Soos G.B. Beak dit gestel het: "All is said to be

25). Cd. 426/1900, p. 23. Order XL., 18 Nov. 1900.

26). Cd. 605/1901, p. 3 - 14.

27). The Edinburgh Evening News, 3 Nov. 1901.

fair in love and war; it was, apparently, expected that the Boer would be prepared to abandon war for the sake of love."²⁸⁾

Die bewering is o.a. deur mnr. Chamberlain in die Britse Laerhuis gemaak dat die kampstelsel noodsaaklik gemaak is deur die feit dat generaal Botha "had declared his intention of burning and destroying the farms, and of compelling the inhabitants to take action and join his forces."²⁹⁾ Hierdie bewering het egter op 'n verdraaide weergawe van die ware feite berus en kan nie aanvaar word nie. Chamberlain se verklaring was gegrond, gedeeltelik op 'n omsendbrief van generaal Botha aan alle Boere-aanvoerdere en landdroste, gedeeltelik op 'n brief van generaal Tobias Smuts aan Botha en gedeeltelik op die Middelburgse onderhoud tussen Botha en Kitchener. Generaal Botha se omsendbrief op 3 Desember 1900 uitgereik, het gehandel oor die gedragslyn wat deur Boere-aanvoerdere en landdroste t.o.v. die "protected burghers" gevolg moes word en het neergelê dat sodanige burgers wat weier om weer wapens teen Brittanje op te neem, onmiddellik na die naaste trek geneem en dat beslag op hulle eiendom gelê moes word, sodra 'n behoorlike inventaris daarvan opgestel was. Terselfdertyd moes egter toegesien word dat "sufficient means of livelihood are left for the support of the wife and family."³⁰⁾ Nêrens in die omsendbrief is egter enige melding van die vernietiging van woonhuise of ander eiendom as 'n strafmaatreël gemaak nie.

By nadere ondersoek blyk dat Chamberlain sy bewering gegrond het op 'n telegram van Kitchener waarin die Britse opperbevelhebber verkeerdelik beweer het dat Botha in sy omsendbrief dan die volgende woorde sou gebesig het: "Do everything in your power to prevent the burghers laying down their arms. I will be compelled, if they do not listen to this, to confiscate everything movable or immovable, and also to burn their houses."³¹⁾

In werklikheid was bogenoemde woorde egter nie uit Botha se omsendbrief afkomstig nie, maar wel uit 'n vroeëre brief deur die

28). Beak: Op. cit., p. 22. Vgl. ook die pamflet "The Treatment of Native and other populations."

29). Davitt: The Boer Fight for Freedom, p. 579.

30). Ibid., p. 580

31). Cd. 902/1902, p. 119-120. Ek onderstreep.

kommandant-generaal aan die landdros van Bethal gerig. In dieselfde blouboek waarin die onderhoud opgeneem is wat daar te Middeburg tussen Botha en Kitchener plaasgevind het, het egter ook 'n brief van generaal Tobias Smuts aan Botha verskyn. Daarin het Smuts melding gemaak van 'n aantal wonings en ander geboue wat hy tydens krygsverrigtinge in Swaziland vernietig het. Die woorde van Smuts is nou deur Kitchener ten laste van Botha gelê en so deur Chamberlain wêreldkundig gemaak. Die blote feit dat Botha se oorspronklike voorneme om woonhuise te vernietig, soos in sy brief aan die landdros van Bethal gestel, nie in sy latere algemene omsendbrief herhaal is nie, is egter reeds bewys genoeg dat hy intussen van sy oorspronklike plan afgesien het.

Chamberlain se bewering is verder ook nog deur die datums wat op bogenoemde stukke voorkom geloënstraf. Botha se omsendbrief is eers op 5 Desember 1900 uitgereik en tot aan die einde van November 1900 was daar, volgens die Britse opperbevel se eie amptelike opgawes, reeds 621 woonhuise deur die Britse leërs in Suid-Afrika vernietig. Met die beste wil van die wêreld kon die vernietigingsbeleid van die Britse leërs en die daaruitvoortvloeiende stigting van die konsentrasiekampe gevolglik nie 'n blote weerwraakmiddel teen oorlogsmisdrywe aan Boerekant gewees het nie. Desnieteenstaande is dieselfde verdraaide feit nog so laat as 1954 deur David James in sy biografie van lord Roberts verkondig. 33)

Die feit bly gevolglik staan dat die motief agter die vernietiging van private eiendom en die oprigting van die konsentrasiekampe in die eerste plek gesoek moet word in die uitgesproke voorneme van die Britse opperbevel om die gevegsterrein drasties te beperk deur die land op groot skaal kaal te stroop. Milner, wat as siviele administrateur goed op hoogte van sake behoort te gewees het, erken dan ook ruiterslik dat "the formation of concentration camps has been adopted purely on military grounds as a means of hastening the end of the war, which is, after all, the

32). Cd. 663/1901: p. 5.

33). Cd. 524/1901, p. 2; David James: Lord Roberts, t.a.p. p. 357.

first interest of the refugees themselves³⁴⁾

Hoewel Botha se omsendbrief van 3 Desember 1900 geen aanleiding tot die konsentrasiekampstelsel as sodanig gegee het nie, het dit wel die oprigting van kampe vir die sgn. "protected burghers" wat aan sy beoogde strafmaatreeëls wou ontkom, in die hand gewerk. Die "protected burghers" of "Roberts' men", soos hulle later genoem is, het vergelding van Boerekant gevrees en het in groot getalle die Britse linies begin binnestroom en Britse beskerming gesoek. Hierdie mense was oorlogsvlugtelinge in die volle sin van die woord en die kampe waarin hulle geplaas is werklike "Refugee Camps". Later egter, namate die "verskroeiende aarde"-beleid sy volle uitwerking duideliker begin toon het, is ook die gesinne wat deur die Britse leërs self ontwortel is, na die kampe weggevoer, gewoonlik teen hulle uitdruklike begeerte. Hierdie laasgenoemde groep was egter nie vlugteling nie, maar politieke gevangenes.

Daar kan dus met oortuiging beweer word dat die Britse opperbevel oorspronklik 'n tweeledige doel met die konsentrasiekampe of "Refugee Camps", soos hulle dit genoem het, beoog het. In die eerste plek was dit as toevlugsoord vir bona fide vlugteling, d.w.s. "protected burghers" en hulle gesinne bedoel. In die tweede en belangrikste plek, egter, was dit blote interneringskampe waar die gesinne van veggende burgers aangehou is teen hulle sin en met die vooropgestelde doel om op die wyse druk op die burgers uit te oefen en sodoende die einde van vyandelikhede te verhaas. Dit trouens is deur lord Roberts self ook op indirekte wyse erken in 'n amptelike brief aan Botha waarin hy o.a. beweer het: "I should not be doing my duty towards the national interests if I continued to permit the families of those who are fighting against us to remain in towns guarded by us. This is not now a question of supply so much as one of policy ..."³⁵⁾

Die tweeledige doel deur die Britse opperbevelhebber beoog,

34). The Morning Leader, 7 Okt. 1901: Milner aan Uitlander-komitee in Kaapstad. (Uitknipsel in Steyn-versameling in Vrystaatse Argief).

35). Buitengewone Staatscourant der Zuid-Afrikaansche Republiek. Deel XX. No 1147, 2 Sept. 1900. Vgl. ook Beak: The Aftermath of War, p. 22.

word duidelik deur die stigtingsgeskiedenis van die kampe weerspieël. Op 9 Julie 1900 het die eerste openbare kennisgewing wat op die instelling van konsentrasiekampe as 'n middel om die oorlog te beëindig dui, in Krugersdorp verskyn: "It is hereby notified for information", aldus die kennisgewing, "that unless the men at present on commando, belonging to families in the Town and District of Krugersdorp, surrender themselves and hand in their arms to the Imperial authorities by 20th July, the whole of their property will be confiscated and the families turned out destitute and homeless."³⁶⁾ Hierdie kennisgewing, wat op eie houtjie deur G.H.M. Ritchie, die polisie-superintendent van Krugersdorp uitgevaardig is, was in alle opsigte strydig met internasionale oorlogsreg en is agt dae later reeds weer herroep.³⁷⁾

'n Week na die uitvaardiging van Ritchie se kraggestelde kennisgewing het die militêre goewerneur van Transvaal, majoor-generaal J.G. Maxwell, egter self ook strafmatreëls teen die gesinne van burgers wat nog op kommando was, aangekondig. Hy het dit as volg gestel: "Whereas it is necessary to avoid the increase of destitution and want occasioned by Burghers deserting their wives and children to continue hostilities I do hereby proclaim that ... (1) The wives, children or relations residing in the town and district of Pretoria, of burghers in arms against the forces of Her Britannic Majesty, shall, failing proof by them to the satisfaction of the Commissioner of Police on or before the 19th July 1900 that they possess adequate means of subsistence, be deported to a place, beyond the British lines to be hereafter³⁸⁾ determined by me."

Maxwell se voorneme om die gesinne van vegtende burgers te deporteer en aan die sorg van die Boere self oor te laat is sonder verwyl in Pretoria toegepas. Op 21 Julie is 'n berig in 'n buitengewone staatskoerant van die Z.A.R. gepubliseer, waarin vermeld is dat kommandant-generaal Botha kennis van lord Roberts ge-

36). Boissevain: The struggle of the Dutch Republics, p. 18.

Vgl. ook Otto: Op. cit., p. 15.

37). Vgl. Otto: Op. cit., p. 16.

38). Transvaal Government Gazette, 1900, p. 152. Proklamasie No. 13 van 17 Julie 1900. Ek onderstreep.

kry het dat hy, as opperbevelhebber van die Britse weermag in Suid-Afrika, „van zijne Regeering order had gekregen om ongeveer 600 vrouwen en kinderen van burgers, die de wapenen hebben opgenomen, buiten Pretoria te zetten. Als reden voor deze onmenselijke handelwijze, geeft Lord Roberts gebrek aan levensmiddelen”³⁹⁾

Roberts se dreigement was ook nie met lippe taal nie want twee dae later kon De Lydenburger reeds berig dat „ongeveer 1,000 vrouwen en kinderen van burgers zijn door onze vijanden uit Pretoria en Johannesburg gezonden en worden dezer dagen binnen onze gevechtslinie verwacht.”⁴⁰⁾ Op 10 Augustus het Botha weer 'n volgende kennisgewing van Roberts ontvang waarin hy meegedeel is dat 'n verdere groep vrouens en kinders uitgesit sou word uit Johannesburg en Pretoria.⁴¹⁾

Bogenoemde kennisgewings van lord Roberts dui allesins daarop dat hy, op hierdie tydstip altans, nog vas van plan was om die gesinne van veggende burgers vir versorging aan die Boere self uit te lewer. Verder blyk ook dat die bevel, wat terhoops geensins strydig met internasionale oorlogsreg was nie, of van die Britse regering self afkomstig was, of in elk geval hulle volle goedkeuring weggedra het. Dat Roberts op hierdie tydstip nog nie aan die oprigting van konsentrasiekampe gedink het nie, word duidelik bewys deur 'n verdere brief op 2 September 1900 aan generaal Botha gerig. Daarin het hy Botha versoek om alle burgers nog op kommando, in kennis te stel dat hulle gesinne uit die distrikte onder Britse beheer gedeporteer sou word en dat hulle reëlings vir die versorging van sodanige gedeporteerdes moes tref. Die deportasie bevel sou so spoedig moontlik van krag gemaak word en die Boeroopperbevel moes toesien dat verantwoordelike persone na die naaste Britse spoorwegstasie afgevaardig word teneinde die gedeporteerdes in ontvangs te neem. Aangesien slegs oop veetrokke vir die doel beskikbaar was, sou die vrouens en kinders, volgens lord Roberts, heelwat ongerief moes verduur, maar hy sou darem sy bes doen om vooraanstaande dames, soos mev. president Kruger en mev.

39). Buitengewone Staatscourant der Zuid-Afrikaansche Republiek, 1900, p. 40

40). De Lydenburger, 23 Julie 1900.

41). Buitengewone Staatscourant der Z.A. R., 1900, p.50.

generaal Botha, van passasiersgeriewe te voorsien. Indien dit vir die Britse opperbevel onmoontlik blyk te wees, moes generaal Botha self die nodige spoorwaens stuur: "I need not say how distasteful this measure is to me," het Roberts ten besluite opgemerk, "but it is forced upon me by the apparent determination of you and your Burghers to continue the war after all doubts as to the ultimate issue has ceased."^{42.}

In sy antwoord aan Roberts het generaal Botha, na beraadslaging met die Transvaalse regering sowel as met president Steyn o.a. getuig: "Wat punt 4 van Uwer Exc's schrijven aangaat, spijt het my ten zeerste te moeten zien, dat de determinatie van my en mijne burgers om te volharden in den strijd voor onze onafhankelijkheid, door u gewroken zal worden op onze vrouwen en kinderen, daar zulks het eerste geval is van dien aard my in de geschiedenis van beschaafd oorlogsvoeren bekend en blijft er voor my niets verder over dan te protesteeren tegen uw voorgestelden maatregel tegenover vrouwen en kinderen. Vooral is het wreed tegenover bejaarde vrouwen, meer in het bijzonder tegenover de echtgenote van Zijn HoogEdele den Staatspresident, die, zooals U bekend moet zijn niet in staat is te reizen zonder gevaar voor haar leven en het zou eenvoudig een moord zijn haar te dwingen nu om aldus te reizen. Het voorwendsel door u genoemd, nl., dat door aldus te handelen, Uw Exc. zich wil beschermen tegen het overbrengen van informatie naar ons, is blijkbaar uit de lucht gegrepen, daar zoodanige maatregel niet door U nodig werd geoordeeld toen onze troepen nog in de onmiddellijke nabijheid van Pretoria gelegerd waren. Het is overbodig om te ontkennen, dat wy door middel van vrouwen en kinderen eenige informatie betrekking hebbende op krijgsoperaties ooit hebben ontvangen.

5. Indien Uw Excellentie toch volhardt om Uwer Excellentie's plan uit te voeren, hetwelk ik hoop niet het geval zal zijn, dan verzoek ik uwe Excellentie my vroegtijdig kennis van den tijd en bijzonderheden van uitzending te geven, daar ik wensch maatregelen te treffen voor de directe doorzending der families naar Europa. Wat betreft Uwer Excellentie's opmerking ter behoorlijke accomodatie voor de families, ben ik gewillig ten geriewe van de families behoorlijke rij-

42). Ibid: Brief van Roberts aan Botha, 2 Sept. 1900. Ek onderstreep.

tuigen te zenden naar een plaats door Uwe Excellentie te worden bepaald en ook, indien vereischt, een tand-rand-machine (Sic!) voor den spoor tusschen Waterval-Boven en Waterval-Onder, mits Uwe Excellentie de veilige terugzending van zulke rijtuigen en machine waarborgt.

6. Ten slotte wensch ik U de verzekering te geven, dat niets wat door U moge worden gedaan tegenover onze vrouwen en kinderen, ons zal beletten om den strijd voor onze onafhanklykheid voort te zetten."⁴³⁾

Generaal Botha se onomwonde kritick op Roberts se voorgenome deportasie van vrouens en kinders en sy uitgesproke voorneme om die gedeporteerde gesinne na Europa te stuur, het die Britse opperbevelhebber onmiddellik aan die wenslykheid van sy deportasiebevele laat twyfel. Soos president Steyn nog voor Botha se amptelike antwoord aan Roberts gestuur is, voorspel het, het die besluit om die gedeporteerde gesinne na Europa te stuur, die wind heeltemal uit die Britse opperbevelhebber se seile geneem en het hy haestig besluit om van sy plan af te sien.⁴⁴⁾ 'n Grootskaalse uitwyking van gedeporteerdes na Europa, het Roberts besef, kon maklik openbare mening daar gaande maak en tot internasionale verwikkelinge aanleiding gee, wat bes moontlik die militêre toestand in Suid-Afrika nadelig vir Brittanje kon beïnvloed. Eerder as om vir homself nuwe moeilikhede op die hals te haal, het lord Roberts gevolglik van sy deportasieplanne afgesien en na 'n ander doeltreffender metode om krygsverrigtinge in sy guns te beklink, begin soek.

Hoewel generaal Botha in sy brief aan Roberts hierbo aangehaal, vermeld het dat „zulks het eerste geval is van dien aard my in de geschiedenis van beschaafd oorlogsvoeren bekend", was soortgelyke oorlogswreedhede en selfs die oprigting van konsentrasiekampe nie werklik iets nuuts in die wêreldgeskiedenis nie. Proklamasies soortgelyk aan Roberts s'n is reeds tydens die Frans-Pruisiese oorlog van 1870, wat as die eerste totalitêre oorlog in

43). Ibid, pp. 76-77. Brief van Botha aan Roberts, 4 Sept. 1900. Ek onderstreep.

44). Vgl. Van der Merwe: Mathinus Theunis Steyn, Deel 11, p. 63.

die moderne geskiedenis beskou kan word, uitgevaardig. Prins Rrederik, die opperbevelhebber van die Derde Duitse Leërkorps, het tydens genoemde veldtog 'n proklamasie die lig laat sien, wat in baie opsigte Roberts se proklamasie in onmenslikheid oortref en nog duideliker strydig met internasionale oorlogsreg was. In artikel 2 van die Pruisiese prins se proklamasie is o.a. bepaal: "All persons not forming part of the French army and not proving their quality as soldiers by outward signs, and who (a) shall serve the enemy as spies, (b) shall mislead the German troops when charged to act for them as guides (d) shall destroy bridges or canals, damage telegraph lines or railways, render roads impassable, set fire to munitions and provisions of war or the quarters of troops, (e) shall take up arms against the German troops....., will be punished by death."⁴⁵⁾

Die kritiek deur die Vastelandse pers teen Roberts se metode van oorlogsvoering in Suid-Afrika ingebring, het gevolglik vir Chamberlain dwars in die krop gestee en die volgende uitbarsting aan hom ontlok: "I think that if that time comes we can find precedents for anything we may do in the action of those nations which now criticize our 'barbarity' and 'cruelty', but whose example - in Poland, in the Caucasus, in Algeria, in Tongking, in Bosnia, in the Franco-German war - whose example we have never approached."⁴⁶⁾

Ook wat betref die oprigting van konsentrasiekampe as 'n doelbewuste metode om 'n oorlog te beëindig, was daar reeds voorheen 'n presedent geskep. Die metode is vir die eerste keer tydens die Kubaanse opstand van 1895 deur die Spaanse generaal Weyler toegepas en ook in die geval, netsoos later in Suid-Afrika, is groot getalle nie-vegterende bejaarde mans sowel as vrouens en kinders in kampe saamgehoek waar duisende van hulle die lewe gelaat het. Hoewel die hele beskaafde wêreld teen die Weyler-metodes te velde getrek het en selfs die Britse pers hulle sterk daarteen uitgelaat het, was die presedent egter geskep en kon 'n herhaling daar-

45). Cape Times, 17 Des 1901, in 'n hoofartikel.

46). Chilvers: Out of the Crucible, p. 157. Chamberlain in 'n toespraak te Edinburgh gelower op 25 Okt. 1901.

47)

van logies verwag word.

Die Weyler-metode om die oorlog te beëindig deur middel van die oprigting van konsentrasiekampe is, volgens sy eie verklaring aan die Britse pers, deur majoor Harold Sykes, die distrikskommis-saris van Potchefstroom, by lord Roberts aanbeveel. Volgens ma-joor Sykes was die Britse opperbevelhebber aanvanklik onwillig om die aanbeveling te aanvaar, maar na die mislukking van sy deporta-sieplanne het hy skynbaar tot ander insigte gekom en opdrag aan die Potchefstroomse distrikskommandant gegee om die eerste van die kampe daar op te rig.

48)

Om die onaangename en aanvegware taak wat daar op hom gewag het 'n meer menslike en minder totalitêre kleur in die oë van die wêreld te gee, het Roberts besluit om eers kampe vir die „protect-ed burghers" of werklike „refugee camps" op te rig en dan, sodra dit noodsaaklik word, dieselfde en ander soortgelyke kampe te vul met die gesinne wat hy oorspronklik wou deporteer. Met die doel voor oë laat hy die militêre goewerneur, majoor-generaal Maxwell, op 22 September 'n proklamasie uitvaardig waarin vermeld is dat „camps for burghers who voluntarily surrendered are being formed in Pretoria and at Bloemfontein." Sodoeinde word die kampstel-sel dus teen die einde van September 1900 'n amptelike werklikheid.

49)

Generaal Louis Botha se brief aan lord Roberts vroeër in die hoofstuk genoem, werp dus trouens 'n heeltemal ander lig op die werklike oorsake vir die stigting van die konsentrasiekampe. Dit woorspreek direk die bewering dikwels deur Britse skrywers en staatslui gemaak dat die ontstaan van die kampe bloot 'n menslikheidsgebaar aan Britse kant was. Mnr. Joseph Chamberlain het in 'n toespraak voor die Britse Laerhuis die wegvoering van vrouens en kinders na die kampe probeer goedpraat deur voor te gee dat „it had only been done with a view to their protection." Mnr. Balfour, die leier van die rogeringsparty in die Laerhuis het

50

47). Vgl. Davitt, Michael: The Boer Fight for Freedom, p. 501; Otto: Op. cit., p. 41.

48). V.A. Steyn Versameling: Uitknipsel uit 'n Britse koerant. Vgl. in die verband ook Otto: Op. cit., p. 43. Otto noem egter nie Sykes se naam nie, maar verwys slegs na „die distrikskommis-saris van Potchefstroom."

49). Transvaal Government Gazette, 26 Sept. 1900; Cd. 426/1900, p. 18, d.d. Pretoria, 22 Sept 1900.

50). Edinburgh Evening News, 8 Desember 1901.

weer in 'n geleentheidsrede in Londen gelewer, beweer dat hy nie glo dat "in the history of the world, a war of this kind has ever been carried on with a humanity at all approaching that." ⁵¹⁾ Dr. Conan Doyle het dieselfde verdraaide idee verkondig deur voor te gee dat "there were three courses open. The first was to send the Boer women and children into the Boer lines - a course which became impossible when the Boer army broke into scattered bands and had no longer any definite lines; the second was to leave them where they were; the third was to gather them together and care for them as best we could." ⁵²⁾ Van die Boere-opperbevel se bereidwilligheid om self die sorg van gedeporteerde vrouens en kinders oor te neem en hulle na Europa te stuur het dr. Doyle geen melding gemaak nie, of omdat hy nie daarvan geweet het nie, of omdat hy verkies het om so 'n veelseggende feit liever agterweë te hou.

Na die uitvaardiging van majoor-generaal Maxwell se proklamasie van 22 September 1900 het die konsentrasiekampstelsel as sodanig spoedig vaste vorm begin aanneem. Hoewel die eerste kampe in naam net vir bona fide vlugtelingen bedoel was, is talle vrouens en kinders van burgers nog op kommando ook teen hulle sin daarheen weggevoer, met die gevolg dat die sgn. "Refugee Camps" gaandeweg tot blote konsentrasiekampe ontaard het. Aanvanklik, gedurende Oktober en November 1900, het dit nog op betreklike klein skaal geskied. Op 21 Desember het lord Kitchener, wat Roberts as opperbevelhebber opgevolg het, die konsentrasiekampstelsel eger per proklamasie tot 'n integrale deel van sy militêre beleid omskep en terselfdertyd, vir die eerste keer, 'n bepaalde skeidslyn tussen vlugtelingkampe en konsentrasiekampe getrek. In die proklamasie het Kitchener beweer dat die kampstelsel aan die hand gedoen is "by surrendered Burghers, who are anxious to finish the war, as the most effective method of limiting the endurance of the Guerillas", en het hy 'n aantal bepaalde bevale in die verband uitgereik: Die gesinne deur Britse kolonnes weggevoer, moes

51). Ibid., 20 Junie 1901.

52). A. Conan Doyle: The War in South Africa, p. 94.

in kampe naby die spoorweg geplaas word teneinde voorrade makliker bekombaar te maak en moes in twee bepaalde groepe verdeel word, t.w. "refugees and the families of Neutrals, non-combatants, and surrendered Burghers", d.w.s. bona fide vlugtelingen, en dan "those whose husbands, fathers and sons are on commando." 'n Verdere bepaling het uitdruklik neergelê dat "preference in accommodation, etc., should of course, be given to the first class."⁵³⁾ Juis hierdie skeidslyn wat daar nou getrek is, het bewys dat Kit-chener vasberade was om die guerilla-oorlog tot 'n einde te bring en dat die kampe as 'n oorlogsmaatreël om die doel te help verwesenlik, gekom het om te bly.

53). Amery: The Times History of the War, Deel V, p. 86.

HOOFSTUK 2.

DIE DOODSENGEL WINK.

Gedurende die tydperk Desember 1900 tot 18 Februarie 1901 het die kampe onder die direkte beheer van die militêre owerheid gestaan. In ooreenstemming met lord Kitchener se opdrag is die eerste kampe almal langs of naby die spoorweg aangelê, ongeag die geskiktheid van die terrein in ander opsigte. Die bestuur van die verskillende kampe is opgedra aan die onderskeie distrikskommandante, wat weer direk aan die militêre opperbevel verantwoordelik was. Verder is daar in elk van die eertydse republieke 'n algemene kampsuperintendent aangestel om as skakelbeampte en inspekteur te dien. Wat rantsoene betref is aanvanklik 'n duidelike verskil tussen bona fide vlugtelinge en die gesinne van vegtende burgers gemaak. Vir „refugees” bo die ouderdom van twaalf jaar het die rantsoenskaal in Transvaal sewe pond meel of meelblom, vier onse sout, ses onse koffie en twaalf onse suiker per week, plus 'n halfpond vleis tweemaal per week, ingesluit. In die geval van kinders onder twaalf is, op papier altans, $3\frac{1}{2}$ pond meel of meelblom, 2 onse sout, 3 onse koffie, 12 onse suiker en 1 pond vleis per week voorsien. Daarteenoor is die gesinne van burgers wat nog op kommando was, op 'n veel kariger rantsoen geplaas. Diegene bo twaalf jaar het 7 pond meel of meelblom, 4 onse sout, 4 onse koffie en 8 onse suiker, en die onder twaalf, $3\frac{1}{2}$ pond meel of meelblom, 2 onse sout, 2 onse koffie en 8 onse suiker per week ontvang. ¹⁾ Geen vleis is aan hierdie groep voorsien nie. In die Vrystaatse kampe is teoreties ook 'n skeidslyn tussen „refugees” en „undesirables” getrek, maar volgens die kampverslae is dit ²⁾ nooit in die praktyk toegepas nie.

Gedurende hierdie stigtingstydperk was die sterftesyfer in die kampe nog feitlik normaal, hoofsaaklik omdat oorbevolking nog nie voorgekom en die onhigiëniese leefwyse en swak rantsoene nog nie die geleentheid gekry het om nadelig in te werk nie. In die Bloemfonteinse kamp, die eerste wat later deur Emily Hobhouse be-

1). Cr. 819/1901, p. 20. Bylae Q.

2). Ibid., p. 37. Bylae A tot Kaptein Trollope se rapport van 8 Maart 1901.

soek is, is daar volgens die amptelike kampregisters, gedurende 3) Februarie 1901 slegs ses persone, waaronder drie kinders, oorlede. Desnieteenstaande was die toestand in die reeds bestaande kampe egter geensins bevredigend en bevorderlik vir goeie gesondheid nie, en kon kaptein Trollope, wat op 18 Februarie beheer namens die siviele administrasie oorgeneem het, nogtans verklaar: "It is difficult to imagine how the refugees existed for six weeks before I took over from the Military authorities. I understood that I was taking over a 'going concern', but absolutely nothing was in existence except the refugees, a few tents and the veld." 4)

Namate die guerilla-oorlog in omvang toegeneem het, veral na generaal de Wet se inval in die Kaapkolonie in Januarie 1901, het die aantal kampe vinnig aangegroei en het die algemene aard en karakter van die kampe self ook gaandeweg verander. Die werklike "vlugtelinge" wat Britse beskerming begeer het, was reeds byna almal in die verskillende kampe opgeneem. Voortaan is nou steeds groter getalle gesinne van vegtende burgers na die reeds- bestaande en nuutgestigte kampe weggevoer. Sodoende het die "refugee camps" gaandeweg konsentrasiekampe in die volle sin van die woord geword.

Op 18 Februarie 1901 het die siviele administrateur, lord Milner, beheer oor die kampe oorgeneem. In die Oranjerivierkolonie is alle kampe toe onder die toesig van die militêre goewerneur, generaal Pretzman, geplaas terwyl kaptein Trollope, 'n vroeëre stafoffisier van eersgenoemde, tot hoofkampsuperintendent benoem is. In Transvaal is die militêre goewerneur, majoor-generaal Maxwell, bygestaan deur majoor Goodwin, met die taak van kampbeheer belas. Terselfdertyd is die kampe in albei kolonies aan die toesig van die distrikskommandante onttrek en aan spesiale kampsuperintendente onderwerp. Teneinde te verseker dat die oordrag van beheer aan die siviele amptenare sonder wrywing sou geskied, het Milner in 'n omsendbrief aan die distrikskommandante, wat vroeër met die toesig oor die kampe belas was, opdrag gegee

3). V.A. Bloemfontein Camp Registers. No. 1 en 2.
4). Ruth Fry: Op. cit., p. 85.

dat die nuwe kampsuperintendente „shall assume entire responsibility of the camp, and the entire management thereof." Slegs die keuse van kampterrein was nog onderworpe aan die goedkeuring van die distrikskommandante, wat vir die verdediging van die kampe verantwoordelik sou bly.⁵⁾

Die aantal kampe sowel as die kampbevolking het, na die oornamen van beheer deur die siviele administrasie, vinnig toegeneem. Die snelle toename was hoofsaaklik die gevolg van lord Kitchener se beleidsverklaring van Maart 1901 „to clear the country systematically of all horses, cattle and supplies."⁶⁾ Waar daar op 18 Februarie nog slegs vier of vyf kampe met 'n totale bevolking van 5,000 blankes en 2,000 nie-blankes in die O.R.K. bestaan het, het die aantal kampe voor 16 Maart tot dertien en die kampbevolking tot 11,563 blankes en 8,811 nie-blankes aangegroei. Van hierdie dertien kampe was tien, t.w. Brandfort, Vredefortweg, Norvalspont, Bloemfontein, Winburg, Springfontein, Heilbron, Kroonstad, Edenburg en Harrismith binne die landspale van die O.R.K. geleë en drie, t.w. Aliwal-Noord, Kimberley en Fort Elizabeth daarbuite. Al dertien kampe het egter onder die direkte beheer van kaptein A. G. Trollope, die hoofsuperintendent van kampe in die O.R.K., gestaan.⁷⁾

Ook in Transvaal het die kampbevolking vinnig aangewas. Op 22 Maart 1901, ongeveer 'n maand na die siviele administrasie beheer oorgeneem het, was daar reeds elf Transvaalse kampe met 'n totale bevolking van 20,671. Tien daarvan, t.w. Barberton, Heidelberg, Irene, Johannesburg, Klerksdorp, Middelburg, Potchefstroom, Standerton, Vereeniging en Volksrust was in Transvaal geleë, terwyl een, die te Mafeking in die Kaapkolonie, ook vir die huisvesting van Transvaalse gesinne afgesonder is. Al elf kampe is deur majoor Goodwin geadministreer.⁸⁾

Teen die einde van Maart 1901 is daar gevolglik reeds ongeveer 32,000 blankes in kampe in Transvaal en die O.R.K. aangehou.

5). V.A. O.R.C. Administration: A year's progress in the O.R.C., p. 3; Cd. 819/1901. p. 11. Bylae 11 van 18 Feb. 1901.

6). Cd. 605/1901. p.p. 3 - 14: Kitchener se rapport vir Maart 1901.

7). V.A. O.R.C. Administration: A year's progress in the O.R.C., p. 8; Cd. 819/1901, p. 36.

8). Cd. 819/1901 p. 11: Bylae 1 d d. 18 Feb. 1901.

Binne die daaropvolgende twee maande tot einde Junie, het die getal tot 85,410 aangegroei.⁹⁾ Op die wyse is die begeerte in April 1901 deur die Londense Daily News uitgespreek, nl. „let us have war in earnest, the Boer women are rioting in comparative plenty”,¹⁰⁾ dus finaal verwesenlik.

Die stelsel van beheer deur die siviele administrasie gevolg is in breë trekke deur 'n omsendbrief van 18 Februarie 1901 afgebaken. Daarvolgens is neergelê dat elke kampsuperintendent volle beheer oor sy bepaalde kamp sou uitoefen in ooreenstemming met die bepalinge van tyd tot tyd deur die hoofsuperintendent uitgevaardig. Die personeel aan elke kamp verbonde, het ingesluit 'n kampsuperintendent, 'n winkelier, klerke, 'n apteker, 'n gekwalifiseerde hospitaalmatrone en onopgeleide verpleegsters uit die vrouens en meisies in elke kamp gewerf. Volgens majoor Goodwin, die algemene kampsuperintendent in Transvaal, is die kamppersoneel mildelik besoldig en versigtig gekeur op grond van hulle kennis¹¹⁾ van die taal, gewoontes en karakter van die kampbevolking.

Die kampregulasies in die O.R.K. toegepas, het enigermate van die Transvaalse stelsel verskil. In laasgenoemde kolonie is, volgens majoor Goodwin, vrye onderlinge verkeer aan die kampbewoners toegestaan terwyl hulle ook die reg besit het om die kampe sonder 'n pas te verlaat, mits die militêre toestand dit moontlik maak het. Aangesien vryheid van beweging geensins beperk is nie, was dit volgens majoor Goodwin, dus ook nie nodig om enige Transvaalse kamp te omhein nie.¹²⁾ As in aanmerking geneem word dat die militêre toestand, veral op die platteland, vir Brittanje hoofbrekens bly besorg het, is dit egter duidelik dat die kampbewoners in Transvaal dikwels tog verlot om die kamp te verlaat geweier moes word, te meer nog aangesien die militêre distrikskommandant en nie die kampsuperintendent nie, met die verdediging van die onderskeie kampe belas was.

In die O.R.K. daarteenoor, moes die kampbewoners wel passe

9). Cd. 608/1901, p. 1

10). The Daily News (Londen), 18 April 1901

11). Cd. 819/1901, p. 11; Bylae 11, 18 Feb 1901; p. 6: Rapport van Majoor Goodwin, 22 Maart 1901.

12). Ibid., p. 7.

dra wanneer hulle die kampe verlaat, 'n voorsorgmaatreeël waaroor kaptein Trollope, die hoofkampsuperintendent, hom die volgende opmerkings laat ontval het: "No persons are allowed to proceed from one refugee camp to another, or to one town, without a pass being signed by the Chief Superintendent of Refugee Camps. These passes are only given when very good reasons are put forward, but are then always allowed. Passes from the refugee camp to town are given daily to a certain proportion of the inhabitants of the refugee camps. Passes are given to all refugees to visit their friends in the refugee camps, and as little restriction as possible is placed on the refugees by superintendents." ¹³⁾ Ook hier egter, soos in Transvaal, was die distrikskommandante nog vir die verdediging van die kampe verantwoordelik en het die uitreiking van passe dus van hulle willekeur afgehang. Vandaar ook dat dit ¹⁴⁾ nodig gevind is om sommige kampe met doringdraad te omhein.

Kort na die siviele administrasie beheer oor die kampe oorgeneem het, is die onregverdigde skeidslyn wat daar vroeër tussen bona fide vlugtelinge en die gesinne van vegtende burgers t.o.v. rantsoenskale getrek is, prakties uitgewis. Die enigste strafbepaling wat behou is, was 'n toegewing aan kampsuperintendente dat die vleisrantsoen van weerspannige kampbewoners tydelik weerhou kon word.

'n Spesiale kennisgewing van 27 Februarie 1901 het die Transvaalse rantsoenskaal effens aangevul deur 'n bepaling dat elke kampbewoner voortaan een ons seep per week vir persoonlike gebruik moes ontvang, terwyl kampsuperintendente genoegsame hoeveelhede seep en geskikte wasplekke vir die uitwas van klere en beddegoed moes voorsien. Ingeval van siekte of waar klein kindertjies gevoed moes word, kon melk en ander soortgelyke voedsame kossoorte na goeddunke deur die superintendente self aangevra en uitgereik word. ¹⁵⁾ Tenspyte van dringende versoë deur distrikskommis-sarisse, kampkommandante e.a. aan die owerheid gerig, het die

13). Ibid., p. 36: Rapport van A.G. Trollope.

14). Cd. 819/1901: pp. 41, 194, 300, 304; Neethling: Mag ons vergeet, p. 176. Vgl. verder in die verband Otto: Op. cit., pp. 78 - 79.

15). Ibid. p. 21: Bylae R, 27 Feb. 1901; p. 14: Bylae F; p. 21: Bylae G van 1 Des. 1900.

oorspronklik voedselrantsoene in die twee kolonies verder onveranderd gebly. In sommige gevalle het kampsuperintendente, teneinde te besuinig of bloot as gevolg van laksheid of weerbarstigheid, selfs die karige rantsoen op eie houtjie verder ingekort.¹⁶⁾

In die O.R.K. sowel as in Transvaal is daar van die begin af voorsiening vir die verskaffing van beddegoed, borde, koppies, messe, vurke en lepels gemaak, maar beddens is nie van owerheidsweë voorsien nie. Die gebruik is egter nie altyd getrou nagekom nie, soos blyk uit die bewering van 'n kampsuperintendent self dat „sufficient clothing, cooking utensils and bedding are not allowed to the people.”¹⁷⁾ 'n Kamplewe in oorbevolkte tente en met so 'n skrale meublement was nie alleen uiters ongerieflik nie, maar moes noodwendig ook 'n nadelige uitwerking op gesondheid gehad het.

In albei kolonies is van owerheidsweë ook voorsiening vir die oprigting van kamphospitale gemaak. Die hospitale was of in groot tente of in sinkgeboue gehuisves en het selde beantwoord aan die verhewe doel wat daarmee beoog is. Hospitaalbenodighede en medisyne is in elke kamp in voorraad gehou en is kosteloos uitgereik. Die mediese personeel van elke kamp is aangewys op 'n grondslag van een mediese dokter, een opgeleide verpleegster en drie onopgeleide vroulike assistente per duisend kampbewoners.¹⁸⁾

Algemeen gesproke het die sanitêre geriewe wat in die kampe aangebring is, veel te wense oorgelaat. Die latrines wat opgerig is, „'n lang sloot met twee balke ag duim van mekaar en twee voet van die grond om te dien as sitplek, dog van agter oop, met slegs 'n beskutting van sinkplate aan weerskante”, was in meeste gevalle ontoereikend vir die behoeftes van die groot, aangroeiende kampbevolking en derhalwe dikwels weersinwekkend.¹⁹⁾ Die noodwendige gevolg was dat die mense onwillig was om van die bestaande latrines gebruik te maak en dat „human excreta are found in

16). Vgl. Otto: Op cit., pp. 86, 88, 92 - 99.

17). Cd. 819/1901, p. 131.

18). Ibid., p. 37. Rapport van A.G. Trollope, d.d. 8 Maart 1901. Vgl. verder Otto: Op. cit., Hoofstuk IX.

19). Le Clus: Lief en Leed, p. 77.

some cases in the camp as well as around it." 20) Ook die kampfval en vuilwater is nie altyd gou genoeg verwyder nie, soms as gevolg van 'n tekort aan waens en trekdiers en by ander geleenthede bloot weens agtelosigheid aan die kant van kampsuperintendente. Onder sodanige omstandighede kon die vrouens beswaarlik werklike huislike sindelikeid in hulle tentwonings handhaaf, te meer nog aangesien seep in Transvaal slegs as "a medical necessity", in klein hoeveelhede en in die O.R.K. glad nie voorsien is nie.

In die grotere kampe is daar spesiale winkels opgerig waar kampfwoners die basiese rantsoene en voorrade soos deur die owerheid voorsien, op eie koste verder kon aanvul. Die hulpbehoewende gesinne wie se eiendom deur die Britse kolonnes vernietig is, het egter nie oor die nodige geld beskik nie en was gevolglik heeltemal ontstoke van die voorreg, wat wel in belang van sommige van die bona fide vlugteling was.

Sodra omstandighede dit toegelaat het, is 'n begin met die oprigting van spesiale kampskele gemaak. Die bywoning van hierdie skole was nie verpligtend nie, en die skoolbesoek dus minder druk as wat die Hoë Kommissaris dit graag sou wou sien. Tot einde Junie 1901 het daar in die O.R.K. reeds elf kampskele bestaan wat gedurende Mei deur 2,001 leerlinge besoek is. In Transvaal waar die bywoning 2,174 beloop het in dieselfde maand, was daar toe tien kampskele. Die feit dat so besonder min kampkinders die bestaande skole besoek het, was hoofsaaklik toe te skrywe aan die feit dat Engelsmedium dwarsdeur, behalwe in die geval van godsdiensonderrig, toegepas is. 21)

Vanaf die helfte van April 1901 het die sterftesyfer in die konsentrasiekampe onrusbarende afmetings begin aanneem. Gedurende Junie kon die Bloemfonteinse korrespondent van die Londense Times aan sy koerant berig dat die gemiddelde sterftesyfer in die kampe in die O.R.K. gedurende Mei reeds 116.76 per duisend per

20). Cd. 819/1901, p. 94: Rapport van dr. H.A. Becker, 1 Junie 1901; p. 92: Rapport van majoor A. Baird.

21). T.A. Lt.G. No 26/6 - 50. Report of the Director of Education for the Half-year ending June 30th, 1901.

jaar beloop het. Vir die Bloemfonteinse kamp alleen was die sterftesyfer in die ooreenstemmende tydperk 383.16 per duisend per jaar.²²⁾ Tot Junie 1901 het daar, volgens die amptelike gegewens, 777 sterfgevallen uit 'n totale blanke kampbevolking van 85,410 vir albei kolonies voorgekom.²³⁾ Die opgawes deur Kaptein Trollope, die hoofsuperintendent in die O.R.K., uit die weeklikse verslae van sy onderhorige kampsuperintendente opgestel, bewys duidelik hoe snel die sterftesyfer in die kolonie die hoogte ingeskiet het. Vir die tydperk 18 Februarie tot 31 Maart 1901 is die sterftesyfer deur kaptein Trollope op 124.69 per duisend per jaar gestel. Daarna was die maandelikse syfers as volg: 76.096 in April, 116.76 in Mei, 109.1 in Junie en 178.7 in Julie. Gedurende die tydperk het 1556 sterfgevallen in die kampe in die O.R.K. voorgekom. Aangesien kaptein Trollope tot op daardie tydstip ook nog beheer oor die nie-blanke kampe uitgeoefen het, het bogenelde syfers ook sterfgevallen onder nie-blankes ingesluit. Vanaf 1 Augustus is egter slegs blankes in die opgawes aangegee. Daarvolgens was die sterftesyfer vir blankes vir Augustus 312.5 per duisend per jaar, vir September 290.8, vir Oktober 395.0, vir November 362.5, vir Desember 336.9 en vir Januarie 1902, 209.6. Gedurende die ses maande het daar 7109 sterfgevallen in die kampe in die O.R.K. voorgekom, terwyl die sterftesyfer vir die jaar 18 Februarie 1901 tot 31 Januarie 1902, die skrikwekkende totaal van 8,665 bereik het. Uit kaptein Trollope se opgawes kan verder vasgestel word dat die totale kampbevolking in die O.R.K. gedurende September 1901 'n hoogtepunt van 45,347 bereik het, terwyl die hoogste aantal sterfgevallen in Oktober van dieselfde jaar voorgekom het, toe 1520 kampbewoners uit 'n totaal van 45,306 oorlede is. Van die 7,109 persone wat vanaf Augustus 1901 tot einde Januarie 1902 in die kampe omgekom het, was 5,503

22). Cape Argus (Weekly), 17 Julie 1901: Berig uit The Times oorgeneem. Dr. Otto stel hierdie syfers op 162 per duisend per jaar in die eerste en 462 per duisend per jaar in die tweede geval.

23). Cd. 608/1901, p.1. Hoewel my eie navorsing my oortuig het dat die Britse Blou- en Witboeke se opgawes t.o.v. die kampsterftes te laag was, word genoemde syfers hier aanvaar bloot omdat dit in elk geval duidelik aantoon hoe onrusbarend die toestand werklik was.

24)

kinders.

In Transvaal het die sterftewyfer ook onrusbarend gestyg. Aangesien Emily Hobhouse tydens haar besoek aan die oorlogsgeteisterde binneland egter net 'n aantal kampe in die O.R.K. besoek het en slegs die toestand daar eerstehands kon waarneem en opsom, hoef hier nie verder op die toestand in Transvaal ingegaan te word nie.

25)

Die onrusbarende sterftesyfer wat die konsentrasiekampe gekenmerk het, was die logiese gevolg van 'n aantal uitstaande faktore, almal waarvan afsonderlik sowel as gesamentlik tot die uiteindelijke noodtoestand aanleiding gegee het. Slegs die uitstaande faktore wat wesentlik tot die vraagstuk bygedra het, sal hier beklemtoon word.

In baie gevalle was die kampterrein onverstandig gekies en is kampe opgerig of op plekke waar die bodemgehalte en omgewing ongeskik was, of waar die voorsiening van voldoende voorrade suiwere water 'n moeilike vraagstuk geskep het. Dr. Henry Becker het in die verband die ligging en omgewing van die Bloemfonteinse kamp bestempel as faktore wat syns insiens „militate against the health of a large community assembled, and more especially when such assembly of people is suddenly brought together.”²⁶⁾ Die ondoeltreffende kampterrein was in die meeste gevalle 'n direkte gevolg van Lord Kitchener se uitdruklike bevel dat die kampe naby die spoorweg opgerig moes word, afgesien daarvan of die terrein in ander opsigte geskik was of nie.²⁷⁾ Selfs na die siviele administrasie die beheer oor die kampe op 18 Februarie 1901 oorneem het, moes die keuse van kampterrein, volgens opdrag van die Hoë Kommissaris, nog aan die militêre distrikskommandante oorge-
laat word en het militêre strategie gevolglik die hoofvereiste by die keuse van kampterrein gebly.²⁸⁾

- 24). V.A. Statistics Refugee Camps: Table showing deaths in the various Refugee camps.
- 25). Vir getalle in die verband, kan Otto: Op. cit., p. 172 as vertroubaar aanvaar word.
- 26). Cd. 819/1901, p. 94: Rapport van dr. H. Becker, 1 Junie 1901; Vgl. ook Otto: Op. cit., pp. 66 - 67
- 27). Vgl. Hoofstuk 1, voetnoot 53.
- 28). Cd. 819/1901, p. 11

In sommige gevalle is die keuse ook beïnvloed deur die feit dat die owerheid 'n verkeerde tyd gekies het om die kampstelsel aan te pak. Die guerillastryd het reeds begin en die Britse strydmagte in die binneland het dit uiters moeilik gevind om hulle verbindingslynies met die kushawens te handhaaf. Heeltemal tereg kon dr. Conan Doyle dan ook i.v.m. die oprigting van die eerste kampe verklaar: „They were formed, however, at an unfortunate moment. Great strain had been placed upon our Commissariat by the large army, over 200,000 men, who had to be supplied by three tiny railways, which were continually cut. In January 1901, De Wet made his invasion of Cape Colony, and the demand upon the lines, was excessive”²⁹⁾

Die vraagstuk deur die swak ligging van sommige kampe geskep, is deur die snelle vermeerdering van die kampbevolking vererger. Die grootskaalse vernietigingsveldtog van die Britse leërs het reeds vroeg in 1901 daartoe gelei dat duisende persone na kampe weggevoer is wat nog nie gereed daarvoor was nie. Lord Milner, wat die wrange vrugte daarvan moes pluk, het die ontydige en onoordeelkundige optrede van die militêre owerhede in die verband later as volg gekritiseer: „We attempted an impossibility - and certainly I should never have touched the thing if, when the 'concentration' first began, I could have foreseen that the soldiers meant to sweep the whole population of the country higgledy piggledy into a couple of dozen camps.”³⁰⁾ Sodanige onoordeelkundige en oorhaastige samehokking van mense uit alle oorde moes noodwendig tot epidemies lei. Dit trouens, was dan ook die logiese slotson waartoe dr. Henry Becker en ander kampdokters gekom het.³¹⁾

Die grootskaalse opeenhoping van vrouens en kinders in halfklaar kampe het weer meegebring dat sanitasie spoedig 'n ernstige vraagstuk geword het. Die kamppersoneel was in meeste gevalle ontoereikend om vir die behoorlike sanitasie van die kampe te

29). A. Conan Doyle: Op. cit., p. 95.

30). Headlam: The Milner Papers, Deel II, p. 230. Lord Milner aan mnr. Haldane.

31). Cd. 819/1901, p. 94; V.A., Statistics Refugee Camps: Report of the R.M.C. of the Refugee Camp, Aliwal North, 3 Aug. 1901.

sorg, terwyl daar ook 'n nypende tekort aan vuilgoedwaens of -
karre, sowel as trekdier, bestaan het.³²⁾ Die gevaar van be-
smetting en siekteverspreiding was gevolglik wesenlik, te meer
nog aangesien die latrinegeriewe in die meeste kampe ontoereikend
en ondoeltreffend was.³³⁾ Op 17 April 1901 het majoor Baird, die
gesondheidsinspekteur wat toestande in die Bloemfonteinse kamp in
opdrag van die stadsraad moes ondersoek, reeds bevind dat die la-
trinegeriewe daar ontoereikend was en dat „the dongas around are
also employed by the Boers for latrine purposes" terwyl „in two
or three places the ground between the tents had also been
used for this purpose." Die werklike rede vir die genoemde mis-
stande is op duidelike hoewel indirekte wyse deur maj. Baird self
gesuggereer: „At 11 a.m. the latrine buckets had not been emp-
tied for the previous day and night, and remained outside the
latrines in the hot sun. A fearful stench was emitted by these;
I had to keep my handkerchief to my face, and finish the inspec-
tion as quickly as possible."³⁴⁾ Onder sodanige omstandighede
was dit geen wonder nie dat die kampbewoners huiwerig was om die
beskikbare latrines te gebruik, sodat die beskuldiging van onsin-
delikheid deur Baird en later ook deur dr. Conan Doyle en W.B.
Worsfold teen die kampbewoners ingebring, sonder meer as onbillik
verwerp kan word.³⁵⁾ Die vraagstuk i.v.m. sanitasie is verskerp
deur die feit dat die owerhede die kampe almal as „vlugteling-
kampe" beskou het en van die standpunt uitgegaan het dat die
„vlugtelingen" self die kampe moes skoonhou. Die kampbewoners,
daarenteen, het hulleself as gevangenes beskou en het geen voet
versit om die owerhede tegemoet te kom nie. Vandaar dat swak
sanitasie so 'n algemene verskynsel in die kampe was.

'n Ontoereikende rantsoenskaal en ongebalanseerde dieet was
ook in 'n groot mate vir die hoë sterftesyfer in die kampe verant-
woordelik. Die rantsoenskale waarop die kampbewoners geplaas is,

- 32). The Manchester Guardian, 28 Okt., 1901: Rapport deur die
Konsulêre Korps in Pretoria oor die kampe opgestel.
33). Cd. 819/1901, p. 94. Rapport van dr. H. Becker, 1 Junie
1900; Le Clus: Op. cit., p. 77.
34). Cd. 819/1901, p. 92.
35). A. Conan Doyle: Op. cit., p. 97; Worsfold: Lord Milner's
Work in South Africa, p. 462.

kon miskien voldoende gewees het om hulle onder normale omstandighede aan die lewe te hou maar was onvoldoende om daardie reserwe krag, deur die komplewe vereis, te verskaf. Die algehele afwesigheid van vrugte en die nypende tekort aan vars groente en melk moes noodwendig die weerstandsvermoë van vrouens, en veral van kinders, verswak en siekteverspreiding dientengevolge in die hand werk. Dr. Pratt Yule, 'n gesondheidsbeampte in die O.R.K., het dan ook prontuit verklaar dat so 'n dieet vir almal wat dit nie op eie onkoste kon aanvul nie, „must prove a hardship”, terwyl sy kollega, dr. Becker, gemeen het dat 'n half-pond vleis per volwassene tweemaal per week, heeltemal te min was en dat vars melk en groente ook voorsien moes word: „Diarrhoea is very prevalent amongst adults as among children”, aldus dr. Becker, „and is in many cases due to the food.”³⁶⁾ Inderdaad was die dieet in die kampe so ongebalanseerd dat skeurbuik dikwels voorgekom het, soos o.a. bewys word deur dr. Pratt Yule se bevinding dat „in every camp, with the possible exception of that at Norval's Pont (where the vegetable garden proved highly successful, there has probably been an element of scurvy in a large proportion of the cases treated.”³⁷⁾

Hoewel elke kamp oor sy eie hospitaal beskik het, was die fasiliteite wat in die verband verskaf kon word nog hopeloos ontoereikend. Die sinkgebou of groot tente wat as hospitale moes diens doen, was in meeste gevalle nie alleen te klein nie, maar boonop ook ongeskik vir die verhewe doel daarmee beoog: „The amount of sickness and the number of deaths”, het dr. Becker dan ook i.v.m. die Bloemfonteinse kamp geskrywe, „could be greatly diminished by increasing the hospital accommodation (and by improving the hospital wards at present existing.”³⁸⁾ Die spesiale komitee wat deur die konsulêre korps in Pretoria aangewys

- 36). Cd. 819/1901, p. 94: Rapport van dr. H. Becker, 1 Junie 1901; p. 101: Rapport van dr. G. Pratt Yule, 1 Julie 1901. Vgl. ook Stead: Methods of Barbarism, p. 9. en Neethling: Op. cit., p. 45
- 37). V.A., O.R.C. Administration. Public Health Department: Mortality Statistics of Refugee Camps, 1901, p. 7.
- 38). Cd. 819/1901, p. 94.

is om die Transvaalse kampe te besoek, het in hul amptelike verslag ook spesiaal gewag gemaak van die ondoeltreffende versorging van siekes en die gebrek aan mediese voorrade. Ook dr. Hoexter, die mediese beamppte te Aliwal-Noord, het die hoë sterftesyfer in daardie kamp gedurende Julie 1901, toegeskrywe aan onvoldoende hospitaalruimte, gebrek aan verdowingsmiddels, onvoldoende voorrade vir gebruik van siekes, ontoereikende hospitaalpersoneel en die dringende behoefte aan 'n apteker en 'n geskikte ambulanswas. Die goedgekeurde hospitaalpersoneel bestaande uit een geneesheer, een opgeleide matrone en drie onopgeleide assistent-verpleegsters per 1,000 kampbewoners was bowendien ontoereikend, veral wanneer die kampe deur epidemies getref is. Op die koop toe was die siviele administrasie as gevolg van die heersende oorlogsomstandighede, dikwels nie in staat om die dienste van opgeleide geneeshere en verpleegsters te verkry nie en kon daar gevolglik in sommige kampe bloedweinig aan gesondheidsdienste gedoen word.

Netso moeilik as wat dit vir die siviele administrasie was om in oorlogstyd geneeshere en verpleegsters in hande te kry, was dit ook om geskikte personeellede vir die kampe self te vind. In baie gevalle was die beamptes wat wel gewerf kon word, heeltemal onbekwaam vir die verantwoordelike roeping wat hulle moes vervul. Die gevolg was dat die kampbewoners dikwels die lydende party geword het. Lord Milner op wie se skouers die moeilike taak gerus het om die kampe staande te hou, het die tekort aan geskikte amp-tenare dan ook bestempel as die moeilikste vraagstuk waarmee hy in verband met die kampstelsel te kampe gehad het: "A great deal depends upon the Superintendents and other officers of the camp", het hy sy gevoelens teenoor mnr. Haldane gelug, "and upon the character of doctors, matrons and nurses. We were terribly short in all these respects. South Africa, drained as she always has

39). The Manchester Guardian, 28 Okt. 1901.

40). V.A., Camp Statistics: Report of the R.M.O. of the Refugee Camp, Aliwal North, during July, 1901. Vgl. Ook Cd. 819/1901, pp. 28 en 31 vir soortgelyke bevindings.

41). V.A., O.R.C. Administration. Public Health Dept: Rapport van dr. G. Pratt Yule, 1 Julie 1901.

been by the war, and with all her best ability already engaged in other directions, simply had not got the men and women we wanted." ⁴²⁾ Toe die toestande in die konsentrasiekampe as gevolg van oorbevolking en ander faktore begin versleg en die sterftesyfer die hoogte inskiet, was sommige kampsuperintendente en hulle onderhorige beamptes dikwels weens onbekwaamheid nie in staat om behoorlike beheer uit te oefen en die noodmaatreëls deur 'n noodtoestand vereis, te tref nie.

Die hoë sterftesyfer onder die kampbewoners was ongetwyfeld ook in 'n sekere mate te wyte aan die gebrek aan aanpassingsvermoë by sommige, wat teen hulle sin na die kampe weggevoer is: „Boers make bad aggregations", so het lord Milner dit uitgedruk. „They are accustomed to living at great distances from one another in the 'grand air'. They have no idea how to make close cohabitation tolerable." ⁴³⁾ Die kampbewoners vroeër gewoond aan die vrye veld en die ope lug, het dit werklik moeilik gevind om hulle met die ongerief van die kamplewe te vereenselwig en hulle ingebore onafhanklikheidsin by die grille van kampsuperintendente, wat boonop vreemd teenoor hulle gestaan het, aan te pas. Onbekend met die gevare van kiembesmetting het die moeders dientengevolge verkies om hulle eie kroos te verpleeg eerder as om hulle na die oorvol hospitale te laat gaan, en het hulle dikwels doelbewus ver- ⁴⁴⁾suim om siektegevalle by die kampowerhede aan te meld. Ter verskoning van die Boerevrouens kan, behalwe hulle natuurlike moederinstink, ook aangevoer word dat die hospitale dikwels so oorvol was dat die kampowerhede self oogluikend moes toelaat dat siekes in die tente verpleeg word: „It was impossible", erken dr. Pratt Yule wat as kampdokter self by die aangeleentheid betrokke was, „at the height of an epidemic to remove all suffering ⁴⁵⁾from the disease (d.w.s. masels) to the hospital."

42). Headlam: Op. cit., Deel II, p. 230.

43). Ibid., p. 230. Vgl. ook V.A. Secretary O.R.C. Administration, 2266/01: Rapport van dr. G.P. Parnell, 6 Mei 1901 en Ibid., 947/01: Rapport van A.G. Trollope.

44). V.A., Secretary O.R.C. Administration, 2266/01: Rapport van dr. H. Becker, d.d. 1 Junie 1901; A. Conan Doyle: Op. cit., p. 98

45). V.A., O.R.C. Administration. Public Health Dept.: Report on Mortality Statistics of Refugee Camps, 1901.

Die beskuldiging dikwels teen die vrouens in die kampe ingebring, o.a. deur dr. Pratt Yule self, dat „the patients remaining in their tents, met with such irrational treatment at the hands of parents and relatives as did much to raise the mortality”, moet, gesien in die lig van dr. Yule se eie erkenning in die voorafgaande paragraaf, as uiters onbillik teenoor die betrokke moeders bestempel word.⁴⁶⁾ Bekommerd oor die welsyn van hulle kinders, beangs as gevolg van die stygende sterftesyfer en bewus van die magteloosheid van die geneeshere en verpleegsters om 'n epidemie aan bande te lê, het die vrouens in die kampe dikwels na homopatiëse middels en boererate gegryp as 'n laaste uitweg. Sodanige rate mag vir oningewyde vreemdelinge vreemd en selfs gevaarlik voorgekom het, maar het in die meeste gevalle waarskynlik meer goed as kwaad gedoen en 'n belangrike sielkundige uitwerking gehad. Weliswaar kon sodanige behandeling ook 'n nadelige uitwerking en in geïsoleerde gevalle selfs die dood ten gevolg gehad het. Om dit egter as 'n aanleidende oorsaak van die hoë sterftesyfer te bestempel, sonder enige tasbare bewys, toon inderdaad 'n skromelike gebrek aan objektiwiteit en historiese perspektief.⁴⁷⁾

Die spesiale komitee in 1901 deur die konsulêre korps in Pretoria benoem om ondersoek na toestande in die Transvaalse kampe in te stel, het in hulle verslag as eerste oorsaak vir die hoë sterftesyfer genoem „the difficulties and misery and privations to which the Boer families are subject after having been driven from their homes.” Volgens die komitee was die swak toestand waarin baie vrouens en kinders reeds by hulle toelating tot die kampe verkeer het, 'n direkte gevolg van die swerwende bestaan wat hulle moes voer tydens hulle vlug voor die Britse kolonnes uit, sowel as van die lang en uitputtende reise in oop beestrokke waaraan hulle tydens hulle wegvoering na die kampe onderworpe

47). Vgl. A. Conan Doyle: Op. cit., p. 98, waar skrywer beweer: „Children died of arsenical poisoning, having been covered from head to foot with green paint; and others of opium poisoning, having quack drugs which contain laudunum administered to them.”

48) was. Dat mense wat in so 'n uitgeputte toestand verkeer het maklik vir aansteeklike siektes vatbaar was, is in die lig van die moderne mediese wetenskap, so vanselfsprekend dat verdere kommentaar oorbodig is. As gevolg van moedeloosheid en geestelike skokke het by baie die wil om te leef ontbreek.

Klimaatstoestande op die hoëveld was nie vir 'n kampelewe geskik nie en het ook tot die hoë sterftesyfer in die kampe bygedra. Die skielike daling in temperatuur in die aand, veral gedurende die winter, was die belangrikste klimaatsfaktor wat die gesondheid van die kampbewoners nadelig beïnvloed het: „The variation in the temperature, especially for children and old people“, het 'n gesondheidsbeampte in die O.R.K. getuig, „provides the chill and the suitable soil on which the germs of disease flourish ... The temperature fall between day and night has probably proved one of the most fertile causes of death in the camps, as almost every death from measles with the exception of the malignant cases have occurred from broncho-pneumonia“.⁴⁹⁾ Wat presies die uitwerking van somerhitte en winterkoue, reën en donderstorms op die swakgeklede en dikwels ondervoede kampbewoners was, kan nie statisties vasgestel word nie, maar dat dit 'n nadelige uitwerking moes gehad het, bly wis en seker. Stofstorms het ook geblyk 'n vrugbare draer van siektekieme te wees, sowel as „a fertile source of diarrhoea by infecting water, food and possibly, by direct infection through the mouth“.⁵⁰⁾ Aangesien meeste kampbewoners in die streek opgegroeï het, was hulle egter aan die klimaatswisselinge gewoon sodat dit waarskynlik op sigself weinig tot die hoë sterftesyfer bygedra het.

In sy kommentaar oor die hoë sterftesyfer in die konsentrasiekampe in die O.R.K., het dr. Pratt Yule na die besondere kwaadaardigheid van masels in Suid-Afrika as 'n aanleidende oorsaak vir die groot aantal sterfgevälle verwys. Volgens hom,

48). The Manchester Guardian, 28 Okt. 1901; Neethling: Op. cit., p. 16; Devitt: The Concentration Camps in S.A., p. 19.

49). Cd. 853/1901, p.115: Rapport van G. Pratt Yule, 9 Nov. 1901; Cd. 819/1901, p.103: G. Pratt Yule aan die adj.-adm.; V.A. Camp Statistics: Report of the R.M.O. of the Refugee Camp, Aliwal North, Nov. 1901.

50). V.A. O.R.C. Administration. Public Health dept.: Report on Mortality Statistics, p. 6.

"the Boers contract measles in a more virulent form than is the case with Europeans, and this applies specially to the inhabitants of outlying farms and villages"⁵¹⁾. Selfs mnr. Chamberlain, wat die bewering statisties laat ondersoek het, kon egter nie die dokumentêre bewys om so 'n stelling te staaf, vind nie.⁵²⁾ Gevolglik kan aangeneem word dat die kwaadaardigheid van masels slegs kenmerkend van die kampe was, soos trouens ook deur dr. Yule indirek gesuggereer word deur die veelseggende bewering dat die mense afkomstig van die afgeleë dorpies en plase die grootste vatbaarheid vir masels getoon het. Juis hierdie mense was die mees te verswak na die lang en afmattende reis na die kampe en het, na hulle aankoms daar, die maklikste besmetting opgedoen. Dr. Douw G. Steyn, professor in Farmakologie aan die Universiteit van Pretoria aan wie ek dr. Yule se bewering voorgelê het, het die volgende deskundige kommentaar daaroor gelewer: "Met die mens is dit net soos met die dier, nl. as ons hulle saamhok in dorpe, stede of konsentrasiekampe, dan is die kans dat hulle allerhande besmetlike siektes aansteek baie groter as wanneer hulle so ver vanmekaar verwyder is Wanneer kinders in dorpe of stede opgroei, is hulle van kleinsaf in aanraking met allerhande kindersiektes. 'n Baie hoë persentasie doen die siektes op in 'n baie ligte graad en kom 'n mens dit in baie gevalle nie eers agter nie. Die gevolg is dat sulke kinders geleidelik teen allerhande aansteeklike siektes op 'n natuurlike wyse geïmmuniseer word. In teenstelling hiermee is kinders, wat op eensame plase opgroei en in baie gevalle nie aansteeklike kindersiektes opdoen nie, baie meer gevoelig vir hierdie siektes as kinders wat in dorpe of stede opgroei"⁵³⁾

Ondanks die hoë sterftesyfer en haglike omstandighede in

- 51). Cd. 853/1901, p. 115: Rapport van G. Pratt Yule, 9 Nov. 1901; Vgl. ook Devitt: Op. cit., p. 59, wat dieselfde bewering maak.
- 52). Cd. 902/1901, p. 17. Vgl. ook Otto: Op. cit., p. 142.
- 53). Prof. Douw G. Steyn in 'n persoonlike brief aan skrywer, d.d. Pretoria, 6 Okt. 1954; Vgl. in die verband ook T.A. Leyds Argief. Persberigte: Koerant uitknipsel uit The Standard, 12 Aug. 1901, die bevinding van die blad se spesiale korrespondent dat "ailments that were endemic on the farms, becoming epidemic under the new conditions of overcrowding".

die konsentrasiekampe het die Britse regering steeds volgehou dat die kampstelsel onaanvegbaar en mnr. Campbell-Bannerman se herhaalde verwysings na „barbarous methods”, uit die lug gegryp was. Mnr. Balfour, leier van die regeringsparty in die Laerhuis, het o.a. die volgende oor Campbell-Bannerman se kritiek te sê gehad: „And on what is this accusation founded? It was founded on the fact that in those camps in the Transvaal and other places in South Africa, the women and children who were collected there had not all the comforts which everyone of us would desire them to possess But remember what the circumstances were . . . It is to be wondered at that, under circumstances like these, everything cannot be done at once and everything cannot be done with facility? And are we to be blamed because we do not give those who are thus living on our bounty, better rations than we give to those who are fighting in the field in our cause? I don't believe in the history of the world, a war of this kind has ever been carried on with a humanity at all approaching that”.

54)

Teneinde te kan vasstel of mnr. Balfour se bewerings gegrond en die kampstelsel teen Junie 1901 werklik onaanvegbaar en bo kritiek verhewe was, is dit noodsaaklik om 'n antwoord op 'n tweeledige vraag te probeer vind: Was die stigting van die kampe in ooreenstemming met internasionale oorlogsreg en was die toestande in die bestaande kampe sodanig dat die Britse regering en die militêre en siviele owerhede in Suid-Afrika van blaam onthef kon word?

Wat die eerste deel van bogenoemde vraag betref kan met sekerheid beweer word dat die oorspronklike plan om konsentrasiekampe te stig onwettig was omdat die vernietigingsbeleid, wat dit noodsaaklik gemaak het, reeds strydig was met internasionale oorlogsreg, soos deur die Haagse Konvensie van 1899 neergelê. Soos voorheen aangetoon het lord Roberts die vernietiging van privaat eiendom gelas omdat publieke eiendom in die omgewing deur guerilla-afdelings beskadig is. Sodanige strafmaatreël was egter strydig met artikel L van die Haagse Konvensie wat uit-

druklik bepaal het: "No general penalty, pecuniary or otherwise, can be inflicted on the population on account of the acts of individuals for which it cannot be regarded as collectively responsible"⁵⁵⁾.

Vir lord Kitchener weer was die vernietigingsbeleid "the most effective method of limiting the endurance of the guerillas", terwyl lord Milner, die Hoë Kommissaris, dieselfde gedagte net in ander woorde uitgedruk het toe hy die vernietigingsbeleid en die konsentrasiekampe beskrywe het as "a means of hastening the end of the war"⁵⁶⁾. Kitchener en Milner se uitgangspunt was egter weer direk strydig met artikel XXII van die Haagse ooreenkoms wat neergelê het dat "the right of belligerents to adopt means of injuring the enemy is not unlimited". 'n Uitgangspunt soos Kitchener en Milner s'n sou nog verdedigbaar gewees het indien die anneksasie van die verowerde gebied werklik effektief was, d.w.s. as die anneksasie in der daad die einde van die oorlog beteken en die Britse magte in volle beheer van die hele gebied was. Indien dit so gewees het, kon Brittanje die burgers wat nog die stryd voortgesit het, as rebelle bestempel en dienooreenkomstig gestraf het. In werklikheid was die oorlog egter nie oor, die Britse besetting nie effektief en die vegtende burgers nie rebelle wat volgens krygswet behandel kon word nie. Ondanks Kitchener se selfversekerde houding was die Britse leërmag nie in staat om sy gesag in die verowerde kolonies te vestig nie, in elk geval nie volgens die vereistes gestel in Artikel XLII van die Haagse ooreenkoms nie: "Territory is considered occupied when it is actually placed under the authority of the hostile army. The occupation applies only to the territory where such authority is established and in a position to assert itself". Die feit dat die oorlog nog byna twee jaar na die formele anneksasie van die republieke voortgeduur het, is egter bewys genoeg dat die Britse gesag nie in staat was nie "to assert itself" en dat strafmaat-

55). Stead: *Methods of Barbarism*, pp. 22 - 28: Teks van Haagse Konvensie.

56). Cd. 605/1901: Kitchener se rapport vir Maart 1901; *The Morning Leader*, 7 Okt. 1901: Milner aan die Uitlander-komitee in Kaapstad.

reëls teen vegtende burgers en hulle weerlose afhanklikes niks anders as 'n oorlogsmisdad was nie. In die lig van bogenoemde kan 'n mens nie anders as om die konsentrasiekampe, as a modus operandi om die einde van die oorlog te verhaas en as strydig met oorlogsreg te bestempel nie.

Die tweede deel van die vraag of die kampstelsel as sodanig aanvegbaar was, t.w. die aanspreeklikheid aldan nie van die Britse regering en die militêre en siviele owerhede in Suid-Afrika vir die toestande in die kampe, is moeiliker om te beantwoord. Moontlik kan 'n oplossing gevind word as vasgestel kan word tot welke mate die Britse regering en die militêre en siviele owerhede aanspreeklik gehou kon word vir die faktore wat vir die stygende sterftesyfer verantwoordelik was.

Die militêre owerheid in Suid-Afrika dra ongetwyfeld die blaam vir die ongunstige ligging van die meeste kampe, sowel as vir die oorhaastige en uitputtende manier waarop talle vrouens en kinders na onvoltooide of oorbevolkte kampe weggevoer is. Die onbevredigende metode van vervoer in oop beestrokke moet ook op rekening van die militêre owerhede geplaas word vir sover hulle vooraf moes geweet het dat hulle, vanweë die heersende oorlogstoestande, nie oor die nodige passasierswaens vir die doel sou beskik nie. Kitchener het hom blind gestaar op die militêre voordeel wat hy uit die vernietigingsbeleid en die kampstelsel kon slaan en het gevolglik versuim om vooraf maatreëls te beplan wat hom in staat sou stel om sy voornemens op 'n menslike manier uittevoer. Wat goed was vir die Britse soldaat, het hy verkeerdelik gemeen, moes ook goed genoeg wees vir die vrou en kind van die vyand.
57)

Die siviele administrasie wat op 18 Februarie 1901 die kampe onder beheer geneem het, het hulleself beslis ook aan ongunstige kritiek blootgestel. Lord Milner, soos Kitchener, het die kampe in die eerste plek beskou as 'n noodsaaklike vereiste om die oorlog gouer in Brittanje se guns te beklank, en het gevolglik die taak wat op sy skouers geplaas is, aanvanklik sonder

genoeg doelbewuste erns aangepak. Swak sanitasie, 'n ontoereikende en ongebalanseerde dieet, 'n skrynende tekort aan kamppersoneel en ondoeltreffende hospitaalgeriewe het die sterftesyfer onrusbarend laat styg, maar tenspyte daarvan het lord Milner net gelate toegekyk en sy eie gewete probeer sus met verskonings soos "we simply had not got the men and women we wanted" of "Boers make bad aggregations".⁵⁸⁾ Uiteindelik het die sterftesyfer in die kampe egter sover die hoogte ingeskiet dat Milner, op die sterk aandrang van die energieke Chamberlain, sy eie skuld begin besef en in vertwyfeling uitgeroep het: "The black spot - the one very black spot - in the picture is the frightful mortality in the Concentration Camps. I entirely agree That while a hundred explanations may be offered and a hundred excuses made, they do not really amount to an adequate defence The whole thing, I think now, has been a mistake".⁵⁹⁾ 'n Beter bewys van die siviele administrasie se aandadigheid hoef nie gesoek te word nie.

Die Britse regering wat bewus was van die onwettigheid van die vernietigingsbeleid en die euwels aan die kampe verbonde, het ook aanspreeklikheid daarvoor gedra. Weliswaar is die verslae wat Engeland toe gestuur is gewoonlik eers "gedokter", maar angesien "Her Majesty's Government had accepted full responsibility for all Lord Roberts' proclamations",⁶⁰⁾ moes hulle op so-iets voorbedag gewees en 'n lewendiger belang in die wel en wee van die kampbewoners gestel het. Later, toe die opposisie die lewe vir die Britse regering begin vergal het deur voortdurend op die kampvraagstuk te hamer, het hulle egter wakker geskrik en het Chamberlain self oorgegaan tot drastiese maatreëls om die toestand te probeer verhelp.⁶¹⁾ Toe was die koeël egter deur die kerk en het die kampstelsel reeds onberekenbare skade berokken en 'n onuitwisbare klad op die naam van die Britse regering nage laat.

58). Headlam: Op. cit., Deel 11, p. 230.

59). Ibid., p. 229. Milner aan Chamberlain, 7 Des. 1901.

60). The Manchester Guardian, 15 Des. 1900. Mnr Brodrick in die Britse Laerhuis.

61). Cd. 893/1901, pp. 22, 24, 110; Cd. 942/1902, p. 3. Oor optrede van Opposisie vgl. British Parl. Debates, Deel XCIV en XCV.

Watter argumente dus ook al aangevoer mag gewees het, bly dit 'n vasstaande feit dat die kampstelsel aanvegbaar en aan kritiek blootgestel was. Die gebruik van die heuningkwas en Chamberlain en Balfour se pogings om die stelsel goed te praat, het gevolglik op die lang duur weinig gebaat.⁶²⁾ Ewe min geslaagd was die pogings deur A.G. Trollope, dr. H. Becker en dr. Pratt Yule aangewend om die stygende sterftesyfer aan beweerde onsindelikheid van die Boerevrouens, klimaatsfaktore of aan die besondere kwaadaardigheid van masels in Suid-Afrika toe te skryf.⁶³⁾ Tenspyte van al die argumente het die Britse regering, bygestaan deur die Britse owerhede in Suid-Afrika, 'n onwettige oorlogsmetode toegepas en boonop versuim om aanvanklik, voor Junie 1901, iets tasbaars aan die vraagstuk te doen. Hulle optrede, sowel as hulle versuim om op te tree, was gevolglik aanvegbaar, en as sodanig was die kritiek deur mej Hobhouse teen hulle ingebring ook heeltemal geoorloof.

- 62). Edinburgh Evening News, 8 Des. en 20 Junie 1901 onderskeidelik.
- 63). V.A. Secretary O.R.C. Administration 947/01: Rapport van A.G. Trollope; Cd. 819/1901, p. 94: Rapport van dr. H. Becker; Cd. 853/1901, p. 115: Rapport van G. Pratt Yule.

HOOFSTUK 3.

"DIE MEISIE VAN ENGELAND".

(They call me "Sister" or
"Die Meisie van Engeland" - Hobhouseverslag)

Die verbreking van Emily Hobhouse se verlowing in 1898 het die einde van haar romantiese drome beteken. Terselfdertyd het dit egter die begin van 'n tydperk in haar lewe ingelui waarin altruïsme en pasifisme haar belangrikste leidsterre sou wees. By haar terugkeer in haar vaderland het sy aanvanklik weinig belang in politieke aangeleenthede gestel, maar verkies om haar in diens te stel van die Women's Industrial Council, 'n vroueliggaam wat die maatskaplike verheffing van die Britse arbeiderklas beoog het. Haar werksaamhede in die verband het haar in fabriekswetgewing laat belangstel en sedertdien het sy gereeld die Britse museum besoek om 'n grondige studie te maak van die toestande waaronder kinders in die Britse fabriekstede verkeer het voor die uitvaardiging van doeltreffende fabriekswetgewing. Op die wyse het sy eerstepandse kennis van die noodlottige uitwerking van oorbevolking, ooreising en ondervoeding op die kind ingewin en haarself so onbewus voorberei vir die taak wat sy voorbestem was om in Suid-Afrika aan te pak.¹⁾

Herhaalde besoeke aan die woning van lord en lady Hobhouse en gedurige aanraking met lord en lady Courtney het haar, ondanks drukke werksaamhede, spoedig onder 'n diep besef van die naderende oorlogsgevaar gebring en haar belangstelling in Suid-Afrika gaande maak: "Milner's dispatches from South Africa", skrywe sy later oor hierdie kritieke tyd, "filled many wise men with apprehension".²⁾ Juis die gespanne oorlogsatmosfeer wat haar daaglik omring het, was daarvoor verantwoordelik dat sy vir die eerste keer doelbewus pasifisme as lewensbeskouing aanvaar het. Soos president Lincoln van die V.S.A., vir wie sy 'n groot bewondering gekoester het, het Emily sedert haar adolosente jare die beskouing gehuldig dat alle mense volkome vry behoort te wees.

1). Hobhouse: Memoirs I.

2). Ibid.

Hierdie ideaal kon, volgens haar sienswyse, slegs verweenschlik ^{word} deur doelbewus te trag "to strip war remorselessly of its glamour and reveal its real hideousness to the eyes of the new generation"³⁾.

Teneinde oorlog uit te skakel as 'n modus om geskille tussen volkere te besleg, het sy internasionale stabiliteit en eenheid as 'n onontbeerlike vereiste vooropgestel: "All my life", getuig sy later, "I have longed to advance as one poor body may, international solidarity - or to put it more comprehensively - to emphasize the essential unity of mankind"⁴⁾. Haar afkeer in oorlog was gebaseer op 'n heilige oortuiging dat "war is not only wrong in itself, but a crude mistake" - en dat die vryheid van die beskaafde individu as wêreldbürger alleen verseker kon word deur "to strike at the root of the evil and to demolish war itself as the great and impossible Barbarity"⁵⁾.

Gesien in die lig van bogenoemde opvatting was Emily Hobhouse, wat haar houding t.o.v. die oorlog in Suid-Afrika betref, dus eerder 'n wêreldburgeres as 'n nasionalis. Sy was nie anti-Engels en pro-Boer nie, maar eerder anti-oorlog en pro-vrede. Anders as die grootste gedeelte van haar volksgenote was sy geen imperialis nie en het sy 'n oorlog terwille van koloniale wins, soos deur die Britse regering in die vooruitsig gestel, van die staanspoor af ten sterkste afgekeur. Dit het sy gedoen, nie as 'n aktiewe lid van die Britse opposisieparty nie, maar as oortuigde pasifis en voorstander van internasionale samewerking en onderlinge broederskap tussen volkere. Die feit dat sy die oorlog teen die republieke wel afgekeur het, het gevolglik nie lafhartigheid of gebrek aan vaderlandsliefde in die gewone sin van die woord beteken nie; intendeel - haar hele latere loopbaan het bewys dat sy geen persoonlike vrees geken het en nooit terwille van haar eie vrede en voordeel vir 'n kompromie met wat sy as die magte van

3). Hobhouse: Tant' Alie of Transvaal, p. 5.

4). Hobhouse: Memoirs IX; Vgl. ook V.A. Steyn Versameling: Brief van Emily Hobhouse aan mev. Steyn, 13 Aug 1911.

5). Ruth Fry: Op. cit., p. 267 et seq; Vgl. ook V.A. Steyn Versameling: Brief van Emily Hobhouse aan mev. Steyn, 26 Nov. 1916; waar sy dit stel: "The War Spirit has to be replaced by the Spirit of Peace and Moderation".

ongeregtigheid beskou het, te vinde was nie. In die sin was sy beslis bevooroordeelde en het die spesiale korrespondent van The Standard heeltemal gelyk gehad toe hy later beweer het: "It is obvious that Miss Hobhouse came to South Africa with a mind not wholly unprejudiced, at least in the sense that sentiment, apart from the claims of military necessity influenced her mind".⁶⁾

Omdat partypolitiek nooit 'n belangrike rol in haar lewe gespeel het nie, het die politieke verwickelinge wat op die oorlog in Suid-Afrika afgestuur het, haar eintlik koud gelaat, veral omdat sy in beginsel teen enige oorlog gekant was. Soos haar oom, lord Hobhouse - wat trouens haar leermeester in die opsig was - was sy "against the arbitrament of war, saw always points where peace could be maintained by methods of reason, and never shrank from a general exposure of the underlying causes of wars".⁷⁾ Soos alle oorloë, het sy gemeen, kon ook die oorlog in Suid-Afrika verhoed word en teneinde haar beskeie deeltjie tot die verwesenliking van hierdie loflike ideaal by te dra, het sy besluit om haar volle gewig in te werp by die South African Conciliation Committee; wat 'n soortgelyke doel beoog het.

Hoewel sy persoonlik nog nooit 'n oorlog deurgemaak het nie, was sy tog reeds op hierdie tydstip van haar lewe oortuig dat die vrou altyd die swaarste deur krygsverrigtinge getref word: "For womenfolk war is a hard time", het sy hierdie oortuiging later in woorde geformuleer; "the excitement and glory so alluring to men do not fall to their share, only the mental agony and the long, slow days of suffering ... I believe that the ambitions, greed, and folly of men in this direction will be unchecked and wars will not cease until women come forward to take their rightful share in political life and exercise their voice in matters that so closely concern themselves and their little ones".⁸⁾ Aan die vooraand van die Anglo-Boereoorlog het sy die beperkings waaronder die Viktoriaanse vrou nog gebuk moes gaan, duidelik aange-

6). T.A. Leyds Argief. Persberigte: Uitknipsel uit The Standard, 12 Aug. 1901. Ek onderstreep.

7). Hobhouse: Memoirs 1. Emily Hobhouse oor lord Hobhouse.

8). V.A. Steyn Versameling: Brief van Emily Hobhouse aan die vroue van die O.V.S., 13 Aug. 1911.

voel. en het sy haar broer Leonard, wat toe juis 'n belangrike aandeel aan die Liberale partykongres van Februarie 1900 gehad het, op susterlike wyse betig dat hy en sy helpers "were so far bad Liberals that they did not invite a single woman to share their deliberations". Daaraan het sy naïef toegevoeg: "Is not this to cut off their best arm, their most ardent support, their most enthusiastic workers, and relegate them to a lower place?"⁹⁾

Voor Emily nog die geleentheid kon kry om iets tasbaars by te dra tot die oorspronklike doelstelling van die S.A.C.C., t.w. die voorkoming van 'n oorlog in Suid-Afrika, het krygsverrigtinge onverwags 'n aanvang geneem. As ere-sekretaresse van die vrouetak van die Versoeningskomitee was haar eerste werksaamhede gevolglik nou ook nie meer op voorkoming van die stryd toegespits nie, maar het sy doelbewus die moontlikhedē van 'n spoedige en regverdige vrede nagespeur. Die toesprake deur mnr Cronwright-Schreiner, 'n Kaapse parlamentslid en eggenoot van Olive Schreiner, in Brittanje gelewer, het haar oortuig dat openbare mening in Brittanje moontlik ten gunste van 'n spoedige vrede beïnvloed kon word. Sodoende het die idee om 'n protesvergadering van Britse vroue te belê by haar posgevat. Hierdie protesvergadering wat op 13 Junie 1900 in die Queen's Hall onder voorsitterskap van mev. C.F. Scott, die eggenote van die redakteur van die Manchester Guardian, plaasgevind het, het 'n viertal belangrike besluite bekragtig. Die eerste drie besluite het die oorlog teen die republieke in sterk taal afgekeur op grond van lewensverlies, geldverkwisting en die noue verwantskap tussen die Engelse en Boerevolk. Beswaar is ook aangeteken teen die doelbewuste poging van regeringsondersteuners om andersdenkendes deur middel van wanordelikheid en geweld die swye op te lê. Die laaste besluit, deur Emily Hobhouse geformuleer en sprekend van haar oortuiging dat die vrou se taak in oorlogstyd moeiliker as die van die man was, het as volg gelui: "That this meeting desires to express its sympathy with the women of the Transvaal and Orange Free State, and begs them to remember that thousands of English women are filled with profound sorrow

9). Hobhouse: Memoirs 11. Brief van Emily Hobhouse aan Leonard Hobhouse, 17 Feb. 1899. Ek onderstreep.

at the thought of their sufferings, and with deep regret for the action of their own government".¹⁰⁾

Hoewel die opposisiespers in Engeland en veral die Manchester Guardian en Westminster Gazette 'n groot ophef van bogenoemde vergadering gemaak het, het die protesvergadering verder geen praktiese resultate afgewerp nie. Emily self was 'n bietjie teleurgesteld en het besluit om Londen, waar die regeringsparty sy sterkste aanhang gehad het, tydelik buite rekening te laat en haar aandag op die platteland toe te spits. 'n Aantal plattelandse vergaderings deur die vrouetok van die S.A.C.C. gereël in samewerking met die Kwakers, wat godsdienstige besware teen die oorlog gehad het, en deur Lloyd George en Emily Hobhouse toegesprek, het ook weinig sukses gehad behalwe dat dit Emily se vasberadenheid om pasifisme as lewensbeskouing uit te leef, aan haar volksgenote openbaar het. Haar landgenote, selfs ou vriende en vriendinne wat nou regeringsondersteuners was, het egter gemeen dat sy die Britse oorlogspoging wou dwarsboom, en vir die eerste keer in haar lewe het sy nou 'n maatskaplike verstoteling geword. Die skeldnaam „pro-Boer" haar toegevoeg, het haar egter weinig gehinder aangesien sy in haar siel oortuig was dat ware vaderlandsliefde waarheid en opregtheid in handel en wandel, eerder as uiterlike vertoon, van haar geveg het: „I and indeed all whom I knew", het sy later in die verband getuig, „had been concerned primarily about our own country and whether or not she was acting upon the highest principles of justice and humanity. We had thought comparatively little of the Boer side".¹¹⁾

Intussen het die „verskroeiende aarde"-beleid in Suid-Afrika sy uitwerking begin toon en is die eerste konsentrasiekampe in die lewe geroep. Persberigte en briewe uit Suid-Afrika het Emily ernstig ontstem en spoedig het 'n begeerte om die ontredde vrouens en kinders te hulp te snel by haar posgevat. Soos sy dit self later uitgedruk het: „Thus the constantly renewed pic-

10). The Manchester Guardian, 14 Junie 1900; Hobhouse: Memoirs 11
11). Hobhouse: Memoirs 11.

ture of women and children homeless, desperate and distressed, formed and fixed itself in my mind and never once left me".¹²⁾

Die stigting van een of ander noodlenigingsfonds was, volgens Emily, die eerste vereiste vir enige hulpskema ten behoeve van die oorlogsontworteldes in Suid-Afrika. Gevolglik het sy in samewerking met 'n aantal enersdenkendes soos lord Courtney, eerw. S. E. Gladstone, lady Hobhouse e.a. tot die stigting van die South African Women and Children Distress Fund oorgegaan. Hierdie komitee was in alle opsigte onafhanklik van die S.A.C.C., en is beheer deur 'n selfstandige komitee onder voorsitterskap van sir Thomas Acland, met Emily Hobhouse as ere-sekretaresse. Die doel van die fonds was suiwer filantropies en het gevolglik mnr Chamberlain, die Britse koloniale sekretaris, se volle goedkeuring weggedra as 'n non-politieke, onsektariese skema "to feed, clothe, shelter and rescue women and children, Boer, British or others, who had been rendered destitute and homeless by the destruction of property, deportation, or other incidents of the military operations".¹³⁾ Emily self het as kollektante vir die nuwe fonds opgetree terwyl 'n aantal goedgesinde koerante ook kollektelyste geopen het.

Aangesien sy vasbeslote was om self na Suid-Afrika te gaan teneinde noodlenigingswerk daar te doen, het Emily op 4 Oktober 1900 'n spesiale brief aan haar Kaapse vriendin, mev. Charles Murray, gerig teneinde was te stel wat die Kaapstadse tak van die S.A.C.C. van haar voorneme dink. Begerig om meer omtrent die werklike toedrag van sake in Suid-Afrika uit te vind, het sy lang gesprekke met prof. de Vos, prof. Moorrees en die ander afgevaardigdes van die Graaff-Reinetse Volksvergadering gevoer.¹⁴⁾ Hulle het haar voorneme verwelkom om self na die oorloggeteisterde gebied te gaan en persoonlik die besteding van die fondse van die Distress Fund te administreer en daardeur aangemoedig, het sy op die 7de Desember 1900 na Suid-Afrika vertrek.

12). Ibid.

13). Ibid.

14). Vgl. Strydom: Kaapland en die Tweede Vryheidsoorlog, p. 121.

Tuis by mev. Charles Murray in Kenilworth, het Emily van die staanspoor af doelbewus getrag om soveel indrukke as moontlik te absorbeer en alle moontlike inligting omtrent toestande in die oorloggeteisterde binneland in te win. Haar eie waarnemings het haar oortuig dat selfs Kaapstad, hoewel ver van die gevegsterrein verwyderd, in die greep van die algemene oorlogsatmosfeer vasgevang was: "The first realisation of war", skrywe sy kort na haar aankoms "comes on landing. The congested docks piled with forage and etc., the long lines of military trucks in the streets of Cape Town - the swarms of Khaki people everywhere, sprinkled thick - and the pavement crowded with idle people - prices of everything very high".¹⁵⁾

Tydens die eerste aantal dae na haar aankoms in Kaapstad het sy persoonlik besoek gaan aflê by 'n aantal dames wie se wonings in die binneland vernietig was en wat daarna herberg in die ou moederstad gevind het. Van hulle het sy heelwat aangaande die sgn. "Refugee Camps" verneem, en toe reeds tot die gevolgtrekking gekom dat die benaming verkeerd was en geredelik tot ernstige misverstand by die oningeligte Britse publiek kon lei.¹⁶⁾

Begerig om meer omtrent die ware gevoelens van toonaangewende Kapenaars t.o.v. die oorlog teen hulle stamgenote in die republieke te weet, het Emily 'n reeks voorafbeplande onderhoude met sodanige vooraanstaandes gehad. Na aanleiding van haar bevindings in hierdie verband het sy later verklaar dat sy veral diep getref is deur die duidelike skok wat Kapenaars, wie se lojaliteit aan Engeland vroeër nooit onder verdenking was nie, as gevolg van die oorlog gekry het: "Thus I soon found"; skrywe sy hieroor; "that beneath the calm exterior of the Cape Colonists whom I met, there were deep currents of bitterness which came to the surface in moments of roused emotion and which vitiated judgment, producing an unreasoning attitude".¹⁷⁾

Aangesien krygswet op 20 Desember 1900 oor die noordelike

- 15). Hobhouse: Memoirs 111. Brief van Emily Hobhouse aan Leonard Hobhouse, 30 Des. 1900.
- 16). Hobhouse Memoirs 111.
- 17). Ibid. Vgl ook Strydom: Op. cit., p. 108 et seq. oor Kaapse politiek gedurende 1900.

distrikte van die Kaapkolonie afgekondig is, moes mej. Hobhouse spesiale verlof van die owerheid kry om na die binneland te gaan. Die Hoë Kommissaris, sir Alfred Milner, het haar duidelik laat verstaan dat hoewel hy persoonlik haar plan goedgekeur het, sy die nodige verlof vir haarself en mev. (ds.) Roos, wat haar sou vergesel, van lord Kitchener moes aanvra. Op 17 Januarie het sir Alfred aan haar laat weet dat lord Kitchener sy amptelike goedkeuring gegee het dat sy haar noodlenigingsveldtog kon onderneem, maar dat hy nie sy weg oopsien om 'n Afrikaanssprekende Kaapse dame toe te laat om haar te vergesel nie. As gevolg van die onsekere militêre toestand kon hy mej. Hobhouse ook nie toelaat om voorlopig verder noord, as Bloemfontein te gaan nie. 18)

Sir Alfred Milner, geesdriftig oor mej. Hobhouse se voorgenome sending, het 'n spesiale spoorwa vir die vervoer van die voorrade, wat sy in Kaapstad aangekoop het, tot haar beskikking gestel en het selfs opdrag aan die militêre goewerneur van die O.R.K. gegee om mej. Hobhouse tydens haar verblyf daar van alle moentlike bystand te bedien. Daarbenewens het hy haar ook duidelik laat verstaan dat hy persoonlik geen beswaar daarteen sou inbring dat sy alle kampe in die O.R.K. en Transvaal besoek, mits sy die nodige verlof van die militêre owerhede vir so 'n stap kon verkry nie: "In any case", het hy ridderlik verklaar, "you can show this letter as evidence that as far as I am concerned, such visits are authorised and approved of". 19)

Aangesien alles nou vir haar reis na die onbekende binneland gereed was, het Emily op 22 Januarie van haar vriende afskeid geneem en uit Kaapstad vertrek. Berigte wat sy net voor haar vertrek uit die binneland ontvang het t.o.v. die vinnige agteruitgang van die konsentrasiekampe, het haar aan die uitvoerbaarheid van haar liefdadigheidsending laat twyfel en 'n gevoel van onmag het gevolglik gedreig om haar te oormeester terwyl sy deur die maanverligte nag noordwaarts voortgespoed het. Haar swartgalligheid is vererger deur die feit dat sy die enigste vroulike passas-

18). Hobhouse: Memoirs 111. Afskrif van telegram van Kitchener aan Milner, 17 Jan. 1901; Hobhouse: The Brunt of the War, p. 115.

19). Ibid: Brief van Milner aan Emily Hobhouse, 21 Jan. 1901

sier op die volgepakte troepetrein was en eg-vroulike angs en kleingelowigheid gedurig gedreig het om haar te oorweldig. Tot haar verligting het die reis egter sonder enige noemenswaardige voorval verloop en het sy op die 24 ste Januarie veilig in Bloemfontein aangekom. Sy het by mev. Fichardt tuisgegaan en reeds die volgende dag aan die werk gespring om voorbereidsels vir haar voorgenome besoeke aan die kampe suid van Bloemfontein te tref.²⁰⁾

Die vlaag van swartgalligheid en kleinmoedigheid wat haar reeds op pad na Bloemfontein oorval het is, na haar aankoms in die O.R.K., verder aangewakker deur die besef dat haar vryheid van beweging, ondanks sir Alfred Milner en lord Kitchener se amp telike goedkeuring om die kampe te besoek, deur die alles-oorheersende gees van militarisme aan bande gelê sou word. Vanaf die oomblik dat sy in Bloemfontein aangekom het, skrywe sy aan haar tante, het sy besef "what it is to be dominated by the military. All the railway officials sink into nobodies, and soldiers rule the station. You can't stir without their sanction. The whole town is full of soldiers - and the little hotels and the post office - and a great ring of camps all round and picquets continually demanding your pass. It is a perfect terror, and I feel inclined to kick all day".²¹⁾ Teneinde te verseker dat haar noodlenigingswerk nie as gevolg van voorgenoemde gees van militarisme sou ly nie, het Emily dit as haar eerste plig beskou om 'n besoek aan generaal Fretyman, die militêre goewerneur van die O.R.K., af te lê. Aangesien hy reeds opdragte in die verband van sir Alfred Milner ontvang het, het hy haar van 'n permanente pas na die Bloemfonteinse kamp voorsien en haar die versekering gegee dat enige wenk wat sy i.v.m. die beheer en administrasie van die kamp aan die hand kon doen, sy ernstige oorweging sou geniet.²²⁾

Tenspyte van die vriendelikheid en hulpvaardigheid van die militêre goewerneur, was dit, uit sy houding en opmerkings, duidel-

20). Hobhouse Memoirs IV; Hobhouse: The Brunt of the War, p.116.

21). Ibid: Brief van Emily Hobhouse aan lady Hobhouse, 26 Jan. 1901.

22). Hobhouse: The Brunt of the War, p. 116.

lik dat die owerhede ten opsigte van die kampe reeds voor tergende en onoplosbare probleme te staan gekom het. In 'n brief aan haar tante het Emily haar daaroor as volg uitgelaat: „Crass male ignorance, stupidity, helplessness and muddling! I rub as much salt into the sore places of their minds as I possibly can, because it is so good for them; but I can't help melting a little when they are very humble and confess that the whole thing is a grievous and gigantic blunder and presents an almost insoluble problem, and they don't know how to face it”.²³⁾ Deur te skerp en krities teenoor die betrokke kampowerhede op te tree, soos sy self erken het, het sy ongelukkig baie van hulle vyandig gestem waardeur sy haar voorgenome werk benadeel het. Indien sy minder krities opgetree en meer doelbewus probeer het om van die begin af met die owerhede saam te werk, sou sy later waarskynlik minder teenkanting van owerheidsweë en minder teleurstellings ondervind het.

Terwyl Emily besig was om die voorrade wat sy in Kaapstad aangekoop het, uit te pak, het sy haar inligting omtrent die kampstelsel verder aangevul deur gesprekke met vooraanstaande burgerlike persone en amptenare, wat eerstehands kennis daaromtrent besit het. Majoor Cray, die militêre offisier wat met die beheer van die konsentrasiekampe in die O.R.K. belas was, het o.a. aan haar verduidelik in watter groot mate sy taak deur 'n tekort aan fondse en spoorwaens in die wiele gery is.²⁴⁾ Dit het die gevolgtrekking by haar laat posvat dat die agterlike toestande in die kampe 'n gevolg was van die drukkende oorlogsomstandighede, eerder as van onwilligheid en onbekwaamheid aan die kant van die betrokke amptenare: „What they (the officials) are able to do, is so little”, skrywe sy aan haar tante, en elders: „it was a time of

23). Hobhouse: Memoirs IV. Brief van Emily hobhouse aan lady Hobhouse. Vgl. Headlam: Op. cit., Deel 11, p. 230, Milner se erkenning - „The whole thing, I think now, has been a mistake”.

24). Ibid. Vgl. A. Conan Doyle: Op. cit., p. 95, die woorde: „Great strain had been placed upon our Commissariat by the large army, over 200,000 men, who had to be supplied by three tiny railways, which were continually cut”.

war. There was pressure on the lines of communication, pressure on the supplies, pressure on the transports, on the exchequer - pressure everywhere".²⁵⁾

Gesprekke met ingeligte persone en getuienis deur haarself ingewin het nog 'n verdere gevolgtrekking feitlik op haar afgedwing. Sy het na Suid-Afrika gekom met die doel om kleinighede, wat nie deur die owerhede voorsien kon word nie, aan die kampbewoners uit te deel; nou moes sy met 'n skok tot die gevolgtrekking kom dat "what really lacked were bare necessities".²⁶⁾ Hierdie ontugtering het Emily gedwing om van haar oorspronklike voorneme af te sien om net klein, bruikbare geskenkies uit te deel. Die tasbare verligting van die lyding van die vrouens en kinders in die kampe het nou haar eerste en belangrikste plig geword. Terselfdertyd het sy egter ook besef dat haar beskikbare fondse onvoldoende vir so 'n omvattende noodlenigingskema sou wees. Daarom het die gedagte by haar posgevat om so spoedig moontlik na Engeland terug te keer en 'n nuwe oproep om fondse te loods. Latere gebeurtenisse, en die vinnige agteruitgang van die kampe,²⁷⁾ het bewys dat sy in hierdie opsig volkome reg was.

Die permanente pas waarvan Pretzman haar voorsien het, het Emily in staat gestel om die Bloemfonteinse konsentrasiekamp gereeld te besoek. By haar heel eerste besoek aan die kamp het dit haar reeds getref dat die ligging daarvan, twee myl van die dorp af en teen die helling van 'n kaal, boomlose randjie, uiters ongunstig was. Op hierdie tydstip het die bevolking van hierdie kamp reeds 2,000, waaronder 900 kinders, getel. Die toestand wat daar in die tentwonings geheers het, was uiters haglik, hoofsaaklik as gevolg van oorbevolking en ongunstige weerstoestande: "The sun blazed through the single canvas and the flies lay thick and black on everything - no chair - no table, nor any room for such Wet nights, the water streams down through the canvas and comes flowing in under the flap of the tent and wets their blankets as they lie on the ground". Die lae peil van gesond-

25). Hobhouse: The Brunt of the War, p.116.

26). Ibid.

27). Hobhouse: Memoirs IV. Brief van Emily Hobhouse aan lady Hobhouse, 26 Jan. 1901.

heid wat reeds die Bloemfonteinse kamp gekenmerk het, het die volgende treffende beskrywing aan haar ontlok: "I went straight to my camp and just in one little corner this is what I found: Nurse Kennedy, underfed and overworked just sinking on to her bed ... after coping with some thirty typhoid and other patients with only the untrained help of two Boer girls Next I was called to see a woman panting in the heat, just sickening for her confinement Next tent a little six months baby gasping its life out on its mother's knee Two or three others drooping and sick in that tent. Next child recovering from measles sent back from the hospital before it could walk, stretched on the ground white and wan, three or four others lying about. Next a girl of 24 lay dying on a stretcher while in the next tent a child of six (was) also dying and one of about five also drooping. ... Then a man came up and said, 'Sister (they call me Sister), come and see my child'. It was a dear little chap of four and nothing left of him except his great brown eyes and white teeth from which the lips were drawn back too thin to close ..."28)

Met soveel siekte in die kamp moes die sterftesyfer noodwendig hoog gewees het en mnr Grosskopf, 'n Duitse predikant wat gereeld die kamp besoek het, het dan ook aan Emily vertel dat daar sedert die totstandkoming van die kamp tot 1 Februarie 1901, 'n totaal van 55 sterfgevälle voorgekom het.²⁹⁾

Herhaalde besoeke aan die Bloemfonteinse konsentrasiekamp het Emily oortuig dat die kampstelsel as sodanig wreed teenoor nie-oorlogvoerendes en 'n klad op Brittanje se goeie naam as 'n beskaafde land was. Die stelsel het veral swaar op die onskuldige kinders gedruk, tenspyte van die militêre owerhede se goeie voornemens om die toestand te verbeter. Verbittering moes vroeër of later by die kampbewoners intree. Volgens haar heilige oortuiging was "the whole system a mistake and has placed

28), Ibid. Vgl. verder Cd. 819/1901. Rapport van dr. H. Becker, 1 Junie 1901 oor ligging van Bloemfonteinse kamp; O.R.C. Administration: Rapport van dr. Pratt Yle, 1 Julie 1901, oor hospitaelpersoneel en uitwerking van masels.

29). Ibid.; Vgl. ook Cape Argus (Weekly) 17 Julie 1901 vir The Times se opgawe van sterftesyfer in Bloemfonteinse kamp vir Mei 1901.

thousands physically unfit, in conditions of life which they have not strength to endure To keep these camps going is murder to the children³⁰⁾

Aangesien sy geweet het dat die Britse opperbevel in Suid-Afrika die konsentrasiekampstelsel as 'n vaste militêre beleid aanvaar het en beseft het dat die noodleniging wat sy uit haar karige fondse kon aanbied op sy beste slegs 'n druppel in die emmer kon wees, het sy naerstiglik na 'n ander, meer doeltreffende uitweg gesoek. Generaal Fretyman se versoek dat sy 'n lys van aanbevelings i.v.m. die verbetering van die kampe aan hom moes voorlê, het haar op die gedagte gebring om die militêre owerhede self van hulle werklike plig teenoor die kampbewoners bewus te maak om dan, op die wyse, 'n drastiese hervorming van die kampstelsel as sodanig te bewerkstellig. Om hierdie doel so spoedig moontlik te verwesenlik het sy 'n reeks aanbevelings opgestel en aan die militêre goewerneur, met wie sy goed oor die weg gekom het, voorgelê. As eerste en belangrikste vereiste ter verbetering van die toestand in die kampe, het sy voorgestel die benoeming van tweetalige matrones om te waak oor die behoud van goeie sedes in elke kamp en as skakelbeamptes tussen die kampbewoners en die owerheid te dien. Meer opgeleide verpleegsters vir die kamphospitale was, volgens haar, ook 'n dringende vereiste ten einde die steeds stygende sterftesyfer enigsins aan bande te lê.³¹⁾

Wat die Bloemfonteinse kamp betref, het sy die watervoorziening - twee emmer per dag vir sewe of agt persone - as ontoereikend beskou en aanbeveel dat water na die kamp aangelê en stoomketels vir die kook van drinkwater opgerig word.³²⁾ Die nypende tekort aan seep in die Bloemfonteinse kamp het, volgens haar bevinding, 'n nadelige uitwerking op die kampbewoners se gesondheid uitgeoefen. Teneinde die gevare van besmetting en siekteverspreiding te verminder, het sy daarop aangedring dat 'n bepaalde hoeveelheid seep tot die weeklikse rantsoene toegevoeg moes word.³³⁾

30). Ibid. Ek onderstreep.

31). Ibid.

32). Hobhouse: The Brunt of the War.

33). Hobhouse: Memoirs IV. Brief van Emily Hobhouse aan lady Hobhouse, 26 Jan. 1901; Vgl. Cd. 819/1901, p. 37 oor rantsoenskaal. Seep is deur die owerheid as "a medical comfort" beskou.

Aangesien Emily op hierdie tydstip self nog nie besef het hoe ontoereikend die rantsoenskaal, soos in die kampe in die O.R.K. toegepas, werklik was nie, het sy in hierdie opsig slegs aanbeveel dat 'n klein hoeveelheid rys af en toe uitgedeel en vars melk aan die hospitale en aan moeders met klein kindertjies voorsien moes word. Teneinde die kampbewoners se bestaan enigsins draagliker en geriefliker te maak, het sy verder by genl. Pretzman aanbeveel dat meer woontente, spesiale dodetente, katels en matrasse, 'n genoegsame hoeveelheid vuurmaakgoed, sowel as 'n soort skool vir die kinders in alle kampe voorsien moes word. 34)

Later, na sy ook reeds 'n aantal ander kampe besoek het, het sy verder aan die hand gedoen dat die sanitêre geriewe in die Bloemfonteinse kamp aangevul en meer aandag aan die skoonhou van latrines bestee moes word. 35) Bogenoemde aanbevelings deur mej. Hobhouse gedoen, is heelhartig deur die superintendent van die Bloemfonteinse kamp onderskryf en 'n rekwisisie in dier voege is dadelik deur hom ingestuur. Desnieteenstaande sou etlike weke verloop alvorens enige tasbare verandering in die toestand van die Bloemfonteinse en ander kampe van owerheidsweë gelas is.

Vroeg in Februarie het sy 'n vlugtige besoek aan die konsentrasiekampe te Aliwal-Noord en Norvalspont afgelê. Van andere het sy reeds verneem dat die Norvalspontse kamp ver van die naaste dorp geleë was. Gevolglik het sy aangeneem dat die toestand daar, weens die moeilike bekombaarheid van voorrade, nog meer agterlik as in Bloemfontein sou wees. Sy was egter aangenaam verras. Die kampterrein, teen 'n effense skuinste en omring van boomgegroeide heuwels en boonop slegs 'n myl van die spoorwegstasie af, was in werklikheid veel verstandiger gekies as wat die geval in Bloemfontein was, terwyl die straatjies tussen die rye tentes keurig uitgelê en goed versorg was. Die watervoorraad was suiwer en voldoende, hoofsaaklik omdat die kampsuperintendent, Kaptein Taylor, hom die moeite getroos het om drinkwater vanaf 'n nabygeleë fontein te laat aanlê. Die water van die Oranjerivier is

34). Ibid.: Hobhouse: The Brunt of the War, p. 118.

35). Hobhouse: The Brunt of the War, p. 119. Vgl. ook Manchester Guardian, 28 Okt. 1901 vir opmerkings oor sanitêre geriewe.

dus slegs vir was en baaidceleindes gebruik. Bowendien was die tentwonings minder oorbevolk en almal met matrasse, banke, tafels en kombuisgereedskap toegerus. Die voedselrantsoene, hoewel volgens die amptelike skaal, was van 'n veel beter gehalte as wat in die Bloemfonteinse kamp die geval was.³⁷⁾

Vanaf Norvalspont het Emily direk na Aliwal-Noord afgereis, waar die plaaslike konsentrasiekamp ook 'n besondere gunstige indruk op haar gemaak het. In Aliwal self het daar reeds 'n plaaslike liefdadigheidskomitee bestaan wat hulle in belang van die kamp beywer het. As gevolg van hulle belangstelling en 'n besonder bekwame kampsuperintendent, majoor Apthorpe, het die konsentrasiekamp op 'n veel hoër peil as die een in Bloemfontein gestaan. Majoor Apthorpe se kamp, het Emily verklaar, "can barely be called a prison. He has no soldiers or sentries, and everyone is free to walk into the town without passes". Tot op die dag van mej. Hobhouse se besoek het daar slegs twee sterfgevalle in die kamp voorgekom. Die voedselrantsoene was van 'n goeie gehalte en 'n gebalanseerde dieet is gehandhaaf as gevolg van die toevoeging van saamgeperste groente en een pond aartappels tot die weeklikse rantsoen. Aan klere, veral vir die kinders, het daar egter 'n dringende behoefte bestaan.³⁸⁾

By haar terugkeer in Bloemfontein het Emily gevind dat haar aanbevelings aan generaal Pretymaan aangaande die Bloemfonteinse kamp, reeds resultate gelewer het. Voor die 13de Februarie het die militêre owerhede besluit om 'n klein hoeveelheid seep tot die bestaande rantsoenskaal toe te voeg terwyl die oonde vir die kook van drinkwater ook reeds voltooi was. Vyf dae later kon sy verder met vreugde vermeld dat vier bykomstige opgeleide verpleegsters in die kamp aangekom het. Ongelukkig was al vier Britsge-sinde persone wat vroeër, terwille van hulle politieke oortuiging, uit die republiek moes vlug. Volgens Emily se opvatting was hulle

37).. Hobhouse: Memoirs IV. Brief van Emily Hobhouse aan lady Hobhouse, 10 Feb: 1901. Vgl. Otto: Op. cit., p. 65 oor Norvalspontse kamp.

38). Ibid.; Vgl. Sekretaris O.R.C. Administration 1460/01: Rapport van A. Daller van 6 Mei 1901, wat aantoon dat die kamp wel later omhein is.

dus die gewenste persone vir die verantwoordelike werk waarvoor hulle aangestel is nie. Die res van haar aanbevelings aan generaal Pretzman was weliswaar nog nie in die praktyk gebring nie, maar tenspyte daarvan kon sy tog met dankbaarheid getuig dat „our camp (at Bloemfontein) is getting slowly better and more towards the level of Aliwal and Norvalspont”.

Juis op hierdie tydstip, net toe dit begin lyk het asof haar samewerking met die militêre owerhede die gewenste resultate sou afwerp, het daar egter 'n onverwagte kink in die kabel gekom. Op die 18de Februarie het die militêre owerhede hulle seggenskap oor die kampe verloor en moes Emily van nuuts af aan 'n aanknopingspunt soek met die siviele administrasie wat amptelik beheer oor die konsentrasiekampe in die O.R.K. oorgeneem het. Volgens haar was die verandering nie in alle opsigte 'n verbetering nie: „Undoubtedly in the long run this has proved for the best”, het sy later in die verband geskrywe, „but at the moment, with sickness rife in the camps, with a constant influx, with a crude organisation, the change from one authority to another caused great friction and enhanced the difficulties of the situation. Moreover, civil superintendents rarely possessed such knowledge of organisation and discipline as pertain to military men”.

Tenspyte van begoeemde vraagstukke deur die wisseling van gesag veroorsaak, het Emily moed gehou en samewerking met die siviele administrasie gesoek. Die onder-administrateur van die O.R.K., majoor Gould-Adams, het haar temoetkomend behandel en onderneem om wenke wat sy ter verbetering van die kampe aan hom mag voorlê, vir sover dit in sy vermoë was, so speedig moontlik prakties toe te pas. Emily, op haar beurt, het die wenke wat sy voorheen aan generaal Pretzman voorgelê het, weer te voorskyn gebring en met die lys as grondslag, 'n nuwe reeks aanbevelings vir oorhandiging aan majoor Gould-Adams voorberei. Daarin het sy haar vorige aanbevelings waaraan daar nog nie uitvoering verleen

39). Ibid. Brief van Emily Hobhouse aan lady Hobhouse, 13 Feb. 1901; Brief van Emily Hobhouse aan Leonard Hobhouse, 18 - 22 Feb. 1901

40). Hobhouse: The Brunt of the War, p. 120. Ek onderstreep.

was nie, herhaal en verder aan die hand gedoen dat die siviele administrasie voltydse Nederduitse Gereformeerde leraars in diens moes neem om die sakramente in die verskillende konsentrasiekampe te bedien en godsdiensoefeninge daar waar te neem. ⁴¹⁾

Weens 'n gebrek aan fondse kon majoor Goold-Adams, ondanks sy vroeëre belofte aan mej. Hobhouse, op hierdie tydstip nie uitvoering aan een van haar aanbevelings verleen nie. Haar aanbod om matrasse vir die Bloemfonteinse kamp te maak of te laat maak op voorwaarde dat die administrasie haar van die voer nodig vir die opstoppel voorsien, is geesdriftig deur majoor Goold-Adams aanvaar, maar het eindelik ook deur die mat geval omdat die militêre owerhede botweg geweier het om hulle „kosbare” voer vir so 'n doel af te staan. Een van haar vroeër aanbevelings, t.w. dat skole in die konsentrasiekampe moes opgerig word, is egter kort daarna verwesenlik as gevolg van die ywer deur majoor Goold-Adams in die verband aan die dag gelê. ⁴²⁾ Hierdie kampskele, hoewel onvolmaak, het nogtans baie daartoe bygedra om die kampkinders se ledigheid en gevolglike verveling te verhinder.

Aan die begin van Maart 1901 het Emily na Kimberley afgereis teneinde die konsentrasiekamp daar te besoek. Op haar heenreis het sy ook die pasgestigde kamp te Springfontein aangedoen. Sy het hierdie kamp in die eginstadium van ontwikkeling aangetref. Desnieteenstaande is sy reeds pynlik getref deur die verarmde en behoeftige toestand waarin die meerderheid van die kampbewoners verkeer het. Daar het ook 'n dringende tekort aan matrasse en vuurmaakgoed bestaan. ⁴³⁾

Voor sy na Kimberley vertrek het, het Emily eers 'n tweede, vlugtige besoek aan die Norvalspontse kamp afgelê. Die algemene toestand van die kamp was nog op dieselfde bevredigende peil as tydens haar eerste besoek, maar tot haar spyt kon sy nie nalaat om in 'n brief aan haar broer, melding te maak van „a lot of

41). Hobhouse: Memoirs IV. Brief van Emily Hobhouse aan Leonard Hobhouse, 18 - 22 Feb. 1901.

42). Hobhouse: The Brunt of the War, p.121. Vgl. T.A. Lt. G. No 26/6-50: Rapport van E.B. Sargent, 30 Junie 1901.

43). Hobhouse: Memoirs IV. Brief van Emily Hobhouse aan lady Hobhouse, 4 Maart 1901; Cd. 893/1901, p. 41 waarvolgens meer as die helfte van hierdie kamp se bewoners in November 1901 nog op die grond geslaap het.

petty tyranny here under Captain Taylor". Die opmerking is deur Emily gemaak na aanleiding van die buitensporige straf deur kaptein Taylor opgelê aan 'n drietal Boeredogters wat dit gewaag het om die Vrystaatse Volkslied in die kamp te sing: "This sort of thing", het Emily beweer, "increases their national feeling and determination to be Free-Staters always"⁴⁴⁾.

Op hierdie tydstip het Emily reeds oor eerstehandse kennis van vier verskillende O.R.K. -kampe beskik en was dit vir haar moontlik om 'n selfstandige oordeel oor die kampstelsel as sodanig te formuleer. Die gehalte van 'n kamp, het sy in 'n brief aan haar broer beweer, was hoofsaaklik van die bekwaamheid en gewilligheid van die betrokke superintendent afhanklik, terwyl faktore soos die nabyheid van hout en water, afstand van die naaste opslagdepôt, die invloed van openbare mening en die ouderdom van die betrokke kamp, ook 'n besliste uitwerking op die gehalte daarvan gehad het.⁴⁵⁾

Emily het op 12 Maart veilig in Kimberley aangekom. Die kimberleyse kamp was, wat bevolking getref, die kleinste wat sy tot dusver besoek het, maar het nogtans 'n baie swak indruk op haar gemaak. Die tente was heeltemal te na aan mekaar opgeslaan terwyl die kampbewoners se vryheid nog verder deur 'n agtvoet hoë doringdraad en spesiale wagte by die hekke sowel as in die kamp, beperk is. Sodanige onnodige strengheid het Emily teen die bors gestuit, terwyl die onsindelike toestand van die kamp self, haar ook met weersin vervul het. Die hele, onbevredigende toestand is deur haarself kernagtig as volg opgesom: "No nurse. An empty, unfurnished marquee (which might be a hospital) - overcrowded tents, measles and whooping cough rife, camp dirty and smelling - an army doctor who seems to know nothing of children's ailments - fuel almost none - general laxity in the management". Wat sy hier in die Kimberleyse kamp aanskou het, het Emily met verbittering vervul teenoor die kampstelsel en die Britse opperbevel wat daarvoor verantwoordelik was. In 'n brief aan haar broer het sy vrye teuels

44). Hobhouse: Memoirs IV. Brief van Emily Hobhouse aan Leonard Hobhouse, 8 Maart 1901.

45). Ibid. Brief van Emily Hobhouse aan Leonard Hobhouse, 10 Maart 1901.

aan haar gevoelens in hierdie verband gegee, en die retoriese vraag gestel: "I wonder how Lady Roberts or Lady Methuen would like Botha to swoop down upon them, burn their houses and their clothes, and carry them off to Hampstead Heath where their children would die, of exposure in tents. I wonder what they would do?"⁴⁶⁾

Na 'n kort besoekie aan Kaapstad, het Emily vroeg in April weer na Kimberley teruggekeer. Haar persoonlike kennismaking met die konsentrasiekampe, het haar reeds oortuig dat kleinskaalse liefdadigheid en selfs samewerking met die siviele administrasie in Suid-Afrika, nie voldoende sou wees om die ellende in die kampe tasbaar te verlig nie. Dit het dus noodsaaklik vir haar geword om die Britse regering te beweeg om self in te gryp en indien nodig, die kampstelsel heeltemal op te hef. Bowendien was die bedrag deur die komitee van die noodlenigingsfonds tot haar beskikking gestel, feitlik uitgeput en het sy besef, dat sy nie meer lank met haar noodlenigingswerk sou kon voortgaan nie. Teneinde te voorkom dat sy, weens gebrek aan fondse, haar hulp heeltemal sou moes staak, het sy besluit om net 'n vlugtige besoek aan die Warrentonse en Mafekingse kampe af te lê en dan onverwyld na Bloemfontein en vandaar na haar vaderland terug te keer.

Die sgn. Oranjerivierkamp te Warrenton was nog nie gereed nie. By haar aankoms daar het Emily ongeveer 310 ontworteldes in die kerk- en skoolgeboue saamgehoek gevind. In die Mafekingse kamp, die oudste kamp wat sy persoonlik besoek het, het sy 'n kampbevolking van tussen 800 en 900 aangetref. Wat rantsoene en vuurmaakgoed betref was hierdie kamp goed daaraan toe, maar seep het soos gewoonlik heeltemal ontbreek. Komberse, klere en kerse was ook baie skaars.⁴⁷⁾

Terug in Bloemfontein het Emily weer by mev. Fichardt tuisgegaan. As gevolg van Kitchener se grootskaalse vernietigingsveldtog het die Bloemfonteinse kamp geweldig gegroei. Die kamp-

46). Ibid. Emily Hobhouse aan Leonard Hobhouse, 13 Maart 1901. Vgl. Secretary O.R.C. Administration 1460/01: Rapport van A.G. Daller, 6 Mei 1901 wat bewys dat die kamp wel toegekamp was.

47). Ibid. Emily Hobhouse aan lady Hobhouse, 9 April 1901.

vbevolking, wat by haar vertrek enkele weke vantevore slegs 2,000 getel het, het nou reeds feitlik verdubbel. Die geringe verbetering wat vroeër as gevolg van haar samewerking met die siviele administrasie waarneembaar was, was nou glad nie meer sigbaar nie, terwyl talle kampbewoners wat sy nog fris en gesond agtergelaat het, nou reeds die onmiskenbare tekens van verswakking en ellende getoon het. Nou, nog sterker as ooit vantevore, het sy besef dat blote liefdadigheid onvoldoende was en dat drastiese optrede van owerheidsweë t.o.v. die kampstelsel as sodanig, 'n dringende noodsaaklikheid geword het. Sy wend haar dus weer tot majoor Goold-Adams, hierdie keer met die versoek dat hy pogings in die werk moes stel om 'n einde aan die planlose wegvoering van steeds groter getalle ontworteldes na die kampe te maak.⁴⁸⁾ Die onder-administrateur was egter nie by magte om stappe te doen wat teen die militêre opperbevel se gevestigde vernietigingsbeleid sou indruis nie en van Emily se aanbeveling het gevolglik niks tereg gekom nie.

Daar het nou vir mej. Hobhouse twee moontlike weë oopgestaan. Sy kon hier bly en op klein skaal en met behulp van goedgesinde liggame en persone liefdadigheid aan die ontwortelde gesinne in die kampe verleen, of sy kon onverwyld na Engeland terugkeer ten-einde die Engelse regering tot ander insigte te bring en die publiek te oorreed „to give' so promptly and abundantly that the lives of the people, or at least the children, might be saved".⁴⁹⁾ As haar allerbelangrikste taak het sy egter 'n doelbewuste poging voorgestaan om die Britse regering daarvan te oortuig dat die kampstelsel afgeskaf behoort te word.⁵⁰⁾

Sy is verder gesterk in haar voorneme om na Engeland terug te keer deur die onaangename besef dat die Britse opperbevelhebber, lord Kitchener, sowel as die Hoë Kommissaris, sir Alfred Milner, haar om een of ander onverklaarbare rede glad nie meer goedgesind was nie. Dit is duidelik bewys deur die feit dat haar spesiale versoek om verder noord as Bloemfontein te gaan

48). Hobhouse: The Brunt of the War, p. 122

49). Ibid.

50). Hobhouse: Memoirs IV. Brief van Emily Hobhouse aan lady Hobhouse, 22 April 1901.

en ook die Kroonstadse kamp te besoek, deur beide Lord Kitchener en sir Alfred geweer is, tensypte daarvan dat die militêre toestand in die O.R.K. so 'n besoek nie meer onmoontlik gemaak het nie. Majoor Goold-Adams, wat haar nog goedgesind was, het aan Emily verduidelik dat die vyandige houding van die Opperbevelhebber en die Hoë Kommissaris aan twee oorsake te wyte was: Sy sou dan, by die beoefening van liefdadigheid, haar aan die openlike betuiging van „personal sympathy” skuldig gemaak het, terwyl daar ook rede sou bestaan om aan te neem dat sommige van haar briewe aan haar tante oor toestande in die kampe, met 'n politieke oogmerk op 'n openbare vergadering in Londen voorgelees is. Uiteraars verontwaardig en half dronkgeslaan het Emily daarop aan majoor Goold-Adams verduidelik dat sy juis na die kampe gekom het met die doel „to give personal sympathy and help in personal troubles”, en dat die vergadering in Londen niks anders as 'n private byeenkoms van persone wat tot die Distress Fund bygedra het en glad geen politieke vergadering, was nie. As gevolg van bogenoemde voerval het Emily nou presies geweet hoe die wind waai en besef dat sy voortaan baie versigtig moes wees, teneinde nie van 'n politieke oogmerk verdink te word nie. Teneinde te verhinder dat die noodlenigingswerk wat sy reeds gedoen het en nog van plan was om te doen, in die politieke maalstroom beland, was dit nou noodsaakliker as ooit tevore dat sy na Engeland sou terugkeer om haarself en die kampaangeleentheid in die openbaar te verdedig. 51)

Met die doel voor oë het sy haar werk in Bloemfontein afgehandel en teen die einde van April na Kaapstad afgereis. Op Springfontein het sy haar reis onderbreek om 'n laaste vlugtige besoek aan die kamp daar af te lê. Die nuwe konsentrasiekamp wat intussen te Bethulie verrys het, was nog nie voltooi nie en die mense wat daarheen op weg was, is voorlopig in die stasiegebou en spoorwaens te Springfontein gehuisves. Sommige persone wat sy by haar vorige besoek, tien dae vantevore, reeds daar aangetrof het, het nog steeds op vervoer na Bethulie gewag en het gevolglik in 'n toestand van algehele verswakking en uitputting

verkeer. Onder die mense was daar o.a. ook die bejaarde egpaar Van der Walt, skamel gekleed en verswak deur ontoereikende voeding en voortdurende ontbering. Die aanskouing van hulle ellende het die teerhartige Emily heeltemal oorstelp en sonder om te aarsel het sy haar eie onderrok in die wagkamer gaan uittrek en dit aan die ou moeder oorhandig.⁵²⁾ Twee weke later is albei ou mense in die Bethuliese kamp oorlede maar Emily se „daad van liefde“ het voortgeleef in die herinnering van 'n dankbare Boerevolk.⁵³⁾ Hierdie spontane gebaar van medelye, meer as enige ander liefdesdaad ooit deur haar verrig, openbaar op onmiskenbare wyse die simpatieke persoonlikheid en gevoelige hart wat Emily Hobhouse se uitstaande kenmerk was.

Hier op die Springfonteinse spoorwegstasie het Emily ook 'n ander ontroerende toneel aanskou. Sy het dit later aan die beeldhouer, Anton van Wouw, beskrywe en hy het, op sy beurt, dit in brons verewig. Tans neem dit die sentrale plek aan die voet van die Vrouemonument op Bloemfontein in. Terwyl sy op die trein gewag het, is sy na een van die tydelike sakskerms geroep om na 'n siek kindjie te gaan kyk. Die moeder het op 'n klein kissie gesit, met die siek kind skuins-liggend oor haar knieë. Die kindjie se kragte was duidelik besig om af te neem en Emily het onmiddellik 'n boodskapper na die nabygeleë kamp gestuur om die superintendent om 'n bietjie brandewyn vir die sterwende te vra. Hy het terug laat weet dat sy voorraad brandewyn net vir die gebruik van sy eie kamp bedoel was. Daar het dus niks anders vir Emily oorgebly as om magtelos te staan en toekyk hoe die kind gaandeweg swakker geword en eindelijk sy laaste asem uitgeblaas het nie: „The mother neither moved nor wept. It was her only child. Dry-eyed but deathly white, she sat there motionless looking not at the child but far, far away into depths of grief beyond all tears. A friend stood behind her who called upon Heaven to witness this tragedy, and others crouching on the ground around her, wept freely“⁵⁴⁾

52). Hobhouse: Memoirs IV.

53). Van der Merwe: Ter nagedagtenis aan Emily Hobhouse, p. 23

54). Hobhouse: Memoirs IV.

Diep getref deur wat sy so pas aanskou het, het Emily direk na die nabygeleë Springfonteinse kamp gegaan, waar nog 'n onaangename ondervinding op haar gewag het. Die kampsuperintendent het haar oënskynlik vriendelik ontvang maar na sy 'n rukkie met hom gesels het, het dit vir haar duidelik geword dat hy doelbewus daarop uit was om haar uit te lok om politiek te praat, skynbaar met die doel om haar in verdere onguns by lord Kitchener en sir Alfred Milner te bring. Hoewel sy daarin geslaag het om haar verontwaardiging te beteuel, was sy nietemin ernstig gebelg oor die superintendent se laaghartige optrede. 55)

Op die 5de Mei het sy in Kaapstad aangekom en twee dae later Suid-Afrika aan boord van die Saxon verlaat. Haar werk i.v.m. die kampe was op verre na nog nie voltooi nie en 'n besige en onaangename tydjie het in Engeland op haar gewag. Was oortuig dat sy in haar vaderland nog meer vir die vrouens en kinders in die kampe sou kon doen as wat sy reeds in Suid-Afrika bereik het en met 'n hart vol van medelye vir diegene wat die smarte van die oorlog moes verduur, het sy die Suid-Afrikaanse kus bedroef verlaat en die terugreis na Engeland aanvaar.

By mej. Hobhouse se vertrek uit Suid-Afrika het die uitwerking van die moeite wat sy met die konsentrasiekampe gehad het, reeds in menige opsig duidelik geword. Veral die Bloemfonteinse kamp het reeds duidelike spore van haar doelbewuste optrede getoon. Ook was daadwerklike pogings om die onrusbarende hoë sterftesyfer tot 'n normale peil terug te bring reeds deur die betrokke owerhede in werking gestel. Soos reeds voorheen in die hoofstuk aangetoon is seep, sedert Emily Hobhouse dit aanbeveel het, as deel van die weeklikse rantsoen beskou, terwyl die bykomstige opgeleide verpleegsters, waarom sy gevra het, reeds in die kamp aangekom het. Daarbenewens was die onde vir die kook van drinkwater, soos oorspronklik deur haar aanbeveel, ook voor haar vertrek voltooi, sodat die gevaar van maagkoorsbesmetting minder dreigend geword het. Haar aanbeveling dat skole in die kampe opgerig moes word, het 'n voldonge feit geword sodra die siviele

administrasie op 18 Februarie 1901, volle beheer oor die konsentrasiekampe oorgeneem het. Majoor Goold-Adams het deur sy optrede bewys dat hy haar nie van politieke oogmerke verdink het nie. Anders as sir Alfred Milner en lord Kitchener was hy gewillig om haar kritiek oor die kampe as opbouend en gesaghebbend te aanvaar. Dit kan dus aangeneem word dat Emily se aanbevelings sedertdien enigermate as 'n rigsgnoer by die oprigting van nuwe en die beheer van bestaande konsentrasiekampe in die O.R.K. gedien het.

Van nog groter belang as bogenoemde tasbare resultate van Emily se werk was egter die morele uitwerking daarvan op diegene wat direk deur die kampstelsel as sodanig getref is. Deur haar betuiging van persoonlike meegevoel met hulle wie sy in die kampe aangetref het, het sy die vertroue van die Boerevrouens geheel-en-al verower sodat hulle hul nood openlik by haar bekla en hulle harte sonder voorbehoud aan haar uitgestort het. ⁵⁶⁾ Waar Florence Nightingale in die Krim as 'n simbool van reddende genade beskou is, was "die meisie van Engeland" - soos Emily algemeen by die kampbewoners bekend gestaan het - vir die verontregte vrouens en kinders in die kampe 'n verpersoonliking van onselfsugtige menslikheid en mensliewendheid te midde van oorlogsellende en oorlogsonreg. ⁵⁷⁾

By die intellektuele klas in die Kaapkolonie, uit Engels-sowel as Afrikaanstaliges saamgestel, het Emily se onverskrokke optrede 'n diep indruk nagelaat. Mevrou Charles Murray, die eggenote van 'n vooraanstaande Kaapse geneesheer, het getuig dat "we small party of English South Africans, owe you perhaps the deepest debt of gratitude of all, for you have helped, more than you can ever estimate, to restore the old ideals of English character which it has been such pain to see shattered". ⁵⁸⁾ Mev. Purcell, nog 'n vooraanstaande Kaapse dame wat die oorlog teen die republieke ten sterkste afgekeur het op grond daarvan dat dit

56). Hobhouse: War without Glamour. Die boek bestaan uit 'n reeks sodanige ontboeseminge.

57). Vgl. Van der Merwe: Ter Nagedagtenis aan Emily Hobhouse, p. 23.

58). V.A. Steyn Versameling: Brief van mev. Charles Murray aan Emily Hobhouse, 11 Mei 1901. Ek onderstreep.

strydig met die tradisionele verhewe volkskarakter van die Engelsman was, het haar dankbaarheid teenoor Emily Hobhouse as volg uitgedruk: "As time goes on and we feel oppression creeping ever nearer and nearer to us till the inevitable crisis comes - though it may be that we see our best and dearest snatched from us and we ourselves pass through pain and suffering - England must still have a claim on our love for the sake of men and women like you who deprecate the awful misery inflicted by your countrymen even upon helpless women and children - our very own flesh and blood."⁵⁹⁾

Emily Hobhouse het na Brittanje teruggekeer met die vooropgestelde doel "to state plain facts and beg that a stop may be put to it all, (i.e. the camps)"⁶⁰⁾ Die vraag ontstaan gevolglik: vir hoever was sy in staat "to state plain facts", en ^{om} die onverblöemde waarheid insake die konsentrasiekampstelsel as sodanig, te verkondig? Vyandiggesinde kritici het dit dikwels betwyfel of mej. Hobhouse die waarheid wou verkondig omdat, soos hulle beweer het, "her political prejudices were known to be against the Government".⁶¹⁾ Mejuffrou Hobhouse was weliswaar Liberaalgesind, en, vanweë haar pasifistiese opvatting, ook teen die Britse regering se oorlogsbeleid gakant, maar om haar woord bloot as gevolg van haar politieke oortuigings in twyfel te trek, was kleinlik en vergesog. Inteendeel, sedert haar terugkeer vanaf die kampe, was haar doel eerder om die Britse regering te help as om hulle handelswyse te veroordeel. Dat sy geen party-politiek of kwaadwillige doel beoog het nie, word trouens ook duidelik bewys deur die feit dat sy haar bevindings eers aan die Britse owerhede in Suid-Afrika, toe aan die Britse oorlogsminister, en daarna eers aan die pers voorgelê het. Die owerhede is gevolglik vooraf 'n geleentheid gebied om 'n verandering in die toestand aan te bring. Eers toe hulle dit, tenspyte van die stygende sterftesyfer in die kampe, nie benut het nie, het Emily, met die doel om hulle tot ander insigte te bring, eindelik daartoe oorgegaan om haar bevin-

59). Ibid. Mev. Furcell aan Emily Hobhouse, 14 Mei 1901.

60). Hobhouse: Memoirs IV.

61). A. Conan Doyle: Op. cit., p. 96; Wilson: After Pretoria, p. 501.

dings oor die kampstelsel wêreldkundig te maak. Dit is dus duidelik dat sy geen politieke oogmerke kon gekoester het nie. Haar latere kritiek op die Britse regering was derhalwe slegs 'n gevolg van „gehoorsaamheid aan die eenheidsgevoel van ons vroueskape en aan daardie edele tradisies van die Engelse volkslewe waarin ek opgevoed was en wat ek van oudsher geërf het", soos sy dit self gestel het.⁶²⁾ Juis omdat menslikheid by haar swaarder as politieke dryfvere geweeg het, wou sy die ware feite oor die konsentrasiekampe wêreldkundig maak: "And why bring politics into this question?" het sy aan die redakteur van die Times gevra. "..... Keep this matter free from strife. It is only remotely connected with politics. It is far, far removed above them, as far as the blue sky above the clouds which obscure it. Let us keep it so."⁶³⁾

Daar bestaan genoeg bewyse om aan te neem dat Emily Hobhouse wel die waarheid omtrent die kampe kon verkondig. Desnieteenstaande was daar tog andersdenkendes wat beweer het dat sy nie in staat was om dit te doen nie, op grond daarvan "that she knew nothing of the normal conditions of Boer life".⁶⁴⁾ Dit is wel waar dat Emily geen persoonlike kennis van normale omstandighede in Suid-Afrika gedra het nie, maar omdat sy dit self besef het, het sy haar doelbewus daarop toegelê om soveel inligting as moontlik in die verband by vooraanstaande en geloofwaardige persone in Kaapstad en elders in te win. Buitendien was voorafgaande persoonlike kennis van Suid-Afrikaanse toestande in werklikheid ook geen onontbeerlike vereiste om 'n getroue weergawe van feite betreffende die kampe te verseker nie. Wat Emily Hobhouse te midde van oorlogsomstandighede met haar eie oë aanskou het, gepaard met die onrusbarende sterftesyfer soos deur die amptelike Britse blouboeke geopenbaar, was bewys genoeg dat daar wel grondige rede bestaan het om die kampstelsel as sodanig af te keur. Die beswaardeur vyandig-gesinde persone teen Emily Hobhouse ingebring, dat

62). Van der Merwe: Ter Nagedagtenis aan Emily Hobhouse, p. 13. Boodskap van Emily Hobhouse by onthulling Vrouemonument.

63). T.A. Leyds Argief. Persberigte: Uitknipsel uit The Times, 5 Julie 1901.

64). Wilson: Op. cit., p. 501; Doyle: Op. cit., p. 96.

sy nie in staat was om 'n getroue weergawe van die toestand in die kampe te gee nie omdat sy dan nie Afrikaans magtig was nie, was 'n halwe waarheid.⁶⁵⁾ Emily Hobhouse kon wel nie Afrikaans goed praat nie maar as gevolg van selfstudie was sy wel by magte om 'n Afrikaanse gesprek betreklik goed te volg.⁶⁶⁾ Bowendien was 'n groot aantal van die Boerevrouens in die kampe in staat om haar in Engels aan te spreek en waar hulle dit nie self kon doen nie, was daar altyd iemand beskikbaar wat as tolk kon dien. Selfs dr. Conan Doyle, wat oorspronklik die aanklag teen haar ingebring het, moes sy sienswyse later wysig en in 'n voetnoot wat tot 'n latere uitgawe van sy boek toegevoeg is, erken dat mej. Hobhouse wel „some knowledge of Dutch” besit het.⁶⁷⁾

Na aanleiding van bovermelde feite kan volstaan word met die bewering dat Emily Hobhouse wel in staat was om die waarheid omtrent die kampe te verkondig omdat sy persoonlik ses kampe besoek en dus eerste-handse kennis van die toestand daar gedra het. Wat sy self aanskou het, was genoeg om as grondslag vir 'n algemene sienswyse omtrent al die kampe en die kampstelsel as sodanig te dien. Wat sy werklik later in haar verslag oor die kampe geskryf het, was dan ook, as dit aan die maatstaf van Britse blouboeke en amptelike statistieke getoets word, oorwegend juis, soos later sal blyk. Op hierdie tydstip is dit egter vir ons doel voldoende om te weet dat Emily by haar terugkeer in Engeland aan die einde van Mei 1901, die waarheid kon en wou gee en gevolglik in staat was: „to state plain facts and beg that a stop may be put to it all.”

65). A. Conan Doyle: Op. cit., p. 96.

66). Hobhouse: Memoirs ll.

67). A. Conan Doyle: Op. cit., p. 96 - Voetnoot.

HOOFSTUK 4.

'N VERSLAG MET 'N SLAG.

Een van Emily se medereisigers op die Saxon, onderweg na Engeland, was toevallig niemand anders as die Hoë Kommissaris, sir Alfred Milner, self nie. Tenspyte daarvan dat hy haar vroeër van politieke oogmerke verdink het, het sir Alfred nou besonder vriendelik teenoor haar opgetree. Hy het beloop om noukeurig op die hele aangeleentheid van die kampe in te gaan en so spoedig moontlik aan haar te laat weet wat hy van voornemens was om aan die saak te doen. Hy, as die persoon wat met die beheer van die kampe belas was, is dus vooraf 'n geleentheid gegun om die saak in die reine te bring. Gevolglik kon hy Emily nie van kwaadwilligheid beskuldig toe sy latere onwilligheid om samewerking met haar te soek, haar sover gebring het om die saak aan die Britse regering self voor te lê nie.¹⁾

Na haar terugkeer in Engeland het Emily vir die eerste keer gehoor van die goeie werk in belang van die kampe tydens haar afwesigheid deur die Suid-Afrikaanse Noodlenigingsfonds gedoen. Geheeltes van die briewe wat sy uit Suid-Afrika aan haar tante geskrywe het, is deur lady Harcourt aan die oorlogsminister en die leier van die opposisie in die Laerhuis getoon. Mnr Brodrick het geen kommentaar daarop gelewer nie, maar Emily se realistiese beskrywing van die toestande in die kampe moes nietemin vir hom 'n openbaring gewees het. Hoewel daar geen dokumentêre bewys voor bestaan nie, was haar persoonlike gevolgtrekking-ook juis dat „it was probably from that time that amelioration began in the camps as far as canvas and iron accommodation went”.²⁾

Terwyl sy op sir Alfred Milner se beloofde brief gewag het, het Emily die inligting wat sy oor die kampe ingewin het, deeglik met ander belangstellendes bespreek. Mnr Molteno, oud-premier van die Kaapkolonie, wat toe juis op besoek in Engeland was, het die „best line of action” met haar bespreek, terwyl haar broer Leonard, wat toe aan die redaksie van die invloedryke Manchester

1). Hobhouse: Memoirs V.

2). Ibid.

Guardian verbonde was, spesiaal vanaf Manchester oorgekom het om haar van raad te bedien: "I am quite overcome by the responsibility resting upon me and by the importance attached to every word I speak", kon sy dan ook tereg aan 'n Kaapse vriendin skrywe. "My letters, too, are regarded as strong documents and are to be printed in some form as soon as I break from the Authorities - (3) but first I am to appeal to them and give them their chance".

Na rype beraad het Emily besluit om 'n persoonlike onderhoud met die oorlogsminister aan te vra en die getuienis wat sy oor die konsentrasiekampe ingewin het, aan hom as die verantwoordelike minister voor te lê. Sy het weliswaar nog niks van sir Alfred Milner verneem nie maar het gemeen dat aangesien haar voorgenome onderhoud met Brodrick streng vertroulik sou wees, die Hoë Kommissaris "could not disapprove of such an obvious duty".⁴⁾ In haar brief aan mnr Brodrick het sy vermeld dat die beheerkomitee van die Noodlenigingsfonds reeds besluit het om haar verslag oor die kamp te publiseer maar dat sy persoonlik onwillig was om tot so 'n stap oor te gaan alvorens sy die hele aangeleentheid nie eers⁵⁾ aan hom in sy hoedanigheid as oorlogsminister voorgelê het nie.

As uitgangspunt vir die onderhoud met Brodrick op 4 Junie, het Emily sekere uitlatings geneem wat deur die oorlogsminister in 'n toespraak in die laerhuis gemaak is. Na aanleiding daarvan het sy toe 'n lys van haar eie bevindings opgestel wat die teenoorgestelde bewys het.⁶⁾ Brodrick se bewering dat die eertydse republieke ten volle beset ("fully siezed") was en dat siviele beheer effektief toegepas word, het, volgens haar, geensins met die ware toedrag van sake soos sy dit aangetref het, gestrook nie. In antwoord op sy verdere bewering dat die kampe opgerig is bloot teneinde beskerming te verleen aan "women who came for refuge, food and protection against Kaffirs", het sy, op haar beurt, nou beweer dat "they did not come voluntarily for any of these reasons, excepting in some degree some of the English refugees and a few

3). Ibid. Brief van Emily Hobhouse aan mev. Charles Murray, 29 Mei 1901. Ek onderstreep.

4). Hobhouse: Memoirs V.

5). Hobhouse: The Brunt of the War, p. 126.

6). The Times, 25 Mei 1901: Brodrick se toespraak; Vgl. ook Worsfold: Lord Milner's work in South Africa, p. 460 waar Brodrick se argumente feitlik woordeliks herhaal word.

women who had learnt that their husbands were in the camps".⁷⁾

Die grootste meerderheid van die vrouens, het sy voortgegaan, is egter teen hulle sin na die kampe weggevoer nadat hulle wonings en lewensmiddele doelbewus deur die Britse troepe vernietig is. Die verdere rede ook deur mnr. Brodrick self vir die totstandkoning van die kampe genoem; die daarstelling van 'n toevlugsoord vir ontwortelde gesinne, was dus, volgens haar eerlike oortuiging, die enigste werklik wesentlike dryfveer agter die konsentrasiebeleid.

Na aanleiding van bogenoemde het Emily voorts ook die oorlogsminister se aandag op die wreedaardige wyse waarop die vrouens en kinders dikwels na die kampe weggevoer is, gevestig. Die hoë sterftesyfer in die kampe, het sy betoog, was in 'n groot mate 'n direkte gevolg van sodanige onmenslike behandeling.⁸⁾

Lord Kitchener se bewering, in goedertrou deur mnr Brodrick in sy toespraak herhaal, as sou die kampe 'n strafmaatreël wees teen vrouens wat inligting aan die Boeremagte verskaf, het volgens Emily van die uiterste onbillikheid teenoor die betrokke vrouens getuig: „Does this mean giving information or merely having had their menfolk in their homes?” het sy aan die oorlogsminister gevra, 'n vraag waarop hy haar geen antwoord kon gee nie. In dieselfde verband wou sy ook van Brodrick weet of hy bewus daarvan was dat daar gevalle voorgekom het waar Boervrouens selfs in tronke aangehou is en indien wel, watter redes in sodanige gevalle vir gevangening aangevoer is.⁹⁾

Mnr. Brodrick se beskrywing van die kampbewoners as „women and children who had placed themselves in our care”, was, volgens Emily, heeltemal foutief. Sy het aan hom verduidelik dat daar in-werklikheid drie groepe persone in die kampe aangehou is, waarvan die groep bestaande uit mense wat deur die Britse opperbevel

7). Hobhouse: Memoirs V.

8). Ibid. Vgl. The Manchester Guardian, 28 Okt. 1901, die bewering van die komitee deur die konsulêre korps in Pretoria benoem dat die sterftesyfer so hoog was as gevolg van „the difficulties and misery and privations to which the Boer families are subject after having been driven from their homes”.

9). Hobhouse: Memoirs V.

self ontwortel is, verreweg die talrykste was. Hierdie mense, het sy aan hom verduidelik, het beslis nie vrywillig na die kampe gegaan nie en sou enige geleentheid om weer daaruit te kom met albei hande aangryp. Die noodtoestand in die kampe kon dan ook tasbaar verlig word, het sy voortgegaan, deur aan diegene wat dit verlang het, verlot te gee om die kampe te verlaat en self elders¹⁰⁾ 'n heenkome te soek.

In die loop van haar onderhoud met Brodrick het mej. Hobhouse ook 'n aantal wenke ter verbetering van die kampe aan die hand gedoen. Diegene wat oor die middele of geleentheid daartoe beskik het, veral die moeders wat van hulle kinders geskei was, moes toegelaat word om die kampe te verlaat; vroue wat dit verlang, moes van vrypasse voorsien word wat hulle in staat sou stel om in die nabygeleë dorpe werk te gaan soek; verteenwoordigers van Britse en Kaapse liefdadigheidsgenootskappe moes vrye toegang tot alle kampe hê, terwyl predikante toegelaat moes word om sterwendes in die kampe te besoek en begrafnisse daar waar te neem. Die allernoodsaaklikste wysiging, volgens Emily, was egter dat sekere kampe heeltemal verskuiwe moes word en dat daar voortaan versigtiger gelot moes word op „a wiser choice of healthy places in distributing fresh sweepings”¹¹⁾. Lewensbelangrike vraagstukke soos „the insufficient supplies, attempted improvements swamped by increased numbers, the great sickness and heavy mortality, that the great majority were there by compulsion, and were prisoners not allowed to leave, though health and life itself were endangered” is ook deur haar benadruk. Sy het egter geen bepaalde wenke ter verbetering daarvan op hierdie tydstip aan die hand gedoen nie.

Die oorlogsminister het skynbaar belangstellend na Emily geluister en eindelik die onderhoud op 'n veelbelowende noot beëindig deur haar te versoek om haar aanbevelings op skrif te stel en onverwyld aan hom te stuur. Aan die versoek het sy nog dieselfde namiddag voldoen. Ten spyte van Brodrick se uiterlike tegemoetkomendheid, was Emily self geensins hoopvol oor die uit-

10). Ibid.

11). Ibid. Vgl. in die verband dr. H. Becker se sienswyse in Cd. 819/1901, p. 94 waar hy ook die terrein en omgewing van sekere kampe kritiseer.

werking van haar onderhoud met die oorlogsminister nie: „I have just seen Brodrick", het sy nog dieselfde aand aan haar broer geskrywe, „and come away with the strong impression of his gentlemanly incompetence - slippery and pleasant - mediocre and agreeable, ready to listen, ready to drift. Standpoint - 'how good we are, how right we have been'. Did not feel I got my claws into him anywhere".¹²⁾

Na aanleiding van bogenoemde krasgestelde bewering dien daarop gelet te word dat Emily, dwarsdeur haar lewe, moeilik met mans saamgewerk het, veral wanneer sodanige mans ander opvattinge as syself gehuldig het. Hierdie verskynsel was waarskynlik 'n onvermydelike gevolg van haar militante siening van die status van die vrou in die maatskappy. Dwarsdeur haar lewe moes sy voortdurend, vanweë haar vroueskap, voor mans swig wat dikwels minder bekwaamheid as syself besit het. Sodoende het sy gevolglik onbewus aangeleer om alles wat eg-manlik is - die heldhaftige oorlogsdaad, belangstelling in party-politiek en onvatbaarheid vir oorlog - te verafsku en te verkleineer. Sodra sy met mans in aanraking gekom het, het sy 'n didaktiese toon aangeslaan en sodoende die saak waarvoor sy gepleit het, onbewus skade aangedoen. Die verkleinerende wyse waarop sy hier van mnr. Brodrick praat, skep onwillekeurig die indruk dat sy ook didakties teenoor hom opgetree en hom dientengevolge onwillig gestem het om sy afhanklikheid van haar, 'n vrou, te erken deur haar aanbevelings openlik te aanvaar.

Ten spyte daarvan dat Emily se kritiek op Brodrick op daardie tydstip kras mag voorgekom het, bly dit 'n feit dat die oorlogsminister beslis die erns van die hele kampaangeleentheid onderskat het. Selfs na Chamberlain, in die woorde van die redakteur van die Daily News, „had torn the management of the camps from the feeble hands of Mr. Brodrick",¹³⁾ het laasgenoemde nog gelate gebly en homself getroos met die gedagte dat die hoë sterftesyfer in die kampe bloot aan die onsindelikheid van die kampbewoners

12). Hobhouse: Memoirs V. Emily Hobhouse aan Leonard Hobhouse, 4 Junie 1901.

13). The Daily News, 16 Des. 1901.

self toegeskrywe moes word: "What nation engaged in war", was sy verdere verskoning, "has, at any time, in any country, or under any conditions, endeavoured to feed, clothe, house, nurse, doctor, and educate 150,000 persons who have been left on their hands by the enemy, whom they have called upon, as Lord Roberts did on two occasions, to take over and maintain their own belongings, but who said they would leave them upon our hands?"¹⁴⁾

Terwyl sy op mnr Brodrick se amptelike antwoord op haar aanbevelings oor die kampe gewag het, het Emily haar hoofsaaklik besiggehou met briefwisseling met mev. Charles Murray en ander Kaapse dames wat haar op hoogte van die nuutste verwickelinge in die kampe moes hou. Aangesien sir Alfred Milner ook nog nie sy belofte nagekom het om haar oor sy voornemens insake die kampe in te lig nie, het sy op 7 Junie 'n brief aan hom gerig waarin sy hom vriendelik aan sy belofte herinner het. Die Hoë Kommissaris se antwoord, wat kortaf gestel was, was vir Emily teleurstellend in die sin dat hy haar duidelik laat verstaan het dat hy nie geneë was om verder met haar saam te werk nie. As rede het hy genoem dat sy reeds die aangeleentheid, sonder sy medewete, aan die Britse regering voorgelê het.¹⁵⁾

Emily het die Britse oorlogsminister twee volle weke kans gegee om op haar aanbevelings te reageer. Die amptelike antwoord waarop sy gewag het, het egter nie opgedaag nie, en diep onder die indruk van Brodrick se selftevredenheid en haar eie dure plig as "the mediator between them (d.w.s. die kampbewoners) and the powers of England", het sy daerop verlof verleen aan die beheerkomitee van die Noodlenigingsfonds om haar verslag oor die kampe te publiseer.¹⁶⁾

Die inleidende gedeelte van Emily Hobhouse se gepubliseerde verslag oor die kampe in Suid-Afrika het 'n beskrywing bevat van haar reis en 'n algemene indruk van die sewe kampe deur haar persoonlik besoek.¹⁷⁾ Daarop het gevolg 'n insiggewende oorsig van

14). The Times, 14 Nov. 1901: Mnr Brodrick in 'n toespraak voor die City Carlton Club.

15). Hobhouse: Memoirs V.

16). Ibid.

17). Hobhouse: Report on the Camps, pp. 1 - 12.

die faktore wat sy, as ooggetuie, as aanleidend vir die hoë sterftesyfer in die kampe beskou het. In hierdie verband het sy besondere vermelding gemaak van vervoervraagstukke, skaarste aan voorrade en tente, gebrek aan fondse vir die voorsiening van noodsaaklike kampuitrusting, die onbekwaamheid van sommige kampsuperintendente, die snelle styging van getalle en die gebreke verbonde aan 'n oor-gesentraliseerde stelsel wat die goedbedoelde pogings van individuele kampsuperintendente onnodig gedwarsboom het. In dieselfde verband het sy eindelik ook nog gewag gemaak van die hinderlike oorvleueling van militêre en siviele gesag en die opvallende onbekwaamheid van leëroffisiere vir betrekkinge waar hulle met vrouens en kinders in aanraking kom. 18)

As aanleidende oorsake vir die swak gesondheidstoestand van die kampbewoners het sy o.a. genoem die algemene tekort aan vuurmaakgoed, beddens, matrasse en seep, die eentonige en ongebalanseerde dieet, 'n onvoldoende watervoorraad (in die geval van die Bloemfonteinse kamp), die gebrek aan behoorlike washuise, die oorbevolking van kampe en tente, en die nypende tekort aan skoene, klere en komberse. Ondoeltreffende gesondheidsregulasies en ontoereikende sanitêre geriewe het, volgens die verslag, verder tot die lae gesondheidspoil in meeste kampe bygedra. 19)

Vervolgens het die verslag 'n reeks wenke ter verbetering van die kampe bevat, dieselfde terloops wat mej. Hobhouse reeds vantevore aan mnr. Brodrick persoonlik voorgelê het. Volgens haar sou dit wenslik wees om die vrouens wat familie of vriende in die Kaapkolonie het of self oor genoeg middele beskik om na die Kaapkolonie of na dorpe naby die spoorweg te verhuis, toe te laat om die kampe te verlaat. Dieselfde toegewing moes ook aan moeders wat van hulle kinders geskei was, gedoen word. Vroue wat begerig was om in nabygeleë dorpe te gaan werk, moes ook vry passe daarheen ontvang. Alle vrouens, of hulle mans nou ook al op kommando, in die gevangenis of krygsgevangenekamp, of dood was, moes oor dieselfde kam geskeer word en dieselfde behandeling wat betref rant-

18). Ibid. p. 13.

19). Ibid. pp 13 - 14.

soene, huisvesting e.s.m. ontvang.

Met die oog op die geweldige omvang van die meeste kampe en die groot aantal sterfgevallen, het sy aanbeveel dat leraars van nabygeleë dorpe vrye toegang tot alle kampe moes hê of dat voltydse leraars vir die kampe gewerf moes word. Volgens haar bevinding was die bestaande kampe reeds oorbevolk en moes daar 'n einde aan die verdere toevoer van ontworteldes daarheen gemaak word. Haar persoonlike besoek aan die oorloggeteisterde gebied, het sy beweer, het haar daarvan oortuig dat die grootskaalse saamhokking van vrouens en kinders geredelik tot ernstige maatskaplike vraagstukke aanleiding kon gee. Teneinde dit te verhoed, het sy aanbeveel dat tweetalige kampmatrones aangestel moes word om die superintendente behulpsaam te wees. By die oprigting van nuwe kampe, het sy vervolg, moes daar gesorg word dat die terrein geskik en onbesmet en boonop maklik bereikbaar vir welsynswerksters en -werkers sou wees. Aangesien die nood in die kampe reeds so hoog was, het sy aanbeveel dat „free access should be given to a band of at least six accredited representatives of English philanthropic societies, who should be provided with permanent passes - have the authority of the High Commissioner for their work - be absolutely above suspicion, and be responsible to the Government, as well as to those they represent, for their work”²¹⁾.

Volgens mej. Hobhouse se eerlike oortuiging was dit ook wenslik dat die Britse regering 'n spesiale mediese verslag oor die gesondheidstoestand van die kinders in die Bloemfonteinse kamp aanvra. Onmiddellike ontslag uit die kampe moes ook verleen word aan 'n drietal vrouens, t.w. mev. Brink, Van Biljon en Botha, wie se gesondheid veel te wense oorgelaat het.

Die res van mej. Hobhouse se verslag is in beslag geneem deur drie, vir ons doel minder-belangrike, byvoegsels. Byvoegsel A het uit verslae van die kampondervindings van 'n aantal kampbewoners bestaan, terwyl-byvoegsel B gewy was aan mev. Brink, Van Biljon en Botha se aansoeke om ontslag. Byvoegsel C is in beslag geneem deur persoonlike vertellings van 'n aantal kampbewoners.

20). Ibid., p. 14.

21). Ibid., p. 14

Die kritiek deur mej. Hobhouse in haar verslag oor die kampe uitgesproek, was deurlopend positief en opbouend, hoofsaaklik omdat dit nooit as 'n persoonlike aanval op persone of liggame in Engeland of Suid-Afrika bedoel was nie. Veel eerder moet dit beskou word as 'n riggsnoer ter verwydering van sekere swakhede wat, volgens Emily se eerlike oortuiging, sonder die medewete van die Britse regering nog die kampstelsel in verafgeleë Suid-Afrika aangekleef het. Nêrens in die verslag het sy haar dan ook aan persoonlike verwyte skuldig gemaak nie. Inteendeel, sy het met groot waardering van die eerlik-bedoelde pogings van die plaaslike kampowerhede in Suid-Afrika melding gemaak en die mislukking van sodanige pogings aan eksterne faktore soos vervoervraagstukke, oorbevolking e.s.m., eerder as aan moedswillige laksheid of onwilligheid aan die kant van die betrokke owerhede toegeskrywe. Sy het ruiterslik erken dat gedurende die voorafgaande drie maande "effort has undoubtedly been made to improve the camps" en waardierend verwys na die pligsgetroue optrede van sekere "capable and resourceful local heads of camps"²²⁾. Sodoende het sy daarin geslaag om aandag op die hagiike toestand in die konsentrasiekampe te vestig sonder om haar in enige opsig aan kleinlike beskuldigings of verbitterde persoonlike aanvalle skuldig te maak.

Die swakhede wat die verslag wel aangekleef het, was negatief eerder as positief en kon weinig afbreuk aan die betroubaarheid en belangrikheid daarvan doen. Omdat haar persoonlike lewe deur eensaamheid en 'n voortdurende kruisiging van haar eie begeerte gekenmerk is, was sy in haar wese introspektief en enigszins subjektief.²³⁾ Hierdie kenmerke het onbewus ook in haar verslag oor die kampe, soos trouens in al haar pennevrugte, weerklank gevind. Sy het dit altyd moeilik gevind om enige talent of bekwaamheid behalwe haar eie, na waarde te skat en by die deurlees van haar verslag kom 'n mens onwillekeurig onder die indruk dat sy gemeen het dat syself die enigste persoon was wat werklik iets tasmaars ter verbetering van die kampe sou kon doen. Die indruk word verder versterk deur die bittere teleurstelling deur haar

22). Ibid., p. 13.

23). Vgl: Supra. Hoofstuk 1, Voetnoot 24.

openbaar toe die Britse regering later botweg geweier het om haar te benoem op die Dameskomitee wat namens die regering die kampe in Suid-Afrika besoek en verslag daaroor uitgebring het.

Die argumente deur Emily Hobhouse in haar verslag aangehaal, kon deur andersdenkendes ook om 'n ander rede as onoortuigend verwerp geword het. Sy het slegs sewe kampe persoonlik besoek, vyf waarvan onder beheer van die hoofsuperintendent in die O.R.K. gestaan het, maar het desnieteenstaande tog gepoog om 'n algemene oordeel oor die hele kampstelsel as sodanig te vel. Ter verdediging van die skryfster kan egter daarop gewys word dat syself wel deeglik besef het dat al die kampe nie oor een kam geskeer kon word nie. Daarom het sy die kampstelsel as sodanig dan ook slegs beoordeel sonder om te veroordeel, in die sin dat dit haar vooropgestelde doel was om uit die gegewens tot haar beskikking aan te toon dat die hoë sterftesyfer wel deeglik geleentheid vir verbetering van die kampe gebied het. In die lig gesien, het haar bevindings en kritiek op 'n vaste feite-grondslag berus en kan dit as waar en gesaghebbend aanvaar word.

Ongelukkig het dieselfde egter nie ook vir die byvoegsels tot die verslag gegeld nie. Daarin het die skryfster eenvoudig 'n reeks vertellings van Boerevrouens oor die kampe opgeneem, sonder om die geloofbaarheid van die verteller te toets of enigsins objektief en krities teenoor die stof te staan. Die verhale mag waar gewees het en was dit waarskynlik ook, maar soos deur haar opgedis, sonder enige poging tot 'n kritiese bronnebeskouing, kon sy beswaarlik verwag dat die vyandiggesinde Britse regering en hulle ondersteuners veel waarde daaraan sou heg. Aan die belangrikheid en geloofbaarheid van die verslag self kon bogenoemde tekortkoming gelukkig weinig afbreuk doen. Emily Hobhouse kon en wou die waarheid verkondig en vir sover haar verslag op persoonlike ooggetuilenis gegrond was, het sy uitmuntend in haar doel geslaag.

Die uitwerking van Emily se onderhoud met mnr. Brodrick en die daaropvolgende publikasie van haar verslag het sedert die einde van Junie 1901 duidelik begin word. In 'n persoonlike

brief aan mej. Hobhouse het die oorlogsminister op 27 Junie vermeld dat haar aanbevelings sorgvuldig deur die Britse regering oorweeg en besluite in die verband geneem is. Twee van haar aanbevelings, t.w. dat kampsterreine voortaan versigtiger gekies en 'n mediese verslag oor die Bloemfonteinse kamp aangevra moes word, is sonder voorbehoud deur die regering aanvaar en toegepas. Die aanbeveling dat vrouens wat die geleentheid en middele daartoe besit, toegelaat moes word om 'n heenkome of by familie in die Kaapkolonie of in dorpe naby die spoorweg te soek, is slegs voorwaardelik aanvaar vir sover dit voortaan kon geskied mits geen militêre beswaar daarteen bestaan het nie. Ter verduideliking het Brodrick aangevoer dat "the question of refugees going to Cape Colony in large numbers is open to grave objections, and is one on which in any case the wishes of the Cape Government would have to be consulted".²⁴⁾

Aangesien die kampstelsel 'n integrale deel van die gevestigde militêre beleid in Suid-Afrika was, is dit vanselfsprekend dat bogenoemde teegewing in die praktyk feitlik onuitvoerbaar sou wees. Daarbenewens het daar ook gevaar bestaan dat die uitwyking van groot getalle kampbewoners na die Kaapkolonie, moontlik nasionalisme onder die Afrikaanssprekende Kolonialers opnuut kon laat opvlam, iets wat nog die Britse regering nog lord Kitchener, om begryplike redes, kon en wou toelaat. Om dieselfde redes is Emily se versoek dat mev. Brink, Van Biljon en Botha om gesondheidsredes uit die kampe ontslaan moes word, ook deur die Britse regering na die opperbevelhebber in Suid-Afrika verwys.²⁵⁾

Mej. Hobhouse se aanbeveling dat vrye toegang tot die kampe verleen moes word aan 'n groep afgevaardigdes van minstens ses Britse liefdadigheidsgenootskappe is in effens gewysigde vorm deur die Britse kabinet aanvaar: "We think it more desirable", het mnr Brodrick verklaar, "to work through local committees and persons sent out by the Government to act with them, and shall shortly send out certain persons to aid the committees in distri-

24). The Daily News, 19 Julie 1901: Brief van Brodrick aan Emily Hobhouse, 27 Junie 1901; Vgl. ook Hobhouse: The Brunt of the War, p. 127 et seq.

25). Hobhouse: The Brunt of the War, p. 128.

buting charitable funds". In die sin moet die Dameskomitee wat later deur die Britse regering uitgestuur is om die toestand in die kampe te gaan ondersoek, beskou word as 'n gewysigde maar direkte uitvloeisel van Emily se oorspronklike aanbeveling.

Die wenk deur Emily aan die hand gedoen rakende die aanstelling van tweetalige kampmatrones, is verkeerdelik deur die Britse regering vertolk as bedoelende 'n gewone hospitaalmatrone. In sy brief aan Emily het Brodrick dan ook beweer dat elke kamp reeds beskik oor die dienste van "a trained matron, with a lady assistant, and also a qualified medical officer and superintendent, with efficient staff". Dit was egter nie die soort matrone wat mej. Hobhouse bedoel het nie. Sy het verwys na 'n kampmatrone wat haar hoofsaaklik op inwendige kamporganisasie kon toelê, oor die behoud van goeie sedes kon waak, en as skakelbeampte tussen die vrouens in die kamp en die eentalige superintendente kon dien.

Haar verdere aanbeveling dat inwonende, voltydse kampleraars aangestel moes word, is ook verkeerd deur die Britse regering vertolk. Die wanvertolking was, soos uit Brodrick se brief blyk, die gevolg van misleidende inligting deur lord Kitchener verskaf. Volgens Brodrick het laasgenoemde reeds aan hom getelegrafeer dat "ministers are resident in or near all Refugee Camps, and services are held". Dit was egter nie wat Emily met haar aanbeveling beoog het nie. Sy het self geweet dat daar leraars in die dorpe naby die kampe beskikbaar was, maar volgens haar opvatting, was die bevolking van meeste kampe reeds so groot dat geen deeltydse leraar die geestelike bearbeiding daarvan behoorlik kon behartig nie. Die hoë sterftesyfer in die kampe, het sy betoog, was op sigself genoegsame regverdiging vir die aanstelling van voltydse kampleraars.

27)

Selfs so laat as Julie 1901 het die Britse regering nog volmondig met lord Kitchener saamgestem dat die einde van die oorlog slegs verhaas kon word deur, teen wil en dank, met die veel-gekritisiseerde konsentrasiebeleid voort te gaan. Dit is dus maklik om te begryp waarom die Britse regering botweg geweer het om die

26). The Daily News. 19 Julie 1901.

27). Hobhouse: The Brunt of the War, p. 132.

aanbeveling van mej. Hobhouse te aanvaar dat die verdere toevoer van vrouens en kinders na die bestaande kampe gestaak moes word. Ses maande later, toe mnr. Swift Macneill die vraag pertinent aan mnr. Brodrick in die Britse Laerhuis gestel het, was laasgenoemde se antwoord: "The state of the country and the frequent railway cutting, by the Boers, together with the difficulty of moving large numbers of persons in the African winter, made it impossible to fix limits to the number in particular camps".²⁸⁾ In sy brief aan mej. Hobhouse het hy egter minder in besonderhede getree en slegs vermeld dat die regering onmoontlik kon onderneem "to limit the numbers, who, for military reasons, may be brought into Concentration Camps".²⁹⁾

Mej. Hobhouse se aanbeveling dat vroue wat in nabygeleë dorpe werk kon kry, toegelaat moes word om die kampe te verlaat, het geen reaksie van owerheidsweë ontlok nie. Volgens mnr Brodrick was dit onnodig om verder op die saak in te gaan aangesien sodanige vry passe reeds, waar nodig, in die kampe uitgereik word. Hierdie wanindruk waaronder die Britse regering verkeer het, moes ongetwyfeld gewyt word aan kaptein Trollope, die hoofsuperintendent in die O.R.K., se verslag vir Maart 1901, waarin hy beweer het dat "passes from the refugee camps to town are given daily to a certain proportion of the inhabitants of the refugee camps".³⁰⁾ Wat mej. Hobhouse egter beoog het, was dat die uitreiking van passe algemeen eerder as slegs in geïsoleerde gevalle moes geskied, onafhanklik van die giere en grille van bepaalde superintendente.

In sy brief aan mej. Hobhouse het mnr. Brodrick geen melding gemaak van haar aanbeveling dat alle kampbewoners dieselfde behandeling moes ontvang nie. Die rede hiervoor was waarskynlik dat daar op hierdie tydstip, amptelik altans, geen onderskeid meer gemaak is tussen bona fide vlugtelingen en die gesinne van vegtende burgers of krygsgevangenes nie. Aangesien die Britse regering die amptelike verslae van hul ondergeskiktes in Suid-Afrika as

28). British Parliamentary Debates, Vol. CI, p. 455.

29). The Daily News, 19 Julie 1901; Hobhouse: The Brunt of the War, p. 132. Ek onderstreep.

30). Cd. 819/1901, p. 36.

vertroubaar aanvaar het, het hulle dit onnodig gevind om verder op die saak in te gaan.³¹⁾

Mnr. Brodrick het sy brief aan mej Hobhouse afgesluit met die versekering dat al haar aanbevelings sowel as die Britse regering se besluite in die verband, reeds aan lord Kitchener oorgedra was. Die Britse opperbevelhebber, daarvan het mnr Brodrick hom oortuig gehou, „will no doubt act upon them, except in any case where military necessity may preclude him from doing so”. Terselfdertyd het die oorlogsminister terloops vermeld dat sy regering 'n voorstel aanvaar het om fondse beskikbaar te stel „to provide comforts in the camps beyond the actual necessities, which the Government can properly supply”. Hierdie fondse sou, volgens hom, geadminis-
word
treer deur plaaslike komitees in Suid-Afrika, bygestaan deur 'n spesiale komitee deur die Britse regering benoem en was bedoel om hulp te verleen aan kampbewoners van alle groepe sowel as aan „loyal subjects of the Crown who have suffered through the war”.³²⁾

Hoewel sy verheug was oor wat sy reeds bereik het, het Emily nogtans skepties teenoor mnr. Brodrick se goeie voornemens gestaan. Lord Kitchener, as militêre opperbevelhebber, het per slot van rekening nog koning in Suid-Afrika gekraai en sou beswaarlik vir enige maatreël te vinde wees wat moontlik teen sy militêre beleid, waarvan die konsentrasiekampe 'n integrale deel uitgemaak het, kon indruis. In haar antwoord aan mnr Brodrick het sy dan ook haar opregte dank betuig maar terselfdertyd ernstige bedenkinge oor die uitvoering van die regering se voornemens geopper. Volgens haar sou die toegewing dat sekere vrouens wat elders herberg kon vind, die kampe kon verlaat, prakties onuitvoerbaar wees so lank die voorwaarde dat daar geen militêre beswaar daarteen moes bestaan nie, daaraan gekoppel bly. Indien haar besware egter on-gegrond blyk te wees en die Kaapse regering ook daarvoor te vinde was, sou sy gewillig wees om persoonlik toesig oor „such a removal” te gaan hou, natuurlik in die hoedanigheid van 'n spesiale afgesante van die Britse regering.³³⁾

31). Vgl. Cd. 819/1901, p. 37. Rapport van A.G. Trollope, 8 Maart 1901.

32). The Daily News, 19 Julie 1901. Ek onderstreep.

33). Hobhouse: The Brunt of the War, pp. 131 - 133.

Die Britse oorlogsminister se bewering dat dit reeds 'n gebruik in die kampe was om vrouens wat in nabygeleë dorpe wou gaan werk, van passe te voorsien, was, volgens Emily se brief aan mnr Brodrick, heeltemal strydig met die getuienis wat syself in die kampe ingewin het. Haar bevinding was dat passe bra willekeurig uitgerêik en dikwels heeltemal weerhou is „for reasons not easily understood and often apparently capricious”. Sodanige optrede kon 'n nadelige uitwerking hê op kampmoraal. Daarom sou dit paslik wees vir die Britse regering om bepaalde bevele uit te reik dat passe aan vrouens wat werk wou gaan soek, slegs onder buitengewone omstandighede deur die kampowerhede weerhou kon word.³⁴⁾

Mnr. Brodrick se versekering dat Kitchener getelegrafeer het dat daar reeds leraars in of naby die kampe beskikbaar was, het Emily ook geensins bevredig nie. Die groot sieletal en die onrusbarende aantal begrafnisse wat in die kampe moes plaasvind, het die onverdeelde aandag van 'n voltydse inwonende leraar vir elke afsonderlike kamp vereis. In haar brief aan mnr. Brodrick het sy gevolglik by haar oorspronklike aanbeveling gebly en verder aan die hand gedoen dat predikante vir die doel in die Kaapkolonie gewerf moes word.³⁵⁾

Haar oorspronklike aanbeveling aan die oorlogsminister rakende tweetalige kampmatrones, deur hom verkeerdelik vertolk as bedoelende hospitaalmatrones, is in haar brief verder toegelig. Volgens haar uiteensetting het sy by die benaming „matron”, 'n tweetalige kampmatrone bedoel, „who has enjoyed the entire confidence of the military, and whose womanly tact and power of organisation” haar in staat sou stel om as skakelbeampte tussen die kampowerhede en die kampbewoners op te tree. Hierdie kampmatrones kan dan ook terselfdertyd die aansoeke om vrylating uit die kampe ondersoek en aanbevelings daaroor by die owerhede doen.³⁶⁾

Die Britse regering se voorgenome liefdadigheidskema, wat behartig sou word deur plaaslike komitees in Suid-Afrika, bygestaan deur 'n komitee deur die Britse regering self benoem, het ook nie

34). Ibid.

35). Ibid.

36). Ibid.

mej. Hobhouse se goedkeuring weggedra nie. Volgens haar moes die regering liever nie self 'n komitee saamstel nie, maar dit aan die Britse liefdadigheidsgenootskappe oorlaat om hulle eie verteenwoordigers op 'n sodanige sentrale komitee te benoem. Die beheerkomitee van die Suid-Afrikaanse Noodlenigingsfonds, waarvan sy die verteenwoordigster was, sou "for obvious reasons ... not feel justified in delegating to others the entire responsibility of distribution"³⁷⁾. Hoewel haar houding in die verband duidelik deur haarself gemotiveer is, kan 'n mens nogtans nie anders as om hierin 'n verdere bewys te sien van haar subjektiewe lewensbeskouing en neiging om die goed-bedoelde pogings van andere te misken nie.

Mej. Hobhouse het haar brief aan mnr Brodrick afgesluit met 'n finale verwysing na die geweldige omvang wat die kampvraagstuk reeds aangeneem het en die dringende noodsaaklikheid vir groot-skaalse noodleniging: "The successful carrying out of the instructions of the Government, as well as the desires of the English charitable public", het sy die oorlogsminister gewaarsku, "will practically depend upon full facilities being accorded to a sufficient number of voluntary but accredited workers"³⁸⁾.

Besondere klem is deur Emily Hobhouse gelê op die noodsaaklikheid van 'n liefdadigheidskomitee verteenwoordigend van Britse liefdadigheidsgenootskappe. Dit het nie slegs 'n gebrek aan vertroue in die voorgestelde regeringsafvaardigdes openbaar nie, maar het ook haar eie vurige begeerte om weer op besoek na die kampe te gaan, duidelik verraai. Haar vorige besoek het haar reeds oortuig dat noodleniging in die kampe slegs prakties en doeltreffend uitgevoer kon word deur welsynwerkers en -werksters met soveel gete bkleesag dat hulleself ingrypende veranderings kon aanpak en op eie houtjie deurvoer. Blote liefdadigheid was onvoldoende, maar 'n liefdadigheidssending deur die Britse regering gemagtig, kon moontlik vir Kitchener oortuig dat die militêre noodsaaklikheid van die kampe minder dringend was as die vraagstuk van die hoë sterftesyfer in die kampe.

37). Ibid.

38). Ibid.

'n Soortgelyke sienswyse is ook deur die beheerliggaam van die Noodlenigingsfonds gehuldig. Vroeg in Julie 1901 het lord Ripon, die waarnemende voorsitter, 'n versoek in dier voege aan die oorlogsminister gerig. Volgens die versoek moes mnr. Brodrick toelaat dat 'n afvaardiging van dames deur Britse liefdadigheidsgenootskappe benoem, die kampe in Suid-Afrika besoek. Die afvaardiging kon dan noodleniging op groot skaal, namens die Britse regering aanpak. Mej. Hobhouse, wat reeds oor eestehandse kennis van die kampe beskik het, het lord Ripon voortgegaan, was gewillig om weer na Suid-Afrika te gaan en die Noodlenigingsfonds op die voorgestelde dameskomitee te verteenwoordig.³⁹⁾

Mnr. Brodrick het op 9 Julie geantwoord dat die Britse regering die Noodlenigingsfonds se aanbod hoog waardeer maar dit nogtans betreur dat „such efforts should be confined to one part only of those who have been rendered homeless or penniless by the course of hostilities”. Ander liefdadigheidsgenootskappe het ook reeds soortgelyke versoeke gerig en dit was vir Brodrick duidelik dat „a variety of authorities” onmoontlik nie in die kampe toegelaat kon word nie. Gevolglik kon die Britse regering, tot sy spyt, nie aan die Noodlenigingsfonds se versoek voldoen nie.⁴⁰⁾

Later, toe sir Brampton Gordon mnr. Brodrick in die laerhuis oor die aangeleentheid gekruisvra het, het die oorlogsminister dieselfde gedagte net in ander woorde uitgedruk deur te beweer: „I have been forced to decline Miss Hobhouse's proposal in common with those of several other ladies representing philanthropic agencies, as the Government have appointed a committee of their own, and are of opinion that the establishment of independent committees in camps controlled by the Government would lead to difficulty.”⁴¹⁾

Ten besluite het Brodrick in sy brief aan lord Ripon beweer dat dit heeltemal onnodig was om langer oor die kampe besorg te wees aangesien „all proper arrangements have been made for the

39). Hobhouse: *The Brunt of the War*, p. 133. Lord Ripon aan mnr Brodrick, Julie 1901.

40). *The Cape Argus* (Weekly), 7 Aug. 1901: Berig uit Londen. Vgl. ook Hobhouse: *The Brunt of the War*, p. 133.

41). *British Parliamentary Debates*, Vol. XCVIII. p. 545.

food, clothing, medical attendance, and spiritual supervision of those in the camps". As in aanmerking geneem word dat die sterftesyfer in die kampe in die vorige maand, Junie, die skrikwekkende peil van 109.1 per duisend per jaar bereik het, kan 'n mens nie anders as om, soos mej. Hobhouse, Brodrick se erns i.v.m. die hele kampaangeleentheid, baie sterk in twyfel te trek nie.⁴²⁾

Die oorlogsminister se gelatenheid oor die kampvraagstuk het Emily tot die slotsom gebring dat sy die saak nog nie dringend genoeg gestel het nie. Hierdie gevolgtrekking, gepaard met haar eie vurige begeerte om as afgesante van die Britse regering noodleniging in die kampe te gaan doen, het haar beweeg om weer 'n amptelike onderhoud met Brodrick aan te vra. By geleentheid van hierdie onderhoud van 18 Julie, het mnr. Brodrick haar baie duidelik laat verstaan dat die Britse regering haar glad nie weer na Suid-Afrika wou laat gaan nie, nog as afgesante van die regering, nog in enige ander hoedanigheid.⁴³⁾ Die redes vir hierdie drastiese besluit sou, volgens die oorlogsminister, later per brief aan haar verduidelik word.

Emily het 'n week lank op die beloofde brief gewag en toe dit nie opdaag nie, op 26 Julie aan Brodrick geskrywe om hom aan sy belofte te herinner. Terselfdertyd het sy hom daarvan verwittig dat daar van verskillende kante druk op haar uitgeoefen word om weer na Suid-Afrika te gaan. Persoonlik kon sy ook nie insien waarop die Britse regering daarteen gekant kon wees nie: „Since you have adopted in principle, almost all my recommendations", het sy die oorlogsminister probeer troef. „I can scarcely think any ground of objection can be regarded as tenable against a proposal to resume work, the results of which have been accepted by yourself". Volgens haar was die Britse regering se voorneme om self 'n dameskomitee na Suid-Afrika te stuur, geen rede waarom sy en ander welsynswerksters toegang tot die kampe geweier moes word nie. Sy het reeds kennis gedra van die toe-

42). V.A. Statistics Refugee Camps: Table showing deaths in the various Refugee Camps; Vgl. ook Hobhouse: Memoirs V. Brief van Emily Hobhouse aan Leonard Hobhouse, 4 Junie 1901.
43). Hobhouse: The Brunt of the War, p. 134.

stand in sommige kampe en kon ook Afrikaans goed verstaan en sou dus, volgens haar eerlike oortuiging, baie goeie werk as lid van die voorgestelde dameskomitee kon doen.⁴⁴⁾

Op die 27ste Julie net mnr Brodrick eindelijk sover gekom om aan haar te skrywe en 'n uiteensetting te gee van die redes waarom die Britse regering haar nie as lid van die Dameskomitee benoem het nie. Die belangrikste maatstaf by die keuring van geskikte dames, behalwe hul bekwaamheid in ander opsigte, het mnr Brodrick beweer, was die vooropgestelde doelstelling "that they should be, as far as possible, removed from the suspicion of partiality to the system adopted (d.w.s. die kampstelsel) or the reverse". Dit was dan ook die rede, het die oorlogsminister verduidelik, waarom daar besluit is om nie afgevaardigdes van bestaande liefdadigheidsgenootskappe as lede van die dameskomitee toe te laat nie. 'n Verdere beswaar teen dames verteenwoordigend van bestaande organisasies was, volgens mnr Brodrick, dat hulle teenwoordigheid "in an unofficial capacity would be a difficulty in camps controlled by Government organisation". Aangesien die regering konsekwent die aangebode dienste van ander liefdadigheidsgenootskappe by die samestelling van 'n dameskomitee geweier het, het mnr. Brodrick besluit, moes hulle noodwendig haar aanbod ook van die hand wys. Volgens die sienswyse van sy regering het haar vroeëre optrede en die publikasie van haar verslag, wat reeds tot soveel twisgeskryf in die openbare pers aanleiding gegee het, haar benoeming tot lid van die Dameskomitee, onwenslik en onmoontlik gemaak.⁴⁵⁾

- 44). The Daily News, 4 Okt. 1901. Brief van Emily Hobhouse aan mnr. Brodrick, 26 Julie 1901; Vgl. ook Hobhouse: The Brunt of the War, pp. 134 - 135.
- 45). The Cape Argus (Weekly), 7 Aug. 1901; Hobhouse: The Brunt of the War, p. 135.

HOOFSTUK 5.

DIE STRYD TEEN „BARBAARSE METODEDES”.

Die Britse oorlogsminister se veelseggende verwysing na haar vroeëre optrede in belang van die kampe en die daaropvolgende publikasie van haar verslag, het Emily laat besef dat die Britse regering haar sterk van politieke oogmerke verdink het. Dit het haar verplig om nou reeds heeltemal van haar voorneme af te sien om weer na die kampe te gaan. In plaas daarvan het sy besluit om 'n poging aan te wend om openbare mening in Engeland op een of ander manier gaande te maak. Haar twee onderhoude met Brodrick en sy reaksie daarop het haar verder ook daarvan oortuig dat „the Government was one that would yield only to fear - viz. the fear of public opinion”. Ten einde haar eie doel te verwesenlik moes die openbare mening gevolglik doelbewus opgesweep word. Op die wyse kon dan soveel druk op die regering uitgeoefen word dat hulle die kampstelsel of drasties sou moes verbeter of heeltemal sou moes afskaf.¹⁾

Op aandrang van haar persoonlike vriendekring het Emily allereers 'n pamflet bestaande uit uittreksels uit haar briewe oor die kampe saamgestel. Die pamflet is toe onder die lede van albei huise van die parlement versprei. Soos te verwagte was, het die opposisie in albei huise hierdie gulde geleentheid om die regering in onguns te bring, met albei hande aangegryp. In die laerhuis wou sir Brampton Gordon en mnr Flynn, die parlamentslid vir Cork, albei van mnr. Brodrick weet waarom mej. Hobhouse se versoek om weer na Suid-Afrika te gaan van die hand gewys is en of enige van haar aanbevelings oor die kampe deur die Britse regering aanvaar is.²⁾ Daarop het mnr Brodrick geantwoord: „I communicated to Miss Hobhouse on 27th June in detail the points on which the Government had been able to adopt suggestions made by her in respect of concentration camps”. Daaraan het hy toegevoeg dat haar versoek om self weer as afgesante van die Britse regering na die kampe te gaan, geweier moes word omdat „the establishment of independent committees in camps controlled by the Government would lead

1). Hobhouse: Memoirs V.

2). British Parliamentary Debates. Vol XCVIII, pp. 545 en 180

to difficulty".³⁾

Mnr. Labouchere, die lid vir Northampton en 'n vurige teenstander van die Britse oorlogsbeleid, het dit betwyfel of die Dameskomitee deur die regering saamgestel, werklik onbevooroordeeld kon wees. Hy het voorgestel dat mej. Hobhouse se Noodlenigingsfonds verteenwoordiging op die Dameskomitee moes kry: "What they wanted", het hy gloedvol betoog, "was a fair investigation. Nobody had questioned for a moment the facts stated by Miss Hobhouse. (Cries of 'Oh, Oh!"). Some gentlemen sneered at that, but he asked them to get up and challenge any of Miss Hobhouse's statements".⁴⁾ Niemand was egter geneë om sy uitdaging te aanvaar nie, 'n duidelike bewys van hoe oningelig regeringskringe op daardie tydstip nog oor die ware toedrag van sake in die kampe was.

Die lyforgaan van die Liberale party, die Manchester Guardian, bygestaan deur 'n aantal ander koerante soos die Daily News, The Speaker e.a., het die veldtog heelhartig ondersteun en die konsentrasiekampbeleid van die regering heftig gekritiseer. Emily Hobhouse se bandeel aan die agitاسie teen die beleid is hemelhoog geprys: "We should never have heard of the fruits of concentration", het een redakteur in 'n hoofartikel verklaar, "if it had not been for Miss Hobhouse's mission and the campaign of questions in Parliament, and we have it from Ministers of the Crown that the Government would also have been in the dark".⁵⁾

Die beheerkomitee van die Noodlenigingsfonds wou die eerste opwelling van openbare mening graag sover moontlik in belang van die kampe uitbuit. Daarom het hulle onmiddellik 'n openbare vergadering, wat deur mej. Hobhouse toegespreek sou word, in die Queen's Hall in Londen belê. Die Biskop van Hereford, 'n vooraanstaande opposisielid van die hoërhuis, sou as voorsitter by die geleentheid optree. Aangesien mej. Hobhouse besef het dat enige noodlenigingspoging die goedkeuring van die Hoë Kommissaris in Suid-Afrika sou moes wegdra, het sy reeds op die 7de Junie kennis van die voorgenome vergadering aan Milner gegee. In haar brief

3). Ibid., p. 545.

4). Ibid., p. 178.

5). The Manchester Guardian, 16 Julie 1901.

het sy sir Alfred duidelik laat verstaan "that it would give great satisfaction if he could enable me to announce to the audience that we have his permission to bear their gifts to the destitute people"⁶⁾.

Sir Alfred Milner, wat destyds in Engeland was, het hierdie keer nie lank versuim om te antwoord nie. In sy brief, wat besonder kort en bondig gestel was, het hy haar duidelik laat verstaan dat hy persoonlik verkies om glad nie in die hele aangeleentheid betrokke te raak nie. Sy het reeds vroeër in onderhandeling met die oorlogsminister getree en dit sou haar, volgens hom, beter pas om haar weer tot Brodrick te wend en sy goedkeuring te verkry.⁷⁾

Intussen is die Queen's Hall bespreek en die vergadering wyd en syd geadverteer. Drie dae voor die bepaalde datum het die verhuurder van die saal, 'n sekere mnr. Robert Newton, egter ewe skielik sy huurooreenkoms verbreek. As rede vir die besluit het hy aangegee dat opstokers tydens 'n vergadering die vorige week, stoornis verwek en groot skade aangerig het. Daarom wou die eienaars geen openbare vergaderings meer in die saal toelaat nie. 'n Poging om Westminster kapel vir die voorgename byeenkoms te huur, het oock misluk omdat die dekane geweier het om aan die versoek te voldoen.

Mej. Hobhouse en die beheer Komitee van die Noddlenigingsfonds het gemeen dat daar 'n georganiseerde beweging deur regeringsondersteuners op tou gesit was met die doel om te verhinder dat sy die inligting, wat sy oor die kampe ingewin het, wêreldkundig maak.⁸⁾ In werklikheid moes die onverwagte teenkanting egter eerder aan blote partyorganisasie gewyt word. Die regeringsparty het op die tydstip aangeneem dat mej. Hobhouse reeds onherroeplik deur die Liberale partyorganisasie ingesleep was en die poging om die vergadering in die Queen's Hall te belet, was dus teen die Liberale party as liggaam eerder as teen haar as individu gerig. Haar gevolgtrekking dat die struikelblokke wat in haar weg gelê is "showed the determination on the part of the Government to prevent

6). Hobhouse: Memoirs V; Hobhouse: The Brunt of the War, p. 140.

7). Ibid.

8). Ibid; Vgl. Hobhouse: The Brunt of the War, p. 141.

my appeal to national sentiment", was gevolglik ook nie heeltemal billik teenoor die Britse regering nie. Mnr. Brodrick het alles wat Kitchener en Milner hom vertel het, vir soetkoek opgeet en het gevolglik werklik geglo dat "all proper arrangements have been made for the food, clothing, medical attendance and spiritual supervision of those in the camps"¹⁰⁾. Die oorlogsminister en die Britse regering moes seker beter geweet het, maar op daardie tydstip het hulle vas geglo dat mej. Hobhouse oordryf en dat hulle ondergeskiktes in Suid-Afrika die toestand goed onder beheer gehad het.

Aangesien haar persoonlike onderhoud met Brodrick nog nie die gewenste vrugte afgewerp het nie, het Emily besluit om onverpoosd voort te gaan met haar veldtog ter opwekking van openbare mening in Brittanje. Die Britse regering en die opperbevel in Suid-Afrika was, volgens haar suiwer pasifistiese maatstaf, besig om die tradisionele Britse volksadel onder hulle voete te vertrap. Dit wou sy probeer verhoed en as geëmansipeerde vrou het sy die openbare verhoog bestyg en 'n ernstige beroep op die menslikheidsgevoel van haar volksgenote gedoen. Die behoud van die tradisionele Britse volksadel en geen party-politieke of persoonlike voordeel nie, was gevolglik op hierdie tydstip nog haar hoogste doel.

Op 10 Junie 1901, nog voor haar finale onderhoud met Brodrick, het Emily vir die eerste keer sedert haar terugkeer uit Suid-Afrika, in die hoedanigheid van hoofspreekster by 'n private byeenkoms van dames ten huise van lady Hobhouse opgetree: "I remember telling them", het syself oor hierdie nuwe ervaring in haar lewe geskrywe, "how hard I found it to speak to people well-dressed and well-fed like themselves, of those whom I had left in squalor and hunger. I was very nervous, but at least they were interested and several came and questioned me about it when I had finished"¹¹⁾. Hierdie byeenkoms was in alle opsigte privaat en het in geen ver-

9). Ibid.

10). The Cape Argus (Weekly), 7 Aug. 1901. Brief van mnr. Brodrick aan lord Ripon, dd. 9 Julie 1901.

11). Hobhouse: Memoirs V. Brief van Emily Hobhouse aan Leonard Hobhouse, 4 Julie 1901.

band met enige organisasie of politieke party gestaan nie.

Gedurende die maande Junie tot Augustus 1901 het Emily, daartoe aangespoor deur liberale partykringe, 'n veertigtal openbare vergaderings toegesprek. Van hierdie byeenkomste het sewe-entertig ordelik verloop terwyl wanordelikheid in slegs drie gevalle voorgekom het. Te Darlington het 'n groep oorlogsgesinde opvoerders reg voor die verhoog stelling ingeneem en so tekere gegaan dat nie een van die sprekers of spreeksters 'n woord kon sê nie: „It was a large meeting, all wishing to hear“, het Emily 'n week later hieroor geskrywe, „and there was to me something extraordinarily impressive in the silent platform facing the silent, massed hall, for 1½ hours. We sat out the time the speeches would have taken if delivered. In the midst of this order and silence, this serious purpose and repose, the tiny group of noisy, roughs, empty and aimless. There was something symbolic about it, and in one way it was the most wonderful and impressive of all my meetings“.

Die vergadering te Bristol het ook op wanorde uitgeloop. By die geleentheid was die verhoog egter beset deur dames behorende tot die Kwakersêkte en sodra die onrusstokers steurnis veroorsaak, het hulle godsdienstige liedere aangehef totdat die onrus weer bedaar het. Eers aan die einde het die byeenkoms heeltemaal hande^{en} uitgeruk onder 'n stortbui van stokke en klippe moes die spreeksters die saal verlaat. Later, tydens 'n vergadering te Plymouth, moes Emily weer onder tamaties en murg-van-groente deurloop, volgens haar beskrywing „less durable missiles, though less dangerous“.

Ten spyte van die enkele onaangename voorvalle was Emily nogtans in staat om haar boodskap oor die konsentrasiekampe aan 'n groot deel van die Britse publiek oor te dra. Die mate van sukses wat sy in die opsig behaal het, is deur haar persoonlik hoofsaaklik toegeskrywe aan die heelhartige samewerking van die Genootskap van Vriende. Die genootskap was in wese pasifisties en

12). Ibid., Brief van Emily Hobhouse aan Leonard Hobhouse, 24 Julie 1901; Vgl. ook Hobhouse: The Brunt of the War, p.143.

13). Ibid.

het, soos Emily, die barbaarse metodes deur die Britse opperbevel in Suid-Afrika gevolg, volmondig afgekeur. So heelhartig het hulle haar ondersteun dat selfs hul vergadersale kosteloos tot haar beskikking gestel is.¹⁴⁾

Aangesien sy geen vorige ondervinding as spreekster gehad het nie, het Emily dit aanvanklik moeilik gevind om, deur haar toesprake, meegevoel met die vrouens en kinders in die kampe op te wek. Sy was senuweeagtig en boonop geneig om haar toehoorders met te veel besonderhede en statistiese gegewens te oorlaai. Gaandeweg het sy egter haar verhoogvrees oorwin. Na haar broer, wat self 'n gesogte spreker was, haar bietjie touwys gemaak het, kon syself bemerk dat sy 'n kragtiger toespraakstyl ontwikkel het: "One has to learn as one goes along"; het sy verklaar. "Just as in writing the art is to know what ink to leave in the pot, so in speaking it's important to leave out".¹⁵⁾ Die uitstaande kenmerk van haar latere toesprake was dan ook die voortreflike wyse waarop sy 'n geheelbeeld aan haar toehoorders kon voorskilder, 'n eien-skap wat ook haar letterkundige voortbrengsels gekenmerk het. Emily was geen party-politikus nie en wou geen politieke munt uit 'n moedswillige verdraaiing van feite slaan nie; intendeel haar enigste doel was om slegs die ware feite so getrou moontlik weer te gee en dit dan aan haar toehoorders oor te laat om 'n gevolgtrekking daaroor te maak. As sodanig het haar bekwaamheid as redenaar dan ook nie soveel in forse seggingskrag of meeslepende retoriek as in die logiese rangskikking van oortuigende feitemateriaal opgesluit gelê nie. Haar vooropgestelde doel was "by detail to drive home a complete picture",¹⁶⁾ en daarin was sy beslissig suksesvol.

Die reaksie op mej. Hobhouse se optrede as openbare redenaar het nie lank agterweë gebly nie. Openbare mening is gaande gemaak en van verskillende kante moes die Britse regering skerp kritiek as gevolg van die konsentrasiekampstelsel verduur. In die laerhuis het die opposisieleier, Campbell-Bannerman, herhaaldelik

14). Ibid.

15). Hobhouse: Memoirs V.

16). Ibid.

die „barbarous methods“ in Suid-Afrika deur die Britse opperbevel toegepas, heftig gekritiseer. Laerhuislede, soos mnr Dillon, Swift Macneil, Labouchere, e.a. het weer mej. Hobhouse openlik aangeprys en die Britse regering skerp veroordeel. In die Hoër-huis het die Biskop van Hereford ook die regering aangeval en met hoë lof gepraat van Emily se „self-denying, compassionate and patriotic work“.¹⁷⁾ Die opposisiepers, veral die Manchester Guardian, Daily News en The Speaker, het ook heftig teen die regeringsbeleid te velde getrek en mej. Hobhouse se heldhaftige optrede hemelhoog aangeprys: „The story told by Miss Hobhouse“, het een beriggewer dit gestel, „if told of the French or the Russians, would have roused the people of this country to indignation. At home, tender-hearted men with wives and children of their own, simply shrug their shoulders and remark that war is war. Such is the demoralizing effect of a shallow patriotism which places its narrow parochialism above the claims of humanity. Until we got this report, the public were deluged with lies about what were called refugee or concentration camps. The women, we were told, came in spontaneously, and their treatment was excessively humane. In fact, they had nothing to complain of. Now the truth is, the camps are in reality prison camps. We are at war with women and children - that is the brutal truth“.¹⁸⁾

Die Britse regeringspers, op sy beurt, het die agitاسie teen die regering probeer onskadelik maak deur Emily Hobhouse uit te kryt as „a political agitator“ en „a disseminator of inaccurate and blood-curdling stories“.¹⁹⁾ Haar toesprake sowel as haar verslag oor die kampe is bestempel as onbetroubaar en 'n wapen wat slegs gebruik is „wherever the name of England was hated“. Haar bekwaamheid en gewilligheid om die waarheid te verkondig, is terselfdertyd ook sterk in twyfel getrek.²⁰⁾

Die geelpers se felle kritiek het weinig gebaat en gaandeweg het selfs regeringsondersteuners begin insien dat die manier

17). British Parliamentary Debates, Vol. CI, pp. 410, 455 en 940; Vol., XCVIII, p. 178.

18). The Edinburgh Evening News, 20 Junie 1901.

19). The Times (Londen), 19 Junie 1901.

20). The Times (Londen), 20 Junie en 27 Aug. 1901.

waarop die oorlog in Suid-Afrika gevoer word, drastiese hervorming vereis. Mnr Winston Churchill, toe 'n uitgesproke Torie-parlementslid, het sy misnoë oor die hele aangeleentheid as volg uitgespreek: „The people who asked the Government to employ the iron hand and declare the Boers out-laws, were very short-sighted, for what could keep the Boer forces obedient to their commanders better than the assurance of perpetual banishment or even of death, if they fell into our hands?”²¹⁾

Sodoende is selfs die uitgesproke voorstanders van die regeringsbeleid uit hul slaap wakker geskud en het die Victoria League aan die einde van Junie 1901 sover gekom om 'n noodlenigingsfonds vir hulp aan alle oorlogsontworteldes in Suid-Afrika in die lewe te roep.²²⁾ Waar die Distress Fund hoofsaaklik van die goedgunstigheid van liberale partylede afhanklik was, het die nuwe fonds sy ontstaan aan regeringsondersteuners te danke gehad en boonop die volle goedkeuring van die Britse regering weggedra.

Die hartlike wyse waarop haar toesprake en verslag deur die pers van die Liberale party begroet is, was ongetwyfeld vir Emily Hobhouse 'n riem onder die hart. Nietemin het dit ook beteken dat haar naam al hoe meer met die Liberale party vereenselwig is en sy onherroeplik in die partypolitieke gedrang ingesleep is. Hierdie partypolitieke kleur wat voortaan aan haar doen en late geheg is, het daartoe gelei dat die Britse regering botweg geweier het om haar weer na die kampe te laat gaan, terwyl sy in die maatskaplike omgang die vriendskap van regeringsgesinde vriende en vriendinne moes verbeur: „I also experienced”, het sy later met weemoed getuig, „much rudeness and ostracism in London drawing-rooms”.²³⁾ Sodanige behandeling het haar later beslis weemoedig gestem maar op daardie tydstip; toe sy doelbewus daarop uit was om die kampe hervorm of afgeskaf te kry, het dit haar nog heeltemal koud gelaat.

Aangesien Emily Hobhouse, teen haar sin, tog in die politieke maalstroom beland het, is dit noodsaaklik om hier kortliks by haar politieke vorming en oortuiging stil te staan. Pasifis tot in

21). Reynold's Newspaper (Ongedateerde uitknipsel in V.A. Steyn Versameling).

22). W.T. Stead: Methods of Barbarism, p. 46.

23). Hobhouse: Memoirs V.

die murg van haar gebeente, was sy van haar jeug af teen die imperialistiese doelstellinge van die Konserwatiewe party gekant en het sy haar meer aangetrokke tot die minder-aggressiewe beleid van die Liberale party gevoel. Sy het 'n groot bewondering vir Gladstone gekoester en na sy dood dit sterk betwyfel of the Liberale party ooit weer so 'n bekwame leier sou kon vind: "You really all must keep coming together and consulting till you find who is the 'coming man' amongst you", het sy destyds aan haar broer geskrywe. "If you don't - it will be sir Edward Grey and Imperialism. If I were a man, I'd stir Heaven and Earth rather than let it be him".²⁴⁾ Ten spyte van haar belangstelling in die werksaamhede van die Liberale party, was Emily egter nooit party-politikus in die ware sin van die woord nie. In werklikheid het haar belangstelling in party-politiek slegs sover gestrek as wat dit haar eie pasifistiese en altruïstiese ideale geraak het. Aan die innerlike werking van politieke partye en beleidsvraagstukke het sy haar bloedweinig gesteur.

Na haar terugkeer uit Suid-Afrika was dit dan ook allermens haar voorneme om die brandende kampvraagstuk as 'n speelbal van politieke partye te laat gebruik: "And why once more bring politics into the question?" het sy dan ook in antwoord op 'n brief van 'n sekere mev. Stuart uitgeroep: "I have protested once against that. I will protest again"²⁵⁾ Slegs Brodrick se skynbare onvermoë of onwilligheid om die erns van die toestand in die kampe te besef, het haar eindelijk beweeg om publisiteit aan haar eie bevindings te verleen en sodoende druk op die regering uit te oefen. Die kritiek daarna deur die regeringspers op haar uitgeoefen, het haar verder verbitter en sedertdien het sy 'n beslis vyandige houding teenoor die Unionistiese regering begin inneem.

Haar verbittering, gegrond op die altruïstiese maatstaf van naasteliefde eerder as op blote politieke vooroordeel, is verder aangevuur deur die verskyning van amptelike opgawes waaruit dit duidelik geblyk het dat die sterftesyfer in die kampe nog steeds toeneem. Toe het haar verontwaardiging geen perke meer geken

24). Hobhouse: Memoirs II.

25). The Times (Londen) 5 Julie 1901. Brief van Emily Hobhouse.

nie en aan die einde van September het sy in openlike botsing met die Britse regering gekom. In 'n ope brief aan mnr Brodrick, geskryf „in a white heat of feeling”, het sy die oorlogsminister se aandag nogeens op die onrusbarende sterftesyfer in die kampe gevestig, openlik sy versuim om daadwerklik op te tree, gelaak en 'n hernude oproep op hom gedoen om die kampstelsel af te skaf, „in the name of the little children whom I have watched suffer and die, and whom I cannot for a moment forget”.

Bogenoemde direkte aanval op die Britse oorlogsminister het die dreigende breuk tussen mej. Hobhouse en die Britse regering 'n voldonge feit gemaak. Voortaan is sy algemeen as 'n uitgesproke teenstander van die regeringsbeleid beskou en selfs as 'n vyand van haar vaderland bestempel. Innerlik diep ongelukkig oor die ongunstige wending wat haar planne geneem het, het Emily geen begeerte gekoester om langer in Londen, die hoofkwartier van die Konserwatiewe party, te vertoef nie. Aangemoedig deur lord Ripon, die waarnemende voorsitter van die Noodlenigingsfonds, het sy gevolglik besluit om weer na Suid-Afrika te gaan, „not of course to the camps which had been prohibited, but to continue another branch of work about which letters from the Cape were constantly arriving. This was the condition of Deportees - of whom there were many in the coast towns, Durban, East London, Port Elizabeth and Cape Town itself. They were in sore need of help. In addition I had been urged both from Africa and in England to take up the cause of the British refugees, and I was very ready to investigate their need”.

Sodoende het Emily begin voorbereidsels tref om weer na Suid-Afrika te gaan, nie om weer die kampe te besoek nie, maar om hulp te gaan verleen aan gedepORTEERDES en Britse vlugtelingE. Ongelukkig het sy nie rekening gehou met haar eie ongewildheid by die Britse regering en hulle onderhoriges in Suid-Afrika nie en het sy versuim om die werklike doel van haar sending vooraf rugbaar te maak. Die versuim sou haar duur te staan kom.

26). The Times (Londen), 29 Sept. 1901; Vgl. ook Hobhouse: Memoirs V.

27). Hobhouse: Memoirs V.

HOOFSTUK 6.

DIE DOODSENGEL WYK.

Die amptelike Britse blouboeke oor kampaangeleenthede tydens die laaste ses maande van 1901, bewys duidelik die gunstige uitwerking van Emily Hobhouse se aanbevelings in hierdie verband. Kolonel Goold-Adams, die Britse onder-administrateur in die O.R.K., het hom veral doelbewus daarop toegelê om praktiese uitvoering aan mej. Hobhouse se wenke te verleen en sodoende die sterftesyfer aan bande te lê. Gedurende Julie 1901 het hy reeds, in ooreenstemming met haar aanbeveling, daartoe oorgegaan om die mediese- en hospitaal-dienste in die kampe onder sy beheer te verbeter deur die aanstelling van tien bykomstige geneeshere en elf verdere opgeleide verpleegsters. Die gevolg was dat die hoofsuperintendent van kampe in die O.R.K. in sy verslag vir Julie 1901 kon vermeld dat merkbare verbetering in die algemene gesondheidstoestand intetree het. Die maselepidemie was besig om af te neem en hy het vas vertrou dat die sterftesyfer binne afsienbare tyd ook merkbaar sou daal.¹⁾

Kort na mej. Hobhouse se vertrek uit Suid-Afrika, het Goold-Adams, op haar aanbeveling, ook reeds nuwe regulasies rakende latrine-geriewe in die O.R.K.-kampe geformuleer. Op die wyse is die sindelikhedspell in die betrokke kampe verhoog en is 'n vrugbare oorsaak van kiemverspreiding enigermate onskadelik gemaak.²⁾

Emily Hobhouse se wenk aan die onder-administrateur dat voltydse Nederduits-Gereformeerde leraars vir die kampe gewerf moes word, is kort na haar vertrek in die praktyk gebring. Gedurende Julie 1901 is die kampe te Vredefortweg, Kimberley en Springfontein van vaste leraars voorsien en gedurende die daaropvolgende aantal maande is dieselfde toegewing ook aan ander kampe onder beheer van die O.R.K.-administrasie gedoen.³⁾

Mej. Hobhouse se skerp kritiek op die nypende tekort aan vuurmaakgoed, komberse en klere, het ook 'n gunstige reaksie ge-

- 1). Cd. 819/1901, p. 209: A.G. Trollope aan Sekr. O.R.K. adm., 5 Aug 1901.
- 2). Ibid.
- 3). Ibid.

had. Gedurende Julie 1901 is 'n verdere 386 steenkool aan die kampe in die O.R.K. toegesê, terwyl £608 0 5 aan klere bestee en meer as 4,000 komberse beskikbaar gestel is. Al te saam nege nuwe kampwinkels is deur die owerheid in vier verskillende kampe geopen. Sodoende kon daardie kampbewoners wat die middele daartoe besit het, minstens lewensbelangrike wêre self aankoop.⁴⁾

Kolonel Goold-Adams, by wie die opknapping van die kampe 'n saak van diep erns was, het gedurende Augustus 1901 doelbewus voortgegaan om uitvoering aan mej. Hobhouse se weldeurdagte aanbevelings te verleen. In sy amptelike verslag vir hierdie maand kon die hoofsuperintendent dan ook vermeld dat daar reeds 39 geneeshere en 42 opgeleide verpleegsters in kampe onder sy beheer werksaam was, dat latrinegeriewe tred hou met die aangroeiende getalle en dat nog agt bykomstige kampleraars aangestel was. 'n Totaal van 4,600 komberse en klere ter waarde van £643 18 5 is boonop gedurende die maand in die kampe uitgedeel.⁵⁾

Hoewel Emily Hobhouse se aanbevelings meer bepaald op die kampe in die C.R.K. van toepassing was, het haar deurtastende kritiek op die kampstelsel as sodanig, ook in Transvaal 'n gunstige uitwerking gehad. Die onmiddellike gevolg was dat die Algemene Kampsuperintendent in Transvaal op 22 Augustus aan die militêre goewerneur kon verslag doen dat „considerable progress has been made in improving the condition of the inmates, both as regards the conveniences necessary for comfort and in the supply of medical comforts and clothing”.⁶⁾ Op 5 Julie 1901 - nog voor mej. Hobhouse se vertrek uit Suid-Afrika - is daar 'n sirkulêre in Transvaal uitgereik waarvolgens een pond rys per persoon per week en 'n klein hoeveelheid seep tot die bestaande rantsoenskaal toegevoeg is.⁷⁾

Op 28 Augustus, na Brodrick reeds onderneem het om mej. Hobhouse se aanbevelings sover moontlik toe te pas, is daar vervol-

4). Ibid.

5). Cd. 819/1901, pp. 291 - 294: A.G. Trollope aan Sekr. O.R.K.-Adm., 6 Sept. 1901; Cd. 936/1902, pp. 7 - 10: Hospitaalpersoneel.

6). Cd. 819/1901, p. 222: Tucker aan Militêre goewerneur, 22 Aug. 1901.

7). Ibid. p. 226: Sirkulêre 49 van 5 Julie 1901.

gens 'n aantal nuwe kampregulasies in Transvaal uitgevaardig. Daarin was haar invloed ook duidelik te bespeur. Die algemene kampsuperintendent het bepaal dat nie meer as vyf persone in 'n ^{nie}ronde- en-meer as twintig in 'n offisierstent geplaas mag word nie en dat alle tente voortaan gereeld gegas moes word. In die Transvaalse kampe moes daar opsigters aangestel word om toesig oor sanitêre aangeleenthede te hou. Teneinde die instroming van water te verhoed, moes lae ringmuurtjies binne alle tente aangebring word. Beddegoed en klere moes voortaan gereeld uitgehand en ontsmet word, terwyl geskikte wasgoedlyne tussen die tente aangebring moes word. Maatreëls ter bespoediging van die verwydering van kampafval moes getref word en, teneinde algemene sinderlikheid te bevorder, moes streng dissipline in alle kampe gehandhaaf word. Die nypende tekort aan skoene kon, volgens die sirkulêre, aangevul word deur diemans in die kampe in die werk te steek om velle te looi en velskoene te maak. Indien nodig kon kampsuperintendente in Transvaal voortaan ook meer hospitaalbeddens aanvra en spesiale tente vir kraamgevalle inrig. Mediese hulp moes vrylik aan die kampbewoners verleen word terwyl genoegsame hoeveelhede melk ter beskikking van kinders en siekes gestel moes word. Terselfdertyd is ook opdrag deur die hoofsuperintendent gegee dat alle drinkwater gekook en hout en steenkool as deel van die weeklikse rantscene uitgedeel moes word. Teneinde siekteverspreiding te voorkom moes ~~elke~~ ⁸⁾ nuwe aankomeling medies ondersoek word voor toelating tot enige Transvaalse kamp. Geskikte speelgronde vir kinders moes in die kampe afgesonder word. Hoewel bogenoemde bevele nie altyd getrou deur kampsuperintendente uitgevoer is nie, het dit tog die weg tot verbetering van die kampstelsel as sodanig gebaan.

Emily Hobhouse se aanbevelings is doelbewus as rigsnoer by die opknapping van die kampe gebruik maar die skielike erns waarmee die vraagstuk aangepak is, moes aan ander bykomstige faktore toegeskrywe word. Die Dameskomitee deur die Britse regering benoem, kon nou enige oomblik aankom en teneinde 'n gunstige indruk

op hulle te maak, het die kampowerhede haastig maatreëls ter verbetering van die bestaande toestand in die werk gestel. Hierby moet gevoeg word dat die sterftesyfer in die kampe nog steeds onrusbarend gebly het. Gedurende Augustus moes nie minder nie as 1,878 sterfgevälle uit 'n totale kampbevolking van 105,437 amptelik aangekondig word. In die volgende maand het die kampbevolking tot 109,418 aangegroei terwyl die sterftesyfer tot 2,411 gestyg het.⁹⁾ Vrees vir die dreigende inspeksiereis van die Dameskomitee en werklike onrus oor die stygende sterftesyfer, het die betrokke owerhede in Suid-Afrika gevolglik verplig om hulle vooroordeel teen Emily Hobhouse tydelik te vergeet en haar aanbevelings oor die kampe sonder verwyl toe te pas. Die noodwendige gevolg was dat die kampe, nog voor die aankoms van die Dameskomitee, 'n tydperk van merkbare verbetering binnegetree het.

Aan die einde van Julie 1901 het die Britse oorlogsminister aangekondig dat die Dameskomitee sou bestaan uit mev. Millicent Fawcett, lady Knox en mej. Deane, met eersgenoemde as voorsitster. By hul aankoms in Kaapstad sou twee vrouedokters, dr. Ella Campbell Scarlett en dr. Jane Waterston, hulle by die komitee voeg. Die benoeming van hierdie dames was 'n direkte uitvloeisel van Emily Hobhouse se onderhoud met Brodrick. Die spoed waarmee die oorlogsminister die samestelling van die komitee afgehandel het, kan weer direk toegeskrywe word aan die druk deur Emily en die opposisie op die Britse regering uitgeoefen. Soos die redakteur van 'n opposisieblad dit gestel het: "We should never have heard of the fruits of concentration if it had not been for Miss Hobhouse's mission and the campaign of questions in Parliament, and we have it from Ministers of the Crown that the Government would also have been in the dark".¹⁰⁾

Ten spyte van mnr Brodrick se versekering dat die onpartydigheid van die Dameskomitee bo alle twyfel verhewe sou wees, het die opposisielede in die laerhuis sowel as die opposisiepers grondige besware teen die verkose dames ingebring. Mnr. Labouchere,

9). Cd. 789/1901, p.3. Return of Numbers of Persons, etc.
10). The Manchester Guardian, 16 Julie 1901.

liberale parlamentslid vir Northampton, wou van die oorlogsminister weet waarom mej. Hobhouse oor die hoof gesien is ten koste van dames wat reeds tekens van politieke vooroordeel openbaar het: "The leading lady", het hy betoog, "was a most able and respected lady, but she had written articles in which she had shown herself a bitter partisan of His Majesty's Government. The other ladies he did not know, but they were representatives of High Conservative families".

Die verdenkinge teen die Dameskomitee was allerweë gegrond, aangesien minstens twee van hulle reeds voorheen blyke van vooroordeel getoon het. In 'n brief aan die Westminster Gazette, gewy aan 'n bespreking van Emily Hobhouse se gepubliseerde verslag oor die kampe, het mev. Millicent Fawcett haar politieke vooroordeel laat deurskemer deur die nadruk hoofsaaklik te laat val op mej. Hobhouse se "frequent acknowledgements that the various authorities were doing their best to make the conditions of camp life as little intolerable as possible". Die indruk van haar partydigheid is verder versterk deur die besondere klem gelê op mej. Hobhouse se bewering dat "the Government recognise that they are responsible for providing necessary clothes, etc." Die vraag of die kampe wel 'n militêre noodsaaklikheid was, moes, volgens mev. Fawcett, noodwendig bevestigend beantwoord word omdat "the military authorities have answered it in the affirmative". Aan die moontlikheid dat die Britse militêre owerhede kon fouteer het, het sy glad nie gedink nie. Gevolglik was sy vas oortuig dat "the formation of the concentration camps (was) part of the fortune of war".

Dr. Jane Waterston, 'n Kaapse dame wat ook lid van die Dameskomitee was, was nog meer uitgesproke in haar partydigheid vir die Britse militêre owerhede wat vir die totstandkoming van die kampe verantwoordelik was. In 'n brief aan die pers het sy die oortuiging uitgespreek dat die kampe nog altyd 'n militêre nood-

- 11). British Parliamentary Debates, Vol. XCVIII, p. 178; Vgl. Ibid., p. 180 - Opmerkings van Mnr Flynn, lid vir Cork County in dieselfde verband.
- 12). The Cape Argus (Weekly), 31 Julie 1901. Brief oorgeneem uit Westminster Gazette.

saaklikheid was. Daarom was die stryd in Engeland teen „barbaarse metodes” in werklikheid niks anders nie as „hysterical whining”. Vir haar was die kampe geregverdig deur die feit dat „we are at war with the Boers, and that a war not of our own seeking, but forced on us by our borders being invaded”, sowel as deur die wyse waarop „thousands of our women and children (d.w.s. van Britse afkoms) have had to leave their homes and their all behind them, and take refuge here (d.w.s. in Kaapstad) or elsewhere, no chance of even remaining near their homes being given them”, Volgens dr. Waterston het die kampstelsel slegs een gevaar ingehou, naamlik dat „the Boers will waken up to have a care for their womenfolk, and will go on fighting for some time, so as to keep them in comfortable winter quarters at our expense, and thus our women and children will lose a few more of their husbands and fathers”¹³⁾.

Bogenoemde briewe van mev. Fawcett en dr. Waterston loënstraf direk mnr. Brodrick se bewering dat „the impartiality of the Committee must be above suspicion”¹⁴⁾. Sy weiering om mej. Hobhouse op die komitee te benoem, kon dus beswaarlik gemotiveer word op grond van partydigheid en vooroordeel aan haar kant. Die kans was goed dat sy eie Dameskomitee netsowel vooraf subjektief en bevoordeel kon wees wat hulle opvatting oor die kampe betref.

Die Dameskomitee het vroeg in Augustus 1901 in Kaapstad aangekom en voorlopig in die Nelson hotel tuisgegaan. Die Kaapstadse Committee for the Relief of the sufferers by the War - 'n liggaam wat uit die oorspronklike Kaapse tak van die S.A.C.C. voortgespruit het - het gemeen dat hulle die Dameskomitee van nuttige inligting oor die kampe kon voorsien. 'n Afvaardiging, bestaande uit mev. Charles de Villiers, Purcell en Charles Murray, het gevolglik op 12 Augustus amptelik besoek by die Nelson hotel gaan aflê. 'n Versoek dat mev. (ds) Roos - 'n Kaapstadse predikantsvrou met baie ondervinding van noodleniging in die kampe - moes toegelaat word om die Dameskomitee te vergesel, is vriendelik dog beslis van die hand gewys. Sodoende het dit dus gebeur dat die

13). Ibid. Brief van dr. Jane Waterston.

14). The Cape Argus (Weekly Edition), 7 Aug. 1901. Kabelberig uit Londen, 1 Aug. 1901.

Dameskomitee op 14 Augustus na die binneland vertrek het sonder
15)
'n Afrikaanssprekende dame om as tolk op te tree.

Die Dameskomitee se vooropgestelde doel was, volgens hulle-
16)
self, "to make surprise visits to the camps". Aangesien hulle
besoek reeds 'n maand vantevore deur die Britse regering in die
vooruitsig gestel en hulle aankoms in Kaapstad in die openbare
pers aangekondig is, is dit moeilik om in te sien hoe hulle gehoop
het om hul doel te verwesenlik. Inderdaad bewys die amptelike
Britse blouboeke vir Julie en Augustus baie duidelik dat orals
koorsagtige pogings aangewend is om die kamp, voor die aankoms
17)
van die komitee, opgeknop te kry. "The bare fact of the advent
of the Commission", het die beheerliggaam van die Suid-Afrikaanse
Noodlenigingsfonds dan ook tereg beweer, "had an advantageous ef-
fect on the condition of the camps. Private letters received from
sundry parts have described the improvements made in expectation
of their arrival There had been a general levelling up, and
in one or two instances the exact date of the Commissions arrival
was known beforehand".
18)

Gedurende die laaste drie weke van Augustus en dwarsdeur
September 1901, het die Dameskomitee 'n uitgebreide inspeksiereis
onderneem en al die kampe, met uitsondering van die te Port Eliza-
beth, besoek. Hulle bevindings en aanbevelings, gedurende Desem-
ber in Durban opgestel, is vroeg in die volgende jaar in die vorm
van 'n spesiale blouboek gepubliseer. Die amptelike verslag
deur die komitee uitgebring, is vir ons doel belangrik aangesien
dit gehandel het ook 'n onderwerp waaroor Emily Hobhouse reeds
vantevore 'n soortgelyke verslag opgestel het. Krities beskou
was die verslag van die Dameskomitee dan ook enersyds 'n direkte
bevestiging van mej. Hobhouse se bevindings en andersyds 'n veel-
seggende bewys van die groot verbetering wat die kampe reeds as
gevolg van haar weldeurdagte aanbevelings ondergaan het.

- 15). Hobhouse: Memoirs V. Brief van mev. Charles Murray aan Emily Hobhouse, 13 Aug. 1901.
- 16). Cd. 893/1902, p. 1: Report on the Concentration Camps.
- 17). Vgl. Cd. 819/1901: pp. 209, 211, 291, 294, 317 ens.
- 18). S.A.C.C.: Some Comments on the Report of the Ladies Commission on the Concentration Camps, p.3.

In die algemene inleiding tot die verslag, het die Dameskomitee beweer dat "as far as the necessaries of life are concerned, viz. the provision of food, fuel, shelter and clothing, the Governments of the several Colonies are alive to their responsibilities in these matters, both to the people in the camps and to the tax-payers on whom the expense must ultimately fall".¹⁹⁾ Tydens haar besoek aan die kampe etlike maande vantevore het Emily Hobhouse egter tot 'n soortgelyke gevolgtrekking gekom en toe reeds vermeld dat die siviele administrasie in die C.R.K., "was doing their best with very limited means".²⁰⁾ In werklikheid het die eerste opmerking van die Dameskomitee dus met gestaaf wat mej. Hobhouse vroeër beweer het.

In hul amptelike verslag het die Dameskomitee hulle vervolgens gewaag aan 'n kritiese beskouing van die rantsoenskale in die kampe toegepas. Volgens hulle het die weeklikse rantsoen in die kampe in die C.R.K. bestaan uit $5\frac{1}{4}$ pond meel, 7 onse sout, 7 onse koffie, 14 onse suiker, $3\frac{1}{2}$ pond vleis en $\frac{7}{12}$ van 'n blikkie gekondenseerde melk per persoon. Kinders het dieselfde rantsoene as volwassenes ontvang en vuurmaakgoed, seep, komberse en klere is kosteloos aan alle kampbewoners uitgereik. Bogenoemde rantsoenskaal is deur die Dameskomitee as "excellent" beskrywe terwyl ook beweer is dat "the inhabitants of the Camps were given ample supplies of meal, meat, coffee, sugar (and) salt".²¹⁾

As die rantsoenskaal deur die Dameskomitee genoem, vergelyk word met die skaal wat tydens Emily Hobhouse se besoek in swang was, blyk duidelik watter groot verbetering daar intussen deur die kampowerhede aangebring is. Dit is veral opmerklik dat vuurmaakgoed, seep, komberse en klere - juis daardie artikels waarvan daar tydens mej. Hobhouse se besoek so 'n nypende tekort bestaan het - nou reeds in genoegsame hoeveelhede deur die kampowerhede voorsien is. Ten spyte van genoemde verbeterings was die rantsoenskale egter nog geensins so "uitstekend" soos deur die Dameskomitee voorgegee nie. Trouens, die komitee het hulself

19). Cd. 893/1902, p. 1.

20). Hobhouse: Report, p.4.

21). Ek onderstreep.

eintlik weerspreek, want hoewel die rantsoenskaal in die vierde paragraaf van die verslag bestempel is as "ample provision of all necessaries for the healthy", is in 'n byvoegsel nogtans aanbeveel dat ertappels, wortels of uie, stampmielies en rys of boontjies, sowel as gróter hoeveelhede melk, hout en stroop tot die rantsoenskaal vir kinders toegevoeg moes word. In paragraaf 38 van die verslag is die teenstrydigheid nog verder gevoer deur die openlike erkenning van die Dameskomitee dat "it ought to have been foreseen that a dietary without fresh milk, vegetables or meat would be followed by a lowering of vitality, and that scurvy would almost certainly result"²²⁾ Langs 'n omweg het die Dameskomitee gevolglik tot die slotsom geraak dat die ontoereikende rantsoenskaal beslis 'n oorsaak vir die hoë sterftesyfer in die kampe was, 'n grondwaarheid wat vroeër reeds herhaaldelik deur Emily Hobhouse beklemtoon is.

In paragraaf 12 van hul algemene verslag het die Dameskomitee verder die oortuiging uitgespreek dat die organisasie van kamphospitale en mediese dienste "reflect(s) the greatest credit on the Administration". Volgens hulle bevinding was die kampdokters en -verpleegsters mededeelsaam en bekwaam en het hulle hul werk op 'n bevredigende wyse verrig. In dieselfde asem het hulle dit nogtans noodsaaklik gevind om te verwys na sekere ongereeldhede wat wel in kamphospitale voorgekom het en "(which) swelled the death-rate and brought discredit on camp administration". Algemeen gesproke het die kamphospitale egter 'n gunstige indruk op mev. Fawcett en haar komitee gemaak, 'n duidelike bewys dat daar wel groot verbetering ingetree het sedert die tyd van Emily se besoek aan die kampe toe "the 'full' medical attendance and nursing was hard-ly beginning"²³⁾.

Ook wat die algemene kamporganisasie betref, het die Dameskomitee se verslag slegs bevestig wat vroeër deur mej. Hobhouse in die verband beweer is. Volgens mev. Fawcett en haar komitee was die hoofvereistes vir 'n bevredigende kamp, "good water, a good slope, efficient drainage and sanitation, and an ample supply

22). Cd. 893/1902. Par. 38.

23). Hobhouse: Memoirs V.

of fuel ... but the most important of all is to be found in the character and capacity of the Superintendent".²⁴⁾ Mej. Hobhouse, op haar beurt, het dieselfde vereistes maande vantevore reeds as volg opgesom: "(First) The Commandant. (Secondly) Natural conditions, proximity of wood and water. (Thirdly) Distance from a base and stores. (Fourthly) Presence of public opinion. (Fifthly) Date of commencement. The earlier camps, of course, had opportunities of getting many necessaries, which are no longer obtainable".²⁵⁾ Uit bogenoemde vergelyking blyk duidelik dat die Dameskomitee volmondig met Emily saamgestem het dat die allernoodsaaklikste vereiste vir 'n suksesvolle kamp 'n beginselvaste en bekwame superintendent was. Inderdaad het die Dameskomitee sover gegaan om aan te beveel dat vier kampsuperintendente uit hulle ampte ontslaan en mnr. Cole Bowen, die bekwame superintendent van die Norvalspontse kamp, tot amptelike kampinspekteur in die O.R.K. verhef moes word.²⁶⁾ Ook in hierdie opsig het Emily egter reeds die weg aangedui deur in haar verslag besondere vermelding van mnr Bowen se bekwaamheid en organisasievermoë te maak.²⁷⁾

Vir sover dit kampdisipline aangaan, het die Dameskomitee van die standpunt uitgegaan dat kampsuperintendente van Britse afkoms beter werk as Boeresuperintendente of "Hanskakies" sou doen: "The people would say", het die komitee beweer, "they preferred a 'verdomde Rooinek' to a schelm' of a Boer".²⁸⁾ Die oorsaak vir die verskynsel was voor die hand liggend: Die Boere wat verantwoordelike ampte in die kampe gevul het, is deur die kampbewoners as politieke renegate beskou en met soveel wantroue bejeën dat hulle nie tug en dissipline bevredigend kon handhaaf nie.

Meer as drie bladsye van die Dameskomitee se verslag is in beslag geneem deur 'n reeks aanbevelings rakende die konsentrasiekampe in die O.R.K. en Transvaal. Ook hierdie aanbevelings toon 'n sterk ooreenkoms met die wenke reeds voorheen, by verskillende geleenthede, deur Emily Hobhouse aan die hand gedoen. So het die

24). Cd. 893/1902. p. 6

25). Hobhouse: Memoirs IV. Brief van Emily Hobhouse aan Leonard Hobhouse, 18 - 22 Feb. 1901.

26). Cd. 893/1902, p. 6.

27). Hobhouse: Report, p. 5.

28). Cd. 893/1902, p. 7.

Dameskomitee aanbeveel dat onderwys vir alle kinders van skoolgaande ouderdom verpligtend moes wees, 'n aanbeveling wat presies dieselfde behels het as Emily se wenk dat voorsiening gemaak moes word vir „some sort of school for the children”.²⁹⁾ Tydens haar besoek aan die kampe, het Emily verder by die militêre goewerneur in die O.R.K. daarop aangedring dat 'n klein hoeveelheid rys tot die bestaande rantsoenskaal toegevoeg moes word. Die Dameskomitee weer, het nou in hulle verslag neergelê dat 'n halfpond rys per persoon per week in die kampe uitgedeel moes word.³⁰⁾

Soos mej. Hobhouse vroeër, is ook die Dameskomitee deur die tekort aan slaapperiewe in die kampe getref en het hulle aanbeveel dat kampsuperintendente opdrag moes ontvang „to encourage the making in camps of cheap bedsteads ... so as to reduce to the smallest possible minimum the number of people sleeping on the ground”.³¹⁾ Tydens haar besoek aan die oorloggeteisterde gebied, het Emily Hobhouse verder 'n dringende beroep om meer vuurmaakgoed vir die kampe op gen. Fretyman gedoen. Die Dameskomitee, op hulle beurt, het nou met 'n aanbeveling gekom dat, waar geen hout beskikbaar was nie, die steenkoolrantsoen met minstens 1½ pond per kampbewoner per dag verhoog moes word.³²⁾ Soos mej. Hobhouse vroeër het die Dameskomitee ook in hul verslag die tekort aan opgeleide verpleegsters vir die kamphospitale betreur en voorgestel dat veertig gekwalifiseerde verpleegsters onmiddellik na die kampe in die O.R.K. gestuur moes word.³³⁾

Die besondere klem deur Emily Hobhouse gelê op die noodsaaklikheid van die oprigting van oonde vir die kook van drinkwater, vind ons terug in die aanbeveling van die Dameskomitee dat „boilers sufficient to boil all drinking water should be supplied”.³⁴⁾ Terselfdertyd het die Dameskomitee ook volmondig met Emily saamgestem dat kampmatrones in alle kampe aangestel moes word „as fast as

29). Cd. 893/1902, p.9. Vgl. Hobhouse: The Brunt of the War, p. 118. Lys van aanbevelings aan gen. Fretyman.

30). Cd. 893/1902, p.10. Vgl. Hobhouse: The Brunt of the War, p. 118.

31). Ibid.

32). Ibid.

33). Ibid.

34). Cd. 893/1902, p.9; Hobhouse: The Brunt of the War, p. 118.

suitable women can be found".

Benewens bogenoemde wenke wat 'n duidelike ooreenkoms met Emily Hobhouse se vroeëre bevindings toon, het die Dameskomitee ook met 'n aantal oorspronklike aanbevelings voor die dag gekom. Wat die O.R.K. betref het hulle by die onder-administrateur aanbeveel dat 'n reisende kampinspekteur aangestel en alle volwasse mans in die kampe verplig moes word om nege uur per dag te werk. Verder moes die verwydering uit tente van pasiënte lydende aan ansteeklike siektes bespoedig en meer spoorwegtrokke vir die vervoer van kampvoorrade afgesonder word. Die nodige fasiliteit vir die behoorlike ontsmetting van die wasgoed van maagkoorspasiënte moes onmiddellik voorsien word.³⁶⁾

Op die 12de November 1901 is daar, volgens die Dameskomitee, 'n bykomstige lys aanbevelings aan die onder-administrateurs van die O.R.K. en Transvaal voorgelê. Hierdie aanbevelings het ingehou dat publieke bakoende in alle kampe opgerig en die nodige brandstof daarvoor voorsien moes word. Groente of lemmetjiesap in die somer, een of ander vetsoort in die winter, en konfynt vir verswakte kinders moes ook beskikbaar gestel word. Terselfdertyd is ook aanbeveel dat 'n wateringénieur vir die kampe aangestel, minstens 'n honderd Britse onderwysers en onderwyseresse gewerf, en die voorrade van sekere kampwinkels op beplande wyse aangevul word.³⁷⁾

'n Belangrike gedeelte van die Dameskomitee se verslag is gewy aan 'n bespreking van die faktore wat tot die hoë sterftesyfer in die kampe bygedra het. Die komitee het tussen drie groepe oorsake vir die hoë sterftesyfer onderskei - oorsake rakende die ongesonde toestand van die land onder oorlogsomstandighede, omstandighede binne beheer van die kampbewoners self en faktore binne beheer van die siviele administrasie in die twee nuwe kolonies. Volgens hulle het die enigste oplossing vir die vraagstuk gelê in die algehele verskuiwing van die kampe te Mafeking, Vredeweg, Standerton en Kroonstad en die verdeling van die meerder-

35). Cd. 893/1902, p. 10.

36). Cd. 893/1902, p. 9.

37). Cd. 893/1902, p. 10.

heid van die orige kampe in kleiner eenhede. Diéselفة aanbeveling is egter lank vantevore reeds deur mej. Hobhouse gedoen, sodat die Dameskomitee, ook in hierdie opsig, nie met oorspronklikheid kon spog nie.³⁸⁾

Ongelukkig het die dameskomitee geen kennis van die taal en volksaard van die kampbewoners gedra nie. Daarbenewens het hulle so oorhaastig te werk gegaan dat hul onmoontlik nie tot die kern van die ernstige kampvraagstuk kon deurdring nie. Desnieteenstaande het hulle besoek aan die kampe en verslag daaroor, 'n seënryke invloed op die verdere verloop van die kampstelsel as sodanig uitgeoefen. Reeds voor hulle terugkeer na Engeland aan die einde van 1901 is pogings aangewend om sommige van hulle wenke in die praktyk toe te pas. Reisende kampinspekteurs is aangestel; rantsoenskale hersien; maatreëls vir die kook van alle drinkwater getref, meer dokters, verpleegsters, kampmatrones en water-ingenieurs aangestel; 'n groter aantal beddens aan kampe toegesê; sopkambuise opgerig; vier onbekwame kampsuperintendente ontslaan en hospitaalgeriewe uitgebrei. Heeltemal tereg kon die dames dan ook in Desember 1901 vermeld dat al hul aanbevelings, met uitsondering van hulle wenk rakende die instelling van verpligte onderwys, "were either immediately adopted or steps were taken to secure their adoption with as little delay as circumstances permitted."³⁹⁾

Die suksesvolle wyse waarop die Dameskomitee se aanbevelings toegepas en die kampe sedertdien opgeknop is, is moontlik gemaak deur die feit dat die energieke Joseph Chamberlain, in sy hoedanigheid as minister van kolonies, in September 1901 die beheer van die kampe by Brodrick, die oorlogsminister, oorgeneem het: "It is necessary, in view of your responsibility", het die minister van kolonies onverwyld aan Milner getelegrafeer, "that I should be satisfied that all possible steps are being taken to reduce the rate of mortality". Die Hoë Kommissaris, eindelik tot verantwoording geroep, het dadelik sy gewilligheid om saam te werk te kenne gegee en enkele dae later aan Chamberlain laat weet "that

38). Cd. 893/1902, p. 14 et seq.; Vgl. Hobhouse: Report, p. 15.
39). Cd. 893/1902, pp. 10 en 20.

every attention is being given to the matter. It absorbs for the moment, in fact, practically the whole of my time to the detriment of other business".⁴⁰⁾

Die gesamentlike daadwerklike optrede van Chamberlain en Milner het in 'n reeks belangrike kamphervormings uiting gevind. Bykomstige dokters en verpleegsters is aangestel en offisiere met gespesialiseerde kennis van maatskaplike noodtoestande is onverwyld in Indië gewerf en na Suid-Afrika gebring om met die reorganisasie van die kampe behulpsaam te wees. Fogings is in die werk gestel om die bevolking van die oorbevolkte grotere kampe na nuwe kampe in die kuskolonies te verplaas terwyl maatreëls getref is "to give those remaining in northern camps better and more varied food, ampler hospital and other accommodation, and all the sanitary appliances such as boilers etc., recommended by the Commission".⁴¹⁾

Vanaf die begin van 1902 het die kampe in Suid-Afrika dan ook merkbare tekens van verbetering begin toon. Terselfdertyd het die sterftesyfer ook 'n afname openbaar, hoofsaaklik as gevolg van die verhoogde lewenspeil voortaan in die kampe gehandhaaf. In Transvaal was daar aan die einde van Maart 1902 sewentien kampe en ses hulpkampe, met 'n totale bevolking van 47,021 en 174 sterfgevallen. In die O.R.K. weer, was daar 14 kampe met 'n bevolking van 39,789 en 180 sterfgevallen, en in Natal 9 kampe met 'n bevolking van 20,715 en slegs 70 sterfgevallen.⁴²⁾ Gedurende April het toestande nog verder verbeter sodat uit 'n totale kampbevolking van 112,557, slegs 262 sterfgevallen amptelik aangemeld is.⁴³⁾ In Mei was die sterftesyfer in die kampe reeds feitlik normaal, nl. 19.5 per duisend per jaar in Transvaal en 24 per duisend per jaar in die O.R.K.⁴⁴⁾

40). Cd. 853/1901, p. 22: Chamberlain aan Milner, 16 Nov. 1901; p. 24 Milner aan Chamberlain, 21 Nov. 1901. Vgl. ook Cd. 934/1902, p. 89.

41). Cd. 853/1901, p. 24: Chamberlain aan Milner, 22 Nov. 1901; p. 110: Milner aan Chamberlain, 4 Des. 1901; p. 110: Milner aan Chamberlain, 7 Des. 1901.

42). Cd. 942/1902, pp. 3 - 4.

43). Cd. 116/1902, p. 3.

44). Vgl. Otto: Op. cit., p. 146; Worsfold: Lord Milner's Work in South Africa, p. 463, erken hierdie verbetering maar skryf dit slegs daaraan toe dat "by the development of the blockhouse lines the British military authorities had been enabled to protect their supplies from the attacks of the guerilla leaders".

Krities beskou, toon die uitstaande faktore wat tot die uiteindelijke opknapping van die kampe aanleiding gegee het, baie duidelik in watter groot mate Emily Hobhouse tot die hervormingsproses bygedra het. In die eerste plek was dit sy wat, deur haar verslag en toesprake, die sluier oor kampaangeleenthede gelig en openbare mening in Brittanje gaande gemaak het. Mnr. Brodrick, deur haar daartoe aangespoor, was verplig om 'n kommissie van ondersoek na die kampe te stuur en, op aanbeveling van genoemde kommissie, 'n begin met kamphervorming te maak. As hierby gevoeg word dat die Dameskomitee se aanbevelings slegs 'n laet weerklank van Emily se bevindings was, blyk hoe diepgaande haar invloed werklik op die verloop van die latere kampgeskiedenis was. Daarom dat die redakteur van die Manchester Guardian in Februarie 1902 met oortuiging kon beweer: "If measures had been taken in time, fifteen thousand innocent lives might have been saved and the nation spared a memory which will now never die out".⁴⁵⁾

Waar die aanstelling van die Dameskomitee uit 'n oorspronklike aanbeveling van Emily Hobhouse voortgespruit het, het mnr. Chamberlain se daadwerklike optrede weer direk voortgevloei uit sy geloof in mej. Hobhouse en die Dameskomitee se goedbedoelde kritiek: "To him, and to him alone", kon die Daily News berig, "is due the terribly delayed reform of the camps ... He insisted on reform and he got it".⁴⁶⁾ Die redakteur van die Manchester Guardian weer, het mnr. Chamberlain se afhanklikheid van mej. Hobhouse as volg geskets: "To his credit, his acts show that he has realised the accuracy and gravity of the information brought from South Africa by Miss Hobhouse and driven home by sir Henry Campbell-Bannerman to the minds of every Englishman whose mind was open to anything but racial self-adulation" en in 'n latere hoofartikel verder oor Emily se bydrae tot die kamphervorming:⁴⁷⁾ "That is generally how reformers succeed - through others".

Die noodsaaklikheid van kamphervorming is sedert September

45). The Manchester Guardian, 18 Feb. 1902. Vgl. ook ---: Stemme uit die Vrouekampe, pp. 93 en 105.

46). The Daily News, 16 Des. 1901.

47). The Manchester Guardian, 21 Jan. 1902 en 19 Feb. 1902.

1901 ook getrouer deur die Britse blouboeke weerspieël, sodat mej. Hobhouse se geloofwaardigheid beswaarlik langer in twyfel getrek kon word. Emily se aandeel aan hierdie stryd om die waarheid van die geskrewe woord, is deur die letterkundige kritikus van die Speaker, in 'n bespreking van The Brunt of the War, as volg opgesom: "The other half is the story which Miss Hobhouse has stitched together with an industry none of her competitors has approached, and under difficulties which none but she had to face. The annalists of a campaign worked with official material more or less accurate, which the picked correspondents of the entire English Press had striven for three years to supplement. Miss Hobhouse had to carry on a smuggler's business in a period when facts were contraband of war. In the end there was much useful material to be found in Blue Books. But every line of it owed its existence to her efforts".⁴⁸⁾

48). The Speaker, 20 Des. 1902. Ek onderstreep.

HOOFSTUK 7.

SLAGOFFER VAN KRYGSWET.

In September 1901 het Emily Hobhouse finaal besluit om weer na Suid-Afrika te kom. Soos vantevore reeds aangedui, was haar doel nie om, teen die uitdruklike begeerte van die Britse regering in, weer 'n besoek aan die konsentrasiekampe te bring nie, maar wel om die Britse vlugteling in die kusstede se lot te probeer verlig: "Shut out by Mr. Brodrick's refusal from my former work", het sy rondborstig in 'n ope brief aan die Britse pers verklaar, "I determined carefully to investigate their needs while not neglecting those of other nationalities"¹⁾.

Aangesien haar gezondheidstoestand sorg gebaar het, kon Emily nie die moeisame reis na Suid-Afrika alleen aandurf nie en was sy verplig om 'n opgeleide verpleegster, mej. Elizabeth Phillips, met haar saam te neem. Vergesel van mej. Philips het sy Engeland op 5 Oktober 1901 aan boord van die Avondale Castle verlaat. Die see-reis het geblyk uiters vermoeiend te wees en haar gesondheidstoestand het gaandeweg tot 'n nog laer peil as voor haar vertrek gedaal. Aan boord het sy kennis gemaak met 'n sekere mej. Steedman, 'n welopgevoede dame wat op weg na Bloemfontein was waar sy 'n aanstelling as prinsipale van 'n welbekende meisieskool aanvaar het. Sy het groot belangstelling in mej. Hobhouse se voorgenome liefdadigheidsending getoon, en 'n vriendskapsband is gevolglik tussen die twee dames gesmee.²⁾

Op 27 Oktober het die Avondale Castle, na 'n reis van twee-en-twintig dae, Tafelbaai veilig binnegeseil: "All was calm and lovely as we glided into the Bay and our spirits were at boiling point", het Emily twee dae later aan haar broer oor haar aankoms geskrywe. "Of course we had to wait for pratique, but when the steam tug came out alongside of us I saw with horror the khaki in it and knew at once the worst had come"³⁾. Haar intuitiewe aan-

- 1). Hobhouse: Memoirs VI. Letter contributed to the Press, Des. 1901.
- 2). Hobhouse: Memoirs VI.
- 3). Ibid: Brief van Emily Hobhouse aan Leonard Hobhouse, 29 Okt. 1901.

voeling van naderende onheil is spoedig bewaarheid by die aanhoor van die nuus dat krygswet intussen ook tot die Kaapstadse hawe uitgebrei was. Alle passasiers sou vir ondervraging aangehou word, alvorens hulle voet aan wal kon sit.

Luitenant Lingham, die Britse offisier wat met die ondervraging van die 450 passasiers belas was, het onmiddellik met sy taak begin. Toe mej. Hobhouse aan die beurt kom, het hy haar meegedeel dat hy sou verkies om haar heel laaste te ondervra: „From this I augured no good”, skrywe sy enkele dae later aan haar broer, „but I bowed and withdrew, still expecting only a more detailed and searching examination”.⁴⁾ 'n Wrede ontugtering het egter op haar gewag. Teen die aand is sy uiteindelik weer ingeroep en deurluit. Lingham meegedeel dat sy onder bewaking aan boord van die Avondale Castle gehou sou word totdat sy die volgende Woensdag met die Carisbrook Castle na Engeland kon terugkeer. Die opdrag, het hy bygevoeg, was van kolonel Cooper, die Britse kommandant in Kaapstad, persoonlik afkomstig. Kaptein Brown, die kaptein van die Avondale Castle, is gelas om toe te sien dat kolonel Cooper se opdrag stiptelik nagekom word.⁵⁾

Die skielike wending van sake en die onverwagte terugslag wat sy gekry het, het Emily so langeslaan dat sy vir die oomblik geen antwoord kon vind nie. Uiterlik beheersd het sy eers haar aandete gaan nuttig en toe haar hart by haar reisgesellin, mej. Steedman, gaan uitstort. Met behulp van laasgenoemde het sy daarna vier belangrike briewe geskrywe, aan die Hoë Kommissaris, lord Milner, aan lord Kitchener, die Britse opperbevelhebber, aan sir W. Hely-Hutchinson, die Kaapse goewerneur, en aan kolonel Cooper, die Kaapse kommandant. In die brief aan lord Milner, het sy die doel van haar koms na Suid-Afrika uiteengesit en haar verbasing uitgespreek oor die onvriendelike ontvangs wat haar te beurt geval het: „I feel bound to protest against this summary proceeding so un-English in character as it appears to me”, het sy aan die Hoë Kommissaris geskrywe, „and I write direct to you to ask if it is at your wish and/or if you will not allow me to land and carry

5). Hobhouse: Memoirs VI. Letter contributed to the Press, Des. 1901.

out the work I have indicated". Sy het verder beklemtoon dat haar swak gesondheidstoestand haar onmiddellike terugkeer na Engeland onwenslik maak en die Hoë Kommissaris versoek om haar toe te laat om enkele weke in Kaapstad oor te bly, "either in prison or out of it, even if you wish me to forego the work I was meditating"⁶⁾.

Die brief aan Kitchener was in dieselfde trant gestel en het ook 'n versoek ingehou om aan wal te stap en enkele weke in Kaapstad te vertoef teneinde aan te sterk. In 'n soortgelyke brief aan sir W. Hely-Hutchinson het sy die versoek herhaal en tewens die vertroue uitgespreek dat "our old English ideals of justice and common sense will conquer and that I shall not appeal in vain to England's representative in (the) Cape Colony for leave to rest a few weeks on shore at least in prison if not free"⁷⁾.

In die brief aan kolonel Cooper, op wie se direkte bevel sy onder bewaking aan boord gehou is, was Emily veel meer uitgeproke: "I could understand the rigour of Martial Law being applied to me", het sy in die brief onomwonde verklaar, "if I had in the past taken, or even now intended to take political part of any kind. But this I have never done. Both in South Africa and/or in England my words and works have been purely and consistently philanthropic in character. I have left politics severely alone". Volgens haar was die indirekte wyse waarop sy onder arres geplaas is, 'n onregverdige stap. Gevolglik sou sy dit waardeer indien sy toegelaat sou word om eers uit te rus voor sy die vermoeiende reis na Engeland aanvaar.⁸⁾

Haar reisgesellin, mej. Steedman, het met haar saamgestem dat dit haar plig was om nie die deportasiebevel gelate te aanvaar, sonder om die geldigheidsdaarvan tot die uiterste te betwis nie. Met hierdie voorneme reeds voor oë het Emily daarop na haar kajuit gegaan en gedurende die nagtelike ure, 'n bepaalde aksieprogram

- 6). Ibid. Rough Draft of Letter to Lord Milner, 27 Okt 1901.
- 7). Ibid. Rough Draft of Letter to Lord Kitchener, 27 Okt 1901;
Rough Draft of Letter to sir W. Hely-Hutchinson, 27 Okt 1901.
- 8). Ibid. Rough Draft of Letter to Colonel Cooper, 27 Okt 1901.

vir haarself opgestel: „I shall be very polite", was haar finale besluit, „very dignified, but in every way I possibly can, a thorn in the flesh to them. I see already many ways of being a thorn. For instance, they don't want it much talked of in Cape Town and I mean that it shall be. We are to move into dock as soon as the gale subsides and I shall at once demand a guard; partly because it is extremely disagreeable for Captain (Brown) to be my gaoler, and partly that the guard is their witness that I keep the rules laid down. Most of all because I understand they don't want to do it because of making it conspicuous. I know soldiers hate guarding women. I also mean to refuse to return to England until such time as I myself feel willing and able, unless of course they send me under force of arms. I shall not move a limb in that direction".⁹⁾

Aangesien sy nie haar voorgenome aksieprogram kon toepas alvorens verdere stappe van owerheidsweë teen haar gedoen word nie, het Emily die volgende dag - die 28ste Oktober - stil deurgebring en haar met die skilder van twee waterverfskilderye van Tafelberg en aangrensende berge besiggehou. Die storm wat die vorige dag begin woed het, het nog steeds voortgeduur en die wind was so hinderlik dat sy plat op die dek moes lê en skilder. Op die 29ste het ook niks noemenswaardig gebeur nie en om die tyd te verdryf en "hoping to get some wrinkles for my own guidance", het sy na die biblioteek van die Avondale Castle gegaan teneinde Macaulay se beskrywing van die gevangenskap van haar voorsaat, Biskop Trelawny, te lees.¹⁰⁾

Intussen het haar Kaapse vriendinne reeds pogings in die werk gestel om met haar in aanraking te kom. Mev. Charles Murray, ver- gesel van mev. Harry Curry, het op die oggend van die 29ste be- soek by die Britse bevelvoerder in Kaapstad gaan aflê en hom pront- uit gevra wat hy van plan was om met mej. Hobhouse te doen. Sy mondelinge antwoord aan hulle was dat sy beslis nie toegelaat sou word om in enige Suid-Afrikaanse hawe voet aan wal te sit nie,

9). Ibid. Brief van Emily Hobhouse aan Leonard Hobhouse, 29 Oktober 1901.

10). Ibid.: Vgl. Inleiding, Voetnoot 12.

„as it was not considered desirable that she should go about as she had done before“. Toe mev. Murray sy aandag op mej. Hobhouse se swak gesondheidstoestand vestig, het hy ontwykend geantwoord en aan die hand gedoen dat sy 'n mediese sertifikaat in gereedheid moes hou om ter gelegener tyd aan die militêre owerheid voor te lê. In antwoord op 'n versoek van mev. Murray dat sy en mev. Curry toegelaat sou word om mej. Hobhouse te besoek, het die Britse bevelhebber hulle na die Kaapstadse kommandant, kolonel Cooper, verwys. Hoewel laasgenoemde die gevraagde permit dadelik toegestaan het, was die weer so stormagtig dat die besoek tot die volgende dag moes oorstaan.¹¹⁾

Op Woensdagoggend, terwyl haar vriendinne nog in gesprek met haar verkeer het, het die antwoorde op haar briewe aan sir Walter Hely-Hutchinson en kolonel Cooper, haar bereik. Die Kaapse goewerneur se brief het duidelik daarop gedui dat hy, in elk geval, nie aan die uitreiking van die deportasiebevel aandadig was nie. Wie presies daarvoor verantwoordelik was, kon hy nie met sekerheid sê nie, maar hy was van sienswyse dat die bevel uitgerek is „under the powers centred in the military authorities by Martial Law“.¹²⁾ Die Kaapstadse kommandant, kolonel Cooper, het ook ontken dat hy vir die deportasiebevel verantwoordelik was, maar het Emily duidelik laat verstaan dat hy nie by magte was om verlof aan haar te verleen om aan wal te gaan nie. Kolonel Cooper se onverbiddelikheid het Emily sigbaar ontstem en teen Woensdagaand was sy in so 'n toestand van spanning dat mej. Phillips haar 'n slaapdrank moes gee teneinde haar weer tot bedaring te bring.¹³⁾

Op Donderdag, 31 Oktober 1901, het die finale toets waarvoor Emily haar deelink reeds gestaal het, eindelijk aangebreek. Vroeg die oggend het sy weer 'n brief aan kolonel Cooper gerig waarin sy nogmaals haar onbekwaamheid vir 'n seereis na Engeland beklemtoon het. Ook haar hernude pleidooi het egter niks gebaat nie.

- 11). Ibid. Verklaring van mev. C. Murray aan P. Moltano, 1 Nov. 1901. Ek onderstreep.
- 12). Ibid. Brief van sir W. Hely-Hutchinson aan Emily Hobhouse, 28 Okt. 1901.
- 13). Ibid: Brief van kol. Cooper aan Emily Hobhouse, 28 Okt. 1901; Verklaring van mev. C. Murray aan P. Moltano, 1 Nov. 1901; Verklaring van Elizabeth Phillips, 25 Nov. 1901.

Later in die dag is sy amptelik in kennis gestel dat vry passaat na Engeland vir haar op die Roslin Castle bespreek was en dat sy haar om vieruur by die stafoffisier op genoemde skip moes aanmeld.¹⁴⁾ In die namiddag het 'n sekere luitenant-kolonel Williamson hom laat aanmeld as 'n mediese beamppte wat spesiaal gestuur was om haar klinies te ondersoek. Aangesien daar reeds deur haar vriendinne reëlings getref was om haar deur dr. Charles Murray te laat ondersoek, het Emily aanvanklik geweier om haar aan dr. Williamson te onderwerp. Toe hy daarop aandring het sy egter toegelaat dat hy 'n oppervlakkige ondersoek uitvoer. Hy het bevind dat sy nie aan hartkwaal ly nie, iets wat sy self ook geweet het, en het haar aangesê om gereed te maak om onverwyld die skip te verlaat. Emily het geweier om te gehoorsaam maar het haar gewilligheid betuig om later, indien haar gesondheid verbeter, met die gewone posboot na Engeland terug te keer: "I said repeatedly", het sy later verklaar, "(that) I still had faith enough in English men and English officers to believe that they would not force a sick woman on a long journey against her will, and that I should retain that faith as long as possible". Dr. Williamson het daarop bevel gegee aan die twee militêre verpleegsters wat hom vergeesel het, om mej. Hobhouse met geweld van die Avondale Castle af te verwyder. Emily, op haar beurt, het onmiddellik 'n beroep op die menslikheidsgevoel van die twee verpleegsters gedoen, en daarin geslaag om hulle te oerreed om dr. Williamson se bevele openlik te verontagsaam. Dr. Williamson self het daarop ook die skip tydelik verlaat.¹⁵⁾

Ongeveer 'n uur later het hy weer teruggekeer, nou vergesel van twee soldate. Emily is opnuut versoek om vrywillig met hom saam te gaan. Sy het weer geweier en die dokter, wat skynbaar sy humeur begin verloor het, het aan haar gevra: "Madam, do you wish to be taken like a lunatic?" Fier en sonder sigbare tekens van die angs wat haar beetgepak het, het sy daarop geantwoord:

14). Ibid: Brief van Emily Hobhouse aan kol. Cooper, 31 Okt. 1901; Brief van L.W. Hubert aan Emily Hobhouse, 31 Okt. 1901.

15). Hobhouse: Pamphlet to the Committee of the S.A. Women and Children's Distress Fund.

"Sir, the lunacy is on your side and with those whose commands you obey. If you have any manhood in you, you will go and leave me alone".¹⁶⁾

Aangesien daar nou vir hom geen ander weg oopgestaan het nie, het dr. Williamson 'n teken aan die twee soldate gegee om nader te kom. Hulle het vir 'n oomblik gearsel en Emily het van die geleentheid gebruik gemaak om 'n beroep op hulle te doen "to afford me the same respect as they would like shown to their own wives and mothers in similar conditions". Hierdie keer het haar beroep egter op dowe ore geval. Die twee soldate, aangespoor deur dr. Williamson, het vasberade vorentoe getree, haar arms met behulp van haar eie sjaal teen haar sye vasgedraai en haar toe van die skip na 'n koets op die kaai gedra. By die Roslin Castle aangekom, is weer 'n beroep op haar gedoen om vrywillig aan boord te gaan. Toe sy weer weier, het 'n aantal kajuitbediendes haar teen haar sin opgetel en na die kajuit gedra wat voorheen reeds vir haar bespreek was. Daar is sy eindelijk losgelaat en opgedra aan die sorg van kolonel Clowes, die offisier in bevel van die skip¹⁷⁾ waarop sy haar nou bevind het.

Die onaangename en ruwe wyse waarop haar oorpasing na die Roslin Castle geskied het, het Emily liggaamlik sowel as geestelik uitgeput en haar met afsku en walging teenoor die militêre owerhede vervul. So groot was haar verbittering inderdaad, dat sy haar gewone kalmte heeltemal kwytgeraak, na die pen gegryp en heftige briewe aan Milner en Kitchener gerig het: "Your narrow incompetency to see the real issues of this great struggle", het sy aan die Hoë Kommissaris geskrywe, "is leading you to acts such as this and many others, staining your own name and the reputation of England. I liked you first and would have helped you. But now I see you more clearly as you are and can believe it is true what a man once said to me that you have the 'Soul of a Spy'. Perhaps that is necessary in a Despot. At least you should try, in the words of Burke, so to be a patriot as not to forget you are, or ought to be, a gentleman. You have lost us the heart of a fine

16). Ibid.

17). Ibid.

people and beware lest that is but the prelude to the loss of their country also. This is Empire breaking indeed". Voorwaar profetiese woorde!

Haar brief aan lord Kitchener was in dieselfde verbitterde trant gestel: "Your brutality has triumphed over my weakness and sickness", het sy beskuldigend uitgeroep. "You have forgotten so to be a patriot as not to forget you are a gentleman. I hope that in future you will adopt greater width of judgement in the exercise of your high office. To carry out orders such as these is a degradation both to the office and manhood of your soldiers. I feel ashamed to own you as a fellow-countryman".

In die lig van haar vroeëre lewe en werk gesien, kan die verbitterde uitbarsting waaraan Emily Hobhouse haar in bogenoemde briewe skuldig gemaak het, as 'n getroue weergawe van haar werklike karakter beskou word nie. Veel eerder moet dit bestempel word as die onnatuurlike opborreling van 'n gemoed oorstelp deur diepe verontwaardiging. Afgesonder van intieme vriende en raadgevers en onbekend met die onbuigsaamheid van krygswet was sy tot die uiterste gespanne en diep gekrenk oor die skandelijke wyse waarop sy, 'n welopgevoede Engelse dame, behandel is. Op daardie tydstip het sy gevolglik net een uitweg gesien, naamlik om, sover sy kon, 'n doring in die vlees van die betrokke owerhede te wees. Later het sy ruiterslik erken dat andersdenkendes heel moontlik haar optrede kon gelaak het, maar verskonend bygevoeg dat sy onder die destydse omstandighede, oor geen ander gedragslyn kon dink nie: "If it be thought that in any respect I could have acted better", het sy verklaar, "let it be remembered that I had no one to advise me. Neither had I any knowledge of law except that I fancied I was a free woman in a free country, and my fixed idea was to do nothing which could give ground for saying that I acquiesced in what was done to me".

18). Hobhouse: Memoirs VI Rough draft of Letter to Lord Milner, 1 Nov. 1901.

19). Ibid.: Rough draft of Letter to Lord Kitchener, 1 Nov. 1901.

20). Hobhouse: Pamphlet to the Committee of the S.A. Women and Children's Distress Fund.

Die wyse waarop Emily haar gedra het, is in elk geval volmondig goedgekeur deur haar Kaapse vriendinne, wat haar dwarsdeur ter syde gestaan het en gevolglik goed kon oordeel: "I have heard many speak with admiration of the unfaltering courage and determination with which she held to her point that this was an unjust interference with her liberty, to which she would not voluntarily submit", het mev. Charles Murray aan mr Percy Molteno verklaar. "Whilst I think it was splendid of her to go through such an ordeal, I am for the moment overwhelmed with the heavy cost to herself and I do feel the most serious anxiety as to the physical results for her ..."²¹⁾ Omdat haar vriendinne haar optrede sonder voorbehoud goedgekeur het, het hulle haar openlik aangemoedig en doelbewus gepoog om haar in haar moeilike stryd om reg te onder-skraag. Daarom dat Emily later in haar lewe, kon getuig dat "with-²²⁾ out their sustaining help, I should never have got through".

Selfs aan die Kaap was daar egter ook persone wat, sedert Emily se besoek aan die konsentrasiekampe, vyandig teenoor haar gestaan het. Hierdie mense se vyandige houding is duidelik weerspieël in 'n berig in The Owl, 'n ekstremistiese militêre nuusblaadjie destyds in Kaapstad uitgegee: "As a matter of fact", het die beriggewer van hierdie koerantjie Emily se oorplasing na die Roslin Castle beskrywe, "she kicked and scratched and yelled worse than any coloured woman ever run in for drunkenness in District 6, and used language to Dr. Williamson and Lieutenant Lingham which proved that in her time she must have frequented places just as filthy and quite as crowded as she alleged the concentration camps were. It is to be hoped that we have heard the last of this woman. No sewing-machine agent ever lied like she did, and if notoriety was her object, she certainly succeeded, for her false-²³⁾ hoods were printed in all the civilized languages of the world".

Bogenoemde berig wat, volgens die beriggewer self, op hoorsê berus het, was beslis van alle waarheid ontbloot. Die bewering

- 21). Hobhouse: Memoirs VI. Verklaring van mev. C. Murray aan P. Molteno, 1. Nov. 1901.
- 22). Hobhouse: Memoirs VI.
- 23). Hobhouse: Memoirs VI. Berig uit The Owl, 3 Jan. 1902.

dat mej. Hobhouse haarself belaglik gemaak het, was nie slegs oordrewe vir sover die beskrywing in alle opsigte strydig met haar ingewortelde karaktereienskappe was nie, maar word ook direk weer-spreek deur Emily se eie verklaring dat "it was purely passive resistance excepting in so far as I resented having my shawl bound about me." ²⁴⁾ Verpleegster Phillips, wat pal by mej. Hobhouse ge-

bly het en alles wat met haar gebeur het persoonlik kon aanskou, het ook rondborstig verklaar dat "Miss Hobhouse bore herself calmly during the successive interviews" ²⁵⁾.

Nadat sy eenmaal na die Roslin Castle oorgeplaas was, het Emily gevoel dat die stryd tydelik volstry was en dat sy voorlopig niks verder aan die saak kon doen nie. Liggaamlik verswak, was die terugreis na Engeland aan boord van 'n vuil troepeskip met 'n vrag van 8,100 soldate, uiters vermoeiend. Haar gesondheid het verder agteruitgegaan en haar verpleegster het rede tot bekommer-nis oor die toestand van haar pasiënt gehad: "After deportation", het mej. Phillips later verklaar, "it was several days before Miss Hobhouse regained strength or appetite, and the only invalid foods available on board ship was Brand's Essence. The extreme vibra-tion of the Roslin Castle playing upon overstrained nerves, pre-vented a return of strength. The first return of energy was not until we had been fifteen days out when the ship rested twenty-four hours at St. Vincent". Die moeilikheid is vererger deur die feit dat Emily en mej. Phillips albei slegs somersklere by hulle gehad het en bittere koue gedurende die laaste aantal dae van die reis moes verduur. ²⁶⁾

Na haar aankoms in Engeland het Emily die vraagstuk van haar deportasie deeglik met haar vriende en familielede bespreek en oorweeg of sy 'n hofsak sou instel teen diegene wat vir haar ge-vangeneming en deportasie verantwoordelik was. Haar oom, lord Hobhouse, het haar aangeraai om geen kommentaar oor die saak te lewer alvorens sy nie eers die hele aangeleentheid versigtig oor-dink en noukeurig op skrif gestel het nie. Dit het sy gedoen in

24). Hobhouse: Memoirs VI.

25). Ibid. Verklaring van Elizabeth Phillips, 25 Nov. 1901.

26). Ibid.

'n spesiale brief aan die Komitee van die Suid-Afrikaanse Vroue en Kinders Noodlenigingsfonds.²⁷⁾ Die brief is eers vir kommentaar aan lords Hobhouse en Ripon voorgelê en daarna ter beskikking van die Britse pers gestel. Uit 'n verklarende brief aan die pers, terselfdertyd deur mej. Hobhouse opgestel, blyk duidelik wat presies haar aanklag^{was} teen diegene wat sy as verantwoordelik vir haar deportasie beskou het. Daarin het sy onomwonde verklaar dat "the gist of my complaint is the act of arrest and subsequent deportation and not the mode in which the intermediate agents behaved..."⁽²⁸⁾

Intussen het lord Hobhouse reeds 'n onderhoud vir Emily met sir George Lewis, van die prokureursfirma Lewis en Lewis, gereël. In opdrag van hulle kliënt het die firma op 3 Desember 'n brief aan die oorlogsminister, mnr. Brodrick, gerig. Daarin het hulle hom amptelik daarvan verwittig dat mej. Hobhouse van voorneme was om geregtelike stappe in te stel teen lord Milner, lord Kitchener, kolonel Cooper en luitenant Lingham "for having imprisoned and assaulted her". Terselfdertyd is mnr. Brodrick versoek om opdrag aan die prokureur vir die oorlogsministerie te gee om, in hulle afwesigheid, namens die aangeklaagdes op te tree.²⁹⁾

Nege dae later, op die 12de Desember, het Lewis en Lewis 'n amptelike antwoord ontvang, waarin hulle meegedeel is dat die oorlogsminister weier om sodanige opdrag aan sy prokureur te gee.³⁰⁾ Mnr. Brodrick se weiering om die staatsprokureur te laat verskyn namens die verweerders "who are all at present engaged in the public service in South Africa", het mej. Hobhouse se prokureurs gedwing om die saak uit 'n ander rigting te benader. Met die doel voor oë het hulle 'n tweede brief aan Brodrick gerig en hom daarop gewys dat hulle kliënt "does not seek to recover money, but to test the legality of the acts done under colour of martial law". Terselfdertyd is hy versoek "to take upon yourself the responsibility of the orders given under which she was imprisoned

- 27). Hobhouse: A letter to the Committee of the S.A. Women and Children's Distress Fund.
- 28). Hobhouse: Memoirs VI. Letter contributed to the Press, Des. 1901.
- 29). The Manchester Guardian, 24 Jan. 1902.
- 30). Ibid. Brief van G. Fleetwood Wilson aan Lewis en Lewis, 12 Des. 1901.

and deported to England and defend this legally in a court of law". Indien mnr. Brodrick self sou onderneem om as verweerder op te tree, het Lewis en Lewis gemeen, sou dit moontlik wees om die saak teen die ondergeskikte amptenare en offisiere te laat vaar en nogtans 'n toetssaak namens mej. Hobhouse te voer.³¹⁾

Hoewel mnr. Brodrick reeds op 17 Desember die ontvangs van bogenoemde brief erken het, het hy versuim om amptelik daarop te antwoord. Sodoende is Lewis en Lewis verplig om 'n wagtende houding in te neem. Eers op die 15 de Januarie is hulle amptelik in kennis gestel dat mnr. Brodrick ook hulle tweede versoek verwerp en weier om self aanspreeklikheid vir mej. Hobhouse se deportasie te aanvaar.³²⁾ Aangesien daar geen moontlikheid bestaan het dat enigeen van die oorspronklike verweerders binne afsienbare tyd na Engeland sou kon terugkeer nie en mnr. Brodrick onwillig was om namens hulle aanspreeklikheid te aanvaar, kon Lewis en Lewis, op daardie tydstip, toe geen toetssaak namens mej. Hobhouse aanhangig maak nie. Die hele aangeleentheid het gevolglik eers hangende gebly en Emily moes haarself tevrede stel met die gedagte dat "the chief men responsible for the outrage on public liberty showed themselves afraid to face the music".³³⁾

Emily Hobhouse was persoonlik gewillig om in die onvermydelike te berus. 'n Aantal vooraanstaande Liberale parlamentslede, onder wie die here John Ellis, Frederic Harrison, James Bryce en sir William Harcourt, het egter in so 'n saak 'n geleentheid gesien om die regering in onguns te bring en was begierig om met die geregtelike ondersoek voort te gaan. Hierdie groep het van die standpunt uitgegaan dat mnr. Brodrick se weiering om as verweerder namens die werklike aangeklaagdes op te tree, nie rede genoeg was om tou op te gooi nie: "It requires no assent of anyone", het sir William Harcourt aan mej. Hobhouse geskrywe, "to enable you to serve a writ, which could be done upon the Secretary of

- 31). Ibid. Brief van Lewis en Lewis aan mnr. Brodrick, 14 Des. 1901.
- 32). Ibid. Brief van E.W.D. Ward aan Lewis en Lewis, 17 Des. 1901; Brief van G. Fleetwood Wilson aan Lewis en Lewis, 15 Jan. 1902.
- 33). Hobhouse: Memoirs VI.

State without any concurrence on his part. He will then have either to admit or deny his liability and the question would be tried out". Al wat nodig was volgens sir William, was om die wetlike aspekte van die saak vir ondersoek aan "the most authoritative representatives of the Common Law Bench" voor te lê en dan verder volgens hulle advies te handel. ³⁴⁾

Op die wyse het Emily haar laat oorreed om die saak in die hande van die vooraanstaande juris, sir Charles Russel, oor te gee. Hy, op sy beurt, het dit aan vyf destyds welbekende regsgeleerdes, mnrre Arthur Cohen, R.T. Reid, J. Walton, W.O. Danckwerts en Frederic Mackarness, voorgelê. Hierdie groep juriste het die regsaspekte van die saak noukeurig bestudeer en na rype beraad tot die slotsom gekom dat "in view of the certain passage of an Act of Indemnity covering the proceedings complained of by Miss Hobhouse, not only would the action be defeated, but the attempt to obtain an authoritative or useful decision on Martial Law, would prove abortive". ³⁵⁾

Die juriste se bevinding dat die Britse regering hulleself deur 'n Indemnitieswet teen vervolging kon vrywaar, was, volgens sir William Harcourt, nog geen rede waarom daar nie met die saak voortgegaan kon word nie: "If the object were simply to recover damages", het hy verklaar, "that might be an objection. But if what is arrived at is to establish the illegality of the proceedings against you (which is the national object), nothing could more conduce to that end than the necessity placed on the Government of introducing an Indemnity Bill - which on the face of it is a confession of illegality" ³⁶⁾

Ander vooraanstaande persone uit die Liberale partygroep het met sir William Harcourt saamgestem dat die aanname van 'n indemnitieswet op sigself 'n skulderkenning sou beteken. Hulle was egter nie so optimisties soos hy om te glo dat die saak ooit so 'n gevorderde stadium sou bereik nie. Sir Charles Russel, wat

34). Ibid. Brief van sir William Harcourt aan Emily Hobhouse, 28 Jan. 1902. Ek onderstreep.

35). Ibid. Legal opinion re Miss Hobhouse. Ek onderstreep.

36). Ibid. Brief van sir William Harcourt aan Emily Hobhouse, 28 Feb. 1902.

die hele aangeleentheid weer met die ander regsadviseurs bespreek het, het dan ook onomwonde aan mej. Hobhouse verklaar dat „before you could raise the issue at law, you would have to obtain a Find-ing of a Jury upon the facts, and that, taking all the circumstances into consideration, it was impossible to hope that any Jury would find in your favour on the facts, and that there would be a tendency to find for Lord Kitchener and his subordinates, and this being so, that you would never get into the position of being able to discuss the legal issue properly”.³⁷⁾ Die regsgeleerdes, sir Robert Reid en mnr. Arthur Cohen, het in dieselfde trant geskrywe en eersgenoemde het haar baie beslis aangeraai om die saak te laat vaar en te berus daarin dat „time alone can give you a verdict”.³⁸⁾

Soos sir Robert Reid voorspel het, het die verloop van jare nuwe getuienis en helderheid oor Emily Hobhouse se gevangenisneming en deportasie aan die lig gebring. Tans is dit moontlik om uit argivale bronne vas te stel wie in werklikheid vir die wandaad verantwoordelik was en sodoende die sluier oor 'n tergende historiese geheim te lig. Hoewel skynbaar geen amptelike korrespondensie in die verband gevoer is nie, is die aangeleentheid herhaaldelik in die Britse laerhuis bespreek en het die waarheid langs 'n omweg tog rugbaar geword.

Op 27 Januarie 1901 het mnr. Swift MacNeill, die opposisie-lid vir Donegal, die bal aan die rol gesit deur die aangeleentheid van mej. Hobhouse se arrestasie vir die eerste keer in die laerhuis aanhangig te maak. Mnr. Thomas Shaw, die verteenwoordiger vir Howick, het daarna op die been gekom en die oorlogsminister in die hoek gedryf deur pertinent aan hom te vra „whether he has declined to accept responsibility for the arrest and deportation of Miss Hobhouse; or whether he will now accept such responsibility, and will accordingly offer no further obstacle to the important legal and constitutional question raised by such arrest and deportation being fairly tried on its merits in the Courts

37). Hobhouse: Memoirs VI. Brief van sir Charles Russel aan Emily Hobhouse, ongedateerd.

38). Ibid. Brief van sir Robert Reid aan Emily Hobhouse.

39) of Law".

Die oorlogsminister se antwoord, hoewel uiters versigtig gestel, was nietemin veelseggend: "While I take all responsibility in this House for Lord Kitchener's action", het hy probeer skerm, "I must, as regard legal proceedings, adhere to my decision as conveyed to the legal representatives of Miss Hobhouse"⁴⁰⁾. Bo- staande erkenning van mnr. Brodrick dui daarop dat hy reeds op die tydstip bewus daarvan moes gewees het dat Kitchener die eintlike sondebok was.

Die volgende dag het mnr. MacNeill nog verdere lig op die aangeleentheid verkry deur aan die oorlogsminister te vra "whether he will lay upon the Table of the House the communications by telegraph and otherwise that passed between the War Office and the military authorities in South Africa with reference to the deportation and arrest of Miss Hobhouse"⁴¹⁾.

Mnr. Brodrick, versigtig soos altyd, het sy eie bas probeer red, deur weer met 'n veelseggende antwoord voor die dag te kom: "No telegrams of other communications", het hy beweer, "passed before Miss Hobhouse's deportation and I have therefore nothing to lay on the Table"⁴²⁾. Sodoende het mnr. Brodrick sy eie onskuld bowys, maar terselfdertyd Kitchener se skuld verswaar deur te suggereer dat die opperbevelhebber op eie houtjie en sonder opdrag van die Britse oorlogskantoor gehandel het. Nou, na die koeël deur die kerk was, was hy as oorlogsminister feitlik genoodsaak om verantwoordelikheid vir sy ondergeskikte in Suid-Afrika se optrede te aanvaar; vooraf het hy daar egter niks van gewêet nie. As persoon en oorlogsminister was hy dus 'n "accessory after the fact" en nie "before the fact" nie. By hierdie uiteensetting het die oorlogsminister konsekwent gebly en ter staving daarvan op 10 Maart 1902 weer verklaar: "The action was taken by the military authorities in South Africa and, as I have already stated to the House, I accept full responsibility in this House for such action"⁴³⁾.

39). British Parliamentary Debates, Vol. CI., p. 947.

40). Ibid. Ek onderstreep.

41). Ibid., p. 1095.

42). Ibid.

43). British Parliamentary Debates, Vol. CIV, p. 867.

Verdere bewys van lord Kitchener se skuld, het ook in Suid-Afrika opgeduik. Sir W. Hely-Hutchinson, die Kaapse goewerneur, het naamlik aan Emily Hobhouse self laat weet dat sy siviele administrasie geen kennis van haar arrestasie gedra het nie. Daar-aan het hy toegevoeg dat die bevel tot inhegtenisname waarskynlik uitgereik is "under the powers centred in the military authorities by Martial Law".⁴⁴⁾

Aangesien daar geen twyfel meer oor Kitchener se skuld kon bestaan nie, het die Britse opposisie voorts 'n poging aangewend om lord Milner se aandeel aan die saak nader te bepaal. Op 31 Jan. 1902 het MacNeill hom gevolglik tot mnr. Chamberlain, in sy hoedanigheid as koloniale sekretaris, gewend met 'n drieledige en weldeurdagte strikvraag. Hy wou nl. van die koloniale sekretaris weet "whether he is aware that the name of Lord Milner was associated with that of Lord Kitchener in the telegram ordering the arrest and deportation of Miss Hobhouse, which was read to that lady at the time of her arrest; whether he accepts responsibility for Lord Milner's participation in Miss Hobhouse's deportation and arrest; and whether he will lay upon the Table of the House the communications between the Colonial Office and Lord Milner with reference to the arrest and deportation of Miss Hobhouse".⁴⁵⁾

Baie beslis het mnr. Chamberlain hierop geantwoord: "No, Sir, I am not aware that the name of Lord Milner was associated with that of Lord Kitchener in the telegram to which the hon. member refers. The Secretary of State is of course responsible for whatever Lord Milner has done. I am not prepared to lay any Papers".⁴⁶⁾ In antwoord op 'n verdere vraag deur mnr. MacNeil aan hom gestel, het mnr. Chamberlain enkele dae later verder beweer: "No correspondence on the subject passed between Lord Milner and the Colonial Office previous to Miss Hobhouse's arrest. I have since received a despatch enclosing two letters from Miss Hobhouse".⁴⁷⁾

Soos Brodrick was dus ook Chamberlain slegs 'n "accessory after

44). Hobhouse: Memoirs VI. Brief van sir W. Hely-Hutchinson aan Emily Hobhouse, 28 Okt. 1901. Ek onderstreep.

45). British Parliamentary Debates, Vol. CII, p. 24.

46). Ibid.

47). Ibid., p. 509. Ek onderstreep.

the fact". Direk aandadig aan mej. Hobhouse se gevangening en deportasie was hy egter nie.

Hoewel dit duidelik is dat die bevel vir mej. Hobhouse se arrestasie deur lord Kitchener uitgereik is, bewys beskikbare getuienis dat lord Milner ook wel indirek aandadig was. Bewys hiervoor word verskaf deur niemand minder as Headlam, Milner se eie biograaf nie. In sy beskrywing van Emily Hobhouse se werk in belang van die kampe, beweer hy op ondubbelsinnige wyse dat "Milner gave careful consideration to her suggestions in June, but recommended that she should not be allowed to return to South Africa. She endeavoured to do so, and created an hysterical scene when prevented from landing".⁴⁸⁾ 'n Beter bewys van Milner se aandadigheid hoef nie gesoek te word nie.

Na aanleiding van bogenoemde kom ons tot die slotsom dat Kitchener, as militêre opperbevelhebber, op aanbeveling van die Hoë Kommissaris, lord Milner, in die eerste plek vir mej. Hobhouse se arrestasie en deportasie verantwoordelik was. Brodrick sowel as Chamberlain was weliswaar gewillig om die optrede van Kitchener en Milner onderskeidelik agterna goed te keur, maar direk aandadig aan die oorspronklike bevel was hulle beslis nie.

Al sou dit destyds moontlik gewees het om te bewys wie presies vir die wandaad verantwoordelik was, was Emily se wetlike raadgewers nogtans verstandig om haar aan te raai om geen toets-saak aanhangig te maak nie. Hoe onregverdig en ongemotiveerd Kitchener se deportasiebevel ook al mag gewees het, bly dit vasstaan dat sy optrede nie noodwendig onwettig was nie. Volgens krygswet was dit vir hom, as militêre opperbevelhebber, nie nodig om rekening met die Habeas Corpus-wet te hou nie. Hierby moet nog gevoeg word dat Engeland in oorlog gewikkel was en dat die skuldiges, Kitchener en Milner, op daardie tydstop besonder gewild was by die algemene Britse publiek. 'n Jurie, verteenwoordigend van so 'n bevooroordeelde publiek, sou Emily beswaarlik gelyk gegee het, veral aangesien sy reeds betreklik algemeen as 'n vyand van haar vaderland beskou is. Al sou die onmoontlike ook gebeur het

en 'n jurie ten gunste van haar besluit het, sou dit haar nog niks gebaat het nie. Die Britse regering sou eenvoudig 'n spesiale Indemniteitwet deur die parlement loods en sodoende enige hofbevel kragteloos maak.

Terselfdertyd bly dit ook vasstaan dat Emily, deur haar verset teen militêre bevele, 'n mate van onkunde aangaande militêre aangeleenthede en die toepassing van krygswet openbaar het. Later moes sy self erken dat haar verset teen verkeerde mense gerig was en openlik bely: "Tyrannical and lawless as I believe the action of the responsible authorities to have been, I have no general complaint to make of the mode in which their subordinates carried their orders into effect".⁴⁹⁾ Op daardie tydstip het sy egter geglo dat sy besig was om in belang van die demokratiese ideaal te stry en te ly, en in die lig moet ons haar optrede dan ook beoordeel. As altruïs en pasifis het sy gemeen dat haar optrede geregverdig was en het sy geen ongemak of oneer ontsien om haar lewensideaal tot die uiterste uit te leef nie.

Die gebeurtenisse verbonde aan Emily Hobhouse se gevangene-ning en deportasie het verreikende gevolge vir haar persoonlik sowel as vir haar groot werk in belang van die konsentrasiekampe gehad. Die mees onmiddellike gevolg was dat haar gesondheid ernstig benadeel is en haar gestel 'n knou opgedoen het waarvan sy nooit weer heeltemal herstel het nie. Vyf-en-twintig jaar later moes sy nog in haar Herinneringe skrywe dat "the shock was so sudden and astounding, and to this day I feel its effects physically".⁵⁰⁾

Die feit dat die volle waarheid aangaande haar deportasie nooit openbaar gemaak is nie, het die berugtheid wat sy reeds in die oë van oningeligte en kwaadwillige regeringsondersteuners werf het, nog verder laat toeneem: "I believe even to this day", moes sy 'n kwarteeu later met weemoed erken, "that lots of people are under the impression that I was a rebel or had done something dreadful to be so treated, and in drawing-rooms and elsewhere

49). Hobhouse: Letter to the Committee of the S.A. Women and Children's Distress Fund.

50). Hobhouse: Memoirs VI.

people thought it good manners to turn their backs on me when introduced" ⁵¹⁾

Hierdie vyandige houding van die Britse publiek het ook 'n weerklink gevind in die bitsige kritiek wat sy gedurende die eerste maande van 1902 moes verduur. In 'n artikel geskrywe vir Punch, het mnr. Owen Seaman, die sub-redakteur van die tydskrif, haar openlik as 'n vyand van haar land bestempel, terwyl 'n groot gedeelte van dr. Conan Doyle se The War in South Africa, aan 'n bitsige veroordeling van haar werk in die kampe gewy was. Dr. Doyle se bewerings is egter, soos reeds voorheen aangetoon, deur die latere verloop van gebeurtenisse en ander getuienis weerspreek. Mnr. Seaman weer, het later self aan mej. Hobhouse erken: "I was certainly not justified in introducing your name and making you represent yourself as hostile to the objects of our army in the field". ⁵²⁾

Die gespanne verhouding wat daar reeds tussen Emily en die Britse Oorlogsministerie bestaan het, het as gevolg van haar deportasie nog verder versleg en op openlike vyandskap uitgeloop. Die vyandskap was wederkerig en die Britse minister van kolonies, mnr. Joseph Chamberlain, het selfs sover gegaan om haar in 'n openbare toespraak op bedekte wyse van onerkentlikheid te beskuldig. Almal, wat die konsentrasiekampe besoek het, het hy beweër, het die Britse regering se pogings om die toestand te verbeter, waardeur, "with the exception, so far as I know, the sole exception, of Miss Hobhouse". ⁵³⁾ Die opposisie op hulle beurt, het haar openlik verdedig en in 'n toespraak gelewer te Bath, het mnr. Campbell-Bannerman haar beskrywe as "that noble lady, who had the honour of having first called public attention to the matter, and who has now been further honoured by being expelled from South Africa". ⁵⁴⁾

So uitgesproke was Liberale partykringe inderdaad in hulle bewondering dat die New Reform Club sover gegaan het om 'n dinee ter ere van haar te reël, met mnr. C.P. Scott, die redak-

51) Ibid.

52) Ibid. Brief van Owen Seaman aan Emily Hobhouse, 4 Aug 1902.

53) The Times (Londen), 21 Jan. 1902.

54) The Manchester Guardian, 21 Nov. 1901. Ek onderstreep.

teur van die Manchester Guardian in die stoel. Op die wyse is aan Emily getoon dat sy nie alleen in die stryd staan nie maar dat sy op die heelhartige ondersteuning van die invloedryke Liberale partyorganisasie kon reken.⁵⁵⁾

Van nog groter belang was die uitwerking wat haar deportasie op die verdere verloop van haar werksaamhede in belang van Suid-Afrika gehad het. Teleurgesteld in haar eie volk, het sy haar voortaan volkome met die Boeresak vereenselwig. Sodoende het sy werklik anti-Engels geword, nie in die sin dat sy openlik vyandig teenoor die Britse volk as groot geheel gestaan het nie, maar wel vir sover sy alle vertroue verloor het in „the boasted English liberty and justice”. Voortaan het sy die optrede van die Britse owerhede met soveel agterdog bejeën dat sy selfs hulle goedbedoelde pogings nie meer na waarde kon skat nie: „Learning that justice is thus hard to obtain”, het sy dan ook later in haar lewe self erken, „I have ever since felt somewhat cold when hearing laudation of our English rights and liberties”.⁵⁶⁾ Die noodwendige gevolg van hierdie vervreemdingsproses was dat haar oorlogse werk in Suid-Afrika dikwels onnodig gestrem is deur die onderlinge wantroue tussen haar en die Britse owerhede, en veral lord Milner. Terselfdertyd het haar deportasie ook haar werk in die wiede gery vir sover al haar pogings ter verbetering van die kampe, voortaan tot Brittanje beperk moes bly. Persoonlike toegang tot Suid-Afrika was haar op 'n besliste wyse ontsê.

Sodoende het Emily Hobhouse se groot werk in belang van die kampe langsamerhand ten einde geloop. Liggaamlik en geestelik uitgeput na die harde werk van die vorige jaar en die verpletterende slag haar deur die Britse owerhede toegedien, het sy aan die einde van Maart 1902 op 'n vakansiereis na Talloires, in die berge van Savooie, vertrek. Terwyl sy daar vertoef het, het die nuus van die ondertekening van die Vrede van Vereeniging haar bereik: „The sudden release from that tension”, verklaar sy later in die verband, „seemed too much and I remember how I sat there by the waterside and cried my heart out This Peace news

55). Hobhouse: Memoirs VI.

56). Ibid.

was mingled. On our side - just that it was over, and not another life need be sacrificed - was all joy, but I could not forget how bitterly the brave women in the Camps would feel its terms and the crushing of the hopes that had borne them up through loss and pain. For them it contained sorrow⁵⁷⁾

Haar gevoelige hart het inderdaad so intens met die Boerevrouens saamgevoel dat sy vir die volgende twee maande geen gemoedsrus kon vind nie.

Eers na sy persoonlik van die Boeregeneraals verneem het in watter groot mate die ellende van die vroue en kinders in die kampe tot die aanvaarding van die vredesvoorwaardes bygedra het, het sy haar⁵⁸⁾ kalmte herwin en het „bewondering die plek van hartseer ingeneem.”

Toe eers kon sy die onvermydelike aanvaar en in profetiese taal uitroep: „Ek het nie die minste twyfel nie dat die kern van die saak waarvoor hulle gestry het en wat op die oomblik skynbaar prysgegegee is, deur hulle en hulle medestryders verkry sal word⁵⁹⁾ sonder verdere bloedstorting”.

57). Ibid.

58): Van der Merwe: Tot Nagedagtenis van Emily Hobhouse, p. 33.

59). Ibid. Brief van Emily Hobhouse aan mev. Steyn, 22 Aug. 1902.

HOOFSTUK 8.

REPATRIASIE EN KOMPENSASIE.

As gevolg van die oorlog is die eertydse republiek^e in 'n volslae wildernis omskep, met verwoeste dorpe, afgebrande plaasopstalle en onbewerkte landerye: "Except for a few dams and occasional fences which had escaped destruction", kon Amery dan ook tereg in sy amptelike geskiedenis van die oorlog vermeld, "the whole apparatus of rural civilization had practically been wiped out".¹⁾

Verskeie faktore het tot bogenoemde betreurenswaardige toestand aanleiding gegee. Die aksiomatiese grondwaarheid dat oorlog altyd met verwoesting gepaard gaan, is ook in die geval van die Boererepublieke weer duidelik bewys. Albei oorlogvoerende partye was afhanklik van voedselvoorrade wat hulle kon aankoop of konfiskeer in die gebied waardeur hulle getrek het. Sodoende is die veestapel uitgedun en die landbou, wat reeds deur krygsverrigtinge tot stilstand gebring is, nadelik getref vir sover saadgraan dikwels as voedsel deur die oorlogvoerendes opgeëis is. Die toestand is vererger deurdat die geringe voorraad graan, wat nie werklik opgeëis is nie, dikwels op onbesonne wyse vernietig is teneinde te verhinder dat dit in die hande van die vyand val. Plase en dorpe wat direk deur krygsverrigtinge getref of as slagveld gebruik is, het nog swaarder as gevolg van die oorlog gely.

Die grootste verwoesting is egter aangerig na die Britse op-
perbevel daartoe oorgegaan het om sekere gebiede doelbewus kaal te stroop op grond van militêre noodsaaklikheid. So stelselmatig is die beleid toegepas dat groot gedeeltes van die land eerlank in swartgebrande en onproduktiewe woestyne omskep is. Letterlik alles is verwoes, terwyl alle lewende hawe of ongebring of weggevoer is: "Mill-stones and agricultural implements were broken; horses, mules, oxen and vehicles of every description were collected for purposes of transport. Cattle and sheep which could not be driven into our lines, or which were not immediately required for food, were slaughtered on the spot and left either to rot or be devoured by the aasvogels. Forage stacks were fired,

1): Amery: The History of the War, Deel VI, p. 12.

threshed mealies, kaffir corn, wheat, barley, oats; were scattered with shell or burnt with paraffin. Growing crops were either set on fire or trampled down, according to their maturity. All minor food-stuffs, such as groceries, were destroyed or brought within our lines".²⁾

Die onbekwame en dikwels oneerlike agente van die sgn. Cold Storage Company was ook aan die grootskaalse uitroeiing van groot- en kleinvee aandadig. Hierdie agente het al agter die Britse leër-afdelings aangetrek en die vee, wat deur Britse offisiere gekonfiskeer is sodoende spotkoop in hande gekry. Hierdie vee is dan later in die vorm van bevrore vleis en teen 'n groot wins weer aan die Britse leërs verkoop: "There is a handsome profit in this case at the outset", het die distrikskommandant van Harrismith hom oor die aangeleentheid uitgelaat, "but they are also practically a cattle ring and are taking all breeding stock etc., and propose selling this confiscated - as requisitioned stock at a handsome profit when the war ceases"³⁾

Soortgelyke aanklagte is ook ingebring teen Weill's Transport Company, wat die Britse leër van trekdiere moes voorsien. Daar is beweer dat die maatskappy se agente - "many of whom are dressed in khaki and masquerade as officers" - vee op onwettige wyse konfiskeer, sonder om daarvoor te betaal. Sodanige oneerlike handelswyse het nog verder tot die uitdunning van die veestapel in die eertydse republieke bygedra.⁴⁾

Uitgebreide skade is ook deur bendes naturellestroppers aangerig. Hierdie bendes het die afgeleë boereplase roekeloos kaalgestroop, veral in die omgewing van naturellegebiede soos die oostelike gedeelte van die O.R.K. en die noordelike en noord-oostelike uithoeke van Transvaal. Die distrikskommandant van Harrismith kon dan ook nie nalaat nie om openlik beswaar aan te teken teen die astrante wyse waarop "the natives along the border were looting cattle and selling them to the first bidder".⁵⁾

2). Beak: The Aftermath of War, p. 16

3). V.A. Military Administrator, Harrismith, 17 July 1900 - 13 April 1901: Rapport van Castletown, distrikskom, 10 Sept. 1900.

4). Ibid.

5). Ibid; Vgl ook Macdonald: What I saw in South Africa, p. 52

Die stelselmatige vernietigingsbeleid van die Britse opperbevel, gepaard met die oneerlike handelswyse van handelsmaatskappye en die roekelose optrede van naturelestroopers, het landbou en veeteelt in die oorloggeteisterde gebied uiteindelik volkome lam-gelê. Mnr. Ramsay Macdonald, wat Suid-Afrika kort na die vrede deurreis het, het dan ook gevind dat onherstelbare skade feitlik orals aangerig was. Wat Transvaal betref was sy bevinding dat "the whole of the Western and Eastern Transvaal has been laid waste, and the whole of the South Eastern section has been burned. Round Pretoria I saw fewer signs of destruction. Again, in the Northern Transvaal, much destruction appears to have been done by Kaffirs; and from one end of the country to the other, except in some Northern parts, everything that could be turned to food has been destroyed, cattle butchered, farming implements smashed, dams broken, and irrigation works damaged"⁶⁾. Macdonald se bewering is gestaaf deur niemand minder as lord Milner self nie. Hy het Wes-Transvaal, na 'n persoonlike besoek, beskrywe as "a complete wreck"⁷⁾.

Die O.R.K. het daar netso treurig uitgesien. Hier was lord Kitchener se vernietigingsveldtog meer bepaald teen die oostelike distrikte gerig, teen die "granary of South Africa, the rich Caledon border". Tensinde die krygsterrein te beperk het Kitchener dit verder ook noodsaaklik gevind om 'n streek land van oos na wes, ongeveer ewewydig met die Oranjerivier kaal te stroop met die vooropgestelde doel "to deter the Free State Commandos from joining those in the Cape Colony"⁸⁾. In dieselfde verband lees ons verder by Macdonald: "The west and north-west districts are extensively burned and north and west of a line drawn from about Winburg to Ficksburg, right up to the Transvaal border few houses remain outside towns, and the towns - Bethlehem, Lindley,⁹⁾ Reitz, Senekal, Vrede, etc., - stand in all stages of destruction".

As groot geheel was die vroeëre republieke gevolglik in 'n

6). Macdonald: Op. cit., p. 52.

7). Headlam: Op. cit., Deel II, p. 384. Vgl ook Kemp: Die Pad van die Veroweraar, p. 4

8). Beak: Op. cit., p. 17.

9). Macdonald: Op. cit., p. 52.

agterlike toestand na die oorlog. So haglik was die toestand inderdaad dat lord Milner, wat met die moeilike taak van heropbou belas was, nog voor die beëindiging van vyandelikhede verplig was om te erken dat „the country has, in most parts, been, in the course of the war, completely denuded of everything necessary for the conduct of farming operations". Worsfold, 'n vurige bewonderaar van Milner, het weer op sy beurt die oorlogsgeteisterde gebied beskrywe as „ravaged and desolate, with little but its roofless houses and empty cattle-pens to distinguish it from a barren and uninhabited wilderness".¹⁰⁾

Milner se grootste verpligting na die oorlog was, volgens homself, die taak van „repairing the ravages of war".¹¹⁾ Dit het behels die algehele ekonomiese rehabilitasie van die verowerde republieke en die repatriasie van feitlik die hele oorspronklike blanke bevolking wat gedurende die oorlog na krygsgevangene - of konsentrasiekampe weggevoer is. As sodanig was dit dus Milner se taak om verkeerswese, landbou, veeteelt en mynwese in die kortste moontlike tyd tot die hoogste moontlike peil te verhoog en die nuwe kolonies so gou as moontlik in alle opsigte self-onderhoudend te maak.

As gevolg van die geweldige eise wat daar gedurende die oorlogsjare aan die spoorweë gestel is, het verkeerswese 'n ernstige vraagstuk geskep: „The railway lines", het die amptelike verslag oor die aangeleentheid gelui, „necessarily in a bad condition at the close of the war, and with all their employes desperately overworked, were at times hopelessly blocked, and the attempt to reconcile the demands of the army, the repatriation departments and the general public upon railways which were quite unable simultaneously to satisfy the requirements of them all, was, for at least two months, one of the most pressing and most harassing of the duties of the Administration".¹²⁾

Aangesien die oorlog in die eerste plek oor die besit van

10). Cd. 1163/1902, p. 83. Milner aan Chamberlain, 30 Des. 1901; Worsfold: The Reconstruction of the New Colonies under Lord Milner, Deel I, p. 23.

11). Headlam: Op. cit., Deel II, p. 367.

12). Cd. 1551/1903, p. 4; Vgl ook Beak: Op. cit., p. 79.

die Randse goudmynne gevoer is, is dit begryplik dat Milner hom doelbewus daarop sou toelê om die mynbedryf so gou moontlik weer winsgewend vir die staat te maak. Met die doel voor oë is daar, kort na die ondertekening van die vredestraktaat, 'n direkte belasting van tien persent op alle mynwinste gehef: "The effect of this act", skrywe Headlam later hieroor, "was both to relieve the mining industry from doubts and anxieties as to its liabilities, and to derive from it for the benefit of the State a large and expanding revenue".¹³⁾

Arbeidsmoeilikhede het egter gedreig om mynwese ernstig in die wiele te ry. Milner het die vraagstuk probeer oplos deur die hulp van Sir Godfrey Lagden van Basoetoeland in te roep. Hy het aanbeveel dat die stelsel waarvolgens mynwerkers in naturellegebiede gewerf is, hervorm word, die ingewikkelde passtelsel vereenvoudig, en 'n einde aan onwettige drankhandel onder naturelle - mynwerkers gemaak word. Desnieteenstaande het die Suid-Afrikaanse bantoe, "with the many opportunities of earning easy money above ground that the war afforded", onwillig gebly om 3,000 voet ondergronds 'n lewensbestaan te soek. Teneinde raad was Milner eindelik verplig om 'n ooreenkoms met die Mosambiekse administrasie aan te gaan waarvolgens mynwerkers in Mosambiek gewerf kon word. Dit het geskied teen 'n fooi van dertien sjielings per kop en verder op voorwaarde dat die vooroorlogse verhouding tussen die tariewe in Transvaal gehef op die Lourenco Marquese, Kaapse en Natalse spoorweë, onveranderd gehandhaaf sou word.¹⁴⁾

Die Mosambiekse ooreenkoms het die arbeidsvraagstuk enigszins verlig maar geensins opgelos nie. By geleentheid van die Bloemfonteinse doeane konferensie is die aangeleentheid weer te berde gebring. Daar is toe aan die hand gedoen dat "recourse must be had to temporary, indentured, unskilled labourers from China".¹⁵⁾ Walker, wat die hele aangeleentheid noukeurig ondersoek het, het die faktore wat die invoer van Sjinese arbeiders noodsaaklik gemaak het, as volg opgesom: "The general economic situation in

13). Cd. 1163/1902, p. 125; Headlam: Op. cit., Deel II, p. 369
14). Cd. 904/1912, p. 21; Walker: Op. cit., p. 500; Cd. 3564/1907, p. 61.
15). Cd. 1640/1903, p. 12.

South Africa was threatening. The harvest had failed; repatriated burghers, new British settlers, overstocked storekeepers, out-of-work irregulars and those others who had flocked to the Rand, were grumbling; in the coast colonies, the customary land and produce boom which had accompanied an imperial war, was showing ominous signs of breaking; but all might yet be well if the mines could be set at work at full pressure. Milner reluctantly faced the fact that the labour necessary for his schemes was not to be found locally, and appointed a Labour Commission to investigate alternative sources".¹⁶⁾

Die spesiale arbeidskommissie deur Milner benoem, het hulle daarop toegelê om die Britse Staatsekretaris te oortuig dat alle bevolkingsgroepe in Suid-Afrika ten gunste van die invoer van Sjinese arbeiders was. Milner self het die voorgename skema gesteun en in 1903 is die sgn. Arbeidsordonnansie sonder veel teëstand deur die Transvaalse Wetgewende Raad aangeneem en deur die Britse parlement bekragtig. In Junie 1903 het die eerste Sjinese aangekom en teen die einde van 1904 het reeds 23,000 voet aan wal gesit terwyl 'n verdere 20,000 op pad hierheen was.¹⁷⁾

Vir 'n tydperk het die binnelandse twis oor die invoer van Sjinese doodgeloop maar in 1905 het dit opnuut opgevlam toe die slagspreuk "Chinese Slavery" algemeen deur die opposisiepartye in Suid-Afrika gebruik is in hul doelbewuste veldtog teen die Selborne-bewind. Die agitاسie teen die verdere invoer van Sjinese is aangewakker deur die wettelose gedrag van die Oosterlinge wat reeds op die Rand gevestig was. Diegene in diens van die Nuwe Randfonteinmyn het tot 'n onwettige staking oorgegaan terwyl andere - "driven desperate by sodomy and gambling debts" - wegge-loop, bendes gestig en begin roof en moor het. Die toestand van onrus en ontevredenheid in Johannesburg op daardie tyd is deur H.W. Massingham, die plaaslike verteenwoordiger van die Londense Daily News, as volg opgesom: "A horde of slaves, black, brown and yellow, driven daily from mine to compound, from com-

16). Walker: Op. cit., p. 511.

17). Ibid., pp. 512 - 513; Spender: Campbell-Bannerman, Deel II, p. 146.

pound to mine. On the outskirts of this City of Night, hovers the Boer, silent, unreconciled - sure of the future. Month by month the Chinese swarm descends. Unaccompanied by womenfolk, they swell the tale of vice; they riot, sicken, die, - but they keep the white man out ..."¹⁸⁾

Milner se voornemens insake landbou en veeteelt was hoofsaaklik van die rehabilitasie van die landelike bevolking van die verowerde republieke afhanklik. As sodanig het dit in die eerste plek behels die vraagstuk van repatriasie en kompensasie. Die Britse koloniale sekretaris het die omvang van die repatriasievraagstuk duidelik begryp en Milner vroeg in 1901 reeds aangeraai om reëlins vir die oprigting van 'n landbank te tref. Sodra die oorlog oor was, kon fondse vir hervestigings-doeleindes dan teen 'n billike rentekoers voorgeskiet word.¹⁹⁾ Milner, daarenteen, was ten gunste van 'n repatriasieskema wat direk as 'n spesiale staatsdepartement geadministreer sou kon word. Gevolglik het hy aanbeveel dat die repatriasie van die vroeëre republikeinse onderdane, die hulpskema vir Britse vlugteling en die voorgenome setlaarskema alles in een omvattende repatriasiedepartement saamgevat moes word. Die onkoste verbonde aan die staatsdepartement wou hy dan bestry uit die £500,000 wat die Britse regering reeds vir „Relief and Re-settlement" gestem het, sowel as uit verdere fondse wat van tyd tot tyd tot sy beskikking gestel moes word.²⁰⁾

Die repatriasie van die getroue onderdane van die Britse Kroon wat gedurende die oorlog uit die republieke gevlug het, het begrypklikerwys eerste Milner se aandag geniet. Hierdie bevolkingsgroep, oorspronklik hoofsaaklik van die Rand afkomstig, het die ruggraat van mynwese en nywerhedc in Transvaal uitgemaak en as sodanig was hulle spoedige terugkeer 'n ekonomiese vereiste vir die staatsekonomie. Die terugtog van hierdie Britse vlugteling het net na die anneksasie van Transvaal 'n aanvang geneem en eerlank so 'n omvang bereik dat Milner doelbewuste maatreëls moes tref teneinde wanorde te voorkom. Die organisasiewerk in die verband

18). The New Age, 6 Sept 1906. Vgl ook Walker: Op. cit, p. 517.

19). Amery: Op. cit., Deel VI, p. 37.

20). Cd. 1163/1902, p: 81. Milner aan Chamberlain, 30 Des. 1901.

het hy oorgelaat aan die sgn. Refugee Aid Department. Die liggaam moes toesien dat die vlugteling na Johannesburg teruggebring en daar tydelik versorg word. Gedurende Januarie 1902, toe die terugstroming van vlugteling sy hoogtepunt bereik het, is £2,699 deur die Hulpdepartement hanteer en gedurende die volgende twee maande is 'n verdere £3,460 bestee, hoofsaaklik aan verbeterings²¹⁾ aan die vlugtelingkampe te Oos-Londen, Pietermaritzburg en Durban.

Waar die mynwese en nywerheidslewe van die nuwe Britse kolonies van die terugkeer van die Britse vlugteling afhanklik was, was die landboukundige heropbou weer toegewys op die repatriasie van die plattelandse bevolking. Maande voor die staking van vyandelikhede het Milner reeds aandag aan die aangeleentheid begin skenk. Volgens hom moes daar allereers 'n sensus van die mense in krygsgevangene - en konsentrasiekampe opgeneem word. Later, wanneer die tyd daarvoor ryp was, sou dit dan moontlik wees om, met die statistiese gegewens gewapen, die lede van elke huisgesin op 'n vinnige en goedkoop manier met mekaar te verenig. Navraag moes ook vooraf gedoen word na die vee, saad en implemente wat die teruggekeerde boere nodig sou hê sowel as na die beste bronne waaruit sodanige voorrade verkry kon word. Oorspronklik wou Milner die organisasiewerk in elk van die nuwe kolonies opdra aan 'n kommissie van drie lede, „well-acquainted with the country and its agricultural conditions”, maar op advies van Goold-Adams, die onder-administrateur in die O.R.K., het hy sy voorneme gewysig. In die O.R.K. is toe 'n spesiale landraad in die lewe geroep wat vir die repatriasie van die boerebevolking sowel as vir die plaasing van Britse setlaars verantwoordelik sou wees. Dieselfde²²⁾ stelsel is kort daarna ook in Transvaal toepaslik gemaak.

Die presidente van die landrade sou voltydse amptenare wees, vir 'n tydperk van twee jaar aangestel. Die res van die rade sou dan 'n adviserende liggaam uitmaak, bestaande uit deelydse

- 21). Ibid., p. 82. Milner aan Chamberlain, 30 Des. 1901; p. 101. Milner aan Chamberlain, 21 Feb. 1902; p. 123. Milner aan Chamberlain, 25 April 1902. Vgl. ook Cd. 1551/1903, pp. 9 - 10. Milner aan Chamberlain, 4 April 1903.
- 22). Ibid., p. 82. Milner aan Chamberlain, 30 Des. 1901; p. 97. Milner aan Goold-Adams, 11 Feb. 1902; p. 101. Milner aan Chamberlain, 21 Feb. 1902.

amptelike en nie-amptelike lede. Die nie-amptelike lede sou geen vaste salarisse ontvang nie, maar die bywoning van raadsvergaderings sou volgens 'n vasgestelde skaal vergoed word. In die praktyk het dit daarop neergekom dat elke landraad uit twee adviserende rade bestaan het, een vir repatriasie en die ander vir setlaarsaangeleenthede, elk met sy eie organiserende sekretaris. In die O.R.K. is majoor McLaughlin en in Transvaal kaptein Hughes tot sekretarisse van die repatriasieafdelings van die landrade benoem. Van hierdie twee amptenare is verwag "(to) collate the information from the Concentration Camps, and prepare detailed lists for each district, showing the number of people to be brought back and their prospective requirements"²³⁾. G.B. Beak, wat self met repatriasie behulpsaam was, beweer egter dat daar vooraf bloedweinig aandag geskenk is aan die vraag wat die gerepatrieerdes nodig sou hê en dat ook geen voorlopige bestellings vir vee, saad en ander benodighede geplaas is nie. Later sou hierdie versuim²⁴⁾ die repatriasiedepartement duur te staan kom.

Terselfdertyd het Milner die repatriasievraagstuk ook vanuit 'n ander oogpunt benader. Die moontlikheid om vee uit die buitenland in te voer is ondersoek, stukkende voertuie is opgekoop en herstel, en pogings is in die werk gestel om die tente in die konsentrasiekampe met rouseengeboue met sinkdakke te vervang. Sodra die uittog uit die kampe begin, kon die hout en sink dan deur die mense saamgeneem word na die verwoeste plase. In sommige kampe is monteerbare sinkhuise opgerig wat ter gelegener tyd netso na die plase verskuif kon word. Die komitee wat met die invoer van vee belas was, het tot die slotsom gekom dat so 'n stelsel verkwistend en onprakties sou wees en het aanbeveel dat aantelverse en -koeie in Suid-Afrika aangekoop en slegs opregte bulle ingevoer moes word. Milner wou egter nie heeltemal van sy voorneme afsien nie en op sy aandrang het die Transvaalse Landraad twee eksperimentele skeepsvrage vee uit Australie en Noord-

23). Ibid., p. 97. Milner aan Goold-Adams, 11 Feb. 1902; p.123. Milner aan Chamberlain, 25 April 1902; Vgl ook Amery: Op. cit., Deel VI, p. 37 en Worsfold: The Reconstruction of the New Colonies under Lord Milner, Deel I, p. 38.

24). Beak: Op. cit., p. 36.

25)
Amerika bestel.

Die verdere verloop van repatriasie in die O.R.K. en Transvaal is deur klousule X van die Vrede van Vereeniging (31 Mei 1902) bepaal. Hierdie klousule het voorsiening vir die samestelling van verteenwoordigende distrikskommissies vir alle distrikte in die O.R.K. en Transvaal gemaak. Die vooropgestelde doelstelling van die kommissies was, „assisting the restoration of the people to their homes and supplying those who, owing to war losses, are unable to provide for themselves, with food, shelter, and the necessary amount of seed, stock, implements, etc. indispensable to the resumption of their normal conditions”²⁶⁾. Wat die woord „people” presies ingehou het, was van die staanspoor af glad nie duidelik nie. Is daarby bedoel slegs diegene wat in krygsgevangene - en konsentrasiekampe aangehou is, of moes Britse vlugteling uit die eertydse republieke ook daarby ingesluit word? Soos dit geskrywe staan moet dit seer seker in die sin vertolk word dat die Britse regering verantwoordelikheid vir die repatriasie en hervestiging van die hele ontwortelde bevolking aanvaar het. Dit het ingesluit Britse vlugteling, republikeinse burgers wat voor die vrede reeds die eed van neutraliteit afgelê en daarna elders veiligheid gaan soek het, sowel as diegene in krygsgevangene - en konsentrasiekampe. Van die uitbetaling van enige vorm van kompensasie is daar in hierdie gedeelte van die klousule geen melding gemaak nie.

Voorts het klousule X die waarborg ingehou dat Sy Majesteit se regering die som van £3,000,000 ter beskikking van bogenoemde distrikskommissies sou stel. Die £3,000,000 was bedoel „for the above purposes”, d.w.s. vir die repatriasie en hervestiging van „the people who, owing to war losses are unable to provide for themselves”. Direk hierby is 'n verdere toegewing gevoeg dat die Britse regering „will allow all notes, issued under Law

25). Cd. 1163/1902, p. 101. Milner aan Chamberlain, 21 Feb 1902; p. 105. H.C. Lister aan Milner, 29 Jan. 1902; p. 123. Milner aan Chamberlain, 25 April 1902.

26). Cd. 1096/1902, p. 12. Afskrif van Vredestraktaat deur Kitchener aan Brodrick gerig op 1 Junie 1902. Ek onderstreep.

No. 1 of 1900, of the Government of the South African Republic, and all receipts given by the Officers in the field of the late Republics or under their orders, to be presented to a Judicial Commission which will be appointed by the Government, and if such notes and receipts are found by this commission to have been duly issued in return for valuable consideration, they will be received by the first-named Commissions (d.w.s. die distrikskommissies) as evidence of war losses suffered by the persons to whom they were originally given"²⁷⁾.

Bogenoemde voorwaarde was in alle opsigte dubbelsinnig gestel. Letterlik opgeneem het dit beteken dat die distrikskommissies alle oorlogsverliese wat voor die regterlike kommissie bewys kon word, moes beskou as getuienis om vas te stel hoeveel hulp presies aan 'n gerepatrieerde verleen moes word, "indispensable to the resumption of normal conditions", en nie as bewys van aanspraak op enige vorm van oorlogskompensasie nie. In die geval sou dit dan heeltemal wettig gewees het om van die £3,000,000, wat nie vir kompensasie bedoel was nie, gebruik te maak. Aangesien genoemde £3,000,000 vir die repatriasie van en hulp aan alle ontworteldes bestem was - soos dit geskrywe staan - is dit vanselfsprekend dat die versorging van oorlogsweduwees en - wese sowel as diegene wat tydens die oorlog liggaamlik ongeskik geraak het, ook daardeur gedek moes word. In die lig gesien, het Klousule X dus geen voorsiening vir die uitbetaling van enige kompensasie gemaak nie.

As die betrokke gedeelte van die klousule minder letterlik vertolk word, is dit egter ook vir 'n heeltemal verskillende uitleg vatbaar. Die feit dat bepaal is dat 'n geregtelike ondersoek na die oorlogsverliese deur 'n bepaalde persoon gely, deur 'n regterlike kommissie ingestel moes word, skep die indruk dat die oorspronklike bedoeling van die voorwaarde kon gewees het dat die £3,000,000 as kompensasie vir krygsverliese beskou moes word. So, in elk geval, is dit deur talle persone, veral Afrikaanssprekendes, vertolk.

27). Ibid. Ek onderstreep.

Behalwe „the above-named free grant of three million pounds”, het die Britse regering ook onderneem om lenings voor te skiet vir repatriasie - en hervestigingsdoeleindes, rentevry vir twee jaar en daarna terugbetaalbaar teen drie persent rente oor „a period of years”²⁸⁾. Hoeveel geld vir die doel afgesonder en die presiese tydperk waarin die lening terugbetaal moes word, is nie vermeld nie. Die benaming „free grant” hier in verband met die £3,000,000 gebruik, het later tot ernstige misverstand aanleiding gegee. G.B. Beak, 'n vooraanstaande repatriasieamptenaar het dit letterlik vertolk in die sin dat „South Africa would not be called upon to pay it”²⁹⁾. Latere omstandighede en die wyse waarop daar uitvoering aan klousule X verleen is, het heeltemal 'n ander kleur aan die saak gegee.

As geheel geneem, was klousule X van die vredestraktaat gevolglik onduidelik en vatbaar vir teenstrydige vertolkings. Die Britse regering self het aanvanklik ook in die duister rondgetas. In 'n amptelike kennisgewing aan die krygsgevangenes in Ceylon, skrywe die koloniale sekretaris op 5 Junie 1902, in ondubbelsinnige taal, dat die drie miljoen pond beskikbaar gestel sou word „Voor terugzending van de populatie naar hunne woningen en voor het goedmaken van kriegsverliezen”³⁰⁾. Vyf maande later verklaar dieselfde koloniale sekretaris egter weer in die Britse Laerhuis dat die £3,000,000 bedoel was „entirely for all who are destitute, or who cannot make a fresh start in life without help”, d.w.s. slegs vir repatriasie en hervestiging, maar nie vir kompensasiendoeleindes nie.³¹⁾

Dieselfde onsekerheid het aanvanklik ook t.o.v. die vertolking van die benaming „free grant” in klousule X bestaan. In hierdie verband het daar egter duidelikheid gekom na die verklaring van 'n regeringsman in die Britse laerhuis dat die £3,000,000;^{seg}

28). Ibid.

29). Beak: Op. cit. p. 39: vd. Walt, Wild, Geyer: Op. cit. p. 617.

30). Eie Versameling: Kopij van eene telegraphische Communicatie van den Staats Secretaris voor de Koloniën aan zijne excellentie den Lieut. Gouverneur van Ceylon, 5 Junie 1902. Ek onderstreep.

31) Cd. 1329/1902, p. 6. Aangehaal deur Botha in 'n brief aan Chamberlain, 12 Nov. 1902. Ek onderstreep.

"should be part of any Transvaal loan which should be floated on behalf of South Africa".³²⁾ 'n Vrye gif in die sin dat Brittanje dit sou skenk, was die drie miljoen gevolglik beslis nie.

Na aanleiding van bogenoemde uiteensetting kan ons aanneem dat die Britse regering aanvanklik van die standpunt uitgegaan het dat die drie miljoen pond - wat in die vredestraktaat as 'n "free gift" beskrywe is - slegs as 'n lening voorgeskiet sou word. Indien klousule X dan verder letterlik geïnterpreteer word, sou die lening nie vir kompensasie gebruik word nie, maar slegs vir die repatriasie van en hulp aan "the people ... who, owing to war losses, are unable to provide for themselves ...", d. w.s. alle ontworteldes, insluitende die Britse vlugteling en "Roberts' men" wat krygsverliese voor die Regterlike kommissie kon bewys.

Die Boereleiers se opvatting van klousule X van die vredesverdrag het feitlik lynreg teen die Britse vertolking daarvan ingedruis. Die voorwaarde dat eise om skadevergoeding eers deur 'n regterlike kommissie behandel moes word voor die distrikskommis-sies repatriasihulp kon verleen, is deur Botha en die ander Boereleiers as afdoende bewys beskou dat die drie miljoen pond "were to be given in partial Compensation for war losses".³³⁾ Die betrokke bedrag, het hulle aangeneem, sou slegs aangewend word in lang van republikeinse burgers wat enduit op die slagveld gebly of in krygsgevangene- en konsentrasiekampe aangehou is, en nie in belang van die "Robert's men" wat die eed van neutraliteit reeds voor die vrede onderteken het, of Britse vlugteling nie.

Die Boereleiers se opvatting het in werklikheid berus op die voorlopige traktaat tydens die vredesonderhandelings opgestel en nie op die finale vredesverdrag soos op 31 Mei 1902 onderteken nie. In die loop van die voorafgaande besprekings het die Boereleiers daarop aangedring dat alle republikeinse note en wissels tydens die oorlog uitgereik, deur die Britse regering erken en uitbetaal moes word. Artikel II van die ontwerp-vredestraktaat het dan ook bepaal dat drie miljoen pond vir die doel deur die Britse re-

32). Op. cit., p. 39. Mnr. Ritchie in die Britse laerhuis, 4 Nov. 1902.

33). Cd. 1329/1902, p. 6. Botha aan Chamberlain, 12 Nov. 1902.

gering bewillig sou word. In die geval sou die drie miljoen werklik 'n „free grant”, bedoel vir kompensasie, gewees het. Artikel 12 van die ontwerp-vredestraktaat het dan verder neergelê dat die onkoste verbonde aan repatriasie, gedek sou word uit rentevrye lenings deur die Britse regering voorgeskiet.³⁴⁾

Die finale vredestraktaat soos deur die Britse regering bekragtig en as ultimatum aan die Boereafgevaardigdes voorgelê, het daar egter heeltemal anders uitgesien. Artikels 11 en 12 het verdwyn en is in gewysigde vorm in klousule X saamgevat. Die Boereleiers moes die nuwe verdrag noodgedwonge onderteken, maar nie voordat die skerpsinnige adv. J.C. Smuts eers 'n mondelinge versekering van lord Milner afgedwing het nie dat „no one except those who were on the veldt up to the last, and prisoners of war would draw any benefit out of the free grant of £3,000,000”.³⁵⁾

Na aanleiding daarvan en beïnvloed deur Chamberlain se kennisgewing aan krygsgevangenes in Ceylon, het die Boereleiers klousule X van die vredesverdrag toe soos volg aan hulle landgenote verduidelik: die drie miljoen pond was 'n vrye gif van die Britse regering, bedoel as kompensasie vir oorlogsverliese deur bittereinders en krygsgevangenes gely, terwyl die onkoste verbonde aan die repatriasie en hervestiging van die volk as geheel bestry³⁶⁾ sou word met rentevrye lenings deur die Britse regering voorgeskiet

Burggraaf Milner wat geroepe was om praktiese uitvoering aan klousule X te gee, het hom weinig aan die geredekawel daarvoor gesteur. Hy het besef „that if the burghers returning to their homes were to derive the full benefit of this assistance (d.w.s. die £3,000,000), relief must be afforded at once. It was impossible to wait until the proper apportionment of this large sum between thousands of claimants ... could be made”.³⁷⁾ Gevolglik het hy besluit om klousule X, voorlopig altans, in ooreenstemming met sy persoonlike vertolking daarvan, in werking te stel.

34). De Volkstem, 8 Junie 1904. Vgl ook Kestel en Van Velden: Op. cit., p. 117.

35). Cd. 1284/1902, p. 5. Botha aan Milner, 29 Julie 1902.

36). Cd. 1329/1902, p. 12. Boeregeneraals aan Chamberlain, 12 Nov. 1902

37). Cd. 1551/1903, p. 14. Milner aan Chamberlain, 4 April 1903: Worsfold: The Reconstruction of the New Colonies under Lord Milner, Deel I, p. 88.

Soos die Boereleiers het hy die drie miljoen pond ook as kompensasië beskou en het hy dit onder die opskrif "Compensation" in sy verslag van 4 April 1903 behandel. ³⁸⁾ As sodanig het hy dan ook diegene wat gerepatrieer en hervestig is, persoonlik aanspreeklik vir die onkoste gehou deur 'n bepaling dat "accounts will be kept of every man so assisted and he will be charged cost price". ³⁹⁾

Dit het Milner gedoen, soos Worsfold beweer, omdat "to have taken any other course would have been to pauperize and needlessly degrade a naturally self-reliant and self-supporting community". ⁴⁰⁾ In werklikheid is Milner se optrede egter gemotiveer daardeur dat hy op die tydstip nog self nie geweet het wat die finale beslissing oor klousule X sou wees nie. Gevolglik moes hy uiters versigtig met sy beskikbare fondse werk. Tot tyd en wyl daar meer duidelikheid oor die aangeleentheid sou kom, moes repatriasie egter voortgaan en noukeurig boekgehou word van alle geld daarvoor gebruik.

Intussen kon die gerepatrieerdes wat oorlogsverliese gely het, hul eise eers aan die Geregtelike Kommissie vir ondersoek en daarna aan die Sentrale Repatriasie Kommissie vir oorweging met die oog op uitbetaling voorlê. As dit alles afgehandel was, kon die eise vervolgens bymekaargereken en die drie miljoen dan pro rata onder die verskillende eisers verdeel word. Hierdie bepaling het nogeens bewys dat Milner die drie miljoen pond aanvanklik as kompensasië beskou het. Sy opvatting dat die gerepatrieerdes self vir hulle repatriasiekoste aanspreeklik was, blyk duidelik uit die verdere bepaling dat "the amount allotted to every (claimant) will be deducted from the account against him for goods or money supplied, and the balance will be his debt to the State, which will be made a charge on his property and be repayable on the terms laid down in conditions of surrender". ⁴¹⁾ Die bewoording van laasgenoemde bepaling dui tewens ook daarop dat Milner van die

38). Ibid., p. 14.

39). Cd. 1163/1902, p. 141: Milner aan Chamberlain, 10 Junie 1902. Vgl. Worsfold: Op. cit., p. 89.

40). Worsfold: Op. cit., pp. 41 - 42.

41). Cd. 1163/1902, p. 143: Milner aan Chamberlain, 10 Junie 1902; Cd. 1551/1903, p. 14: Milner aan Chamberlain, 4 April 1903. Ek onderstreep.

staanspoor af oortuig, was dat die pro rata gedeelte van die drie miljoen wat elke eiser as kompensasie ontvang, minder as die betrokke eiser se repatriasieskuld sou bedra.

Die repatriasie- en hervestigingskema moes 'n aanvang neem voor die drie miljoen pond daarvoor beskikbaar was. Daarom het Milner intussen twee leningsrekenings in elk van die nuwe kolonies geopen, een vir die repatriasie van vroeëre republikeinse onderdane en die ander vir Britse vlugtelingen. Die organisasie van die verskillende kommissies wat met die uitvoering van die skema belas sou wees, is ook voltooi. Voorsiening is gemaak vir 'n Sentrale Repatriasiekommissie in elk van die twee hoofstede sowel as vir distrikskommissies of plaaslike repatriasierade. Elke plaaslike repatriasieraad sou uit 'n magistraat (as voorsitter), drie amptelike en drie nie-amptelike lede bestaan.⁴²⁾

Die twee Sentrale Kommissies het in kern reeds bestaan as die repatriasie-afdelings van die landrade voorheen in die lewe geroep. Aangesien die repatriasieskema nou veel meer aandag as voorheen sou vereis, is egter besluit om die Sentrale Kommissies voortaan onafhanklik van die Landrade te laat optree. Hierdie planne van Milner is op 18 Junie 1902 deur die koloniale sekretaris goedgekeur en kort daarna is die name van die verskillende kommissielede in die staatskoerant gepubliseer. Mnr. Ramsay Macdonald, wat toe juis op besoek in Suid-Afrika was, het die volgende interessante gegewens oor die samestelling van die plaaslike repatriasierade in Transvaal aan die lig gebring: "The total membership of the local Repatriation Boards of the Transvaal is ninety, and of these only seventeen are men directly representative of the returning Boers; twenty-three at least are 'handsuppers', National Scouts, or Constabulary officers, mostly hated with a bitter hatred by the Boers, some absolutely without character even before the war broke out; and only seventeen are practical farmers, some half-dozen others, however, having a pretty intimate knowledge of farmer's needs".⁴³⁾

42). Cd. 1163/1902, p. 143: Milner aan Chamberlain, 20 Junie 1902; p. 141: Milner aan Chamberlain, 10 Junie 1902.

43). Macdonald: What I saw in South Africa, p. 82.

Die Boereleiers, oortuig daarvan dat die drie miljoen pond slegs bedoel was as kompensasie vir oorlogsverliese deur bittereinders en krygsgevangenes gely, het vas geglo dat Milner nou besig was om klousule X op willekeurige wyse te vertolk. Aangesien Milner self by 'n vorige geleentheid aan adv. Smuts die mondelinge versekering gegee het dat slegs bittereinders en krygsgevangenes voordeel uit die „vrye gif“ sou trek, het die Boereleiers onmiddellik beswaar aangeteken teen die benoeming op repatriasierade van persone „who were unfaithful to their former Government and people“. Die distrikskommissies was, volgens die Boereleiers, nie verteenwoordigend van die mense wat werklik belang daarby gehad het nie. Waarom polisiekapteins, sonder enige praktiese kennis van boerdery boonop sitting daarop moes hê, was ook vir hulle 'n duistere saak. Gevolglik het hulle daarop aangedring dat Milner die saak in heroorweging neem en die repatriasierade opnuut moes saamstel „out of the people“.⁴⁴⁾

Milner egter, „was in no mood to enter upon any general scheme of charity towards the Boer people“.⁴⁵⁾ Daarom het generals Botha, De Wet en De la Rey besluit om na Londen te gaan en direk met mnr. Chamberlain te onderhandel. By hulle aankoms in Engeland op die 16de Augustus 1902 is hulle geesdriftig begroet en het hul die Britse vloot in 'n nie-amptelike hoedanigheid besigtig. Hulle het egter beleefd geweier om aan die groot vlootskou, wat deel van die kroningsfeestelikheid uitgemaak het, deel te neem en die volgende dag voorlopig na Holland afgereis.⁴⁶⁾

Vanaf Den Haag het hulle 'n onderhoud met die Britse koloniale sekretaris aangevra teneinde sekere aspekte van klousule X van die vredesverdrag met hom te bespreek. Beïnvloed deur artikels 11 en 12 van die voorlopige vredestraktaat, wat hulle help opstel het, en waarskynlik ook deur die koloniale sekretaris se foutiewe kennisgewing aan die Ceylonse krygsgevangenes, het die Boeregeneraals nog steeds gemeen dat die „vrye gif“ vir die uitbetaling van kompensasie gebruik sou word. Hulle eintlike voor-

44). Cd. 1284/1902, p. 5: Botha aan Milner, 29 Julie 1902.

45). Spender: General Botha. The Career and the Man, p. 151.

46). Amery: Op. cit., Deel VI, p. 74.

neme was gevolglik om by mnr. Chamberlain daarop aan te dring dat kompensasie toegeken sou word „for all loss occasioned by British troops by use, removal, burning, destruction etc., of all private property of the inhabitants of the late republics, sowel as vir „the use of properties of burghers taken possession of by the British authorities“.⁴⁷⁾ Mnr. Chamberlain, hoewel gewillig om aangeleenthede rakende die praktiese toepassing van klousule X met die generaals te bespreek, het botweg geweier om enigiets aan die betrokke klousule self te verander want, het hy beweer, „there is no parallel in history for conditions so generous granted by a victorious belligerent to its opponents“.⁴⁸⁾

Die belofde onderhoud het op 5 September 1902 in Londen plaasgevind. In ooreenstemming met die voorwaarde deur mnr. Chamberlain gestel, het die drie generaals hulle doelbewus slegs by strydpunte rakende die praktiese toepassing van klousule X bepaal. Soos te verwagte was, het generaal Botha dadelik die vraagstuk van die onbevredigende samestelling van die plaaslike repatriasierade opgehaal: „On these commissions“, het hy aan die koloniale sekretaris verduidelik, „six men are appointed - on each of these two or three National Scouts are appointed, or if not National Scouts, men who surrendered before (peace was declared)“. Dit het, volgens Botha, beteken dat tussen ses-en-seweduizend mense deur twee of drie lede op elke plaaslike kommissie verteenwoordig is terwyl die res van die bevolking, 55,000 in getal, slegs een verteenwoordiger gehad het. Bowendien is daar op elke kommissie 'n polisiekaptein benoem. Hierdie amptemare het, volgens Botha, vreemd gestaan teenoor die mense wat hulle moes dien en boonop bloedweinig kennis van boerdery besit.⁴⁹⁾

Die koloniale sekretaris se antwoord aan Botha het daarop neergekom dat die Boeregeneraals nie kon verwag dat Brittanje diegene wat saam met hulle of in elk geval nie teen hulle geveg het nie, slegter as hulle openlike vyande moes behandel nie. Buiten-

47). Cd. 1284/1902, p. 4: Botha, De Wet en De la Rey aan Chamberlain, 23 Aug. 1902.

48). Ibid., p. 6. Chamberlain aan Boeregeneraals, 28 Aug. 1902.

49). Ibid., p. 20: Shorthand Report of the Interview held at the Colonial Office, 5 Sept., 1902; Vgl. ook Spender: Generaal Botha, pp. 156 - 158.

dien, het hy voorts beweer, was dit onwaar dat „National Scouts” en burgers wat voor die einde van die oorlog reeds oorgegee het, groter verteenwoordiging as andere op die plaaslike kommissies sou hê. Wat die benoeming van die polisiekapteins betref, het hy verduidelik, was die doel juis om nouer samewerking tussen polisie en publiek te bewerkstellig. Hy het egter met die Boeregeneraals saamgestem dat dit wenslik was om praktiese boere ook op die plaaslike kommissies te hê en het onderneem om in hier voege aan Milner te skryf.⁵⁰⁾

Vervolgens het generaal Botha te kenne gegee dat hy dit sterk betwyfel of die £3,000,000, wat deur die Britse regering beskikbaar gestel was, voldoende sou wees. Hy het aan die hand gedoen dat iets beplan moes word vir oorlogsweduwees en wese, veral in gevalle waar sodanige persone geen oorlogsverliese kon bewys en volgens klousule X dus geen aanspraak op hulp uit die drie miljoen pond kon maak nie. Mnr. Chamberlain, wat hom skynbaar nie wou kompromiteer nie, het hierop geantwoord dat die Britse regering reeds meer in belang van die verowerde kolonies gedoen het as wat redelikerwys van enige veroweraar verwag kon word. In antwoord op 'n verdere versoek van Botha dat krygswet in Transvaal en die O.R.K. opgehef word, het die koloniale sekretaris die versekering gegee dat dit binne afsienbare tyd sou geskied.⁵¹⁾

Die onderhoud met mnr. Chamberlain „left on the Generals the impression that Great Britain would add nothing to the £3,000,000 to be devoted to repatriation and compensation for war-seizures”⁵²⁾. Oortuig daarvan dat ekonomiese ondergang hulle volksgenote in die gesig staar, het die Boeredeputasie daarop besluit om 'n beroep op die beskaafde wêreld te doen. Dit het hulle gedoen op grond daarvan dat „we have up to the present not succeeded in inducing the British Government to grant further assistance to our people”. In hierdie oproep het die generaals verklaar dat daar onbeskryflike ellende onder hul volksgenote heers. Al sou die Britse regering die bedrag wat hulle beloof het vertiendubbel sou dit nog

50). Ibid., p. 20.

51). Ibid., p. 20.

52). Spender: Op. cit., p. 157.

ontoereikend wees om die noodtoestand die hoof te bied. Weduwees, wese, verminstes, hulpbehoewendes en kinders, het die generaals beweer, kon bitter min hulp van die kant van die Britse regering verwag. Teneinde hulle ondergang te verhoed, het 'n beroep op die beskaafde wêreld dus 'n dringende noodsaaklikheid geword. ⁵³⁾

Die bewoording van bogenoemde oproep het mnr. Chamberlain dwars in die krop gesteek. Gevolglik het dit 'n bitsige antwoord van hom uitgelok wat uiteindelik finaliteit oor die vertolking van klousule X sou bring. Op 5 November 1902 het die koloniale sekretaris in die Britse laerhuis verklaar dat die veelbesproke „vrye gif” van £3,000,000, „was intended entirely for all who are destitute, or who cannot make a fresh start in life without help”. ⁵⁴⁾

Op die wyse het hy finaal beslis dat die Boereleiers se opvatting - en terloops ook Milner s'n - as sou die £3,000,000 as kompensasië vir oorlogsverliese bedoel wees, nog al die tyd verkeerd was. Voortaan moes die „vrye gif” beskou word bloot as 'n fonds vir die verskaffing van hervestigingshulp aan almal wat hulself nie kon help nie, ongeag of hulle oorlogsverliese kon bewys of nie.

In 'n persoonlike brief aan Botha, het mnr. Chamberlain bogenoemde beslissing verder toegelig. Hy het verklaar dat die Boeregeneraals hulle nie verder oor oorlogswese hoof te bekommer nie aangesien „the Colonial Government is making itself entirely responsible for the maintenance of all destitute orphans” en verder aangevoer dat dit onwaar was om voor te gee dat die Britse regering onwillig sou wees om meer as die beloofde drie miljoen pond aan hervestiging te bestee. Die administratiewe onkoste verbonde aan repatriasie het, volgens hom, £200,000 per maand bedra en die volle bedrag „is being borne by his Majesty's Government”. ⁵⁵⁾ Die bewering van die koloniale sekretaris het daarop gedui dat die Britse regering van voorneme was om alle administrasiekoste verbonde aan repatriasie te dra en dat diegene wat repatriasiehulp ontvang, nie nodig sou hê om dit terug te betaal nie.

53). Cd. 1329/1902, p. 10: Berig oorgeneem uit die Nieuwe Rotterdamsche Courant, 25 Sept. 1902.

54). Ibid., p. 6: Aangehaal deur Botha in 'n brief aan Chamberlain, 12 Nov. 1902. Ek onderstreep.

55). Cd. 1329/1902, pp. 3 - 5: Chamberlain aan Botha, 6 Nov. 1902. Ek onderstreep.

Indien hulpbehoewendes verdere ondersteuning nodig sou hê, het mnr. Chamberlain voorts verklaar, „there is one source from which a substantial addition may be fairly expected". Ter verduideliking van hierdie vreemde stelling het hy aangevoer dat die Britse ministers „were aware that large sums were remitted from the Transvaal to Europe during the war (and) cannot doubt that a large balance still remains which would properly come to them as the successors of the late South African Republic, and which they would be prepared to add to the fund provided for the relief of the distressed burghers and their families".⁵⁶⁾

In antwoord op mnr. Chamberlain se brief het Botha aangevoer dat hy en sy kollegas, voor die koloniale sekretaris se toespraak van 5 November, onder die indruk verkeer het dat die £3,000,000 slegs bedoel was vir hulp aan diegene wat oorlogsverliese kon bewys. Daarom was hulle bekommerd oor die talle hulpbehoewendes wat nie sodanige bewys besit het nie. Hy het gevolglik met dank kennis geneem van die koloniale sekretaris se versekering dat die Britse regering volle verantwoordelikheid vir die versorging van alle hulpbehoewendes sou aanvaar. Op sy beurt het hy mnr. Chamberlain verseker dat hy persoonlik niks weet van enige geld wat gedurende die oorlog uit Transvaal na Europa oorgeplaas is nie. Ten besluite het hy, namens homself en sy kollegas, die oprigting van weeshuise - soos deur mnr. Chamberlain in sy brief in die vooruitsig gestel - afgekeur. In plaas daarvan het hy aanbeveel dat die oorlogswese liever aan die sorg van familieledede opgedra en die beloofde staatshulp dan aan sodanige voogde uitbetaal word.⁵⁷⁾

Hoewel die onderhandelinge op hierdie tydstip gestaak moes word weens Chamberlain se vertrek na Suid-Afrika, kan beweer word dat daar nou geen onsekerheid oor die vertolking van klousule X meer kon bestaan nie: Die administratiewe onkoste verbonde aan die werklike repatriasie van alle ontworteldes sou deur die Britse regering gedra en die ekonomiese rehabilitasie van alle hulpbehoewendes uit die sgn. „vrye gif" van £3,000,000 gefinansieer

56). Ibid.

57). Ibid., pp. 5 - 8: Botha aan Chamberlain, 12 Nov. 1902.

word. Na alle hulpbehoewendes op die been gehelp was, ongeag of hulle oorlogsverliese kon bewys of nie, sou die balans van die drie miljoen dan pro rata verdeel word onder diegene wat wel kon bewys dat die oorlogsverliese deur hulle gely, die bedrag van £25 te bowe gaan.⁵⁸⁾ Sodanige uitbetalings was nie as kompensasië bedoel nie, maar bloot as bykomstige hervestigingshulp.

Aangesien daar nou sekerheid oor die vertolking van klousule X bestaan het, het die Boereleiers voortaan hulle aandag doelbewus net by vraagstukke rakende die praktiese toepassing van die repatriasieskema bepaal. Gedurende Januarie 1903 het 'n byeenkoms van Boere-afgevaardigdes in Pretoria besluit om 'n lys griewe en aanbevelings aan mnr. Chamberlain, persoonlik sowel as aan sir Arthur Lawley, die luitenant-goewerneur van Transvaal, voor te lê. In hierdie versoekskrif is die Britse owerhede versoek om die hervestigingshulp, wat tot dusver slegs aan die plattelandse bevolking verleen is, ook tot die verarmde stedelike en dorpsbevolking uit te brei. Terselfdertyd is aanbeveel dat „the limitation to the loans under Article X to a maximum of £200 shall be removed, and that in the granting of the same, account shall be taken of the real needs of the applicants, so that when it appears feasible to grant a larger loan, it shall be done”.⁵⁹⁾

In dieselfde versoekskrif is ook die wenslikheid van die invoer van groot- en kleinvee op 'n omvattender skaal beklemtoon en die sienswyse uitgesprek dat dit verkieslik sou wees om sodanige vee teen kosprys, sonder bemiddeling van spekulante, aan boere te verkoop. Hervestigingshulp, of repatriasihulp soos dit, in die versoekskrif genoem is, moes nie gestaak word voor die owerhede absoluut oortuig was dat sodanige hulp nie meer noodsaaklik was nie. Die owerhede is ook dringend versoek om toe te sien dat geen militêre kwitansies uit die £3,000,000 uitbetaal word nie. Laastens is ook beleefd daarop aangedring dat die koloniale regering alle uitstaande skulde van die eertydse Zuid-Afrikaanse Republiek moes erken en oorneem.⁶⁰⁾

58). Headlam: Op. cit., Deel II, p. 373.

59). The Friend, 15 Jan. 1903.

60). Ibid.

Milner, wie se onbenydenswaardige taak dit was om orde uit die chaos te skep, het die woordstryd oor die vertolking van klousule X versigtig dopgehou en getrag om sy repatriasieprogram sover moontlik by Chamberlain se finale beslissing aan te pas. Teneinde die nodige fondse vir heropbou te bekom het hy 'n lening van £35,000,000, die sgn. Transvaal Guaranteed Loan, by die Britse staatskris aangegaan, £5,000,000 waarvan afgesonder is vir "repatriation and compensation in the Transvaal and Orange River Colony"⁶¹⁾. Die som is deur Milner op £5,000,000 gestel omdat dit die bedrag was wat in werklikheid by verskillende geleenthede deur die Britse regering vir repatriasie en kompensasie beloof was. Drie miljoen pond daarvan was die "vrye gif" in klousule X genoem terwyl die res in November 1902 deur die imperiale regering toegesê is as "a voluntary Gift of £2,000,000, to be applied in paying Compensation to British Subjects, Neutral Foreign Subjects and Natives"⁶²⁾. Die drie miljoen pond was gevolglik by die £5,000,000 ingesluit en nie, soos Worsfold beweer, 'n bykomstige repatriasiefonds nie. Dit beteken dat Milner slegs £5,000,000 vir repatriasie en hervestiging tot sy beskikking gehad het en nie £8,000,000, soos Worsfold voorgegee het nie.⁶³⁾

Behalwe bogenoemde fondse wat vir repatriasie en hervestiging afgesonder is, het die Britse regering ook £4,500,000 as 'n Military Compensation Fund beskikbaar gestel. Hierdie bedrag was in die eerste plek bedoel vir "the payment of the receipts for property requisitioned by British Officers not then (in 1903) dealt with". Die balans daarvan, na uitbetaling van alle uitstaande militêre skulde, het £1,936,376 3 5. beloop. Hierdie bedrag, wat daarop die naam van The Protected Ex-Burgher Fund ontvang het, is toe aan die Regterlike Kommissie oorhandig vir die uitbetaling van militêre kompensasie aan die eertydse republikeinse burgers wat, in ooreenstemming met lord Roberts se proklamasie van 14 en 15 Maart 1900, vrywillig die eed van neutrali-

61). Staatskoerant, 15 Mei 1903; Worsfold: Op. cit., Deel I, p. 88.

62). Cd. 3028/1906, p. 67.

63). Worsfold: Op. cit., Deel I, p. 89

64)
teit onderteken het.

Burggraaf Milner het verkies om kompensasie en repatriasie bloot as twee samehangende vertakkinge van ekonomiese rehabilitasie te beskou en alle fondese in die verband as 'n eenheid te administreer. Vir hervestiging is gebruik die £5,000,000, getrek uit die Transvaal Guaranteed Loan. Daarvan sou £2,000,000 deur die Britse regering bygedra word as kompensasie aan Britse onderdane, inboorlinge en vreemdelinge. In werklikheid is die woord kompensasie, soos hier gebruik, ook as 'n blote hervestigingsfonds deur Milner vertolk. Die orige £3,000,000, wat dus bedoel was slegs vir die hervestiging van bittereinders en krygsgevangenes, is nie deur Brittanje geskenk nie, maar is gedek deur die lening deur Milner aangegaan. Die administrasiekoste verbonde aan die werklike repatriasie of terugplasing van die bevolking is voorsien uit „other public Funds”.⁶⁵⁾ Vir militêre kompensasie het Brittanje 'n verdere £4,500,000 bygedra, £1,936,376 waarvan aan „protected ex-burghers” uitbetaal is. Soos Worsfold dit opsom: „These assets (on which Milner depended) consisted in the main of the £3,000,000 grant, the compensation claims of the 'protected' burghers, receipts for stock or goods supplied to the military authorities during the war (d.w.s. die Military Compensation Fund), and the large proportion of the cultivable area of both colonies which was the private property of the Boer landowners”.⁶⁶⁾

Aangesien Milner verplig was om die repatriasie en ekonomiese rehabilitasie van die bevolking hoofsaaklik met behulp van lenings te finansieer, val dit moeilik om in te sien op watter gronde die Britse regeringpers so 'n groot behaai kon opskop oor Brittanje se „generosity to a vanquished foe”.⁶⁷⁾ Dat die verowerde kolonies wel hoofsaaklik vir die onkoste van hulle eie heropbou verantwoordelik was, blyk duidelik uit sir H. Goold-Adams se

- 64). Cd. 3028/1906, pp. 75 - 79; Vgl ook Beak: Op. cit., p.282 en Headlam: Op. cit., Deel II, p. 373.
65). Cd. 1551/1903, p. 14: Milner aan Chamberlain, 4 April 1903.
66). Worsfold: Op. cit., Deel I, p. 42.
67). Birmingham Post, 29 Des. 1903; Vgl ook The Times, 28 Sept. 1903.

voorsittersrede van 25 Februarie 1903 voor die Wetgewende Raad van die O.R.K. toe hy verklaar het: „The cost of Land Settlement and Repatriation, which had amounted roughly to one million on December 31st (1902), would ultimately be paid out of the loans”⁶⁸⁾.

Die repatriasieskema was intussen reeds in volle swang. Opdrag is aan die distrikskommissies of plaaslike repatriasierade gegee „to make all necessary and proper advances in cash and kind to all persons requiring the assistance and relief in Article X”. Daaraan is toegevoeg „that the value of such advances should be debited against the persons to whom they were made”⁶⁹⁾. Diegene „who were unable to furnish a valid or marketable security for the cash or supplies provided by the Department, were required to sign 'acknowledgments of indebtedness' which in each case covered the assistance received”⁷⁰⁾.

Alle hulp van owerheidsweë is dus deur Milner in die eerste plek as 'n lening beskou, afgesien daarvan of die persoon wat die hulp ontvang ooit in staat sou wees om dit terug te betaal of nie. Hierdie uitgangspunt, deur Milner bedoel as 'n middel „to avoid anything and everything which might tend to foster the pauperization of those receiving aid”⁷¹⁾, het in die praktyk egter presies die teenoorgestelde uitwerking gehad. Baie hulpbehoewendes, veral uit die talryke bywonersklas, het besef dat hulle met 'n skuldelaas opgesaal sit wat hulle, met die beste wil, waarskynlik nooit sou kon afbetaal nie. Sodoende is hulle mistroostig gestem en het die begeerte om weer selfstandig te word by baie 'n natuurlike dood gesterf. Die ekonomiese herstel van die nuwe kolonies as geheel, is op die wyse ook heelwat vertraag.

Na die Vrede van Vereeniging het die konsentrasiekampe die middelpunt van die repatriasieskema geword. Bevele is uitgereik dat alle burgers wat by die kampe wapens neerlê en kans sien om vir hulleself te sorg, verlot moes ontvang om dadelik met hulle

68). V.A. Secretary O.R.C. Administration: Minutes of the Proceedings of the Legislative Council, p. 92. Ek onderstreep.

69). Beak: Op. cit., p. 44. Vgl. ook T.A. Preller Versameling, Lêer No. 25: Koerantuitknipsel van 10 Sept. 1904.

70). Worsfold: The Reconstruction of the New Colonies under Lord Milner, Deel I, p. 46.

71). Beak: Op. cit., p. 48; Vgl. ook Worsfold: Op. cit., pp. 41 - 42.

gesinne huiswaarts te keer, na ontvangs van voedselrantsoene en die nodige tente of seile. Burgers wat nie in hulle eie onderhoud kon voorsien nie, moes toegelaat word om hulle voorlopig by hulle gesinne in die kampe te voeg tot tyd en wyl "arrangements for detailed repatriation work were further advanced". Teen die helfte van Junie het die meerderheid van die bittereinders reeds wapens neergelê en of huiswaarts gekeer of tydelike huisvesting in die kampe aanvaar.⁷²⁾

Spoedig het die krygsgevangenes ook in groot getalle begin aankom. Hulle is eers na spesiale ruskampe te Umbilo en Simonstad geneem en daar van klere, komberse en ander persoonlike benodighede voorsien. Daarna is hulle per trein vervoer na die konsentrasiekampe waar hulle gesinne aangehou is en dan verder op dieselfde wyse as die bittereinders gerepatrieer.⁷³⁾

Gedurende Augustus en September 1902 het die kampe vinnig leeggeloop: "About this time, however", verklaar die Transvaalse kampdirekteur in 'n amptelike verslag, "it became evident that the character of the remaining population was changing. A process of natural sorting had been in progress for four months, and it was only to be expected that the earlier departures would include the more industrious people, with interest or ownership in land, and whose prime thought it was to get back to their farms and occupations as speedily as possible". Teen die einde van September het nog net die verarmde klas in die kampe oorgebly, "the people who were willing to work but who had no land on which to work, nor other source of earning a living; those who, while capable, were by no means anxious to work; and those lastly, incapable of earning their own living, from various causes".⁷⁴⁾

Die toestand van bogenoemde landlose bevolkingsgroep het eindelijk so 'n ernstige vraagstuk geword dat die owerheid verplig was om spesiale noodmaatreëls te tref. In Transvaal het majoor Leggett, die kampdirekteur, die Burgher Land Settlement Board in

72). Cd. 1553/1903, p. 4: L.E. Leggett se rapport van 10 Maart 1903.

73). Cd. 1551/1903, pp. 17 - 22: Amery: Op. cit., Deel VI, p. 44.

74). Cd. 1553/1903, p. 7: L.E. Leggett se rapport van 10 Maart 1903; Cd. 1551/1903, p. 7. Milner aan Chamberlain, 4 Apr. 1903.

dikwels die repatriasieskema nadelig beïnvloed. Onnodige oorvleueling het soms voorgekom, bloot omdat die magte en pligte van die sentrale en distrikskommissies nooit sekuur afgebaken is nie. Bowendien was die distrikskommissies werklik nie verteenwoordigend van die distriksbewoners nie. Dit was ook 'n algemene klagte dat die plaaslike magistrate, wat as voorsitters van die distrikskommissies opgetree het, „were unfitted not only for repatriation, but for Government service of any kind”⁷⁹⁾. Daarby moet nog gevoeg word dat sommige repatriasie-amptenare doelbewus daarop uit was om hulle eie sakke te vul, sodat die redakteur van The Friend tereg kon verklaar: „The repatriators were in many instances the gainers from a policy which, though well-meant, proved a failure, and an expensive one in every respect”⁸⁰⁾.

Die hervestigingsprogram is verder in die wiele gery deur die demoraliserende uitwerking wat die oorlog op die swakker klas Afrikaner gehad het. Die Boerebevolking van die nuwe kolonies het as groot geheel sy selfrespek behou, maar daar was tog 'n toeneemende getal potensiële armlankes „whose energies were at least weakened or exhausted by demoralization and defeat, and who would be likely to require an unusual amount of help from others before they would undertake with due seriousness and perseverance the task of helping themselves”⁸¹⁾.

Gebrek aan samewerking tussen die militêre en burgerlike owerhede in die nuwe kolonies het repatriasie dikwels 'n moeilike vraagstuk gemaak. Die spoorweë was nog in Kitchener se hande en die demobilisasie van die gewapende magte het voorrang geniet. Veral gedurende die eerste twee maande na die vrede, het die repatriasiedepartement dit baie moeilik gevind om voedsel en ander voorrade per trein te laat vervoer.⁸²⁾ Die vraagstuk is vererger deur die feit dat waens, karre en trekdiere na die oorlog skaars was en dat die militêre magte ook in hierdie opsig voorkeur ge-

79). Beak: Op. cit., pp. 49 en 57.

80). The Friend, 10 Julie 1903.

81). The Times (Londen), 28 Sept. 1903.

82). Cd. 1551/1903, p. 5: Milner aan Chamberlain, 4 April 1903; Beak: Op. cit., p. 79; Worsfold: Op. cit., Deel I, p. 47.

niet het. Van die waens en karre wat later aan die repatriasiedepartement afgestaan is, „none were complete; many were only fit for firewood; all required repairs”.⁸³⁾

Wat voorrade en uitrusting betref, was Milner ook van Kitcheners se goedgunstigheids afhanklik. Na wekelange gekibbel oor pryse het die repatriasiedepartement 5,500 voertuie, 80,000 osse, muile en donkies en 'n groot voorraad draad en pale; teen 'n bedrag van £3, 521,000 van die militêre owerhede oorgeneem. Die 80,000 trekkiers wat oorgeneem is, was egter van so 'n swak gehalte dat „hundreds of them died before they had done any work at all; many thousands were useless for several months”. Die voedselvoorrade langs dieselfde weg verkry, „were mostly from the oldest stocks . . . unfit for consumption”.⁸⁴⁾ Die repatriasiedepartement sowel as diegene wat bogenoemde voorrade en uitrusting weer teen kosprys van die plaaslike kommissies oorgeneem het, het gevolglik swaar verliese gely omdat die militêre en siviele owerhede „were too much disposed to regard themselves as rivals, each trying to get the better of the other in bargaining, rather than as joint administrators for the benefit of the British taxpayer”.⁸⁵⁾

Die werk van hervestiging is dikwels op noodlottige wyse deur sporadiese uitbrekings van veesiektes vertraag: „Among the many difficulties which beset the task of repatriation”, het Beak beweert, „animal diseases claim a foremost place. Some of these diseases were indigenous; others were imported during the war; all became rampant after the declaration of peace”. Hoeveel skade werklik deur veesiektes aangerig is, kan enigszins besef word as rekening gehou word met die feit dat slegs in die O.R.K., gedurende die ses maande Julie tot Desember 1902 soveel as 1,622 perde en muile, ter waarde van £34,000, aan droes gevrek het.⁸⁶⁾

Eers teen die einde van 1902 het die repatriasiedepartement met 'n mate van sukses sy eerste moeilikhede oorkom. Gedurende

83). Beak: Op. cit., p. 88.

84). Cd. 1551/1903, p. 6: Milner aan Chamberlain, 4 April 1903; Worsfold: Op. cit., Deel I, p. 47; Beak: Op. cit., p. 88.

85). Cd. 3127/1906, p. 54.

86). Beak: Op. cit., pp. 94 en 100; Vgl. ook Worsfold: Op. cit., Deel I, p. 52.

die volgende jaar het egter weer 'n nuwe vraagstuk opgeduik toe
'n groot deel van die oes deur droogte vernietig is. ⁸⁷⁾ Hongers-
nood het gedreig en Milner was verplig om die repatriasiedepôts
nog 'n tydlank staande te hou. Op 30 Mei 1903 is die repatria-
siedepartement egter amptelik afgeskaf. Die plaaslike distriks-
kommissies het reeds 'n maand vroeër hulle werksaamhede afgehan-
del. Om broodsgebrek onder die plattelandse bevolking te verhoed
is Relief Departments in die lewe geroep. Hierdie liggame
moes toesien dat hulpbehoewendes verder versorg word. Beak, wat
persoonlik by die saak betrokke was, beweer dat „the actual is-
suing operation to indigent persons continued in most districts
until June 30, 1904” ⁸⁸⁾.

Die tallose moeilikhede op die weg van repatriasie en herves-
tiging het tot geldverkwisting aanleiding gegee. Volgens die amp-
telike opgawes is daar in Transvaal tot 30 Junie 1904 'n bedrag
van £3,043,850 15 4. aan repatriasie bestee, en dit teen 'n ad-
ministrasiekoste van £1,400,638 5 10. ⁸⁹⁾ In die O.R.K. was die
administrasiekoste minder uit verhouding met die bedrag werklik
aan repatriasie bestee, maar hier moes weer 'n som van £140,979
9 7. as 'n dooie verlies afgeskryf word. Van die verlies was
meer as twee duisend pond aan vervalsings toe te skrywe. ⁹⁰⁾

Burggraaf Milner self het die repatriasieskema as geslaagd
beskou maar was nogtans eerlik genoeg om te erken dat „I am far
from saying that a good deal of money has not been thrown away
here and there” ⁹¹⁾. Hierdie erkenning is bewys genoeg dat die
herstelprogram nie deurgevoer is met die „marvellous efficiency
and promptitude, and a generosity unexampled in the history of
any nation”, waarvoor Milner se biograaf hom krediet gegee het
nie. ⁹²⁾ Daarenteen was dit egter ook nie so 'n complete and dis-
mal failure” as wat generaal Botha by een geleentheid beweer het

87). Cd. 1551/1903, p. 5: Milner aan Chamberlain, 4 April 1903;
Worsfold: Op. cit., Deel I, p. 49.

88). Beak: Op. cit., p. 186.

89). Cd. 1895/1904, p. 3: Rapport van Hely-Hutchinson.

90). Beak: Op. cit., p. 278.

91). Cd. 2102/1904, p. 11.

92). Headlam: Op. cit., Deel II, p. 373.

93) Die uitvoering van die herstelprogram was, uit geldelike oogpunt beskou, minder geslaagd, maar Milner se eerlik-bedoelde poging om die verarmde bevolking te rehabiliteer en die produktiwiteit van die land te verhoog, was nietemin lofwaardig.⁹⁴⁾ Die skema as sodanig was egter geensins so kritiek verheue nie en dit sou vir mej. Hobhouse moontlik wees om geregverdigde aanvalle daarteen te loods.

93). The Times (Londen), 15 Julie 1903.

94). Vgl. Van der Walt, Wiid en Geyer: Op. cit., p. 625. Prof. Wiid oor Milner.

HOOFSTUK 9.

BESOEK AAN DIE O.R.K.

Emily Hobhouse het vanaf Savooie met 'n bedroefde hart en 'n beswaarde gemoed na Engeland teruggekeer. Aangesien sy graag meer besonderhede oor na-oorlogse toestande in Suid-Afrika wou inwin, het sy spesiaal na Southampton gegaan om die Boeregeneraals persoonlik te spreek. Die indruk wat die drie oorlogsveterane op hierdie tydstip op haar gemaak het, het sy later in haar ongepubliseerde Herinneringe kernagtig soos volg opgesom: "They are a striking trio. Each is so different from the other. Botha is a kingly person with very courtly manners and commanding air; de la Rey is a patriarch, very gentle and quiet; de Wet is impressive. His face is enigmatical but stamped with the responsibility and the sorrow of war ... I felt they were not merely great soldiers but great men"¹⁾.

Ondanks haar bewondering vir die Boeregeneraals het gesprekke met hulle haar laat besef dat hul kennis van die heersende politieke toestand in Brittanje gebrekkig was en hul voorgenome sending na Londen gevolglik nie veel hoop op sukses ingehou het nie: "They ... seem wholly ignorant of English politics and affairs", skrywe sy in die verband aan haar broer. "Mr. Courtney seems a shadow to them and they vaguely class together Mr. Morley and Mr. Stead! They ought, I think, to talk their English programme over with someone not in official political life, who knows all the ropes" Die mislukking van die generaals se onderhoud met die koloniale sekretaris het haar gevolglik ook glad nie verbaas nie. Sonder om haar daardeur van koers te laat bring, het sy egter voortgegaan om op eie houtjie vergaderings toe te spreek, artikels oor die toestand in die O.R.K. en Transvaal vir die Manchester Guardian op te stel en fondse in te samel ten behoeve van die hulpbehoewendes in die twee nuwe kolonies.²⁾

Soos gewoonlik het sy weer die somermaande by lady Hobhouse deurgebring. Hier het sy die strookproewe van The Brunt of the

1). Hobhouse: Memoirs VIII.
2). Hobhouse: Memoirs IX.

War - wat kort daarna die lig gesien het - finaal verbeter en goedgekeur. Die outeursfooie wat sy vir die boek ontvang het, het minder as £40 bedra. Die hele bedrag is in die fonds vir noodlydendes in die verowerde republieke gestort. Na 'n vlugtige besoek aan Skotland, waar sy o.a. ook die beweging bekend as die Young Scots oor die toestand in Suid-Afrika ingelig het, het sy vir 'n tydjie na haar woonstel in Chelsea teruggekeer. Daarna het sy op 'n kort vakansiereis na Frankryk vertrek. Tydens 'n besoek aan die Franse hoofstad het sy die bekende Franse digter en dramaturg, Paul Loyson ontmoet. Sy het so 'n gunstige indruk op hom gemaak dat hy sy drama L'Evangile du Sang spesiaal aan haar opgedra het.³⁾

Haar veldtog om fondse ten behoeve van die noodlydendes in die O.R.K. en Transvaal in te samel, is in die wiele gery deur die algemene neiging by die Britse publiek „to say the war being over it was better to forget”. Gevolglik het sy, na haar terugkeer uit Frankryk, besluit om weer 'n persoonlike besoek aan Suid-Afrika te bring met die verwagting dat sy ter plaatse meer daadwerklike hulp aan die hulpbehoewendes sou kon verleen. Aan die einde van April 1903 het sy Southampton aan boord van die Carisbrook Castle verlaat en Kaapstad op 12 Mei veilig bereik. Die doeanebeaamptes het haar met die grootste agterdog bejeën en een van hulle het selfs sover gegaan om haar direk te vra of sy vuurwapens by haar het. Nadat sy hulle oortuig het dat sy niks verdags in die skild voer nie, is sy toegelaat om mev. Charles Murray na Kenilworth te vergesel.⁴⁾

Tuis by mev. Murray is al haar aandag in beslag geneem deur 'n stroom besoeksters, almal dames wat sy vroeër leer ken het. Die uiteenlopende onderwerpe van bespreking met hierdie vriendinne het sy in 'n brief op pittige wyse as volg opgesom: „Just a steady flow of stories and anecdotes, and they come all mixed up with household tales. Lord Milner and the washing, Chamberlain and cook worries, Martial Law and dairy work, all in a tangle ...”

3). Ibid.

4). Ibid.

Teneinde haar in staat te stel om haar ou bekendes te woord te staan, is 'n spesiale byeenkoms van vooraanstaande Kaapse dames deur mev. Murray gereël: „Nearly all the ladies present said they were cookless“, skrywe sy oor hierdie byeenkoms aan haar broer. „It is one of the effects of the war, the complete demoralization of the coloured servants. I asked which they thought the greatest trial - a bad cook or a bad High Commissioner, and all declared a bad High Commissioner was the worst evil and they would willingly sacrifice the best of cooks (if they had them) if by so doing they could get rid of the High Commissioner“.⁵⁾

Aangesien sy graag 'n duidelike gedagtebeeld van die heersende na-oorlogse toestande in Suid-Afrika wou vorm, het Emily haar beywer om soveel eerstehandse inligting as moontlik in te win. Mnr. J.H. Hofmeyr (Onse Jan) het besonderhede rakende die groot aantal Kaapse rebelle nog in die gevangenis aan haar verstrek, terwyl mej. Emmie Murray, die hoof van 'n inrigting vir gevalle meisies in die Kaap, haar volledig ingelig het omtrent die degenererende uitwerking wat die oorlog op openbare sedelikheid in die Kaapkolonie gehad het. Hoofregter de Villiers weer, het haar op hoogte gebring van sake rakende die heersende politieke toestande in die kolonie en die implikasies van mnr. Chamberlain se persoonlike besoek aan Suid-Afrika. Bogenoemde inligting, gepaard met haar eie ooggetuienis, het Emily daarvan oortuig dat verbittering teenoor Brittanje gaandeweg in die Kaapkolonie aan die toeneem was: „The sense of injustice has gone in so deep that it can never be effaced“, verklaar sy in 'n persoonlike brief, „in fact so much is this the case that now and then it makes me feel hot and uncomfortable to hear what is said“.⁶⁾

In haar gesprekke met haar Kaapse vriendekring is sy voortdurend getref deur die ernstige afmetings wat die bediendevraagstuk na die oorlog in die Kaapkolonie aangeneem het. Hierdie vraagstuk het sy toegeskrywe daaraan dat die kleurlingmans sulke hoë lone in die militêre diens ontvang het, dat hulle vrouens dit

5). Ibid.

6). Hobhouse: Memoirs IX. Emily Hobhouse aan Leonard Hobhouse, 25 Mei 1903.

kon bekostig om tuis te bly. Die blanke vroulike immigrante deur die Suid-Afrikaanse Uitbreidingskomitee ingevoer het, volgens haar, ook nie beantwoord aan die doel met hulle beoog nie. Die meerderheid van hulle het verkies om, sodra hulle hier aankom, hulle eie potjie te krap of in die huwelik te tree. Hoewel sy die doelbewuste pogings van sommige vroue-immigrante om 'n huwelik te doen as uiters komies beskou het, het sy ook die tragiese sy van die hele aangeleentheid nooit uit die oog verloor nie en rondborsig verklaar dat „it seems a shame that people should be asked to subscribe, as is being done, to send girls out in batches to almost certain ruin”⁷⁾.

Vroeg in Junie 1903 het Emily Hobhouse na Beaufort-Wes afge-reis. Daar het sy enkele dae as die gas van die bekende Suid-Afrikaanse skryfster, Olive Schreiner, vertoef. Hier nog meer as in Kaapstad, is Emily getref deur die verbittering by kolonialers dur die oorlog veroorsaak: „Here, where Martial Law worked its wicked will”, skrywe sy vanaf Beaufort-Wes aan haar tante, „and the best families of the town have seen one or other of their members in the prison classed with Kaffirs, working as convicts in the streets, denied chairs, knives, forks and such necessaries, even if supplied by their relatives, ... here one is made aware of the full vial of their great, but suppressed wrath. The cord of love that bound them to England is snapped ...”⁸⁾ Na 'n vlug-tige besoek aan die weeshuis deur die inwoners van Beaufort-Wes vir oorlogswese uit die O.R.K. opgerig, het sy haar reis na Bloemfontein voortgesit langs 'n spoorweg „replete with memories of the sad journeys of 1901”⁹⁾.

Onderhoude met vooraanstaande politieke leiers soos generaal J.B.M. Hertzog, mnre Charlie Fichardt, Abraham Fischer e.a., het Emily diep onder die indruk van die haglike omstandighede in die O.R.K. gebring. Toe reeds het die gedagte by haar posgevat dat Milner se repatriasieskema nie 'n sukses was nie. Deur Boere-

- 7). Hobhouse: Memoirs IX. Emily Hobhouse aan mev. Leonard Hobhouse, 28 Mei 1903. Vgl. ook Cd. 1463/1903, p. 3 Chamberlain aan Milner, 30 Aug. 1902 oor vroue-immigrasie.
- 8). Hobhouse: Memoirs X. Emily Hobhouse aan lady Hobhouse, 6 - 7 Junie 1903.
- 9). Hobhouse: Memoirs XI.

leiers ingelig, het sy die hele vraagstuk van repatriasie, kompensasie en die „vrye gif“ deur 'n Boerebril gesien. Soos die meerderheid van die Boerevolk het sy dus verkeerdelik aangeneem dat die £3,000,000 in klousule X genoem, vir kompensasie slegs aan bittereinders en krygsgevangenes bedoel was. Van hierdie standpunt uitgaande, het sy dan ook reeds op hierdie tydstip die sienswyse uitgespreek dat „the three millions being a 'free gift', as stated in the Peace Terms, is a joke. Except some scanty rations to widows and orphans I can hear of no 'gift'. Security is demanded for every atom of help”.

Die begeerte het by haar posgevat om met haar eie oë te aanskou wat die werklike toestand van die plattelandse boeregemeenskap in die O.R.K. was en terselfdertyd hulp aan die noodlydendes te verleen. Dit het haar laat besluit om spoedig op 'n uitgebreide reis te gaan deur die distrikte wat die swaarste as gevolg van die Britse opperbevel se vernietigingsbeleid gely het. 'n Sekere Enslin, wat kort tevore uit die Ceylonse krygsgevangenkamp teruggekeer het, het onderneem om sy muilwaentjie, met homself as koëtsier, tot haar beskikking te stel. Op 12 Junie het Emily gevolglik op die eerste skof van haar reis deur die O.R.K. vertrek. Die onmiddellike doel van die reis was om persoonlik noodlydendes te besoek en getuïenis in te samel wat sy as grondslag vir 'n nuwe oproep om fondse kon gebruik.

Die eerste nag van die reis is by die Rheeder-gesin op die plaas Bultfontein deurgebring, „where one half of the family is living in the waggon house and the other in the patched-up backrooms of the burnt and roofless house”. Tot op daardie tydstip het die eienaar van die verwoeste plaas nog geen kompensasie of enige hulp van owerheidsweë ontvang nie, met uitsondering van rantsoene vir twee maande en die bruikleen van 'n span regeringsosse vir ploegdoeleindes. Die volgende oggend is Emily verder na die plaas van 'n sekere Steenkamp, waar sy dieselfde treurige

10). Ibid.: Emily Hobhouse aan lady Hobhouse, 10 Junie 1903. Ek onderstreep. Vgl. Worsfold: The Reconstruction of the New Colonies under Lord Milner, p. 43 oor Milner se vertolking van die „free gift”.

toestand van sake aangetref het.

Daardie middag het hulle uitgespan op die plaas van 'n sekere Van Aswegen. Hier het Emily die eerste geval van werklike broodsgebrek aangetref: "They had not even coffee", skrywe sy oor hierdie geval aan haar tante, "and it is dreadful to a Boer to have no coffee to offer to a guest. I gave them some I am taking round with me and some rice. Ten day's rations (with an account) when they left the Camp, but not another penny of help from (the) Government they have had. No cows. Some hens which cannot lay for want of food. They live on goat's milk, hares and birds which they trap, and Springbok which they shoot When (the Constabulary) come to a farm with their guns, the Boer says: 'Lend me your gun and five or six cartridges and I will show you how to shoot Springbok and give you one!' Thus he gets his supply and keeps the official in good humour".¹²⁾

In koue, winderige weer is Emily en haar koetsier die volgende dag verder na die plaas van mnr. Piet Nel in die Boshofse distrik. Hoewel mnr. Nel geen kompensasie of ander hulp van owerheidsweë ontvang het nie, was hy nogtans in staat om sy afgebrande woonhuis te herbou en was hy vinnig op pad om weer selfstandig te word.¹³⁾ Later in die dag het sy ook besoek by die Groenewalds op die plaas Kwaggafontein afgelê, sowel as by die weduwee van Nickerk van die plaas Kaalfontein. Nog dieselfde middag het haar koetsier by 'n eensame tentjie op 'n verlate vlakte stilgehou. Daar is sy geesdriftig verwelkom deur drie jong skaapboere, wat juis besig was om haar The Brunt of the War te lees. Haar volgende besoek by die weduwee Uys, 'n verarmde vrou met vier jong kinders, was egter minder opbeurend. Die huisgesin se toestand was in alle opsigte benard. Teneinde tydelike verligting te bewerkstellig, het Emily 'n klein hoeveelheid rys en koffie aan die

- 11). Ibid.: Emily Hobhouse aan lady Hobhouse, 12 Junie 1903. Vgl. Cd. 1551/1903, p. 5: Milner aan Chamberlain oor ploegskema, 4 April 1903; Cd. 1463/1902, p. 42: Milner aan Chamberlain, 8 Des. 1902; Worsfold: Op. cit., Deel I, p. 56.
- 12). Ibid.: Emily Hobhouse aan lady Hobhouse, 12 Junie 1903. Vgl. Cd. 1551/1903, pp. 201 - 202. Pligte van S.A.C.
- 13). Ibid.: Emily Hobhouse aan lady Hobhouse, 14 Junie 1903.

14)

moeder oorhandig.

Liggaamlik uitgeput na haar vermoeiende reis, het Emily dieselfde aand op Boshof aangekom. Daar het sy by die plaaslike Ned. Geref. leraar tuisgegaan. Vergesel van die dominee het sy die volgende dag hulpbehoewendes in en om die dorpie besoek. So doende het dit vir haar duidelik geword dat die seshonderd inwoners van Boshof in werklikheid almal hulp nodig gehad het: "About one third of the town consists of ruined houses - doors, windows, etc. gone, some houses wholly razed to the ground, trees cut and fences broken. Many are living in one room of a house for which a window could be obtained while the other windows have sacks nailed over them". Die families Britz en Jacobs en die weduwees Brits en Van der Merwe, se nood was so hoog dat Emily uit haar beskikbare fondse 'n bedrag aan ds. Bosman vir hulpvoorsiening aan hulle oorhandig het. Te veel kon sy egter nie gee nie omdat "the cases of distress are so much more numerous elsewhere, and even more acute".¹⁵⁾

Aangesien haar mulwaentjie te stadig na haar sin was, het sy op advies van ds. Bosman besluit om haar reis verder van plaas tot plaas voort te sit met die hulp van goedgesinde eienaars van perdekarre. Op die wyse het sy Hoopstad op die aand van die 16 de Junie bereik. Hoewel sy kon sien dat ruim een-derde van die dorpie verwoes was, kon sy ongelukkig slegs een nag daar oorbly. Die volgende oggend het sy die reis na Bultfontein voortgesit in geselskap van 'n lid van die plaaslike repatriasieraad. Desnieteenstaande het sy voor haar vertrek die tyd gevind om, namens die inwoners van Hoopstad, 'n versoekskrif aan die luitenant-goewerneur van die O.R.K. te rig. In hierdie versoekskrif het sy die luitenant-goewerneur se aandag op die heersende droogte gevestig en hom, met die oog op die dreigende kosskaarste, versoek "to re-open the supply of food and to continue it for six months till the reaping of the corn harvest". Sodanige voedselvoorrade moes kosteloos aan die hulpbehoewendes voorsien word aangesien

14). Ibid.: Emily Hobhouse aan lady Hobhouse, 15 Junie 1903.

15). Hobhouse: Memoirs XI. Emily Hobhouse aan lady Hobhouse, 17 Junie 1903.

die mense van Hoopstad, volgens die versoekskrif, „would prefer¹⁶⁾ the utmost privation rather than incur such debt”.

Na 'n vervelige rit deur die Sandveld het Emily teen die aand op Bultfontein aangekom en die volgende oggend vroeg reeds weer na Brandfort vertrek. Op pad daarheen het sy 'n aantal gevalle van die grootste nood en ellende teëgekom. Daaronder was ook die familie de Wet. Hierdie gesin het, by gebrek aan 'n behoorlike woning, tydelik herberg in 'n stal gevind. Daar het sy die ou heer Jan de Wet aangetref, siek aan rumatiekkoors en bekommerd oor die toekoms. By gebrek aan ander voorrade het sy haar padkos met die ou man gedeel. Op dieselfde dag het sy ook mev. Cornelius Frinsloo ontmoet, 'n vrou uit 'n vooraanstaande familie wat nou ontbering moes verduur. Aangesien mev. Prinsloo en haar gesin geen hulp van owerheidsweë ontvang het nie, moes hulle alles op skuld koop en het hulle dit uiters moeilik gevind om kop bo¹⁷⁾ water te hou.

Deur bemiddeling van ds. de Bruyn, die leraar op Brandfort, het Emily die volgende dag ook kennis gemaak met die broers Van Graan. Hulle was voor die oorlog welgestelde boere maar een van hulle het nou in 'n stal gewoon en 'n patetiese stryd gevoer om weer op die been te kom: „On his great farm”, het Emily die ellendige toestand waarin hierdie gesin verkeer het op aangrypende wyse aan haar tante gestel, „he has now only sixteen sheep and these he bought cheap from a friend because they had scab, which by careful doctoring he has cured. There are seven little mouths to be fed. He got seed potatoes from Repatriation for a promissory note, but the drought killed them. His brother lent him oxen to plough with, so he put in a little seed, but till it is ripe he has nothing to live upon. His beautiful house is in ruins, his blue gums all but two cut down, his fruit trees chopped. But how he laughed and how his brother laughed! There is getting something quite terrible to me in this laugh of the Boers

16). Ibid. Vgl. Cd. 1551/1903, p. 5: Milner aan Chamberlain, 4 April 1903 oor droogte; Worsfold: Op. cit., Deel I, p. 49 oor dieselfde onderwerp.

17). Hobhouse: Memoirs XI. Emily Hobhouse aan lady Hobhouse, 18 Junie 1903.

which meets me everywhere. It is not all humour, nor all bitter, though partly both; it is more like the laughter of despair. We sit in a row by these stable walls and discuss every project possible and impossible, and then we laugh. Now and again the tears come into the men's eyes, but never into the women's, except when they speak of children lost in the camps".¹⁸⁾

'n Besoek aan die terrein waar die Brandfortse konsentrasiekamp vroeër gestaan het, het Emily met magtelose woede teenoor die owerhede in die O.R.K. vervul. Hope tente het op die grond gelê en verweer, en dit op 'n tydstop toe duisende mense in die O.R.K. nog feitlik dakloos was. 'n Ander besoek, hierdie keer aan die weeshuis, waar drie-en-twintig oorlogswesies hulle bevind het, het haar woede egter in weemoed laat verander. Veel tasbare hulp kon sy by gebrek aan die nodige fondse ongelukkig nie voorsien nie. Tog het sy haar weg oopgesien om 'n hoeveelheid konfyt en kaas vir die inrigting aan te koop wat moontlik die wesies se eentonige maaltye effens sou kon ophelder.¹⁹⁾

Terug in Bloemfontein het sy slegs een dag gehad om te rus. Toe het sy weer per trein na Thaba'Nchu afgereis teneinde mej. Monkhouse, wat by die Tweespruitse hulpkamp werksaam was, te besoek. Hierdie Engelse dame is oorspronklik deur die Londense komitee van die Suid-Afrikaanse Noodlenigingsfonds uitgestuur, maar by haar aankoms in Suid-Afrika het sy verkies om liever in diens van die administrasie in die O.R.K. te tree. Ten spyte daarvan het sy egter ook voortgegaan om die voorrade, wat deur die Noodlenigingsfonds voorsien is, te versprei. Op Emily het nou die verpligting gerus om verslag oor mej. Monkhouse se dienste in hierdie nie-amptelike hoedanigheid uit te bring. Vanaf Thaba'Nchu het generaal Brand haar met sy eie perdekar na Tweespruit geneem waar sy vriendelik deur mej. Monkhouse ontvang is. Die kampsuperintendent het egter heftig beswaar aangeteken teen die feit dat hulle sy kamp sonder permit binnegekome het. By haar terugkoms in Bloemfontein, het Emily 'n brief ontvang van H.J. Wilson,

18). Ibid. Emily Hobhouse aan lady Hobhouse, 19 Junie 1903.

19). Ibid.

die agerende luitenant-goewerneur, waarin sy meegedeel is dat hy bevele uitgereik het dat toegang tot alle hulpkampe aan haar ont-sê moes word. Emily self het gemeen dat die agerende luitenant-goewerneur se bevele in werklikheid teen generaal Brand eerder as teen haar persoonlik gerig was, aangesien die owerhede "seem des-²⁰⁾perately afraid of all the Generals and of their influence". 'n Mens wonder egter onwillekeurig of die owerhede nie vir haar, wat hulle vroeër so genadeloos oor die kampe aangeval het, 'n groter vrees as vir die Boeregeneraals gekoester het nie. Aangesien sy nooit enige plan om ander hulpkampe te besoek gehad het nie, het sy haar min oor mnr. Wilson se bedekte waarskuwing bekommer en ongestoord met haar ondersoek in die O.R.K. voortgegaan.

Aan die einde van Junie het Emily per trein afgereis na Koppies, waar sy enkele dae op die plaas van generaal Christiaan de Wet sou vertoef. Die generaal se na-oorlogse ervarings het 'n diep indruk op haar gemaak en in 'n brief aan haar tante het sy, in welluidende prosa, die volgende daaroor te sê gehad: "When the war ended this horse (d.w.s. sy bekende wit perd Fleur) and his rifle were all the movable possessions he had in the world. He found his wife in Vredefort Camp, three hours distant (18 miles) and brought them here, and he told me that then he himself climbed the little kopje above the homestead and sat down to look for the first time at the heap of ruins spread beneath. Houses, out-houses, kraals, wiped out - fruit trees cut down, not any tree left - a desert all round - of all the money he had spent upon the place only the great dam remained Like all the other burghers, de Wet is laughing. If he did not, he says, he should die ... I think he is having a very hard pull this year, the only help he has had was the comparatively small sum he got for his book and a royalty of 6d. on each volume, which has not yet²¹⁾ been paid him. It was all he had to begin life on again".

Na 'n besoek aan Transvaal het Emily aan die einde van Julie

20). Hobhouse: Memoirs XII. Emily Hobhouse aan lady Hobhouse, 28 Junie 1903.

21). Ibid: Emily Hobhouse aan lady Hobhouse, 1 Julie 1903; De Wet: Three year's War.

na die O.R.K. teruggekeer. Haar doel was om 'n reis deur die noordelike distrikte te onderneem en met haar eie oë die toestand van die teruggekeerde plattelandse bevolking te aanskou. By haar aankoms te Viljoensdrift, is sy op die stasie ontmoet deur Willie Steyn, die man wat gedurende die oorlog groot bekendheid verwerf het as gevolg van sy waaghalsige ontsnapping vanaf 'n Britse oorlogskip in die hawe van Ceylon. Om half-nege in die oggend - „that cold-blooded hour“- soos sy dit genoem het, is sy deur die vooraanstaande ingesetenes van Heilbron op oggendete onthaal. Direk daarna het sy in geselskap van die plaaslike leraar vertrek om besoek by 'n aantal hulpbehoewendes op die dorp te gaan aflê. Na middagete het ds. Theron haar na die weduwee Els geneem. Die weduwee was, volgens die sienswyse van sy weleerwaarde, werklik hulpbehoewend. Onmiddellik daarna het sy 'n onthaal bygewoon deur die ingesetenes van Heilbron vir haar gereël. Dieselfde middag het sy ook besoek afgelê by die weduwee Boshoff, wat ^{sy} persoonlik vroeër in die Springfonteinse kamp leer ken het. Haar ou vriendin was nou woonagtig in 'n bouvallige huis, met 'n dak „made of old zinc full of holes as big as half-crowns through which at night the stars twinkle“²²⁾.

Na sy nog 'n kort besoekie aan die Therons, 'n welgestelde familie, afgelê het, het sy haar reis na Lindley voortgesit: „A strange medley it was of ruins and tents“, was die eerste indruk wat sy van hierdie verwoeste dorpie gekry het. „The whole of Lindley is too sad and dejected outwardly and inwardly to write about. Everyone is ruined except a fourth-rate hotel-keeper ... Men are working hard only to pay their swollen debts and more debts now owing to the Repatriation and cannot buy food or clothes. It is cruel. A large poor class which never existed before is being created in the land“. Na sy 30 sakke meel uit haar beskikbare fondse vir die hulpbehoewendes in en om Lindley by 'n plaaslike winkelier bestel het, is sy per perdekar verder in die rigting van Reitz.²³⁾

22). Hobhouse: Memoirs XVIII. Emily Hobhouse aan lady Hobhouse, 2 Aug. 1903; Vgl. Steyn: Terug na Kommando.

23). Ibid. Ek onderstreep; Vgl Macdonald: Op. cit., p. 52 oor Lindley se toestand.

Op pad na Reitz het hulle 'n rukkie op die plaas Plezier uitgespan, waar Emily weer 'n geval van die uiterste armoede aangestref het. Die gesin op die plaas woonagtig "had nothing left, nothing to eat but mealies, and so few of them that they must eke them out by one meal a day only. There was nowhere to turn for money or for help, the husband had tramped away some thirty miles to seek work on a railway. At best he would get 4/6 a day, and on that no family here can live She and her children sat there face to face with starvation, that terrible kind which is combined with perfect respectability".²⁴⁾

Op. Reitz aangekom is sy hartlik deur die plaaslike pastorie-egpaar, ds. en mev. Viljoen, verwelkom. Die toestand van die bevolking hier was netso haglik as te Lindley. Teneinde broodsgerebrek minstens vir 'n tydjie af te weer, het Emily ook hier dertig sakke meel aangekoop en vir verspreiding onder die noodlydendes aan ds. Viljoen oorhandig. Na 'n haastige besoek aan Frankfort, waar 'n hele aantal vrouens hulle oorlogsdagboeke aan haar vir gebruik afgestaan het, het sy na Heilbron teruggekeer en onverwyld na Johannesburg afgereis.²⁵⁾

Emily Hobhouse se reise deur die buitelandse distrikte van die O.R.K. het dit vir haar duidelik laat word dat die platteland grotendeels verwoes en dakloosheid algemeen was. Die hulp deur die repatriasiedepartement aangebied was hopeloos ontoereikend om aan al die bestaande behoeftes te voorsien. Sy het huisgesin na huisgesin noodlydend aangetref en in sommige gevalle was die nood so hoog dat hongersnood en algehele ekonomiese ondergang klaarblyklik binne afsienbare tyd moes volg. Met oortuiging kon sy dan ook in 'n versoekskrif aan die luitenant-goewerneur beweer dat "people exist today on mealies alone and many eat only once in the day of those. Mealies are dear and they cannot afford much longer to continue even this nourishment".²⁶⁾

24). Ibid. Vgl. Amery: Op. cit. Deel VI, p. 55 en Beak: Op. cit., p. 63 oor arbeidskampe in O.R.K.

25). Hobhouse: Memoirs XVIII, Emily Hobhouse aan lady Hobhouse, 2 Aug. 1903; Hobhouse: War without Glamour. Die boek bevat sommige van die dagverhale.

26) Hobhouse: Memoirs XI. Petisie aan luit.-goew., Junie 1903.

Namate sy haar reis deur die O.R.K. verder voortgesit het, het sy beter vertrouwd geraak met die algemene behoeftes van die volk. Sodoende het dit vir haar duidelik geword dat die Britse militêre owerhede nie van plan was om kompensاسie uit te betaal vir voorrade, trekdier e.s.m., gedurende die oorlog deur hulle opgeëis nie, selfs nie in gevalle waar persone die vereiste kwintansie kon voorlê nie: „I have not yet met a single instance in which a man has received payments of his receipts from our military", het sy in die verband aan haar tante geskrywe, „but I have heard of a few cases in which a small proportion of the money due has been paid, namely a widow who had £30 for two horses, and the case of a farmer Smidt Over and over again men are summoned to town from huge distances at great cost to give evidence about their claims, and arrive to find the offices shut and the Board away on holiday or unable to see them".²⁷⁾ Die Britse regering het, soos voorheen aangetoon, besluit dat geen kompensاسie aan bittereinders en krygsgevangenes uitbetaal sou word nie en dat die sgn. Military Compensation Fund slegs op „protected burghers" van toepassing sou wees. Daarom is dit maklik om te begryp dat Emily, tydens haar reis deur die O.R.K., slegs van weinig gevalle sou hoor waar kompensاسie wel uitbetaal is. Die mense wat sy besoek het, het algemeen gesproke nie tot die „protected burgher" klas behoort nie en kon dus, volgens opdrag van die Britse regering, ook geen aanspraak op kompensاسie maak nie.

Uit wat sy persoonlik gesien en gehoor het, kon Emily ook aflei dat 'n geringe hoeveelheid repatriasihulp in die vorm van voedselrantsoene en saad wel aan die meerderheid van die gerepatrieerdes voorsien is. Volgens Milner se beleid het dit natuurlik op skuld geskied. Tot haar verbasing moes sy ook van goedingeligte persone verneem dat die repatriasiedepôts op 30 mei 1903 gesluit is, juis op 'n tydstip toe die meeste huisgesinne weens die droogte, allermins in 'n toestand verkeer het om in hulle eie behoeftes te voorsien.²⁸⁾ Die „vrye gif" van £3,000,000

27). Ibid: Emily Hobhouse aan lady Hobhouse, 15 Junie 1903.

28). Ibid: Petisie aan luit.-goew., Junie 1903. Vgl. Beak: Op. cit., p. 186 oor sluiting van repatriasiedepôts.

was, volgens mnr. Chamberlain se finale vertolking van klousule X, bepaald vir die rehabilitasie van gerepatrieerdes bedoel. Gevolglik het mej. Hobhouse die reg besit om in 'n versoekskrif aan die luitenant-goewerneur daarop aan te dring dat verdere hulp aan hulpbehoewendes voorsien moes word. Terselfdertyd het sy daarop gewys dat „the food supplied to be of service, must be free, and not considered a debt laid on the shoulders of the recipients - a debt which they can see no hope for years to come of redeeming”.

As gevolg van die oorlogsontwrigting het daar na die vrede algemene onsekerheid en onrus op finansiële, maatskaplike en politieke gebied in die O.R.K. bestaan. Omdat sy slegs kort hier vertoef het, kon Emily nie bloot op haar eie ooggetuienis staat maak nie. Daarom het sy dit noodsaaklik gevind om doelbewus inligting by persone in te win wat beter op hoogte van sake was as syself. Mnr. Bridger, 'n Hoopstadse winkelier en lid van die plaaslike repatriasieraad, het aan haar vertel dat kontantgeld skaars was, hoofsaaklik omdat soveel van die gerepatrieerdes net op kompensasie vir oorlogsverliese gewag het i.p.v. verbande op hulle grond te neem en sodoende hulself op ekonomiese gebied te rehabiliteer. Ter verskoning van die warboel wat daar op repatriasiegebied bestaan het, het mnr. Bridger aangevoer dat die plaaslike repatriasierade hulle waarskynlik beter van hul taak sou gekwyt het „if they had not been hampered by a continual succession of changing orders, if they could have been left to their own common sense”.

³⁰⁾ Hierdie opvatting van die heer Bridger - deur Emily self ook gehuldig - lyk heeltemal aanneemlik as ons rekening hou daarmee dat burggraaf Milner, wat die vertolking van klousule X betref, in die duister rondgetas het en verplig was om sy opdragte gedurig te wysig. Die lenings wat deur die owerheid ter beskikking van die plattelandse bevolking gestel is, is ook deur mnr. Bridger as nutteloos en onprakties beskrywe, hoofsaaklik omdat die hele stelsel „was hedged with impossible rules”.

29) Ibid.

30) Hobhouse: Memoirs XI. Emily Hobhouse aan lady Hobhouse, 18 Junie 1903.

31) Ibid.

Op maatskaplike gebied het daar ook 'n toestand van onrus in die O.R.K. geheers. Inligting deur leraars e.a. aan Emily verstrekk, het daarop gedui dat 'n soektog na geestelike waardes 'n algemene verskynsel by die teruggekeerde Boerebevolking was. Van daar dat ds. de Bruyn, die leraar te Brandfort, met dankbaarheid kon getuig dat die kollektes by geleentheid van eredienste ingesamel, ondanks die droogte en ekonomiese druk, in 1903 groter as ooit sedert die oorlog was. Hierdie geestelike herlewing wat algemeen merkbaar was, is deur Emily persoonlik daaraan toegeskrywe dat „the church is the one thing left of the old life, and so they cling passionately to it”.³²⁾

Op politieke gebied was die waters in die O.R.K. netso troebel. Vir vertroubare inligting in hierdie verband het Emily haar feitlik onvoorwaardelik verlaat op die woord van generaal Christiaan de Wet. Volgens wat hy aan haar gesê het, was die groot vraag by die Boerevolk op daardie tydstip: „Will a Liberal Government give us back our independence?” Die begeerte het, volgens Emily, min hoop op verwesenliking gehad aangesien die Liberale party, sedert Gladstone se dood, te swak was om so 'n besliste stap te doen. Uit Boere-oogpunt beskou sou die herroeping van burggraaf Milner, volgens generaal de Wet, eintlik 'n ongelukkige stap wees, aangesien „he is helping the Boer cause so ably by the anger he is creating in his own followers, so if a Liberal Ministry does recall him it won't have much practical though it may have some moral effect”.³³⁾

Sodanige inligting van andere ingewin, getoets aan wat Emily self gedurende haar reise deur die O.R.K. waargeneem het, het haar in staat gestel om 'n selfstandige en betreklik vertroubare sienswyse oor die ekonomiese, maatskaplike en politieke toestand in die kolonie op te bou. Haar slotsom, na noukeurige persoonlike ondersoek, was dat die plattelandse bevolking van die O.R.K. nog verbitterd as gevolg van die oorlog was. Vanweë die ontbering wat hulle daarna moes verduur, was hulle boonop vinnig besig om

32). Hobhouse: Memoirs XI. Emily Hobhouse aan lady Hobhouse, 21 Junie 1903.

33). Hobhouse: Memoirs XII. Emily Hobhouse aan lady Hobhouse, 1 Julie 1903.

om heeltemal van die owerhede vervreemd te raak: "Over this wide country", skrywe sy oor die verskynsel, "at every little speck dotted about, which means a farm house or its remains, their sits a man laughing bitterly, and brooding over his wrongs, yearning for his President and his Free State law. What are they to do? So they ask. We must submit, says the very old man in the chimney corner. We must fight again to a finish, says the middle-aged burgher whose rifle is his only mode of expression. We must say what we think and organize and protest, says the young burgher, and the land will yet be ours".³⁴

Van nog groter belang as bogenoemde gevolgtrekking van Emily Hobhouse oor die houding van die Boerevolk ná die oorlog, was egter haar bevindings rakende na-oorlogse omstandighede in die O.R.K. en die wenke in die verband deur haar aan die hand gedoen. Volgens haar het die teruggekeerde boere 'n taktiese fout begaan deur al hulle hoop op kompensasie of enige ander vorm van regeringshulp te vestig. Dit sou op die lang duur beter betaal om eie inisiatief aan die dag te lê: "During this trek", beweer sy in haar Herinneringe, "it became abundantly plain to me that the only wise plan for the Boers, whether 'wilde Boer, Handsupper, National Scout or 'Roberts man', was to set aside all thought of 'Free Gift' Compensation or Military Receipts, and face life trusting to his own arm and such help as Cape relatives might offer. The delay and despair were injuring their prospects more than any money from the Government could put right". Daarbenewens het sy die onverstandige samestelling van die plaaslike repatriasierade afgekeur en was sy die mening toegedaan dat die magistrate, vanweë hulle baie ander ampspligte, nie die geskikte persone was om die toestand van die hulpbehoewendes te ondersoek nie. Volgens haar moes die verantwoordelike taak eerder aan die plaaslike leraars, wat hulle gemeentelede beter geken en verstaan het, opgedra word. Die predikante kon egter, volgens haar, nie waag om in 'n raadgewende hoedanigheid op te tree nie uit vrees vir die sgn. Peace

34). Hobhouse: Memoirs XI. Emily Hobhouse aan lady Hobhouse, 15 Junie 1903.

Ordinance Act of Hou-jou-bek wet. Omdat die plaaslike repatriasierade nie die algemene vertroue weggedra het van diegene wat van hulle goedgunstigheids afhanklik was nie, het die repatriasieskema sy doel gemis. Die rehabilitasie van die plattelandse bevolking kon, volgens haar, slegs dan 'n werklikheid word wanneer kapitaliste in die Kaapkolonie en elders ooreed kon word om verbande op die gronde van die ontredde boeregemeenskap te neem en die nodige kontantgeld vir heropboudoeleindes voor te skiet.³⁵⁾

Bogenoemde plan deur Emily aan die hand gedoen, kon natuurlik slegs in die geval van grondeienaars in die O.R.K. toegepas word. Wat die bywonersklas betref, het sy self besef, sou 'n ander uitweg gesoek moes word. Sy was veral oor die jong meisies uit hierdie talryke bywonersklas erg bekommerd. Hierdie meisies, het sy aanvanklik gemeen, behoort by goeie families as huisbediendes in diens te tree. Toe moes sy egter tot haar verbasing uitvind dat hulle feitlik sonder uitsondering onwillig was om sodanige „kaffierwerk“ te aanvaar: „They have but two ways whereby to earn their living - sewing and teaching“, het sy haar nood by haar tante gekla. „If near a town they will also iron, but they will not wash. That is Kaffir work“. Emily, as burgeres van 'n land waar geen kleurvraagstuk bestaan en geen handarbeid gevolglik as „vernederend“ beskou kon word nie, het gereken dat sodanige toestand van sake baie ongesond was. Daarom het sy volgehou dat „their old customs must be altered owing to the great upheaval the country has undergone, and pressure of circumstances must drive them to take service“.³⁶⁾

Teneinde die talryke bywonersklas as geheel weer op die been te help en terselfdertyd hongersnood te voorkom, was daar een of ander vorm van direkte noodleniging noodsaaklik. Hierdie doel wou Emily bereik deur druk op die Britse regering uit te oefen en hulle sodoende te dwing om opdrag aan die koloniale administrasie

35). Ibid: Emily Hobhouse aan lady Hobhouse, 18 Junie 1903; Vgl. Macdonald: Op. cit., p. 82 oor samestelling plaaslike repatriasierade. Ook Cd. 1551/1903, p. 201 die woorde: „The Burghers themselves have become divided into bitter factions against each other“.

36). Hobhouse: Memoirs XI. Emily Hobhouse aan lady Hobhouse, 19 Junie 1903.

te gee om weer gratis voedsel aan noodlydendes te voorsien. Terselfdertyd sou syself 'n beroep op die vrygewigheid van die publiek in die Kaapkolonie doen. 'n Oproep in dier voege is op 13 Augustus 1903 in die South African News en kort daarna ook in die Cape Times gepubliseer. Haar poging om, deur bemiddelling van lord Courtney, druk op die Britse regering uit te oefen, is ook met gedeeltelike sukses bekroon. Binne twee weke na die aankoms van haar kabelgram in Engeland is die repatriasiedepôts heropen en kon hulpbehoewendes weer voorrade op krediet verkry. Hoewel dit nie presies was wat Emily beoog het nie, kon sy haar in elk geval troos met die gedagte dat „I knew that the utmost suffering was thereby averted”.³⁷⁾ Die geld in die Kaapkolonie ingesamel is deur Emily gebruik vir die aankoop van trekosse wat spangewyse na die verskillende distrikte vir ploegdoeleindes gestuur is.³⁸⁾

Tydens haar besoek aan die O.R.K. is mej. Hobhouse getref deur die onoorbrugbare kloof wat daar bestaan het tussen die Britse owerhede aan die een kant en die intellektuele Boereklass - predikante en politieke leiers - aan die ander. Dit het ook spoedig vir haar duidelik geword dat die Britse owerhede die predikante van die Ned. Geref. Kerk gewantrou het, waarskynlik omdat hulle so 'n diepgaande invloed op die volksmassas uitgeoefen en boonop³⁹⁾ geweier het om Milner se verengelsingsbeleid gelate te aanvaar. Wat die politieke leiers van die volk betref, het 'n soortgelyke toestand van sake geheers: „I found the authorities were nervous at the influence of the Boer Generals”, verklaar sy later in haar Herinneringe, „(and) yet it was thirteen months after peace and the entire country was disarmed. It was the custom to drop the 'General' and speak of Mr. Botha, Mr. Jan Smuts, Mr. Brand. Mr. and so on”. Onderlinge wantroue moes noodwendig tot 'n breuk lei, en sodoende kon Emily reeds teen die helfte van 1903 met oortuiging verklaar: „The cleavage is complete. Each goes its own

37). Hobhouse: Memoirs XVIII.

38). Hobhouse: Memoirs XIX. Emily Hobhouse aan lady Hobhouse, 27 Aug. 1903; Vgl. ook Cd. 1551/1903, p. 5, oor milner se ploegskema.

39). Hobhouse: Memoirs XI. Emily Hobhouse aan lady Hobhouse, 21 Junie 1903.

way regardless of the other, or it would be truer to say social-
ly regardless - Politically each keeps a sharp eye on the other".⁴⁰⁾

Emily Hobhouse se reise deur die O.R.K. is met die vooropge-
stelde doel onderneem om liefdadigheid op 'n tasbare manier te be-
wys. In die noodleniging wat sy werklik beoefen het, lê dan ook
die grootste belangrikheid van haar na-oorlogse besoek aan die
kolonie opgesluit. Die koloniale regering se poging om die land-
lose gerepatrieerdes deur middel van die Tweespruitse hulpkamp en
soortgelyke arbeidskampe van ekonomiese ondergang te red, was, vol-
gens haar, gegrond op 'n wanopvatting van maatskaplike verheffing
en filantropie: „The tendency of these Relief Camps", het sy be-
weer, „whatever temporary use they may have afforded, was submis-
sive and bad. For they were the very antithesis to Repatriation,
in fact they retarded it. They perpetuated many of the evils in-
herent in the Concentration Camp system and fostered the growth
of a 'Poor White' population uprooted from the soil. Though un-
doubtedly affording a slender help in a few individual cases,
these cases could have been still better helped on their farms
with the money spent on the camp expenditure".⁴¹⁾

Haar eie liefdadigheid was dan ook op 'n heel verskillende
lees geskoei. Sy was nie persoonlik vertrouwd met die agtergrond
en karaktereienskappe van die mense wat sy tydens haar rondreis
besoek het nie en gevolglik ook nie oortuig dat hulle die bekwaam-
heid besit het om met geld te werk nie. Daarom het sy verkies
om slegs voedselware en klere uit te deel of andersins die geld
aan die plaaslike predikant te oorhandig met bepaalde voorskryfte
hoe dit bestee moes word. Hieruit blyk duidelik dat dit haar
vooropgestelde doel was om die verarmdes te help om hulleself te
help. Die eienskap van haar maatskaplike werk is ook weerspieël
in haar afkeur aan die jong plattelandse dogters se onwilligheid
om as huisbediendes diens te doen. Sy wou liever sien dat die

40). Hobhouse: Memoirs XII. Emily Hobhouse aan lady Hobhouse,
1 Julie 1903; Vgl. Cd. 1551/1903, p. 201, die veelseggende
sin: „It has not been considered politic to allow them
(the Boers) to be armed any longer.

41). Hobhouse: Memoirs XII; Vgl. Amery: Op. cit., Deel VI,
p. 55 oor arbeidskampe in O.R.K.

hulpbehoewendes self moes uitspring as dat hulle moes aanleer, om van liefdadigheid en hulp van owerheidsweë afhanklik te wees. Teneinde te verhinder dat die armbankevraagstuk groter afmetings aanneem, was dit noodsaaklik dat die bywonersklas moes leer om te werk: "Work is the only solution", skrywe sy later hieroor, "but how much I wish it could be work on the land or in country districts and not of a kind that crowds people into the large towns and tends to the creation of slums".⁴²⁾ Hierdie gedagte van 'n volksadel gebore uit arbeid onder die vrye Suid-Afrikaanse lug, was ook die kerngedagte van die Tuisnywerheidskema vyf jaar later deur haar van stapel gestuur.

42). Hobhouse: Memoirs XI. Emily Hobhouse aan lady Hobhouse, 18 en 19 Junie 1903.

HOOFSTUK 10.

TRANSVAALSE REISE.

Daartoe aangespoor deur generaals Botha en De Wet, het Emily aan die einde van Junie 1903 na Heidelberg in Transvaal afgereis. Daar het sy die groot volksvergadering, deur die Boereleiers belê, bygewoon. Na haar aankoms te Heidelberg het sy aan 'n optog vanaf die stasie na die markplein deelgeneem. By die geleentheid is sy besonder diep getref deur die "strange procession of impoverished men - their seriousness, their silence, their orderliness, their perfect good humour, and their deep sense of the importance of the occasion". By die markplein het mev. (genl.) Viljoen en Broers hulle by haar gevoeg en met hulle hulp was sy in staat om Botha se Afrikaanse toespraak maklik te volg. Daarna is die aanwesiges na 'n nabygeleë tuin waar verversings bedien is. Mej. Hobhouse is daar deur generaal Botha persoonlik aan die aanwesiges voorgestel. Sy het 'n kort woordjie van dank uitgespreek maar aangesien sy liggaamlik vermoeid en alles-behalwe gesond was, het daar van haar oorspronklike voorneme om persoonlik met die aanwesige oorlogsveterane te gesels, niks tereg gekom nie. Dieselfde aand het sy egter 'n dinee bygewoon en daar is sy in die geleentheid gestel om met generaals Botha en Viljoen, Kommandante Alberts en Pretorius, sowel as met ds. Tobie Louw en ander vooraanstaande Boereleiers te gesels. Bygestaan deur hierdie persone, wat almal goed met die toestand in Transvaal vertrou was, het sy terselfdertyd 'n voorlopige reisplan vir haar voorgenome besoek aan Transvaal opgestel.¹⁾

Vanaf Heidelberg het sy in geselskap van generaal Botha na Pretoria gereis. 'n Groot aantal van die hoofstad se vooraanstaande dames, onder wie 'n hele aantal wat sy tydens haar eerste besoek aan Suid-Afrika leer ken het, het haar op die stasie ingewag en hartlik verwelkom. Tuis by ds. en mev. van Velden moes sy soveel maatskaplike verpligtinge nakom, dat sy weinig geleentheid vir enigiets anders kon vind. Desnieteenstaande het sy daarin geslaag om voorrade aan te koop en voorbereidsels vir haar voor-
1). Hobhouse: Memoirs XIII. Emily Hobhouse aan lady Hobhouse, 4 Julie 1903.

genome reis deur Oos-Transvaal te tref. Na 'n vlugtige besoek aan die Pretoriase weeshuis vir oorlogswese, het sy op 9 Julie vertrek na Middelburg, waar haar eintlike reis deur Oos-Transvaal²⁾ sou begin.

Op Middelburg het die vrouens van die dorp en distrik haar feestelik op die stasie verwelkom en na die plaaslike pastorie begelei. Later in die dag het sy die kampkerkhof gaan besigtig en die volgende oggend haar werksaamhede begin deur besoek by die Middelburgse weeshuis af te lê. Hier, soos by die ander weeshuise wat sy vroeër reeds besoek het, het sy die oorlogswesies goed versorg aangetref. Kouse was egter skaars en gevolglik het sy dit goedgevind om aan elke weseie een paar present te gee. Die duidelike volkstrots van die Middelburgse weeskinders het haar aangegryp en in 'n brief aan haar tante het sy spesiaal gewag gemaak van die „set of boys and girls not at all downcast, but contrariwise holding up their little heads with pride because their fathers and mothers had died for their country”.³⁾

Vanaf Middelburg het sy in geselskap van ds. Burger per muilwa na Roosenekal afgereis. Op weg daarheen het sy allereers 'n vlugtige besoek by 'n sekere Smidt afgelê. Hy was voor die oorlog 'n grofsmid maar het al sy gereedskap in die oorlog verloor en het dit nou onmoontlik gevind om 'n lewensbestaan te maak. Soos gewoonlik het Emily nie haar weg oopgesien om kontantgeld aan die verarmde grofsmid self te gee nie. Sy het egter besluit om die gesin op die been te help en aan ds. Burger die geld gegee⁴⁾ waarmee die nodige gereedskap vir Smidt aangekoop kon word.

Later in die dag het sy op die plaas Wonderhoek laat uitspan. Daar het sy die plaaseienaar - vroeër 'n welgestelde boer - in 'n treurige pondokkie naby die bouvalle van die vroeëre opstal aangetref. Daarvandaan het die grootpad verby 'n hele aantal vernietigde plaaswonings gelei. Hoewel die veld pragtig groen was, het sy nêrens enige lewende dier bespeur nie. Sy het dan ook

- 2). Hobhouse: Memoirs XIII. Emily Hobhouse aan Leonard Hobhouse, Julie 1903.
- 3). Hobhouse: Memoirs XIII. Emily Hobhouse aan lady Hobhouse, 14 Julie 1903.
- 4). Ibid.

vasgestel dat vars vleis indie geweste feitlik onverkrygbaar was. Diegene wat nie blikkiesvleis kon bekostig nie, moes eenvoudig met 'n vleislose dieet klaarkom. Na sonder daardie aand het Emily en haar reisgesel op die plaas van die familie Haupt aangekom. Die gesin het feitlik al hulle besittings verloor en was nou tydelik in 'n stal gehuisves. Aangesien Emily haar gasvrou nie ongerief wou aandoen nie, het sy aangebied om in haar muilwaentjie te slaap. Van so-iets wou mev. Haupt egter nie hoor nie en Emily moes teen wil en dank die nag binnenshuis deurbring. Vroeg die volgende oggend het sy met haar sketsboek die veld ingestap en by haar terugkeer, die gesin besig met oggendgodsdienis aangetref: "They were singing hymns and giving thanks for food, clothing and shelter!" Na sy 'n aantal ander hulpbehoewende persone in die omgewing ook besoek het, het sy in die namiddag haar reis verder voortgesit.⁵⁾

Aangesien dit Nagmaalsnaweek was, was die hele Roosenekal in rep en roer. Die dorpie self het nog die onuitwisbare spore van die oorlog gedra en behalwe die polisiestatie, was daar geen huis met 'n behoorlike dak te sien nie. Emily self is in 'n tent op die kerkplein gehuisves. Sodoende is sy in staat gestel om, sonder veel inspanning, volledige inligting rakende die toestand in die omgewing van Roosenekal in te win. Ds. Burger was veral besorg oor 'n sekere Schutte, wat sy vrou gedurende die oorlog verloor het en, tenspyte van swak gesondheid, ses kindertjies moes versorg. Emily het gevolglik die volgende oggend die hulpbehoewende gesin spesiaal gaan besoek. Schutte het aan haar vertel dat sy woonhuis deur die Britse leërs verwoes en al sy vee gekonfiskeer is maar dat hy, tot op datum van haar besoek, nog geen militêre kompensasie ontvang het nie. Die plaaslike repatriasieraad het hom en sy gesin egter 'n tydlank voorsien van voedsel, waarvoor hy 'n rekening gekry het. Hy het ook twintig sinkplate ontvang om sy huis te herstel maar omdat hy sy gewonde arm nie kon gebruik nie, het van die plan nog niks tereggekome nie. Emily was persoonlik oortuig daarvan dat hierdie man werklik hulp ver-

5). Ibid. Ek onderstreep.

dien het en het 'n bedrag van vyftig pond aan ds. Burger oorhandig om na goeddunke ten behoeve van die Schutte-gesin te gebruik.⁶⁾

Op pad vanaf Roossenekal na Dullstroom het sy op die treurige geval van die Britz-gesin afgekom. Hierdie gesin het ook al hul besittings gedurende die oorlog verloor en het in 'n afdak teen die agterkant van die bouvalle van hulle eertydse sierlike huis gewoon. Toe Emily daar aankom, was die vader juis weg na Dullstroom om werk te soek terwyl die moeder siek in die bed was. Die hele huishouding het gevolglik op 'n negejarige dogtertjie neergekom. Emily se gemoed het haar volgeskiet by die aanskouing van soveel ellende en half-verblind deur trane het sy onmiddellik na haar muilwaentjie gestrompel en 'n hoeveelheid rys en 'n stuk flennie vir die verarmde gesin gaan afhaal.⁷⁾

Op pad na Dullstroom het Emily besondere las van senuwee-ontsteking in haar arm ondervind. Hier in Dullstroom het sy 'n hele aantal gevalle van die grootste armoede en ellende aangetref en is sy besonder diep getref deur die onderlinge meegevoel wat daar by die hulpbehoewendes self te bespeur was: „The men who come and tell you all about their suffering neighbours”, skrywe sy aan lady Hobhouse, „are often as badly or worse off themselves, but they don't say so, and you find it out afterwards by chance”. Die ergste noodgeval wat Emily in Dullstroom aangetref het, was ongetwyfeld die van die ou heer Kroon wat sy vrou sowel as al sy besittings gedurende die oorlog verloor het en nou van die genade van sy bure afhanklik was. Aangesien hy 'n gebore Hollander was, het Emily besluit om hom tydelik te help aan 'n sak meel. Later het sy sy geval by die Nederlandse konsul in Pretoria aanhangig gemaak.⁸⁾

Dullstroom se inwoners was feitlik voor die voet hulpbehoewend en nie in staat om gaste te ontvang nie. Gevolglik het Emily besluit om die nag op die plaas van veldkornet Piet Taute deurte bring. Die veldkornet, vroeër 'n welgestelde en gesiene man, het feitlik al sy besittings as gevolg van die Britse opperbevel

6). Ibid.

7). Ibid.

8). Ibid.

se vernietigingsbeleid verloor en was nou gevestig in 'n woning wat slegs gedeeltelik herstel kon word. Mev. Tante het 'n baba verwag en dangesien die gesin in geldelike moeilikheid verkeer het, het Emily besluit om in die geval 'n uitsondering te maak en wel direkte geldelike hulp aan die veldkornet te verleen: „And then”, berig sy aan haar tante, „this huge Veld-Cornet broke down and began to cry. He was so glad, so thankful”⁹⁾.

Te Belfast, waar sy die volgende dag aangekom het, is Emily feestelik deur die ingesetenes onthaal. 'n Verwelkoningsadres is haar aangebied en na sy 'n kort toespraakie afgesteek het, het sy die geleentheid gekry om persoonlik met die mense te gesels. Oorspronklik was sy eintlik van plan om ook Carolina en Ermelo te besoek. Die pyn in haar arm het egter onuithoudbaar begin word, en aangesien vars trekdiere vir haar waentjie op Belfast onverkrygbaar was, het sy slegs een dag daar oorgebly en toe na Pretoria teruggekeer.

Generaal J.C. Smuts, by wie sy in Pretoria tuisgegaan het, het 'n besonder gunstige indruk op Emily gemaak, enersyds vanweë sy hoë geleerdheid en humorsin en andersyds as gevolg van sy onmiskenbare staatsmansvernuf: „I wish you could meet him”, skrywe sy aan haar broer. „He is so cultivated and clever and full of fun, though underneath of course he is broken-hearted at the loss of his country. Having been so long in Cambridge and London he is so entirely like one of ourselves, and it is curious how the English folk with grievances come to him, and General Lyttelton and Sir Arthur Lawley and other officials ask his advice ... I prophesy a great future for Smuts; hopeless as he now is I feel sure he is the man respected by all parties and feared by Milner, and one day English and all will look to him to get them out of the muddle into which the country is drifting. But Smuts will work, not only side by side, but behind Botha loyally, till some-¹⁰⁾ day, I think his superior education will force him to the front”. Die wyse waarop hierdie profetiese woorde van haar later bewaar-

9). Ibid.

10). Hobhouse: Memoirs XIV. Emily Hobhouse aan Leonard Hobhouse, Julie 1903.

heid is, is 'n duidelike bewys van haar skerpsinnigheid en mensekennis en bewys trouens ook haar bekwaamheid om Suid-Afrikaanse staatkundige aangeleenthede te begryp en 'n oordeel daaroor te vel.

Emily het haarself slegs 'n kort rustydjie in Pretoria gegun en toe weer per trein na Nylstroom vertrek. Hier het sy kommandant Swemmer ontmoet. Hy was gedurende die oorlog 'n mediese beampte in die Boeremagte en is daarna benoem tot lid van die Regterlike Kommissie wat eise om kompensasie in die Transvaal moes ondersoek. Vanweë sy ampspligte was hy besonder goed op hoogte van sake rakende die na-oorlogse toestand in Transvaal en kon hy heelwat nuttige inligting aan Emily verstrek: „He and the other members of his Board", kon sy dan ook aan haar tante berig, „say 85 to 89 Percent of the High Veld districts are unable to help themselves, are destitute; in the West and North-West 50 per cent; and round about Pretoria and the railway 25 per cent. The financial condition of the entire country he considers deplorable, and nothing can stop the general ruin but instant loans at 5 per cent¹¹⁾".

In Pietersburg aangekom, het sy vasgestel dat gebrek aan voedsel, veral vleis, hier die ernstigste vraastuk was. Mnr. du Toit, 'n gesiene boer wat haar in die distrik rondgeneem het, het met 'n vindingryke voorstel voor die dag gekom om die moeilikheid op te los en die vleistekort op 'n praktiese en goedkoop manier aan te vul. Hy het aanbeveel dat sy 'n haelgeweer en 500 patrone aan elke wyk van die Pietersburgse gemeente moes skenk. Die verskillende huisgesinne in elke wyk kon dan die geweer en 'n aantal patrone om die beurt gebruik om springbokke en ander kleinwild te skiet en sodoende vars vleis in die hande te kry. Emily, vir wie die plan prakties voorgekom het, wou egter nie te kwistig met haar beskikbare fondse te werk gaan nie en het besluit om eers net een geweer aan te koop en die eksperiment voorlopig slegs in een wyk toe te pas.¹²⁾

11). Hobhouse: Memoirs XIV. Emily Hobhouse aan lady Hobhouse, 23 Julie 1903; Vgl. Macdonald: Op. cit., p. 52, oor toestand in Transvaal.

12). Hobhouse: Memoirs XIV. Emily Hobhouse aan lady Hobhouse, 23 Julie 1903.

Haar rondreis deur die Pietersburgse distrik het haar in staat gestel om vertrouwbare inligting in te win omtrent die verwoesting wat kafferstropers, onder bevel van die berugte Colenbrander, Morant en Handcock, gedurende die oorlog in noordelike Transvaal gesaai het: "These men armed with assegais and rifles", skrywe sy in die verband aan lady Hobhouse, "swept the farms in this district and now enjoy a considerable number of the flocks and herds they looted. To the lonely women they were such a menace that numbers of husbands surrendered after the occupation of Pietersburg in order to protect their families, leaving their sons in the field. When at last the families were concentrated, entire black commandoes brought them into camp". Mevrouw Vahrmeyer, wie se eggenoot op 23 Augustus 1901 op bevel van Handcock te Elim doodgeskiet is, het soveel inligting omtrent die wandade van Morant se kafferstropers aan Emily verstrek, dat sy goed kon begryp waarom genoemde Britse offisiere later deur 'n Britse krygsraad skuldig bevind en tereggestel is. Mevrouw Vahrmeyer, wat persoonlik haar saak by die Transvaalse koloniale sekretaris aanhangig gemaak het, het op hierdie tydstip reeds 'n jaarlikse pensioen van £50 van owerheidsweë ontvang. 'n Aantal ander gevalle van moord gepleeg deur kafferstropers is ook deur Emily ondersoek in 'n poging om vas te stel watter stappe die owerhede vir die versorging van die vermoordes se afhanklikes gedoen het. Haar idee was dat lady Hobhouse sommige van die verhale van moord in Britse nuusblaaië kon laat publiseer. Moontlik kōn die Britse publiek dan daardeur aangespoor word om mildelik by te dra tot die South African Women and Children's Distress Fund.¹³⁾

Hoewel bogenoemde ondersoek feitlik haar volle aandag geveer het, het Emily nogtans die tyd gevind om noodlydendes persoonlik te besoek. Die eerste plaas deur haar in die Pietersburgse geweste besoek, het die gepaste naam van Grootdorst gedra. Die eienaar van hierdie plaas het al sy besittings as gevolg van kafferstrooptogte verloor en moes £200 van die owerheid leen om sy huis te herbou en 'n nuwe begin te maak. Die bewoner van die

aangrensende plaas het selfs sy waterpomp in die oorlog verloor en kon gevolglik nie meer sy eie groente kweek nie. Emily, wat die saak behoorlik ondersoek het, het gemeen dat hierdie man hulp verdien en het reëlings getref om hom so spoedig moontlik van 'n nuwe pomp te voorsien.¹⁴⁾

Hoewel begerig om ook 'n besoek aan Louis Trichardt te bring, het senuwee-ontsteking weer haar arm aangetas en was Emily verplig om na Pretoria terug te keer. Die inligting deur haar ingewin, het haar egter reeds oortuig daarvan dat die meeste inwoners van Louis Trichardt en die Laeveld ontbering moes verduur. Teneinde hongersnood in die streek te verhoed, het sy, voor haar vertrek uit Pietersburg, twee wavrage meel aangekoop en daarheen gestuur.¹⁵⁾

Na sy haar tweede reis deur die O.R.K. voltooi het, het Emily aan die begin van Augustus 1903 weer na Transvaal gegaan. Haar eerste indruk van Johannesburg, waar sy op 10 Augustus aangekom het, was alles-behalwe vleiend vir die goudstad: „There is, of course", stel sy dit in 'n brief in die stad geskryf, „a great deal of it to have grown up in so short a time (since 1887), but the buildings are disappointing, the streets patchy, big houses and semi-shanties alternately, the streets ill-kept, the shops nothing particular, not a single imposing edifice such as Pretoria possesses, and over all a thick coat of dust, making it a completely red town with red trees and plants. The town cannot hold a candle to Chicago or any new American town I have seen". Tenspyte van die swak indruk wat die goudstad op haar gemaak het, is sy egter aangenaam verras deur die hartlikheid en vrygewigheid van die Randse publiek. Sy is feestelik in die Masonic saal onthaal en na sy 'n toespraak oor die haglike toestand in die plattelandse distrikte van Transvaal gelewer het, is daar binne 'n ommesientjie die mooi bedrag van £100 vir noodleniging deur die aanwesiges bygedra.¹⁶⁾

Gedurende haar verblyf in Johannesburg het Emily besoek aan die weeshuis te Langlaagte afgelê. Die inrigting moes 'n uiters

14). Ibid.

15). Hobhouse: Memoirs XIV. Emily Hobhouse aan lady Hobhouse, Julie 1903.

16). Hobhouse: Memoirs XIX. Emily Hobhouse aan lady Hobhouse, 13 Aug. 1903.

moeilike stryd voer om te bestaan en die moed en geloofsvertroue van die stigter, ds. Kriel, gepaard met sy vasbeslotenheid om die weeskinders in hulle eie taal en volgens Boere-tradisie op te voed, het 'n blywende indruk by haar nagelaat: "They cannot away with the imported English teachers", beweer sy tereg in 'n brief aan lady Hobhouse, "(these English teachers) who know no word of Dutch and whose manners and mode of thought and religion are alien to them. Consequently Government refuses a penny of help to the orphanage but Milner and Mr. Sargant promised pound for pound if they would hand them (viz, the orphans) over to the Government for education. This they will not do".¹⁷⁾

Na 'n kort verblyf in Johannesburg het Emily 'n uitgebreide reis deur Wes-Transvaal onderneem. Dit was die gebied wat tydens die oorlog deur lord Methuen se kolonnes kaalgestroop en stelselmatig verwoes is. Haar indrukke van hierdie gebied is in 'n brief aan haar tante as volg uitgebeeld: "These families live all sorts of ways now, clinging to walls and sheltering under pieces of hole-pierced zinc, minus windows or perhaps doors. Not one that I have seen, has been able to rebuild the house; there is neither material nor means, and it will be several years before there will be means".¹⁸⁾

'n Sekere Kirsteyn wat 'n kar en vier mulle besit het, het onderneem om mej. Hobhouse op 'n rondreis deur die Hartebeestfonteinse distrik te neem. Etlike gevalle van hulpbehoewende gesinne is ondersoek. So hoog was die nood van meeste van hierdie gesinne dat Emily binne enkele dae die voorraad voedselware en flennie wat sy met haar saamgeneem het, alles uitgedeel het. In Hartebeestfontein self het Emily by mnr. Hesse, die plaaslike regeringsonderwyser en sy eggenote, mev. Thea Hesse, tuisgegaan. Uit hoofde van sy amp kon mnr. Hesse waardevolle inligting rakende die algemene toestand op onderwysgebied in Transvaal aan Emily verstrek en haar heelwat vertel van die onderwysdepartement, "its extravagance, its pig-headedness, its staff of officials ignorant

17). Ibid.

18). Hobhouse: Memoirs XIX. Emily Hobhouse aan lady Hobhouse, 30 Aug. 1903; Vgl. Macdonald: Op. cit., p. 52 vir sy indrukke oor Wes-Transvaal.

of their subject, and of its imported teachers". Hier te Hartebeestfontein het sy ook vir mev. Alie Badenhorst ontmoet wie se dagboek sy later vertaal en onder die titel Tant Alie of Transvaal gepubliseer het.¹⁹⁾

Na 'n vlugtige besoek aan Klerksdorp het Emily weer na Johannesburg teruggekeer. Hier het sy 'n groot vergadering in die Irene-saal toegesprek. So goed het sy daarin geslaag om haar gehoor onder die indruk van die noodsaaklikheid van noodleniging in die plattelandse distrikte te bring, dat die noodlenigingsfonds langsaam maar seker 'n styging begin toon het. Hierdie geld, tesame met die £2,000 wat reeds in die Kaapkolonie ingesamel was, het haar in staat gestel om enkele wavragte meel te stuur na die distrikte waar die nood die hoogste was en om bykomstige spanne trekdiers vir ploegdoeleindes aan te koop.²⁰⁾

Terwyl sy in Johannesburg vertoef het, het Emily vir die eerste keer met generaal Piet Cronje in aanraking gekom. Volgens haar was hy „a curious, stubborn, old rock of a man of the old school". Terselfdertyd het sy ook die bekende mnr. Outhwaite, die bekwame redakteur van die Tribune, ontmoet en uit sy eie mond verneem dat „he came here with the fullest faith in British administration, but is now disgusted with the incompetency and ignorance and insolence of all concerned".²¹⁾

Op die 28ste Augustus het Emily na Pretoria gegaan teneinde 'n onderhoud met mnr. Duncan, die Transvaalse staatsekretaris, te hê. Op die 1ste September het sy vervolgens 'n aantal plase net buite Pretoria besoek. Daar, „so close under the nose of the Central (Repatriation) Board, I found case after case of widows, wholly neglected, sick men, infirm and old, all practically starving, existing on the charity of most impoverished neighbours".²²⁾ Al hierdie gevalle het sy tydens haar onderhoud met mnr. Duncan die volgende dag duidelik beklemtoon.

19). Ibid.

20). Hobhouse: Memoirs XIX. Emily Hobhouse aan lady Hobhouse, 27 Aug. 1903.

21). Ibid.

22). Hobhouse: Memoirs XX. Emily Hobhouse aan lady Hobhouse, 12 Sept. 1903.

Na voltooiing van haar werksaamhede in Pretoria, het Emily besoek by generaal en mev. de la Rey in Lichtenburg gaan aflê. Die streek tussen Lichtenburg en Schweizer-Reyneke was „in a terrible condition of heart-rending poverty Food is so scarce and vegetables do not exist - indeed no green blade The drought is terrible It is dreadful to see how hungry the people are in these districts". Die dorpie Schweizer-Reyneke, wat gedurende die oorlog deur Methuen se kolonnes besoek en verwoes agtergelaat is, „seems to stand in a little Sahara all its own, and is feebly trying to rise from its ruins and pronounce itself a village once more"³⁸⁾. Die harte van die verarmde gemeenskap van die gehuggie Rietfontein is verbly deur 'n sak meel aan elke gesin te gee. Twee grofsmede van Biesjesvlei, wat hulle gereedskap gedurende die oorlog verloor het, het elk 'n nuwe blaasbalk ontvang. Daarna het sy oor Wolmaransstad na Pretoria teruggekeer.²³⁾

Haar reise deur die plattelandse distrikte van Transvaal het die gevolgtrekking by Emily laat posvat dat die rehabilitasie van die hulpbehoewende bevolking van die verowerde republieke, nie die werklike erns van burggraaf Milner en sy administratiewe staf was nie. Die manier waarop die owerhede te werk gegaan het, was, volgens haar, heeltamal verkeerd omdat dit 'n foutiewe uitgangspunt betreffende maatskaplike werk openbaar het. In Transvaal was daar weliswaar geen hulpkampe soos in die O.R.K. nie, maar die staatsnedersettings daar was 'n ewe groot mislukking. Die doel daarvan was, volgens haar, „to submerge the people", aangesien die nedersettings „get into the clutches of the syndicate or whoever runs them and (the people) cannot get out till the uttermost farthing is paid"²⁴⁾. Volgens wat sy uit gesaghebbende bron verneem het, was die nedersetting te Potchefstroom in die hande van 'n joodse spekulant terwyl die Vlakfonteinse nedersetting, naby

23). Hobhouse: Memoirs XX. Emily Hobhouse aan lady Hobhouse, 17 Sept. 1903.

24). Hobhouse: Memoirs XIII. Emily Hobhouse aan lady Hobhouse, 4 Julie 1903; Vgl. ook Amery: Op. cit., Deel VI, p. 55 en Beak: Op. cit., p. 63 oor staatsnedersettings in Tvl.

Heidelberg, beheer is deur 'n sindikaat wat dit vir eie voordeel gedryf het. Na aanleiding van wat sy gehoor en persoonlik gesien het, was sy oortuig daarvan dat dit vir die nedersetters voordelig sou wees om so spoedig moontlik weg te kom uit hierdie nedersettings „where they are being pauperized”.²⁵⁾ Die enigste manier waarop dit kon geskied, het sy gemeen, was om die grootgrondbesitters weer op die been te help sodat hulle, op hulle beurt, weer bywoners op hulle plase kon aanneem. Indien dit kon gebeur „all will then follow well and poverty will vanish”.²⁶⁾ 'n Bykomstige nadeel van die nedersettings was, volgens haar, dat praktiese kleinboere deur die skema - wat op sy beste slegs tydelik kon wees - van die boereplase weggelok is juis op 'n tydstip toe dit voordeliger vir hulle sou gewees het om hulle eie grond te bewerk en te beplant: „To leave home”, het sy beweer, „is to kill the goose which alone can lay their golden eggs”.²⁷⁾

Tydens haar rondreis is Emily ook getref deur die algemene onrus en onsekerheid wat daar op politieke gebied in Transvaal geheers het. Hierdie onrus was by die Boerebevolking sowel as by die Randse Uitlanders duidelik merkbaar. Wat eersgenoemde groep se opvatting betref, was „'die toekomst is donker' ... the beginning and ending of it all”. Die Uitlanders, op hulle beurt, „sadly contrast the present with the past, and all know that Freedom is gone for Englishman and Boer alike, and that a great gold combine is to rule them with a rod of iron. Already the pressure is being applied in every department of business - men are tied hand and foot, and in this helpless condition will have to see, not merely Chinese Labour brought in (that is but one item), but their whole country and its vast stores of wealth and all its future pass into the complete control of the gold combine. Milner is a tool in the hand of the capitalists”.²⁸⁾ Na latere be-

- 25). Hobhouse: Memoirs XIII. Emily Hobhouse aan Leonard Hobhouse, 6 Julie 1903; Vgl. Cd. 1551/1903, pp. 65 - 68. Verslag van E. Leggett oor nedersettings.
- 26). Hobhouse: Memoirs XIII. Emily Hobhouse aan Lady Hobhouse, 14 Julie 1903.
- 27). Hobhouse: Memoirs XIX. Emily Hobhouse aan lady Hobhouse, 30 Aug. 1903.
- 28). Hobhouse: Memoirs XIII. Emily Hobhouse aan lady Hobhouse, 14 Julie 1903. Ek onderstreep.

soeke aan Johannesburg was sy nog vaster oortuig dat die politieke toestand aldaar sorgwekkend geword het. Milner het nie meer die vertroue weggedra van enige bevolkingsgroep aan die Rand nie, behalwe miskien die van die klein groepie kapitaliste: „Feeling in Johannesburg is very tense”, was haar bevinding. „Milner is hissed and groaned at by the British and Uitlander alike; the Dutch keep quiet and say 'It is your business, fight it out'”.²⁹⁾

'n Spesiale besoek aan die Britse setlaars te Warmbad het Emily oortuig dat Milner se setlaarskema reeds besig was om op 'n duur fiasko uit te loop. Van die vyftig setlaars wat hulle oorspronklik na die Warmbad-nedersetting begewe het, het slegs ses, na 'n jaar van teëspoed, hulle nog daar bevind. Volgens Emily se bevinding was die hooforsaak vir die mislukking van die skema dat daar by die keuring van voorgenome setlaars nie voldoende klem op eerlikheid en karakter gelê is nie: „Most of them (the settlers have abused their opportunity”, skrywe sy aan haar tante, „perhaps because no care seems to have been taken to select men of even honest character. Six are now doing three years for stealing cattle, twenty are sent away to distant turf lands to be out of reach of the Hotel, for, as a Settler informed us with a wink, 'We Settlers don't bear a good name!' The remainder, except the six, have departed ... The said grumbles from Milner's Settlers are heard all over the two countries, and money has been poured out like water for a very small result”.³⁰⁾

Op onderwysgebied het Milner se doelbewuste verengelsingsbeleid tot groot ontevredenheid aanleiding gegee. Emily Hobhouse het gevind dat die toestand in Transvaal ook in hierdie opsig reeds ernstige afmetings aangeneem het en dat die staatsondersteunde skole vinnig besig was om heeltemal leeg te loop, veral op die platteland: „Already in this colony, the Government has started farm schools in marquees with English teachers, and there is unrest Private Schools are springing up apace!”³¹⁾

29). Hobhouse: Memoirs XX. Emily Hobhouse aan Leonard Hobhouse, 2 Sept. 1903.

30). Hobhouse: Memoirs XIII. Emily Hobhouse aan lady Hobhouse, 14 Julie 1903.

31). Hobhouse: Memoirs XIII. Emily Hobhouse aan Leonard Hobhouse, 6 Julie 1903. Ek onderstreep.

HOOFSTUK 11.

VOORSPRAAK VIR 'N VERARMDE VOLK.

Emily Hobhouse se gevolgtrekkings oor kompensasie, repatriasie en noodleniging kan beskou word as die belangrikste aspek van haar na-oorlogse werk in belang van die verarmde Boerevolk. Vir sover haar opvattinge in hierdie verband deur feite gestaaf kan word, lewer dit teweens 'n belangrike bydrae tot die geskiedenis van die na-oorlogse jare.

Volgens Emily het 'n hele aantal faktore tot die gedeeltelike mislukking van Milner se repatriasie- en hervestigingskema bygedra: „Red tapeism, of course”, merk sy in haar ongepubliseerde herinneringe op, „was largely the cause of its failure”. Sodoende het sy bevestig wat vroeër reeds deur G.B. Beak, 'n bekende repatriasie-amptenaar in die O.R.K., net in ander woorde beklemtoon is. Soos Beak het sy as verdere struikelblokke op die weg van repatriasie genoem „badly chosen personnel” sowel as die ernstige vraagstuk geskep deur die feit dat „officials and people were almost universally incapable of understanding each other's language, customs, characters or points of view”.¹⁾

Die rehabilitasiestelsel deur die owerhede gevolg het Emily ook nie bevredig nie. Milner se opdrag dat alle hulp aan gerepatrieerdes op rekening geplaas moes word, was, volgens haar, nie bevorderlik vir die welvaart van die land nie. As rede vir hierdie sienswyse het sy genoem die Boer se ingewortelde vrees vir skuld, „which paralyzed further application for help”. In dieselfde verband is sy ook getref deur die feit dat die repatriasihulp deur die owerheid aangebied, dikwels nutteloos geblyk het omdat die plattelandse bevolking nie oor die trekdiere en voertuie beskik het om die repatriasiedepôts te bereik nie. Die minderwaardige gehalte van die voorrade en uitrusting deur die repatriasiedepartement by die militêre owerhede oorgeneem en ten duurste²⁾ aan die gerepatrieerdes verkoop, het Emily ook opgeval.

Volgens haar is die repatriasieskema ook gedeeltelik kragte-

1). Hobhouse: Memoirs XV: Beak: Op. cit., pp. 49 en 57.

2). Ibid; Vgl. Cd. 1551/1902, p. 52 en Beak: Op. cit., p. 88 oor voorrade by militêre owerhede oorgeneem.

loos gemaak deur die feit dat die Britse owerhede nie sielkundig genoeg teenoor die verowerde Boerevolk opgetree het nie: "Think of it - of what they had gone through", het sy haar aanklag probeer motiveer. "The shock of seeing your house in flames, your possessions lost, your live-stock bayoneted before your eyes, yourself and your children captured, the privations and exposure of long journeys in the convoys; the hunger, sickness, misery and death of the Camps, the crushing blow of the Peace Terms, - what a sequence of troubles". Mense wat soveel smart, ontbering en vernedering moes verduur, het simpatieke behandeling geverg. Juis dit het hulle egter nie van die owerhede ontvang nie. Emily was oortuig dat sommige van Milner se "Oxford Kindergarten" wel simpatiek gesind was, maar veeleisende ampspligte het dit vir hulle onmoontlik gemaak om die plattelandse mense te besoek en "to look into their conditions from the human point of view"³⁾.

Aangesien die repatriasierade, volgens haar mening, nie verteenwoordigend van die volk as groot geheel was nie, het die rehabilitasieskema op die lang duur nie aan sy doel beantwoord nie. Die geringe goed wel tot stand gebring, is op die ou end weer ongedaan gemaak deur Milner se besluit om na 31 Mei 1903 voorrade slegs teen kontantbetaling uit te reik. Gedurende die daaropvolgende plantseisoen het daar boonop droogte geheers en het die gevaar van hongersnood opnuut opgeduik.⁴⁾

Wat die vertolking van klousule X van die vredestraktaat betref, het Emily dieselfde opvatting as die Boereleiers gehuldig. Aangesien hierdie uitgangspunt, volgens Chamberlain se finale beslissing, verkeerd was, is dit vanselfsprekend dat Emily se afleidings in die verband ook dikwels onjuis was. Omdat sy die hele aangeleentheid aanvanklik nie goed begryp het nie, was dit vir haar onverstaanbaar waarom die woord "kompensasie" so algemeen in verband met die "vrye gif" van £3,000,000 gebruik is: "One wonders who introduced the word 'Compensation' in this regard",^{een} het sy by geleentheid opgemerk, "for of course out of such a com-

3). Hobhouse: Memoirs XV.

4). Ibid; Vgl. Beak: Op. cit., p. 186.

paratively paltry sum as three millions compensation for the enormous losses sustained is out of the question. The word has raised false hopes and is a cruel mockery".⁵⁾

Aangesien Emily deur die Boereleiers ingelig was, het sy Milner se vertolking van klousule X beskou as willekeurig, onprakties en onregverdig. Sy het nie begryp dat die geregtelike ondersoek na oorlogsverliese slegs as getuienis vir die toekenning van hervestigingshulp vereis is nie en kon gevolglik nie Milner se optrede kleinkry nie. 'n Massa administratiewe werk is, teen 'n hoë koste, deur die Regterlike Kommissie afgehandel maar ten spyte daarvan is weinig "kompensasie" vir oorlogsverliese ooit uitbetaal. Baie gercpatrieerdes het bykomstige skuld aangegaan om hulle "kompensasie-eise" behoorlik deur prokureurs te laat opstel. Toe die verwagte vergoëding agterweë bly, het teleurstelling algemeen voorgekom en het talle verbitterde hulpbehoewendes heeltewel tou opgegooi: "Can you not imagine", het sy haar gevoelens aan haar broer blootgelê, "the wave of bitterness, deep and silent, which will sweep over the country when the day of allotment comes? The word 'Compensation' raises a grim smile now, and is destined to pass into the vocabulary of the people with very special meanings attached. If a man is seen with an empty waggon now, people say he must be going to fetch home his 'Compensation'".⁶⁾

In dieselfde verband was dit ook vir haar onverstaanbaar waarom die bedraggies wel deur eisiers ontvang, so klein in verhouding met hulle oorspronklike oorlogsverliese was. Aangesien die uitbetalings so gering was, was sy oortuig dat die Regterlike Kommissie die "kompensasie"-aanslae teen 'n belaglike tarief moes bereken het: "This tariff", het sy betoog, "is absurdly low and bears no relation to the actual cost of the goods Under this assessment a claim drops till it is not recognizable by the owner".⁷⁾ Eers na haar onderhoud met mnr. Duncan op 2 September

- 5). Hobhouse: Memoirs XVI. Emily Hobhouse aan Leonard Hobhouse, 29 Julie 1903.
- 6). Ibid; Emily Hobhouse aan Leonard Hobhouse, 23 Julie 1903.
- 7). Ibid; Vgl. Cd. 3028/1906, p. 64 oor die wyse waarop eise bereken is. Vgl. Van der Walt, Wiid en Geyer: Op. cit., 617 - 618. Prof. Wiid oor verdeling van "vrye gif".

1903 het Emily nie langer in die duister rondgetas wat die vertolking van klousule X betref nie. Sedertdien het sy dan ook geen verdere kritiek oor die aangeleentheid uitgespreek nie, maar haar slegs met praktiese noodleniging besiggehou.

Emily Hobhouse het met haar na-oorlogse noodlenigingswerk 'n tweeledige doelstelling beoog - persoonlike liefdadigheid en volksrehabilitasie deur middel van vertoë tot die owerheid. Uit hoofde van haar vorige ondervinding was Emily die aangewese persoon om persoonlike liefdadigheid aan die ontredderdes te verleen. Teneinde dit te kon doen, was fondse onontbeerlik en moes sy haar tot goedgesinde Kapenaars wend. 'n Oproep in die South African News van 13 Augustus 1903 was so geslaagd dat sy op 2 September reeds kon vermeld dat die £2,700-kerf bereik was. Vroeg in November is die £7,000-kerf oorskry. 'n Soortgelyke oproep deur die Manchester Guardian in Engeland gepubliseer, het 'n bykomstige duisend pond opgelewer.⁸⁾

Die enigste manier om volksondergang in Suid-Afrika te verhoed, het Emily geglo, was 'n doelbewuste poging om die trek na die stede te verydel. Daarom is die geld deur haar ingesamel so aangewend dat dit daartoe sou bydra om die plattelandse bevolking op die plase te hou. Hierdie fondse, het sy persoonlik verklaar, „has all been needed to take the place of the compensation that never comes, and our aim in distribution has been always to repatriate and not to drive into the Relief Camps which are simply creating a larger pauper-class which never before existed.”⁹⁾ Soos voorheen aangedui het Emily, tydens haar rondreis deur die O.R.K. en Transvaal, dan ook konsekwent getrag om die hulpbehoewendes slegs te help om hulleself te help.

Haar oproep om fondse in die South African News, het lord Milner en sy ondersteuners, om begryplike redes, dwars in die krop gesteek: „To my astonishment”, het sy vanaf Pretoria aan

- 8). The South African News, 13 Aug. 1903; Hobhouse: Memoirs XX. Emily Hobhouse aan Leonard Hobhouse, 2 Sept. 1903; aan Barbara Hobhouse, 14 Okt. 1903; aan lady Hobhouse, 8 Nov. 1903.
- 9). Hobhouse: Memoirs XXI. Emily Hobhouse aan lady Hobhouse, 23 Okt. 1903.

lady Hobhouse berig, „this appeal has brought the whole of South Africa down upon my head. At first even the Jingo papers supported me and the Cape Times opened a fund, then suddenly turning round, they stopped their fund and have belaboured me for all they are worth". Hierdie persaanvalle het haar egter weinig gehinder omdat sy die publisiteit sodoende aan die hulpfonds verleen, van harte verwelkom het. Syself het haar gevoelens as volg uiteengesit: „I care not, understanding all the ropes now, and have netted £3,000 thereby, and what is more important far, opened the eye of the public, which causes instant activity in the Government, which sends the Colonial Secretary (Duncan) to me, who stirs up the Repatriation Boards, which feed the people, and it all reminds me of the old woman whose pig would not get over the stile"¹⁰⁾.

Die kettingreaksie op Emily se oproep in die pers het die oë van die ~~o~~werhede geopen en die weg tot haar tweede doelstelling - volksrehabilitasie met regeringshulp - voorberei. Die Kaapse regering het eerste daarop reageer. 'n Sekere kaptein Jenner is na die verowerde kolonies afgevaardig met die opdrag om ondersoek daar in te stel en waar nodig, op onkoste van die Kaapkolonie noodlenigingswerk te doen.¹¹⁾

Daardeur aangespoor het Emily Hobhouse 'n kabelgram aan 'n aantal vooraanstaande Liberale leiers in Brittanje gerig en hulle pertinent versoek „to urge the Home Government to instruct the Colonial Governments to provide food again". Lord Courtney en mnr. Shaw, bygestaan deur die bekende Biskop van Hereford, het die saak kort daarna in die Britse parlement ter sprake gebring en so oortuigend gestel dat die koloniale sekretaris tot daadwerklike optrede aangespoor is.¹²⁾ Op 7 September 1903 het hy aan Milner getelegrafeer: „Miss Hobhouse cables to her friends here that the distress is most alarming in certain districts, and asks them to extort permission for Repatriation food to recommence. She adds that Boer representations to local authorities have failed. I have replied that I cannot interfere with your discretion, and

10). Hobhouse: Memoirs XX. Emily Hobhouse aan lady Hobhouse, 2 Sept. 1903.

11). Ibid.

12). Hobhouse: Memoirs XVIII.

she must make application to you direct with full particulars".¹³⁾

Milner het erken dat „it is true that much poverty prevails among Boers owing to industrial depression and failure of last year's crops", maar verskonend daaraan toegevoeg dat die repatriasierade „have been constantly instructed not to refuse any genuine case of distress Our policy has been to check the tendency to pauperism resultant from wholesale distribution, but at the same time to relieve all cases of actual destitution. If cases of actual want have occurred it is because they have not been brought to our notice".¹⁴⁾

Aangesien Milner self oortuig was dat armoede algemeen geheers het, het hy opdrag aan die luitenant-goewerneur van die O.R.K. en die koloniale sekretaris van Transvaal gegee om onverwyld ondersoek in te stel. Eersgenoemde het beslis ontken dat „alarming distress" in die O.R.K. bestaan. In dieselfde asem het hy egter toegegee dat mej. Hobhouse moontlik gevalle van nood kon raakgeloop het onder „persons known to be able to buy for themselves" aangesien sodanige persone sedert Junie 1903 nie meer voorrade op krediet kon kry nie.¹⁵⁾

Duncan, wat altyd goed met mej. Hobhouse oor die weg gekom het, het nie vir 'n oomblik haar woord in twyfel getrek nie, maar het beslis ontken dat die repatriasiedepartement in enige opsig fouteer het: „It is unavoidable"; het hy verklaar, „that there should be differences of opinion as to the application of the policy in individual cases. Cases which strike a visitor accustomed to an entirely different standard of life as being deserving of immediate relief are frequently regarded in a very different light by those who know the district and the people. Most of the cases brought forward by Miss Hobhouse are cases of this kind and I do not think that they shew either that the policy which has been pursued is wrong or that the machinery for carrying it out is inadequate".¹⁶⁾

- 13). T.A. Lt. G. No 92/1-22: Kol. sekr. aan Milner, 7 Sept. 1903.
 14). Ibid. Milner aan Chamberlain, 9 Sept. 1903.
 15). Ibid. Luit.-goew. van O.R.K. aan Milner, 9 Sept. 1903.
 16). Ibid. Duncan aan luit-goew., 3 Okt. 1903.

Ten spyte van Milner en Duncan se verskonings het albei van hulle tog deeglik beseft dat die toestand van baie gerepatrieerdes nog uiters haglik was. Ten einde hierdie mense tegemoet te kom, het Duncan nouer samewerking met mej. Hobhouse gesoek terwyl Milner opdrag gegee het dat voorrade weer op krediet aan alle bevolkingsgroepe voorsien moes word. Laasgenoemde toegewing het van krag gebly tot 30 Junie 1904.¹⁷⁾

Die verdere sukses deur mej. Hobhouse met haar noodlenigingsveldtog behaal, was 'n direkte gevolg van haar noue samewerking met Patrick Duncan, die Transvaalse koloniale sekretaris. Op 2 September 1902, net na haar eerste Transvaalse reis, het sy 'n onderhoud met hom in Pretoria gehad. By die geleentheid het sy veral klem gelê op die haglike toestand van weduwees, ou mense en liggaamlik-ongeskiktes in Transvaal. Sy het daarop aangedring dat sodanige hulpbehoewendes onmiddellik staatshulp moes ontvang en 'n lys van tipiese sulke gevalle aan die koloniale sekretaris voorgelê.¹⁸⁾

Tydens hierdie onderhoud het sy ook die sienswyse gelug dat die loon van vyf sjielings per dag deur die Transvaalse Hulpskema betaal, heeltemal te min was: „A man could hardly do more than maintain himself on that wage", het sy verklaar, „and meanwhile his land remained untilled and his house unbuilt". Hoe hoog die nood ook al was, kon gesinshoofde nie hulle gesinne onbeskermd op die plase agterlaat en elders werk aanvaar nie. Gevolglik kon die hulpskema, volgens haar, net tydelike verligting bring en dit slegs in enkele gevalle. Volgens haar sienswyse sou die owerheid veel meer bereik deur meer ploegspanne beskikbaar te stel en die boere sodoende op die plase te hou.¹⁹⁾

Die stelsel waarvolgens hervestigingshulp op krediet verskaf is, het sy aan Duncan verduidelik, is in die wiede gery deur die Boer se ingewortelde vrees vir skuld. Terselfdertyd het sy pertinent die vraag aan hom gestel of die owerheid moontlik van plan

17). Beak: Op. cit., p. 186; Hobhouse: Memoirs XVIII.

18). Hobhouse: Memoirs XVII.

19). Ibid; Vgl. Cd. 1553/1903, p. 7 en Amery: Op. cit., Deel VI, p. 55 oor Hulpskema en Cd. 1553/1903, p. 5, oor ploegskema.

was om die „repatriasieskuld“ op die ou end af te skryf. Indien dit so was, het sy voortgegaan, was dit sy plig as koloniale sekretaris „to give relief to their minds by letting the people know“.²⁰⁾

Die ernstige vraagstuk geskep deur die optrede van oneerlike repatriasie-amptenare is ook deur Emily beklemtoon. Duncan is na aanleiding daarvan vriendelik deur haar versoek „to reduce and change the personnel.“ By die benoeming van nuwe personeellede moes met die taalvraagstuk rekening gehou word sowel as met die sielkundige feit dat „the Boers were the last people to tell their troubles to sub-officials and police“.²¹⁾

By geleentheid van haar eerste onderhoud met Duncan het Emily ook sy aandag gevestig op die „hard fate of the ex-policemen of the Transvaal“. Onderzoek moes, volgens haar, ook ingestel word na die „starving condition of large sections of the black people“ woonagtig op die verwoeste plase van verarmde blankes. In hierdie verband het sy egter met geen bepaalde aanbeveling voor die dag gekom nie.

Mnr. Duncan, anders as so baie Engelse amptenare met wie Emily in Suid-Afrika te doen gekry het, het haar aanbevelings aanvaar in die gees wat dit bedoel was. Hy het dadelik volledige inligting by die betrokke resident-magistrate aangevra oor die gevalle deur haar aangehaal en het persoonlik 'n inspeksiereis na Lichtenburg onderneem ten einde die toestand van hulpbehoewende weduwees te ondersoek.²²⁾ Uit die ondersoek het geblyk dat 'n totaal van 930 weduwees oorspronklik aansoek om staatshulp gedoen het. Daarvan is 205 aansoeke toegestaan, 86 ten volle en die orige 119 slegs gedeeltelik. Duncan, wat nie voorheen bewus daarvan was dat staatshulp aan weduwees op so 'n willekeurige wyse geskied het nie, het aan mej. Hobhouse beloof om die hele aangeleentheid in spoedige hersiening te neem.²³⁾

Op 9 September 1903 het Duncan hom weer tot mej. Hobhouse ge-

20). Hobhouse: Memoirs XVII.

21). Ibid; Vgl. The Friend, 10 Julie 1903 oor oneerlikheid by amptenare.

22). T.A. Lt. G. No. 92/1-22: Duncan aan luit.-goew., 3 Okt. 1903.

23). Hobhouse: Memoirs XVII.

wend hierdie keer met 'n versoek dat sy hom van raad moes bedien „with a view to improving the present method of assistance or rendering it more effective". Emily, op haar beurt, het op 26 September die volgende aanbevelings aan hom voorgelê: „1. Reduction of the (repatriation) staff with a view to the expenditure being more used for repatriation or relief, and less for administration ... 2. Some change of personnel, eliminating all who do not speak both languages and substituting people really interested in the work. 3. The carrying out of each regulation in lieu of the uneven administration of relief brought about by qualifications and exceptions not mentioned in the Regulation and apparently made by the individual Repatriation Officer. 4. Less delay in providing relief applied for ... 5. Communication of Instructions. The people have hitherto been in the dark concerning what help or relief they are entitled to by governmental order ... 6. The addition of the minister and two churchwardens or elders to the Relief Committee of every (Repatriation) Board. .. 7. That relief should as far as possible take the form of putting a man into a self-supporting position rather than doling out rations ..."²⁴⁾

Een van die eerste tasbare gevolge van die onderlinge samewerking tussen mej. Hobhouse en Duncan was dat die koloniale sekretaris voortaan persoonlik inspeksiereise deur die plattelandse distrikte van Transvaal onderneem het. Sodoende het hy waardevolle inligting ingewin en was hy in staat om daadwerklike steun aan talle hulpbehoewendes te verleen. Die hulpdepôts is staande gehou tot die eerste somerreëns toe hongersnood nie meer so 'n dreigende gevaar was nie. Volgens sirkulêre 149 toe uitgereik, is bepaal dat die hulpdepôts in die buitelandse distrikte op 30 November 1903 en die langs die spoorweë op 31 Desember gesluit sou word. Hieraan is egter toegevoeg dat plaaslike handelaars, wat met die doel tenders kon voorlê, gemagtig sou word om verdere voedsel-²⁵⁾rantsone op krediet aan hulpbehoewendes te voorsien.

24). Hobhouse: Memoirs XVII. Emily Hobhouse aan Duncan, 26 Sept. 1903.

25). Hobhouse: Memoirs XVII; Vgl. Beak: Op. cit., p. 186.

Soos deur Emily aangedui, was daar talle hulpbehoewendes wat nie bewus was van die staatshulp waarop hulle geregtig was nie. Ten einde die struikelblok uit die weg te ruim, het Duncan haar versoek om predikante en ander bevoegde persone oor te haal om samewerking met die magistrate in die betrokke distrikte te soek. Emily, op haar beurt, het dadelik in dier voege aan die platte-²⁶⁾landse leraars in Transvaal geskryf.

Ten spyte van die koloniale sekretaris se ywer het die hulpskema in Transvaal Emily nog nie bevredig nie: „Indeed, it was for me a most trying and puzzling time”, hetsy later in haar lewe verklaar. „On the one hand were the ministerial promises like Chamberlain's and some pale reflections of these which were typed on reams of paper and issued by the Transvaal Government, and there was Mr. Duncan's sympathetic concern and evident goodwill. On the other hand I had the evidence of my own eyes and ears, supported by ministers and leading men in every district I had visited, and yet the chasm would not get bridged; help was dilatory, grants were not fulfilled”²⁷⁾

Ten einde die kloof tussen die werklike toestand van hulpbehoewendes en die amptelike voorstelling daarvan te oorbrug, het Emily haar weer tot die plattelandse leraars gewend. Sy het alereers afskrifte gemaak van die amptelike lys van weduwees wat regeringshulp volgens sirkulêre 120 ontvang het. Die afskrifte het sy na die distrikte waar die betrokke weduwees woonagtig was gestuur, met die versoek dat die leraars of ander bevoegde plaaslike persone die gevalle moes ondersoek en hulle bevindings dan skriftelik aan haar moes meedeel. Tot haar verbasing moes sy van die leraars verneem dat die amptelike opgawes van hulp aan weduwees in hulle distrikte woonagtig, soos deur die repatriasie-amptenare opgestel, „(were either) quite incorrect or so worded as to give a wrong impression”²⁸⁾. Ten einde die koloniale sekretaris ook op hoogte van die ware toedrag van sake te bring, het Emily een van die briewe wat sy ontvang het aan hom voorgelê.

26). Ibid.

27). Ibid.

28). Ibid.

Daarin is die amptelike lys bestempel as „a glaring untruth or misrepresentation”. Persoonlik het sy die amptelike lys nie beskou as 'n moedswillige poging om die waarheid te verdraai nie, maar gemeen dat die repatriasie-amptenare, „inadvertently”, 'n wanvoorstelling van feite gegee het.

Ongelukkig vir haar het mnr. Duncan van die standpunt uitgegaan dat sy dieselfde sienswyse as haar korrespondent gehuldig het. Sy kommentaar oor die brief aan hom voorgelê het dan ook daarop getui dat hy minder gretig as vroeër was om verder met haar saam te werk. In sy antwoord het hy ter verdediging van sy ondergeskikte amptenare aangevoer dat „the delay in this and other cases arises out of the difficulty in dealing with the people through machinery with which they are not familiar and which they cannot yet be expected to understand”. Ten einde te verseker dat geen weduwee as gevolg van misverstand onversorg sou bly nie, het hy egter onderneem om toe te sien dat „steps are to be taken in every case, before the Depôts close down, to ascertain whether the widows in question to whom the assistance has been granted, but not issued, still desire to have it, and if so, to issue it at once..”²⁹⁾

In 'n latere brief aan mej. Hobhouse het Duncan weer 'n kalm-er toon aangeslaan en ruitelik erken dat hy persoonlik nooit bewus daarvan was dat hulp wat wel aan weduwees beloof is, nooit gegee is nie: „I assumed”, was sy verskoning, „that the issue followed immediately, or as closely as possible, on the approval being notified”. Terselfdertyd kon hy egter ook nie insien waarom sy en andere, o.a. die Boereleiers, die repatriasieamptenare as onbevoeg vir hulle werk kon beskou nie: „I do not think”, het hy hom hieroor uitgelaat, that any organisation could have been devised at the time from among the people themselves which would have met the necessities of the case. There was certainly at first a certain amount of confusion and uncertainty such as is inseparable from the starting, all at once, of an enormous organisation with men picked up where they could be found. . . On the

29). Hobhouse: Memoirs XVII. Duncan aan Emily Hobhouse, 23 November 1903.

whole, however, I think the work has been done well".³⁰⁾

In 'n volgende brief aan die koloniale sekretaris het Emily haar spyt uitgespreek daaroor dat die woorde "either a glaring untruth or misrepresentation" - in haar vorige brief aangehaal - skynbaar 'n verkeerde indruk by mnr. Duncan geskep het. Sy het die woorde slegs aangehaal, het sy getuig, om hom beter te laat begryp "how things look to, and are gauged by the Boers". In dieselfde brief het sy die koloniale sekretaris ook daarop gewys dat die vooraanstaande Boereleraars se skynbare onwilligheid om in 'n nie-amptelike hoedanigheid met die plaaslike repatriasierade saam te werk, nie aan kwaadwilligheid of gebrek aan belangstelling gewyt moes word nie. Volgens haar was dit slegs die Peace Preservation Act wat die leraars lugtig gemaak het vir die magistrate, wat as voorsitters van die repatriasierade opgetree het.³¹⁾

Soos uit bostaande afgelei kan word, het Emily, op hierdie tydstip van haar na-oorlogse verblyf in Transvaal, haar hoofsaaklik daarop toegelê "to explain English and Governmental points of view, and good intentions, so as to soften, as far as may be, the great soreness which has resulted".³²⁾ In ooreenstemming met hierdie versoeningsbeleid het sy, voor haar vertrek uit Kaapstad, 'n spesiale omsendbrief aan alle Transvaalse leraars en kerkrade gerig waarin sy hulle tot samewerking met die owerheid gemaan het.

In haar omsendbrief het Emily die praktiese uitwerking van haar onderhandelings met die koloniale sekretaris uiteengesit en die hoop uitgespreek dat die wyse waarop noodleniging in Transvaal geskied, voortaan meer bevrediging aan alle bevolkingsgroepe sou verskaf. Sy het dit verder ook onder die aandag van leraars en kerkrade gebring dat die sluiting van die repatriasiedepôts, wat oorspronklik vir die einde van Mei 1903 bepaal was, deur mnr. Duncan afgelas is. Hulpbehoewendes in Transvaal kon dus weer voedsel en ander voorrade op skuld te koop kry. Na aanleiding daarvan, het sy verklaar, "we have no longer any right as far as food is concerned, to appeal at this moment to charity". Sy het

30). Ibid: Duncan aan Emily Hobhouse, 8 Des. 1903.

31). Ibid: Emily Hobhouse aan Duncan, Des. 1903.

32). Ibid: Emily Hobhouse aan Duncan, 28 Nov. 1903.

die leraars en kerkrade ook aangeraai om gevalle van noodlydende weduwees in hulle gemeentes deeglik te ondersoek. Sodoende kon verseker word dat sodanige weduwees die volle ondersteuning sou ontvang volgens sirkulêres 120 en 149 aan hulle toegesê. Liggaamlik-ongeskikte gesinshoofde, het sy voortgegaan, kon ook op soortgelyke ondersteuning van owerheidsweë aanspraak maak. Die leraars en kerkrade moes slegs toesien dat bogencemde toegewings, werklik deur alle hulpbehoewendes benut word en dan sou onnodige wrywing en versuim spoedig uitgeskakel word: „The Government has made promises and made them on paper”, het sy besluit. „Through bad administration or through careless sub-officials these may not be carried out. Still, holding them in our hands, printed and officially issued, they are powerful instruments with which to fight for the well-being of the people. A policy of gentle but firm insistence and persistence may bring about much improvement”.

Emily se werk in belang van die nuwe Britse kolonies in Suid-Afrika na haar tuiskoms in Januarie 1904, het veral twee belangrike aspekte behels - die vraagstuk van die invoering van Sjinese arbeiders in Transvaal en die moeilike probleem van kompensasie en repatriasie.

Na haar aankoms in Engeland het dit spoedig vir haar duidelik geword dat die nuwe Britse koloniale sekretaris, mnr. Lyttelton, in een opsig volkome met Milner en die Randse kapitaliste saamgestem het. Soos hulle, het hy ook gemeen dat die arbeidsvraagstuk waarmee die myne aan die Rand te kampe gehad het, slegs deur die invoering van Sjinese arbeiders opgelos kon word. Aangesien Emily haarself as volkome op hoogte van die Boerestandpunt in die verband beskou het, het sy dit gewaag om haar gevoelens oor die aangeleentheid openlik te lug. Sy het 'n onderhoud met lord Spencer, 'n lid van die Britse kabinet, gehad en aan hom verduidelik dat die meerderheid van die Suid-Afrikaanse volk in beginsel teen die invoering van Sjinese gekant was. Sy persoonlik was oortuig dat „mnr. Lyttelton would live to rue the day it be-

33). Hobhouse: Memoirs XVII. Omsendbrief van Emily Hobhouse aan Transvaalse kerkrade. Ek onderstreep.

34) came law". In 'n toespraak in Maart gelewer by geleentheid van 'n spesiale vergadering deur die Genootskap van Vriende te Manchester gereël, het Emily haar persoonlike sienswyse oor die Sjinese vraagstuk as volg opgesom: "It was a question of principle. There was the point of view of the Transvaal Government, which said, 'If you do not give us Chinese Labour, we shall be bankrupt'. There was the mine-owners' point of view, which said, 'We want higher dividends to make the lower-grade mines pay'. They wanted cheap labour ... Then there was the point of view of Lord Milner He staked his reputation that if the Chinese came in, there would be a great following of White Labour in consequence. Then there was the British Government which said, 'We are coerced; we are acting under pressure. It is against our feelings, but heroically we sacrifice our feelings for the good of the colony'. Then there was the English soldier's point of view ... He said, 'Did I fight for this?' There was the view of the British miner ... who said, 'You are taking away our chances'. There was the Johannesburg tradesman's point of view, and he said, 'You are taking away my trade if you bring the Chinamen and put them into compounds'. There was the Chinese Government's point of view, which we had not heard yet, but which so far as we knew, was solicitous of the welfare of the Chinese ... There was the Kaffir point of view ... The Kaffirs said, 'Give us better wages, that, with food at such famine prices, we can afford to maintain our wives and families. Give us better food and better conditions so that we do not die in such numbers, and you will have no difficulty in getting us'. There was also the South-African's view - that of Cape Colony and the Orange River Colony, and the great mass of South Africa outside the Transvaal. ... South Africa was against this ordinance from end to end ... We were proposing a mitigated form of slavery ..."³⁵⁾

Emily self het egter besef dat, wat die Sjinese vraagstuk betref, die koeël klaar deur die kerk was. Daarom het sy sedert

34). Hobhouse: Memoirs XXIII; Vgl. Supra: Hoofstuk 8, oor arbeidsvraagstuk.

35). Manchester Guardian, 21 Maart 1904.

Maart 1904' verkies om die vraagstuk links te laat lê. Sedertdien het sy haar aandag meer bepaald op kompensasie en repatriasie en die praktiese uitvoering daarvan in Suid-Afrika toegespits. Met die doel voor oë het sy haar direk tot mnr. Lyttelton, die koloniale sekretaris, gewend. Tydens 'n onderhoud wat op 15 Maart in die koloniale kantoor plaasgevind het, het sy mnr. Lyttelton se aandag allereers daarop gevestig dat 'n groot aantal weduwees in Transvaal en die O.R.K. nog hulpbehoewend was. In eersgenoemde kolonie, het sy verder betoog, is 'n spesiale versoekskrif deur die Boereleiers aan sir Arthur Lawley, die luitenant-goewerneur, gerig. Dit het daartoe gelei dat sirkulêre No. 120 gedurende Junie 1903 uitgevaardig en 'n hulpskema vir weduwees in die lewe geroep is. Haar ondersoek in die verband het haar egter oortuig dat die plaaslike repatriasierade, veral in die buite-distrikte, onbevredigende uitvoering aan die betrokke sirkulêre verleen het. Gevolglik het sy die Britse koloniale sekretaris dringend versoek om toe te sien dat „ the grant on Circular 120 of the Transvaal Repatriation Department might be fully and thoroughly carried out, which is at present not the case". In die O.R.K. was die toestand van weduwees, volgens haar, nog nagliker aangesien sirkulêre 120 nie in hierdie kolonie gegeld het nie. Ten einde die noodtoestand die hoof te bied, het sy by die koloniale sekretaris aanbeveel dat die betrokke sirkulêre ook in die O.R.K. toepaslik gemaak moes word en dat „ a minister or a Dutch-speaking woman should be allowed to visit the widows and give (within limits) such help as would put them in a self-supporting condition".³⁶⁾ Uit 'n brief van Lyttelton aan Milner blyk dat die koloniale sekretaris aan Emily se versoek toegegee het en gewillig was om twee dames toe te laat om weduwees te besoek. Milner was egter onwillig om so 'n kommissie toe te laat en van Lyttelton se voorneme het op die ou end niks gekom nie.³⁷⁾

Die vraagstuk van die uitbetaling van militêre kwitansies gedurende die oorlog deur Britse offisiere uitgereik, het ook

36). Hobhouse: Memoirs XXIII; Vgl. The Friend, 15 Jan. 1903 vir teks van versoekskrif.

37). Lt. G. No. 92/1-22: Brief van Lyttelton aan Milner, 6 Mei 1904.

tydens haar onderhoud met mnr. Lyttelton en die daaropvolgende briefwisseling ter sprake gekom. Volgens haar het Dale persone wat wel die nodige kwitansies kon toon, tog nie die beloofde kompensasie ontvang nie. Sodanige toestand van sake het tot groot ontevredenheid in die nuwe kolonies aanleiding gegee. Aangesien mnr. Lyttelton met haar saamgestem het dat alle militêre kwitansies uitbetaal behoort te word, het hy haar versoek om al haar getuienis in die verband so spoedig moontlik aan hom voor te lê. Emily, wat oortuig was dat die gevalle wat sy in gedagte gehad het, „never would be paid unless taken up from London”, het reeds die volgende dag aan die koloniale sekretaris se versoek voldoen.³⁸⁾

Verder as dit het die saak egter ook nie gekom nie, waarskynlik omdat Emily nie rekening gehou het met die feit dat die Military Compensation Fund slegs vir diegene bedoel was „who voluntarily surrendered under a specific promise from any British officer that their property would be protected or respected” of „who rendered active assistance to his majesty's forces”. Sommige bittereinders en krygsgevangenes het wel ook militêre kwitansies besit wat, in hulle afwesigheid, deur Britse offisiere aan hulle familielede oorhandig is. Soos voorheen aangetoon het hierdie mense egter geen aanspraak op enige kompensasie gehad nie.³⁹⁾

Tydens haar onderhoud met die koloniale sekretaris het Emily ook na die benarde toestand verwys waarin die oud-polisie van die eertydse republieke verkeer het. Sy het mnr. Lyttelton se aandag daarop gevestig dat hierdie mense nie slegs hulle werk verloor het nie, maar boonop ook geen agterstallige salaris of pensioen van die nuwe koloniale regerings ontvang het nie. Mnr. Lyttelton, wat haar geduldig aangehoor het, kon egter ook aan hierdie saak niks doen nie aangesien die Britse regering, by die vrede van Vereeniging, geen aanspreeklikheid aanvaar het vir die verpligtiging voorheen deur die republikeinse regerings aangegaan

38). Hobhouse: Memoirs XXIII. Emily Hobhouse aan Lyttelton, 16 Maart 1904.

39). Cd. 3028/1906, pp. 75 - 79; Headlam: Op. cit. Deel II, p. 373; Beak: Op. cit., p. 282.

40)
nie.

'n Aantal individuele gevalle van persone wat as gevolg van die oorlog hulpbehoewend geraak het, is ook deur Emily aanhangig gemaak. Die geval van mev. Lily Boshoff (geb. Rautenbach) wat tydens 'n Britse aanval op 'n Boerehospitaal verwond is en sodoen- de die gebruik van haar regterarm verloor het, het volgens Emily, die koloniale sekretaris se ernstige aandag verdien. Dieselfde het ook gegeld in die geval van A.T. Webster, 'n Britse onderdaan in Kimberley woonagtig. As lid van 'n vrywilligerskorps het hy twee jaar en agt maande lank as kampopsigter opgetree. In die tyd kon hy nie sy gewone amp as grofsmid voortsit nie, sodat hy ern- stige finansiële verlies gely het. Sy vrou en seuntjie is boon- op tydens die beleg van Kimberley vermink en het spesiale versorg- ing vereis. 'n Derde geval vroeër deur haar ondersoek, die van die kleurling Khats Bellooi - 'n tipiese geval van „injustices silently borne" - is ook volledig met mnr. Lyttelton bespreek. Hy het onderneem om bogenoemde gevalle noukeurig te laat onder- soek maar het Emily terselfdertyd duidelik laat verstaan dat daar geen spesiale fonds bestaan het vir die versorging van sodanige gevalle nie.⁴¹⁾

In die loop van Emily se onderhoud met die koloniale sekre- taris het mnr. Lyttelton terloops daarvan melding gemaak dat die Britse regering glo dat sekere gelde, behorende aan die eertydse Suid-Afrikaanse Republiek, nog ongebruik êrens in Europa versteek lê. Sy regering kon gevolglik nie insien waarom hulle vir verdere noodleniging in die verowerde kolonies verantwoordelikheid moes aanvaar nie. Emily, wat die hele aangeleentheid vroeër reeds met Botha, De Wet en ander Boereleiers bespreek het, het die bestaan van die fabelagtige „Kruger-miljoene" beslis ontken. Sy het egter onderneem om sekerheid in die verband te probeer verkry sodat die Britse regering nie langer 'n verskoning sou hê om die noodlyden- des in die nuwe kolonies te verwaarloos nie.⁴²⁾

40). Hobhouse: Memoirs XXIII. Lyttelton aan Emily Hobhouse, 16 Maart 1904.

41). Hobhouse: Memoirs XXIII. Lyttelton aan Emily Hobhouse, 16 Maart 1904.

42). Hobhouse: Memoirs XXIII; Vgl. Cd. 1329/1902, pp. 3 - 5, waar Chamberlain ook na die „Kruger-miljoene" verwys.

Ten einde die nodige getuienis in te samel, het Emily persoonlik besoek gaan aflê by oud-president Steyn, wat hom destyds om gesondheidsredes in Cannes bevind het. Sy het ook persoonlike onderhoude gehad met dr. Leyds, wat sy toevallig in Mentone raakgeloop het, sowel as met mnr. Bredell, die private sekretaris van oud-president Kruger. In haar antwoord aan mnr. Lyttelton het sy hom daarop gewys dat die enigste geld wat voor die oorlog uit Transvaal gestuur is, vir die aankoop van oorlogstuig of in belang van die Transvaalse geheime diens gebruik is. Na aanleiding van gesprekke wat sy met oud-president Steyn, mnr. Abraham Fischer, dr. Leyds e.a. gehad het, was sy verder ook oortuig dat geen sodanige geld of goud Transvaal ooit gedurende die oorlog verlaat het nie. Ten einde meer gewig aan haar argumente te verleen, het sy 'n skriftelike verklaring van mnr. H.C. Bredell by haar brief aan mnr. Lyttelton ingesluit. In die verklaring het mnr. Bredell wat, as president Kruger se sekretaris, op hoogte van sake behoort te gewees het, geskrywe: "No money or gold whatsoever - to my knowledge - was either sent or taken to Europe or elsewhere by His Honour or anyone else for the Government. It is all a myth. The presumption alone is too absurd to believe. I solemnly declare the foregoing to be in strict accordance with my knowledge and contains nothing but the truth... It is an absolute falsehood that His Honour ever appropriated Government money to himself. Our late Government owes the President £40,000".⁴³⁾ Die getuienis deur Emily Hobhouse ingewin en selfs mnr. Bredell se sterkgestelde verklaring, was egter nog onvoldoende om die Britse regering te oortuig dat die "Kruger-miljoene" in werklikheid nooit bestaan het nie.

Die Britse koloniale sekretaris het die individuele gevalle deur Emily genoem, vir ondersoek na lord Milner verwys, maar aangesien laasgenoemde beweer het dat "there is no ground for interference", het mnr. Lyttelton besluit om die hele aangeleentheid van verdere noodleniging gerieflikheidshalwe maar links te laat lê. Sy brief aan Emily het haar in elk geval oortuig dat "fail-

43). Hobhouse: Memoirs XXIII. Skriftelike verklaring van H.C. Bredell, 14 April 1904.

ure was written on my efforts to remove this bar (d.w.s. die Kruger-miljoene) to adequate relief for your widows". Sodoende het sy besluit om haar werk in belang van na-oorlogse noodleniging en heropbou af te sluit deur 'n finale beroep om hulp vir mev. Boshoff en mnr. Webster op die Britse publiek te doen. Die resultaat van haar oproep in die Manchester Guardian, was egter teleurstellend en het slegs genoeg opgelewer om 'n elektriese battery aan te koop wat mev. Boshoff vir die behandeling van haar verswakte arm kon gebruik. ⁴⁴⁾ Sodoende het Emily se groot werk in belang van na-oorlogse heropbou, voorlopig altans, langsaamerhand doodgeloop.

44). Hobhouse: Memoirs XXIII.

HOOFSTUK 12.

DIE SUID-AFRIKAANSE HUISNYWERHEDE.

Die faktore wat die gedagte aan die daarstelling van 'n eg Suid-Afrikaanse huisnywerheid by Emily Hobhouse laat posvat het, kan uit haar briefwisseling met Suid-Afrikaanse vriendinne en uit haar ongepubliseerde herinneringe afgelei word. Haar na-oorlogse besoeke aan die O.R.K. en Transvaal het haar daarvan oortuig dat die Boerevrou en -dogter besondere aanleg vir naaldwerk en in baie gevalle selfs kunssin, besit het. Ten spyte van die ongetwyfelde bekwaamheid wat hulle in die rigting openbaar het, het die Boerevrouens en -dogters, ondanks na-oorlogse armoede, egter nog aan die gesinslewe vasgeklou en nie kans gesien om eie huis en haard te verlaat en elders 'n heenkome te gaan soek nie. Landelike verarming was reeds besig om die gesinslewe te ondermyn en daardie mooi eienskap van die Boer se volkskarakter - die liefde vir die eie huisgesin - het gevaar geloop om spoedig heeltemal ten gronde te gaan. Ten einde dit te verhoed wou Emily die ondermynende uitwerking van verarming deur middel van een of ander vorm van huisnywerheid aan bande probeer lê: „And that is the idea of cottage-industries”, het sy haar eie doelstelling in die verband opgesom, „occupations suitable to the home, where they can be woven in with the ordinary routine work of a farm and by which a little money can be added to the family purse”.¹⁾

Haar persoonlike kennis van Suid-Afrikaanse klimaatstoestande en afsetmoontlikhede het haar daartoe gebring om kantwerk, spin en weef as die geskikste huisnywerhede vir haar doel uit te kies: „The tranquil existence combined with brilliant skies” wat sy op die hoëveld leer ken het, „helped to suggest lace-making and particularly needle-point as a suitable occupation”. Aangesien weelde-artikels, soos kantware, op hierdie tydstip nie veel markwaarde in Suid-Afrika besit het nie, moes die vrouens en dogters egter ook terselfdertyd leer spin en weef. Sodoende sou hulle in staat wees om die grondstof, wol, goedkoop in hande te kry en geweefde artikels, waarvoor daar wel 'n afsetgebied bestaan

1). Hobhouse: Memoirs XXIV.

2)

het, tuis te vervaardig.

Vir Emily persoonlik was dit van die staanspoor af 'n uitgemaakte saak dat 'n Suid-Afrikaanse huisnywerheid slegs geslaagd kon wees indien dit in alle opsigte 'n huisbedryf bly en nie tot 'n fabrieksnywerheid ontaard nie. Die kennis deur die vrouens en dogters van kantwerk, spin en weef opgedoen, moes bedoel wees slegs om hulle tuis op 'n voordelige wyse besig te hou en nie as 'n middel om as fabriekswerksters te kwalifiseer nie. Soos sy dit gestel het: „The main work must be in the homes of the country people if it is to remain and be established as a truly National Industry”. Slegs deur die huisnywerhede tot die huis beperk te hou, het sy geglo, kon gesinsontwrigting verhoed en die ontwikkeling van fabriekstede met onooglike agterbuurtes en maatskaplike euwels uitgeskakel word.

3)

Later, na sy haar voornemens volledig met generaals Botha en Smuts bespreek en met haar eie oë die bywoners vraagstuk aanskou het, het dit egter vir haar duidelik geword dat haar ideaal van 'n suiwer huisnywerheid moeilik verwesenlik sou kon word: „I saw then”, skrywe sy jare daarna in haar herinneringe, „that there was a danger of mixing two big and rather contradictory schemes: viz. our primary plan of a national industry for home and farm occupation, and the attempt to lift a rapidly degenerating class by wage-paid work. I had hardly been aware (before) how the war-ruin, plus the impoverished conditions succeeding it, had pressed the bywoner-class into the towns in such increased proportion”.⁴⁾ Inderdaad het die trek van die verarmde Afrikaner na die stede, wat sedert ongeveer 1905 in omvang begin toeneem het, 'n wesentlike maatskaplike vraagstuk geskep. Ten einde diegene tegemoet te kom wat reeds hulle landelike bestaan noodgedwonge vir 'n stedelike moes verruil, was Emily uiteindelik verplig om haar huisnywerheidsprogram, wat die praktiese toepassing daarvan betref, enig-sins te wysig. In beginsel het sy egter getrag om haar ideaal van 'n suiwer huisnywerheid ongeskonde te handhaaf.

2). Ibid.

3). Ibid.

4). Ibid.

Soos alle ander skemas wat sy aangepak het, het Emily ook die daarstelling van 'n Suid-Afrikaanse huissnywerheid met doelbewuste erns en toegewyde ywer benader. Die oprigting van die eerste spin-en-weefskool is dan ook deur maandelange intensiewe voorbereiding voorafgegaan. Allereers het sy 'n noukeurige studie van die kantbedryf in Engeland en Ierland sowel as op die vasteland van Europa gemaak: „I became a plague to every lady I knew who possessed old lace", het sy later rondborstig erken, „and many exquisite collections were shown me. I studied exhibits in the museums and haunted antique lace shops. I procured introductions to the principal lace-shops, asking' advice upon my scheme". Daarmee nog nie tevrede nie, het sy 'n reis na Venisië, die bakermat van die kantnywerheid, onderneem. Hier het sy self les in kantwerk geneem en spoedig daarin geslaag om die belangrikste beginsels van die bedryf te bemeester. Op haar terugreis na Engeland het sy enkele dae in België vertoef teneinde ook die Belgiese tegniek van kantmaak te bestudeer.⁵⁾

Na haar tuiskoms het Emily voortgegaan om 'n doelbewuste studie van die spin-en-weefkuns te maak. Sy het eers na Ierland gegaan om die bedryf self te bestudeer en daarna die dorp, Banwell, besoek met die vooropgestelde doel om die houtsneewerk van Banwell-abdy noukeurig te ondersoek en af te teken. Die tekeninge kon sy dan later as patrone vir kantwerk gebruik. Daarvandaan is sy na Devonshire waar sy verdere inligting oor spin-en weefmetodes ingewin het. Daarna het sy teruggekeer na Londen ten einde 'n voltydse kursus aan 'n spin- en weefskool te deurloop. Vroeg in November het haar oom, lord Hobhouse, egter ernstig siek geword en ten einde haar tante behulpzaam te wees, moes sy dadelik haar klas se staak.

Op hierdie tydstip het sy reeds vas besluit om self na Suid-Afrika te gaan om persoonlik die stigting en beheer van die eerste spin- en weefskool waar te neem. Die besluit het ook die heelhartige goedkeuring van die South African Women and Children's Distress Fund weggedra. Op haar versoek is die naam van boge-

5). Ibid.

noemde fonds gedurende November 1904 tot Boer Home Industries and Aid Society verander. Mej. Hobhouse en mej. Margaret Clark is as amptelike verteenwoordigsters van die nuwe hulpvereniging na Suid-Afrika afgevaardig.⁶⁾

Vergesel van Margaret Clark het Emily Antwerpen op 25 Januarie 1905 aan boord van die Kronprinz verlaat. Oud-president en mev. Steyn was met dieselfde skip na Suid-Afrika onderweg. Gedurende die seereis het Emily die oud-president, wie se verswakte oë hom nog baie las veroorsaak het, besiggehou deur haar eie geliefkoosde boeke soos Roper se More, Watson se gedigte, More se Utopia, Boswell se Life of Dr. Johnson en Dickens se David Copperfield, aan hom voor te lees. Margaret Clark het intussen soveel Afrikaans as moontlik probeer aanleer. Verder het sy haar met die spinwiel besiggehou ten einde behoorlik voorbereid te wees vir die werk wat daar in Suid-Afrika op haar gewag het.

Intussen het ds. en mev. Fraser ook voorbereidingswerk gedoen in Philippolis, waar die eerste spin- en weefskool gestig sou word. Sodoende was die persele vir die skool en 'n spesiale woning vir die twee dames reeds gereed toe hulle op 28 Februarie per trein daar aangekom het.⁷⁾ Op 11 Maart het Emily haar eerste onderhoud met voorgenome leerlinge gehad en twee dae later is die eerste weefskool in die land geopen met ses leerlinge op die rol. Op 15 Maart het mej. Constance Cloete, wat die huishouding op haar sou neem, uit Kaapstad aangekom sodat Emily voortaan haar onverdeelde aandag aan die beheer en ontwikkeling van die weefskool kon wy. Nuwe leerlinge het begin aankom en die omvang van die werk wat gedoen moes word, het so vinnig toegeneem dat Emily op 22 Maart reeds verplig was om 'n versoek om nog 'n bykomstige helpster aan die Boer Home Industries and Aid Society te kabel. Na aanleiding van bogenoemde vertoë het eers 'n mej. Picard en later mej. Marion Rowntree, 'n Kwakeres, hulle by Emily en Margaret op Philippolis gevoeg.⁸⁾

6). Ibid.

7). Vgl. Terblanche: Op. cit., p. 8.

8). Hobhouse: Memoirs XXIV.

Emily self was hoogs tevrede met die sukses waarmee haar eerste pogings bekroon is en het met groot lof van die bekwaamheid van sommige van haar eerste leerlinge gewag gemaak: "In fact, I am not living in Philippolis", het sy op 30 Maart in haar dagboek geskrywe, "but in an Idea. This seems to be taking solid and permanent shape and there is much to encourage us in the aptitude and intelligence and eagerness of the first thirteen scholars"⁹⁾. Een van haar medewerkers het later Emily se onvermoeide ywer en persoonlike opoffering as volg geskets: "Zoover weet ik dat zy geheel gratis onderwys op hare eigene weef en spin macinen verleend en wanneer hier zeer armen komdt om te leeren betaald zy Bording (sic.) voor hen ... De spinwielen worde spotkoop aan de arme mystjes (sic.) op krediet verkocht, zegt van £1/10/- of £2 uiters"¹⁰⁾

Die algemene werkprogram gevolg op Philippolis het, volgens 'n ooggetuie, as volg verloop: "Gewoonlyk neemdt het van 6 weken tot twee maanden om het spinnen goed te leeren. Dan koop den perzoon een spinwiel of laat het maken en gaat zy daarmede naar hare woning. Alle draad door haar dan gespint bringt zy terug naar de inrichting en worde het gekocht tegen 3/- per pond De inrichting draag den naam van de Boerinnen Bond ... Alle voorwerpen door de leden van den Bond gemaak is onderworpe aan de Huizelijke regels der Bond en moeten aan de Bond verkocht worden ... Als een lid voor 20/- draad verkoop aan de Bond geeft zy daarvan een pens (sic.) af aan de Bond uit elke Shilling. Die word in het kas gestort ten behoeve van het Bond ... Zolang iemand leeren krijg zy elke week 2/6 voor zakgeld uit de Bond. Het leeren is gratis ... Bryers (sic.) en weevers bewerkt dan weder het draad ... tot kledingstoffen en kouzen. Een goede Bryer leverdt tot 8 paren eerste klas kouzen per dag, tegen 2/6 tot 3/- per paar. Het geld daarvoor behoort aan de Bryer of weever. Moet slechts 1d. van elke shilling in de kas storten als voormeld"¹¹⁾.

- 9). Hobhouse: Memoirs XXIV. Aanhaling uit haar dagboek, 30 Maart 1905.
- 10). T.A. Dr. Preller Versameling. Lêer No. 22: Brief van H.J. Strauss aan die red. van die Volkstem, 27 Junie 1906.
- 11). Ibid.

Ten spyte van die ywer van mej. Hobhouse en haar helpsters, die hulpvaardigheid van ds. Fraser en die publiek van die O.R.K. en die leergierigheid en bekwaamheid van die leerlinge, het die eerste spin- en weefskool egter ook met haas onoorkomelike moeilikhede te kampe gekry. Die hele kolonie was nog in die wurg-greep van na-oorlogse ekonomiese druk. Lewensmiddele was duur en gereedskap en materiaal vir die weefskool moeilik verkrygbaar. Die tegniese prosesse van spin en weef waarmee Emily in Engeland en Ierland kennis gemaak het, wou nie by die Suid-Afrikaanse klimaatsonstandighede aanpas nie en gevolglik moes sy en haar helpsters alternatiewe metodes ontwerp. Die grootste vraagstuk het egter steeds die tekort aan water gebly. Die suiweringsproses van die wol waarmee gespin moes word, het gevolglik dikwels ernstige hoofbrekens aan Emily, as hoof van die weefskool, besorg. Syself het oor hierdie aanvangsmoeilikhede die volgende te sê gehad: "It seemed as if no recipe, no ordinary process, turned out the same as at home. Whether it was the action of the sun, or of different qualities in the water, or atmospheric influences - extreme heat, extreme dryness alternating with extreme moisture at times - something or other acted adversely and often made us despair of producing the same effects from the same processes of dyeing wool, washing, etc. as in England. Then too, the abundant red dust of the veld and the dense harvest of grass seeds that stuck in the fleeces, filled us with dismay ... Added to all was the scarcity of water".¹²⁾

Teen die einde van April 1905 was die skool op Philippolis goed aan die gang en het Emily daaraan begin dink om soortgelyke skole elders op te rig. Dan sou die hele verarmde plattelandse bevolking daaruit voordeel kon trek. Volgens haar sienswyse was Philippolis, weens die afgeleë ligging daarvan, nie geskik vir "a centre of influence" vanwaar die huisnywerheidskema verder uitgebrei en beheer kon word nie, te meer nog aangesien die klasruimte en watervoorraad daar so uiters beperk was. Buitendien kon die skool slegs in die behoeftes van die O.R.K. voorsien terwyl dit,

12). Hobhouse: Memoirs XXIV.

volgens haar, dringend noodsaaklik was om 'n soortgelyke skool ook in Transvaal op te rig.

Ten einde die voordele aan die huisnywerheidskema verbonde ook na Transvaal uit te brei, het Emily gevolglik na Pretoria afgereis en onderhandelings met die Boereleiers in die Noorde in die verband aangeknoop. Generaals Botha en Smuts het hulle heelhartige steun belowe en, daardeur aangemoedig, het Emily onmiddellik na 'n geskikte terrein vir die oprigting van 'n spin- en weefskool in Transvaal begin soek. Sy het landkaarte bestudeer, eiendoms-agente besoek en predikante en ander persone wat in direkte voeling met die volk was, ondervra. Hierdie ondersoek het aan haar getoon dat 'n groot ^{aantal} bywonersgesinne, vir wie die huisnywerhede oorspronklik bedoel was, reeds na die stede verhuis het. Die gevaar het dus bestaan dat haar hele skema sy oorspronklike karakter kon verloor en in 'n fabrieksnywerheid kon ontwikkel indien sy haar aandag te veel op die verarmde stedelinge en hulle behoeftes sou toespits. Ten einde die skole wat sy van plan was om in Transvaal op te rig vir die grootste getal toeganklik te maak, sonder om die huisnywerheidsgedagte prys te gee, het sy besluit om haar voorlopig slegs by die Transvaalse weeshuise te bepaal. ¹³⁾

Na sy eenmaal finaal oor haar algemene beleid besluit het, het Emily onmiddellik met ds. Kriel van die Langlaagte-weeshuis in onderhandeling getree. Laasgenoemde, wat geen staatshulp vir die weeshuis ontvang het nie, was dadelik gereed om 'n sinkskuur as lokaal sowel as 'n genoegsame voorraad water tot haar beskikking te stel. Die enigste voorwaarde was dat sy, op haar beurt, sou onderneem om die weeshuisdogters bo twaalfjarige ouderdom in die spin- en weefkuns te onderrig of te laat onderrig. Emily het egter die reg voorbehou om dogters wat nie aan die weeshuis verbonde was nie, ook tot die skool toe te laat. ¹⁴⁾

Nadat sy die weefskool op Philippolis aan Margaret Clark se sorg opgedra het, het Emily, in geselskap van Constance Cloete, onverwyld na Langlaagte vertrek. 'n Besending spinwiele deur haar

13). Ibid.

14). Hobhouse: Memoirs XXIV.

vriendin, Mme. degli Asinelli, in Switserland gekollekteer, het juis op hierdie tydstip aangekom, net betyds vir die opening van die spin- en weefskool te Langlaagte in Augustus 1905.

Die nuwe skool is met die grootste sorgsaamheid deur die eerste moeilike tydperk van sy bestaan geloods. Die gebou wat deur die weeshuis tot haar beskikking gestel is, het 'n grondvloer gehad en was boonop swak verlig. Gevolglik het Emily dit slegs as spin- en weeflokaal gebruik en 'n kamer in Vrededorp bygehuur, waar breiwerk met breimasjiene gedoen kon word. Die onderrig van die weeshuisdogters is aan mej. Anna Muller, 'n gevorderde Philippolisse leerling opgedra, terwyl Emily self patrone ontwerp en die administratiewe werk waargeneem het. Hester Krugel, 'n Braamfonteinse dogter wat besondere bekwaamheid aan die dag gelê het, is spesiaal na Philippolis gestuur om 'n intensiewe kursus in die spin- en weefkuns te volg sodat sy later, na voltooiing van haar studies, aan ander Braamfonteinse dogters onderrig sou kon gee. Ondoeltreffende geboue, 'n gebrek aan geskikte wol en spinwiele en ander soortgelyke vraagstukke, het voortdurend opgeduik en dikwels Emily se geduld en deursettingsvermoë tot die uiterste getoets: „Our (cowshed) school is a sore trial", kon sy dan ook tereg aan die einde van Augustus aan haar komitee in Engeland rapporteer. „I work rugs all day and think of fresh ways of making them at night; thus I have evolved a simplified loom and a new way of knotting which saves time. I have had great difficulty in getting wool up here in the Transvaal owing to the quarantine regulations still in force which prevent farmers (from) bringing their produce to market ..."¹⁵⁾

Spoeedig het die spin- en weefskool te Langlaagte egter ook koers begin kry. Gedurende November het milde reëns oor die Hoëveld uitgesak en aangesien genoegsame hoeveelhede water nou beskikbaar was, kon Emily en haar helpsters 'n begin met die was en kleur van wol maak. 'n Nuwe sinkwerkkamer, in Klerksdorp aangekoop, is na Langlaagte vervoer en gedurende November as weef-

15). Hobhouse: Memoirs XXIV. Verslag van Emily Hobhouse aan Boer Home Industries and Aid Society, Aug. 1905.

lokaal in gebruik geneem. 'n Groot las is ook van Emily se skouers geneem toe mev. Goetzsche, 'n begaafde Deense vrou en 'n deskundige in die gebruik van die weefgetou, onderneem het om die weefafdeling van die Langlaagte skool onder haar beheer te neem. ¹⁶⁾

Aan die einde van die jaar het mej. Clark na Engeland teruggekeer maar onder die bekwame leiding van mej. Picard, getrou bygestaan deur die hulpvaardige Marion Rowntree, het die weefskool te Philippolis nog steeds tekens van gesonde vooruitgang getoon. Aangesien Emily se gesondheid veel te wense oorgelaat het, het sy die beheer van die skool te Langlaagte aan mev. Goetzsche en Constance Cloete oorgedra. Syself het haar intrek geneem in 'n woning wat sy in Bellevue aangekoop het. Haar belangstelling in die twee skole wat deur haar gestig is, het egter geensins verflou nie en sy het getrou voortgegaan om drie keer per week les te gee in die maak van ontwerpe vir weefdoeleindes. Die orige dae van die week het sy dan tuis deurgebring, besig met briefwisseling oor haar werk, die opstel van verslae aan die Boer Home Industries and Aid Society in Engeland, die ontwerp van patrone vir gebruik in die weefskole en „countless duties connected with them”. ¹⁷⁾

Die jaar 1906 het, vir sover dit die spin- en weefskole betref, stil en rustig verloop en goeie vordering is gemaak. Die skoolgebou te Langlaagte was egter te ondoeltreffend om verdere uitbreiding moontlik te maak en op advies van generaal Smuts het Emily besluit om 'n geskikte gebou naby haar woonhuis in Johannesburg te huur. Die nuwe lokaal was in alle opsigte „superior to any hitherto found, and the water supply seemed really adequate for it came from three sources - the earth, the skies and the Municipality”. Hoewel daar aanvanklik heelwat las van muise ondervind is, het die nuwe weefskool spoedig koers gekry. Op Philippolis het alles ook voor die wind gegaan en aangesien haar teenwoordigheid nie meer absoluut onontbeerlik was nie, was Emily in staat om met vakansie na Engeland te gaan. Sy het by die geleentheid ook enkele weke in Switserland deurgebring en toe weer

16). Hobhouse: Memoirs XXIV. Vgl. ook Terblanche: Op. cit., p. 295.

17). Ibid.

na Johannesburg teruggekeer, besiel met nuwe moed hoewel geensins
18)
met nuwe liggaamskragte bekleed nie.

Gedurende 1907 het Transvaal verantwoordelike bestuur ontvang en het generaal Botha premier en generaal Smuts koloniale sekretaris geword. Laasgenoemde, wat altyd groot belang in die huisnywerhede gestel het, het daarop met Emily in onderhandeling getree. Nadat die onderwysdepartement ook oor die aangeleentheid genader is, het die Transvaalse regering onderneem om die Transvaalse spin- en weefskool voortaan in stand te hou, op voorwaarde egter dat dit na Pretoria verskuif word, „to be under the administrative eye". Emily was nog steeds bevrees dat die huisnywerhede, sodra dit nie meer aan haar waaksame oog onderworpe was nie, nie langer sou beantwoord aan die oorspronklike doel daarvan nie. Terselfdertyd het sy geglo dat „fresh controllers could not in the nature of things have the judgment born of experience". Gevolglik het sy die saak weer met generaal Smuts bespreek en het hy beloof om haar te benoem tot adviserende lid van die spesiale skoolraad wat vir die spin- en weefskole in Transvaal saamgestel sou word. Die spesiale skoolraad het op 1 Oktober 1907 vir die eerste keer vergader en by die geleentheid is besluit om die skool dadelik na Pretoria oor te plaas. Sodoende het die eerste staats-
19)
ondersteunde nywerheidskool in Transvaal amptelik tot stand gekom.

Namate meer en meer dogters hulle opleiding te Philippolis voltooi het, is soortgelyke spin- en weefskole ook op ander Vrystaatse dorpe in die lewe geroep. Philippolis het egter voorlopig nog die leidende inrigting gebly. Teen Oktober 1908 het daar reeds sewe sodanige skole in die Vrystaat bestaan - te Philippolis, Ficksburg, Bloemfontein, Bethlehem, Smithfield, Winburg en Boshof. Aangesien die kolonie intussen ook reeds verantwoordelike bestuur ontvang het, het Emily met oud-president Steyn, generaal Hertzog en die Direkteur van Onderwys oorleg gepleeg oor die oorname van bogenoemde skole deur die regering. Voorgenoemde leiers, „overtuigd dat die beweging (d.w.s. die huisnywerhede) aan

18). Ibid.

19). Ibid.

het Afrikaanse volk ten goede moest komen, en wellicht ook warm voor de zaak uit pieteit voor de nobele mej. Hobhouse", het hulle gewigtige steun verleen en gedurende Oktober 1908 is 'n raad van beheer deur die regering benoem om die bestuur oor die reeds bestaande spin- en weefskole in die kolonie oor te neem. Die Raad van Beheer, aangestel volgens Seksie 77 van die Skoolwet van 1908, het bestaan uit mnre. H.F. Gill en A.C. Lyell, adv. G. Brebner, drs Bidwell en Knothe, en die dames F.J. Blignaut, McKinley, Scrivenor en Fichardt. Tot sekretaresse van die raad is die bekwame en ywerige mej. M. Fleck benoem.²⁰⁾

Op die wyse het die huisnywerhede deur Emily Hobhouse gedurende 1905 van stapel gestuur, dus in 1908 finaal onder staatsbeheer gekom. Toe kon sy haar groot werk in die verband as afgehandel beskou. Dientengevolge het sy dan ook in Oktober 1908 vanaf Lourenco Marques vertrek onderweg na Engeland. Die spin- en weefskole het egter voortbestaan en onder leiding van dames wat hulle eerste onderrig by haar ontvang het, van krag tot krag voortgegaan. Heeltemal tereg kon haar ou vriend en raadgewer, lord Ripon, dan ook aan haar skrywe: "Thus you have accomplished what you undertook so courageously and have left in South Africa a lasting record of your great labours".²¹⁾ Haar persoonlike vriendin en energieke helpster, Margaret Clark kon weer op oortuigde wyse verklaar: "Whatever the ultimate fate of the industries may be, they were the means, under her influence, not only of building sound material into the fabric of life in that time of poverty, but of stirring up hope and helping self-respect and liberating the unseen powers to perform their task".²²⁾

20). Jong Zuid-Afrika, Julie 1912, p. 31.

21). Hobhouse: Memoirs XXIV. Lord Ripon aan Emily Hobhouse. 27 Des. 1908.

22). Ruth Fry: Op. cit., p. 240. Vgl. ook Oberholster en Van Schoor: President Steyn aan die Woord, p. 112.

BESLUIT: DIE LAASTE SKOF.

Gedurende die laaste twintig jaar van haar lewe moes Emily Hobhouse die prys betaal vir die jarelange ooreising waaraan sy haar liggaamskragte vroeër blootgestel het. Kort na haar terugkeer in Engeland het sy vir die eerste keer 'n ernstige aanval van Angina Pectoris ondervind en daarna, tot aan die einde van haar lewe, het sy voortdurend met 'n swak gesondheidstoestand te kampe gehad. Ten einde die koue Engelse winters te vermy, het sy sedertdien gewoonlik die wintermaande in Italië deurgebring. Daar het sy haar aan die mediese sorg van die destyds welbekende Italiaanse medikus, dr. Carloni, onderwerp en danksy sy behandeling is sy in staat gestel om minstens deelyds weer met haar werk voort te gaan.¹⁾

Ten spyte van kwynende liggaamskragte het haar belangstelling in Suid-Afrikaanse aangeleenthede lewendig gebly. Die organisasie verbonde aan die oprigting van die Vrouemonument het van die staan-spoor af haar onverdeelde aandag geniet. Die Afrikaanse beeldhouer, Anton van Wouw, het hom destyds juis in Rome bevind en het gereeld by Emily besoek afgelê ten einde haar mening oor die doeltreffendheid van sy voorstellings in te win. Veral die sentrale beeldgroep, waarvoor sy die gedagte aan die hand gedoen het, het haar besondere belangstelling geniet, omdat dit, volgens haar sienswyse, werklik simbolies van die lyding van vrou en kind gedurende die oorlog was.²⁾

Die onthullingsplegtigheid is vir die 16de Desember 1913 bepaal en 'n uitnodiging is aan mej. Hobhouse gestuur om die plegtigheid te kom waarneem. Ondanks swak gesondheid het sy veilig in Kaapstad aangekom en vandaar na Beaufort-Wes afgereis. Haar hart was toe egter so verswak dat sy nie verder kon kom nie en verplig was om haar voorneme te laat vaar. Persoonlik was sy tevrede om in die onvermydelike te berus, en kon sy ongeveinsd aan haar vrien-

- 1). V.A. Steyn Versameling: Brief van Emily Hobhouse aan mev. Steyn, 19 Aug. 1923; Emily Hobhouse aan mev. Steyn, 5 Aug. 1911; Emily Hobhouse aan mev. Steyn, 5 Julie 1912.
- 2). Ibid. Brief van Emily Hobhouse aan mev. Steyn, 5 Julie 1912.

din, mev. Steyn, kon skrywe: „Remember I feel quite content to have tried to come and to be with you on that day", en dan, met 'n ondertoon van weemoed, „Alone, exiled and invalided as I am; I always feel that there need be 'no sadness of farewell, when I have crossed the bar'³⁾".

Die kerngedagte van Emily Hobhouse se geleentheidsrede, deur mev. Steyn aan die aanwesiges by die onthullingsplegtigheid voor-gelees, was in die eerste plek huldebetuiging aan „die heldinne en kinders wat dapper gely en edel gesterf het ... die Nasionale Dodes - nie soldate nie, maar vroue wat hulle lewe vir land en volk gegee het". Vir Emily was die Vrouemonument simbolies, nie slegs van die lyding en sterfte in die kampe nie, maar tewens van die wordingsgeskiedenis van die Afrikaanse volk: „Ver in die stad Rome", het sy gloedvol betoog, „het ek die voorreg gehad om dit (d.w.s. die bas-reliëfs van die monument) in wording te sien kom. Eers was daar die skepping in die gees van die kunstenaar; daarna het dit vorm gegee aan 'n stuk gewone klei. Dit is weer vervang deur 'n sneeuwit beeld en eindelijk het die smeltkroes die volmaakte kunswerk te voorskyn gebring. Op dieselfde wyse het die Almagtige hierdie eenvoudige vroue en kinders van hulle huise geneem, hulle gevorm en gelouter in die smeltkroes van smart, totdat hulle, gereinig en volmaak, uit die oog van die mens verdwyn het om vir altyd as 'n heilige gedagtenis in u land te lewe'⁴⁾".

Die onwrikbare vertrouwe wat Emily Hobhouse haar lewe lank in die heilige roeping van die vrou as 'n bolwerk vir vrede gestel het, is in haar geleentheidsrede nogeens duidelik beklemtoon: „Gaan terug na eenvoudiger lewens en edeler beginsels", het sy die Suid-Afrikaanse vrou vermaan, „leer van die martelare die grootsheid van karakter wat verkies om tot die uiterste te ly, liever as as om gemak deur swakheid te verkry Soos die diamante en goud glinster in die boesem van julle land, so sal die verhale van hulle martelaarskap soos kostelike gesteente lig versprei in die donker geskiedenis van daardie tyd. Hulle invloed gaan nog

3). Ibid. Brief van Emily Hobhouse aan mev. Steyn, 1 Des. 1913.

4). Van der Merwe: Tot nagedagtenis van Emily Hobhouse, p. 39 et. seq.

verder. Hulle het aan die wêreld getoon dat dit nooit meer mag beweer word dat die vrou burgerregte ontsê moet word, omdat sy geen aandeel aan die oorlog neem nie. My vriende! Die dag van die vrou nader Ons het hier meer as 'n Suid-Afrikaanse gedenkteken. Dit is 'n wêreldmonument wat die vroue van die hele mensdom met trots mag aanskou"⁵⁾.

Twee uitstaande faktore het daartoe bygedra om Emily Hobhouse se afkeur aan oorlog en geloof in pasifisme gedurende die laaste tien jaar van haar lewe 'n steeds meer militante karakter te laat aanneem. Hierdie faktore was haar eie verswakte gesondheidstoestand en die oorlogsatmosfeer waarmee haar eie vaderland sowel as die vasteland van Europa aan die vooraand van die Eerste Wêreldoorlog deurdronge was. Aangesien haar verswakte liggaamskragte daadwerklike optrede bemoeilik het, het haar wakkere gees uiting gesoek in 'n ander rigting. Dit het sy gevind in 'n doelbewuste uitlewing van haar pasifistiese beginsels. Aan die begin van 1915 het sy na Amsterdam vertrek ten einde haar dienste aan te bied aan die Internasionale Buro vir Vroue, wat hulle vir die beëindiging van die oorlog beywer het. Haar „heartfelt sympathies with all the peoples of Europe, sacrificed, ruined, and destroyed by their blind incompetent rulers“, was bloot op 'n pasifistiese uitgangspunt gegrond en geënsins teen die Britse oorlogspoging gerig nie. Desnieteenstaande het dit haar in die onguns van talle van haar volksgenote laat beland en vir die tweede keer in haar lewe is sy aan maatskaplike ostrasisme blootgestel.⁶⁾

Gedurende Junie 1915 het sy persoonlik 'n besoek aan oorloggeteisterde België afgelê. Die ellende en ontbering wat sy in Brussel aanskou het, het sy in 'n brief aan die Britse pers in felle taal opgesom en sodoende die saak van wêreldvrede nogeens met oortuiging propageer: „Externally“, het sy beweër, „all is so fair in the beautiful city of Brussels that it would be difficult for visitors to bear in mind the existing tragedy were it not for the sharp rejoinder that recurs at sight of the long lines

5). Ibid.

6). Ibid. Brief van Emily Hobhouse aan mev. Steyn, 26 Nov. 1916; Vgl. ook Ruth Fry: Op. cit., p. 267 et seq.

of people waiting to be fed in various quarters of the town One halted involuntarily as before a passing funeral and then crept past them with a sense of awe and shame. And next day the same sight aroused the same feelings, and the next and the next, till slowly the mind grasped something of what it must mean to stand thus for hours, day after day, week after week, month after month, mounting at last to years. For in these queues one faced a bit of war in everyday garb, stripped of glory - war in its ultimate effect upon a civil population, misery and broken lives"⁷⁾.

Na 'n vlugtige besoek aan Berlyn het sy na Engeland teruggekeer met die vooropgestelde doel om die noodsaaklikheid van wêreldvrede by haar volksgenote te probeer tuisbring: "We pacifists dare not pauze", het sy gedurende 1916 getuig, "far less than those who make destructive munitions of War ... Fancy our beloved country, fancy France, fancy beautiful Italy and Germany, all given up to making death-dealing instruments, girls and boys hard at it night and day in all our countries. It is ghastly, and 20 millions of men hurling these things at each other, each seeing who can kill the most. The end of our Civilization; and men's hearts failing them for fear and for looking upon those things which are coming upon the Earth. Privation, starvation, famine, disease, misery, established in greater or less degree throughout Europe today"⁸⁾.

Die einde van die oorlog het haar tydelik opgebeur, maar die betreurenswaardige toestand waarin die beskawing as gevolg van vier jaar van totalitêre krygsverrigtinge versink het, het haar opnuut mistroostig gestem: "Our poor Europe is a wretched accumulation of incompetents and cripples and famine-stricken and nerve-worn beings", het sy haar geskokte gevoelens in 'n persoonlike brief opgesom: "All the men who could do things seem to have been killed and incompetents fill their places It leaves me wishing our Civilization would crack up a bit quicker and let

7). The Daily News, 4 Sept. 1916. Ek onderstreep.

8). V.A. Steyn Versameling: Brief van Emily Hobhouse aan mev. Steyn, 3 Sept. 1916.

us start a new one on better lines".⁹⁾ Later, toe die ekonomiese toestand van Europa nog verder versleg en die lewenspeil van die betrokke volkere benede die broodlyn begin daal het, het sy half wanhopig uitgeroep: „Nothing can be done, no permanent good achieved until those fools who call themselves the Statesmen of Europe will stop this war in peace and equalize money, trade and commerce".¹⁰⁾

Die beëindiging van die oorlog het haar, ondanks haar swak gesondheid, in elk geval in staat gestel om weer daadwerklik as welsynswerkster na vore te tree. Saam met mej. Edith Durham het sy in 1919 die Fund to aid Swiss Relief for Starving Children van stapel gestuur en as ere-sekretaresse van die beheerliggaam daarvan, persoonlik geld vir die doel ingesamel. In September 1919 is die hulpfonds by lady Buxton se omvattender Save the Children Fund, ingelyf".¹¹⁾

Intussen het Emily haar reeds op hoogte van die noodtoestand in Rusland gestel en in Julie 1919 die Russian Babies Fund geloods, met haarself as voorsitster en vernaamste kollektante. Die doel van die fonds, wat met die bekende Friends' Relief Fund geaffilieer was, was om melk, babakleertjies, seep en soortgelyke onontbeerlike artikels in Engeland te kollekteer en dan deur die verteenwoordigers van die Friends' Relief Fund in Rusland te versprei.¹²⁾

In September 1919 het Emily self ook weer die strydperk aktief betree deur persoonlik noodlenigingswerk in Leipzig te gaan doen. Hier het sy die Leipzig Feeding Fund in die lewe geroep en vir meer as 'n jaar lank persoonlik die insameling sowel as besteding van noodlenigingsfondse behartig. By tye het die aantal kinders wat daaglik gevoed is, tot 11,000 gestyg, terwyl 'n totale bedrag van £46,700 aan voedsel en klere bestee is. Selfs na haar terugkeer in Engeland - waar sy tydelik in 'n hospitaal opgeneem moes word weens swak gesondheid - het sy nog met briefwisseling in belang van die Leipzigsse hulpfonds voortgegaan. Op die wyse het sy mev. Steyn se ondersteuning daarvoor gewen. 'n

9). Ibid. Emily Hobhouse aan mev. Steyn, 31 Des. 1920.

10). Ibid. Emily Hobhouse aan mev. Steyn, 17 Jan. 1921.

11). Ibid. Emily Hobhouse aan mev. Steyn, 8 Sept. 1920.

12). Ruth Fry: Op. cit., p. 278 - 279.

Spesiale hulpfonds is in Suid-Afrika deur mev. Steyn geloods en aansienlike bydraes is aan die Leipziger fonds, wat voortaan as die Süd-Afrikanische-Hobhouse Stiftung bekend gestaan het, vir verspreiding oorhandig.¹³⁾

Die onstabiele ekonomiese toestand in na-oorlogse Brittanje het ten gevolg gehad dat Emily sedert 1921 gedurig deur finansiële druk gekwel is. Die rente op haar beleggings het gedaal en boonop baie ongereeld ingekom. Terselfdertyd het haar doktersrekenings onrusbarend gestyg: „I see little (light) at present”, kon sy dan ook tereg by haar terugkeer uit Leipzig aan haar boesemvriendin, mev. Steyn, berig. „But I sometimes have found when decisions in life have been puzzling, that at least one can see all the steps that are impossible and when these are all discarded the one that remains not actually impossible is the one to be taken. Thus by a negative process one arrives; one sees where the 'kindly light' leads among the encircling gloom”.¹⁴⁾

Emily se geloofsvertroue is ook nie teleurgestel nie. Mev. Rachel Steyn het 'n oproep op Suid-Afrikaanse vroue gedoen en deur middel van halfkroonkollektelyste is die som van £2,300 ingesamel en as geskenk aan mej. Hobhouse gestuur met die bepaalde opdrag dat sy 'n woning daarmee moes aankoop.¹⁵⁾ So 'n woning wat vir haar doel geskik sou wees, het sy in haar geboortedorpie, St. Ives, te koop gekry.

Tuis in haar eie woning, het Emily haar tydelik heeltemal aan die openbare lewe onttrek en haar voltyds met werk van 'n letterkundige aard besiggehou. In die tyd het sy haar drie boeke oor die Anglo-Boereoorlog, The Brunt of the War, Tant' Alie of Transvaal en War without Glamour voltooi. Sy het ook 'n begin gemaak met haar outobiografie, wat ongelukkig nooit finaal afgerond kon word nie. In hierdie tydperk van kalmte en rus het sy haar vaste geloof in pasifisme nogeens duidelik bewys deur die Haagse Vredes-

- 13). V.A. Steyn Versameling: Brief van Emily Hobhouse aan mev. Steyn, 6 Nov. 1921; Brief van Emily Hobhouse aan mev. Steyn, 22 Okt. 1921. Vgl. ook Ruth Fry: Op. cit., p. 282.
14). Ibid. Brief van Emily Hobhouse aan mev. Steyn, 21 Aug. 1922; Emily Hobhouse aan mev. Steyn, 18 April 1921.
15). Ibid. Brief van Emily Hobhouse aan mev. Steyn, 18 Mei 1921.

-kongres van 7 - 9 Desember 1922 persoonlik by te woon.

Voortdurende finansiële druk, hoë ouderdom en die skaarste aan bediendes in St. Ives, gepaard met 'n vurige begeerte om weer 'n keer in die maatskaplike lewe te staan, het Emily in Junie 1923 beweeg om haar woning in St. Ives te verkoop en na Londen te verhuis. Daar kon sy egter geen permanente woonplek bekom nie en het van haar voorneme om weer met werk van 'n maatskaplike aard te begin, op die ou end niks tereggekome nie: „Life is filled up with the mere effort to eat and sleep decently”, het sy haar swaarmoedigheid in 'n brief aan mev. Steyn laat deurskemer en dan, onmiddellik, op filosofiese trant voortgegaan: „That is in varying degree what our civilization is coming to, the decay of the intellectual life, the impossibility of maintaining the life of mental activity under the grinding circes of present physical and financial difficulties”.¹⁷⁾

Ondanks alles wat sy moes verduur, het haar terugkeer na Londen haar nogtans in staat gestel om weer af en toe aan die openbare lewe deel te neem. Die oorwinning van Ramsay Macdonald se arbeidersparty by die algemene verkiesing van 1923, het haar veral groot vreugde verskaf en die opmerking aan haar ontlok dat „for the first time in my life I shall to some extent feel 'represented' in Parliament and in the Councils of State”.¹⁸⁾ In werklikheid het haar belangstelling in staatsaangeleenthede egter nog steeds net sover gestrek as wat dit haar eie geloof in pasifisme geraak het. Dit word baie duidelik bewys deur die lewendige belangstelling wat sy in Charles Trevelyan, die nuwe minister van onderwys, se voorgestelde onderwysstelsel getoon het: „I am urging him (Trevelyan)”, het sy kort na die inswering van die nuwe kabinet verklaar, „to use his term of office to abandon the military teaching which has developed in the schools and to inculcate the 'moral teaching of history' and the right views of foreigners as brothers and a fear and hatred of war as a universal curse”.¹⁹⁾

- 16). Ibid. Brief van Emily Hobhouse aan mev. Steyn, 11 Des. 1922.
17). Ibid. Brief van Emily Hobhouse aan mev. Steyn, 7 Okt. 1923.
18). Ibid. Emily Hobhouse aan mev. Steyn, 8 Jan. 1924.
19). Ibid. Emily Hobhouse aan mev. Steyn, 16 Maart 1924.

Die besondere belangstelling wat sy oorspronklik in Ramsay Macdonald se beleid getoon het, het egter merkbaar verflou toe hy in gebreke gebly het om die ellende in Duitsland te verlig deur op 'n hersiening van die vredesverdrag aan te dring: „My faith in him is dwindling”, hetsy rondborstig erken. „He is quenching the enthusiasm of his Party. He gives no lead to Europe or to us”. Ten spyte van haar misnoë oor Macdonald se skynbare onvermoë om die saak van wêreldvrede te bevorder, het sy egter terselfdertyd 'n Torie-oorwinning gevrees, veral aangesien sy die leiers van die party as uiterste militariste beskou het: „Just think”, het sy haar hieroor uitgelaat, „the well-meaning but foolish and unimaginative Baldwin and the brilliant but dangerous Churchill... Should he become Minister, Europe will once more be plunged into militarism”²⁰⁾. Na aanleiding van bogenoemde gebrek aan vertroue in die Torieleiers, het die Torie-oorwinning by die volgende algemene verkiesing dan ook finaal die einde van haar belangstelling in Britse partypolitiek beteken.

Persoonlike briewe deur mev. Steyn aan Emily gerig en uitknipsels uit Suid-Afrikaanse koerante aan haar gestuur, het haar nog in staat gestel om intelligent belang te stel in politieke aangeleenthede in Suid-Afrika. Die verkiesing van 1924, wat op 'n oorwinning vir die Nasionale party en sy bondgenoot, die Arbeiders uitgeloop het, het haar groot vreugde verskaf aangesien sy volle vertroue in Hertzog se beleid van „Suid-Afrika eerste”²¹⁾ gekoester het. Terselfdertyd het sy egter ook sterk aan die uitvoerbaarheid van Hertzog se kleurbeleid getwyfel: „Both of these”, het sy in 'n vertroulike brief verklaar, „are parts of a vast world problem pressing on all sides. I believe it is not possible to adopt the water-tight policy. The world is too small”, en dan verder by 'n ander geleentheid: „Personally I believe Segregation of any of either race or colour or class the wrong policy and one which can only lead to discontent and ulti-

20). Ibid. Emily Hobhouse aan mev. Steyn, 12 Okt. 1924.

21). Ibid. Brief van Emily Hobhouse aan mev. Steyn, 13 Julie 1924. Vgl. Van den Heever: Generaal J.B.M. Hertzog, p. 456

22)

mate disaster".

Wat die behandeling van Indiërs in Suid-Afrika betref, kon sy nie met generaal Hertzog saamstem nie. Sy moes self erken dat sy nie goed op hoogte van sy voorgenome beleidsrigting in hierdie opsig was nie. Uit haar briefwisseling blyk duidelik dat sy persoonlik teen diskriminasie teen Indiërs gekant was, ener syds omdat „broadly speaking we English have no feeling against 'colour'”, en andersyds omdat sy Gandhi beskou het as „far and away the greatest man I ever met ... a modern St. Francis of Assisi, but infinitely greater than the saint of old”. Volgens haar sienswyse was die Indiërvraagstuk veel meer as 'n bloot Suid-Afrikaanse vraagstuk. Dit was 'n wêreldvraagstuk voorbestem „(to split up the Empire”.

23)

Aangesien mej. Hobhouse se werksaamhede rakende die naweë van die oorlog in Suid-Afrika, hoofsaaklik maatskaplike verheffing behels het, is dit maklik om te begryp waarom sy op gevorderde leeftyd nog voortdurend belang in die oplossing van die armblanke-vraagstuk gestel het: „A wise government”, het sy haar weloorwoë sienswyse hieroor gelug, „will try and get people to see they must work and must help temselves Work is indeed salvation. Once he ceases work, the human being sinks and body and soul become depraved. It is the basis of the 'Poor White' problem”.

24)

Omdat sy in selfwerksaamheid die enigste oplossing vir die armblanke-vraagstuk gesien het, het sy dit voortdurend betreur dat die Huisnywerhede in Suid-Afrika, onder die toesig van die verskillende onderwysdepartemente, tot suiwer skoolnywerhede ontwikkel het.

25)

- Sedert 1923 het Emily se stryd om te bestaan steeds moeiliker geword. Voortdurende asma- en hartaanvalle het haar gestel ondermyn en ten einde doktersfooie te kon betaal, moes sy haar persoonlike kleinode een na die ander van die hand sit. Eers moes sy haar juwele verkoop, toe haar waardevolle sluier wat sy van lady
- 22). Ibid. Briewe van Emily Hobhouse aan mev. Steyn, 13 Julie en 27 April 1924.
 - 23). Ibid. Briewe van Emily Hobhouse aan mev. Steyn, 20 en 27 April 1924.
 - 24). Ibid. Brief van Emily Hobhouse aan mev. Steyn, 30 Nov. 1924; Vgl. ook brief van 7 Feb. 1926.
 - 25). Ibid. Briewe van Emily Hobhouse aan mev. Steyn, 15 Junie en 31 Aug. 1924.

Hobhouse geërf het, daarna haar Suid-Afrikaanse skilderye en 'n kosbare Canaletto wat sy vroeër present gekry het, en eindelijk ook haar geliefde klavier. Desnieteenstaande het die stryd al moeiliker geword en was sy verplig om haar huis in Kensington ook te verkoop en na 'n goedkoop huurhuis in Chicester te verskuif.²⁶⁾

Aangesien haar vertrek uit Londen in werklikheid die einde van haar lewe as gemeenskapsmens beteken het, is dit noodsaaklik om hier kortliks by die karaktereienskappe van die oumens Emily Hobhouse stil te staan. Haar besondere werksvermoë het nog steeds haar mees uitstaande karaktertrek gebly en tot haar vertrek uit die hoofstad, het sy voortdurend met skryfwerk in belang van wêreldvrede besig gebly. Op haar oudag, toe verswakte liggaamskragte haar werkywer aan bande begin lê het, kon sy dan ook met 'n tikkie weemoed erken dat "in the great solitude of my life, work has been to me what husband and children are to others, and life is insipid when the power to work has departed".²⁷⁾ Sodanige werkywer was 'n direkte gevolg van die lewenserns, pligsgetrouheid en self-dissipline wat end-uit kenmerkend van die mens Emily Hobhouse gebly het. Omdat sy terselfdertyd altyd suiwer altruïsties in wese gebly het en selfs op gevorderde leeftyd nog 'n diepgaande naasteliefde openbaar het, kon sy tereg op haar oudag met oortuiging verklaar: "What matters the individual so long as the general sum and soul of Humanity move on and up!"²⁸⁾

Namate haar ouderdom hoër gestyg en haar liggaamskragte afgeneem het, het die voortvarendheid wat haar vroeër gekenmerk het, gaandeweg vir kalme berusting en geloofsvertroue plekmaak: "I fix my mind on the Compensations", het sy kort voor haar dood verklaar, "some of which I have always experienced are to be found in all circumstances of life", en by 'n nog later geleentheid; "I am something like a cat and generally in falling, fall upon my feet".²⁹⁾

- 26). Ibid. Briewe van Emily Hobhouse aan mev. Steyn, 6 Julie 1924 en 4 Okt. 1925.
27). Ibid. Brief van Emily Hobhouse aan mev. Steyn, 1 Julie 1923.
28). Ibid. Brief van Emily Hobhouse aan mev. Steyn, 18 Maart 1923.
29). Ibid. Briewe van Emily Hobhouse aan mev. Steyn, 15 Nov. 1925 en 24 Jan. 1926.

Na Emily se vertrek uit Londen het die einde vinnig genader. Herhaalde asma-aanvalle het haar liggaamlik heeltemal uitgeput sodat die woorde van haar geliefde De Profundis - psalm spontaan uit haar vermoeide hart opgewel het: „Out of the deep do I call unto Thee, Lord hear my voice”.³⁰⁾ Nou, by die nadering van die einde, het die liefde vir haar eie vaderland - daardie liefde wat altyd deur die meerderheid van haar landgenote misken is - steeds sterker na vore getree. Daarom was dit nou haar uitgesproke hartewens dat een of ander vooraanstaande persoon haar volksgenote moes inlig oor die rol wat sy werklik gedurende die Anglo-Boereoorlog gespeel het: „I do wish for justice”, het sy dit nog in haar laaste brief aan mev. Steyn beklemtoon, „or at least by some wise strong words the removal of Injustice such as at present rests upon my name ... I was in no sense a rebel or unpatriotic Rather I felt that I laboured for the highest honouring England in labouring to succour and preserve the Boer women and children ... I want it accepted by the English people as a whole”.³¹⁾

Emily se hartewens was egter nie voorbestem om gedurende haar leeftyd vervul te word nie. Terwyl sy op besoek aan die eiland Wight was, het haar siekte skielik 'n ernstige wending geneem. Op die 1ste Junie 1926 is sy per ambulans na 'n Londense hospitaal vervoer waar haar kragte vinnig afgeneem het. Op die 8ste het die groot hart van die vrou Emily Hobhouse vir ewig gaan staan. Aan die voet van die Vrouemonument, daardie gedenksuil opgerig ter nagedagtenis van hulle wie sy liefgehad en gedien het, het haar veraste oorskot 'n laaste rusplek gevind.

So het 'n groot vrouefiguur stilweg van die wêreldtoneel verdwyn, iemand wat haar eie volk innig liefgehad, maar wat naaste-diens altyd hoër as nasiediens of eie eer gestel het: „As iemand dit ooit vir ons volk was”, kon dr. D.F. Malan dan ook met oortuiging by haar teraardebestelling verklaar, „dan was Emily Hob-

30). Ibid. Brief van Emily Hobhouse aan mev. Steyn, 16 Mei 1926.

31). Ibid. Brief van Emily Hobhouse aan mev. Steyn 30 Mei 1926.

house dit - 'n Engel van vertroosting; die vertolker van ons
weedom; ons voorspraak voor die wêreld; die versorger van ons
hongeriges; die heler van ons wonde, die moeder van ons moeder-
lose".³²⁾

32). Terblanche: Op. cit., p. 359.

BRONNEBESPREKING.

Slegs Emily Hobhouse se eie pennevrugte en 'n tweetal ander werke van tydgenote waarvan besondere gebruik in hierdie studie gemaak is, word hier kortliks bespreek:-

Hobhouse. Emily: The Brunt of the War and where it fell.

In hierdie werk het die skryfster 'n breedopgesette verhaal oor die konsentrasiekampe gelewer, hoofsaaklik gegrond op haar persoonlike ooggetuieis. Word hierdie eerste publikasie krities beskou, blyk duidelik dat Emily Hobhouse se beskouing van geskiedkundige feite, soos die van die Romeinse geskiedskrywer Tacitus, suiwer pragmaties van aard was. Soos Tacitus was sy 'n aanhanger van die leerstelling dat die voorstelling van 'n onderwerp niks anders as die voorstelling van sy praktiese gevolge was nie. Daarom het sy by die behandeling van geskiedkundige feite skerp gelet op die verband tussen oorsaak en gevolg met die doel om haar lesers in staat te stel om daaruit 'n bepaalde lewensles te put: „The deaths of the Boer children”, verklaar sy dan ook reeds in die voorwoord, „will not have been in vain if their blood shall prove to be the seed of (the) higher rule of nations”. Haar vooropgestelde doel was dus om 'n geheelbeeld van die oorlogselende voor te skilder as 'n doelbewuste middel om die noodsaaklikheid van wêreldvrede en internasionale stabiliteit te beklemtoon: „None of us can claim to be wholly civilized until we have drawn the line above war itself and established universal arbitration in place of universal armaments”. Bogemoende pragmatiese siening van feite gee aan The Brunt of the War 'n bepaald didaktiese strekking.

Terselfdertyd toon Emily Hobhouse se benadering van dokumentêre gegewens in meeste gevalle 'n hinderlike gebrek aan objektiwiteit. Enersyds was sy te gevoelig van hart om die kamp-toestand werklik objektief te beoordeel en andersyds te uitgesproke pasifisties om enige goed in die optrede van die Britse

oorlogskabinet en hul ondergeskiktes in Suid-Afrika te sien. Hoe subjektief sy werklik was blyk daaruit dat sy in die voorwoord erken dat haar beskrywing niks anders was nie as „an outline of the recent war, from the standpoint of the women and children”. Die gevolge was dat sy nie die heroïeke in die kampgeskiedenis kon aantoon sonder om die heroïeke in die klein-menslike te laat opgaan nie.

Omdat sy objektiwiteit gemis het, het die skryfster by die te boekstaving van feite soms in liggelowigheid verval en versuim om haar bronne aan die nodige kritiek te onderwerp. Gelukkig was sy egter self 'n geloofwaardige en betroubare waarnemer en bly The Brunt of the War, vir sover dit op haar eie waarneming gegrond was, 'n betroubare werk.

Hobhouse. Emily: Tant' Alie of Transvaal.

Emily Hobhouse se vertaling van die oorlogsdagboek van Alie Badenhorst bestaan uit 'n proloog, die dagboek self, en 'n epiloog. Die proloog handel oor Alie Badenhorst se vormingsjare en styg selde bo 'n alledaagse, romantiese liefdesidille uit. Die res van die werk handel oor Alie Badenhorst se oorlogtydse wedervarings en is meer geïnspireerd: Wetenskaplike geskiedskrywing was dit egter nie omdat die skryfster se siening van geskiedkundige feite hier nog meer uitgesproke didakties en subjektief as in haar vorige werk was. As 'n pasifistiese, menslike dokument, bedoel „to strip war of the fine words in which historians have too long bedecked it”, was dit egter beslis geslaagd.

Hobhouse. Emily: War without Glamour.

Hierdie werk is saamgestel uitsluitlik uit briewe en ander geskryfte afkomstig van Boerevrouens wat direk deur die vernietigingsbeleid van die Britse opperbevel in Suid-Afrika getref is. Die didaktiese strekking daarvan as „a real aid to the cause of permanent peace” - soos dit in die voorwoord gestel word - is netso in die ooglopend as by die skryfster se vroeëre publikasies. Bronnekritiek ontbreek geheel-en-al en aangesien die

briewe en dagboeke in die meeste gevalle tekens van vooroordeel toon, besit die werk weinig waarde wanneer dit getoets word aan die vereistes gestel vir wetenskaplike geskiedskrywing.

Hobhouse. Emily: Onthullingen - Vrouwenkampen in Zuid-Afrika.

Hierdie werkie het 'n duidelike propagandistiese strekking en gaan mank aan dieselfde swakhede wat ook War without Glamour gekenmerk het. Omdat die vertroubaarheid daarvan nie altyd bokant verdenking staan nie, lewer dit min bruikbare feite-materiaal vir die geskiedskrywer op.

Fry. A. Ruth: Emily Hobhouse.

Die skryfster was persoonlik bevriend met Emily Hobhouse en gevolglik in staat om interessante biografiese gegewens oor haar te verskaf. Ongelukkig was sy egter nie histories onderleg nie sodat haar voltooide werk nie kon voldoen aan die moderne vereistes wat aan 'n lewensbeskrywing gestel word nie. Omdat sy Emily bewonder het, is haar biografie tenigsins subjektief en dikwels bevooroordeeld teenoor persone wat anders as Emily gedink en gehandel het. Emily se woord word sonder voorbehoud aanvaar en geen poging tot deurtastende bronnekritiek word aangewend nie. Boonop het die skryfster geen kennis van Suid-Afrikaanse toestande gedra nie en werp haar biografie weinig lig op Emily se wesentlike belangrikheid vir die Suid-Afrikaanse geskiedenis. Vir sover haar lewensbeskrywing op Emily Hobhouse se persoonlike getuienis gegrond was en Emily se geloofwaardigheid bo verdenking gestaan het, is mej. Fry se pennevrug egter vertroubaar.

Beak. G.B: The Aftermath of War:-

Die skrywer van hierdie interessante werk oor na-oorlogse heropbou in die verowerde republieke het oor 'n groot hoeveelheid eerstehandse inligting beskik en het 'n eerlike poging aangewend om die ware toedrag van sake onverbloemd weer te gee. As militêre aanvoerder en later as repatriasie-amptenaar was hy goed vertrouwd met die amptelike sy van die repatriasievraagstuk en kan sy

feitemateriaal sonder voorbehoud aanvaar word.

Dieselfde kan ongelukkig nie van sy gevolgtrekkings gesê word nie. Omdat hyself by die repatriasie-aangeleentheid betrokke was, het sy gevolgtrekkings dikwels objektiwiteit gemis. Terselfdertyd was hy ook 'n vurige voorstander van Milner se verenigingsbeleid en het hy beslis vyandig teenoor die Afrikaanssprekendes en hulle ideale en aspirasies gestaan.

Aangesien hy hom nêrens aan 'n moedswillige verdraaiing van feite skuldig gemaak het nie, bly The Aftermath of War egter die vertroubaarste en volledigste uiteensetting van repatriasie en hervestiging waaroor ons tot dusver beskik.

BRONNELYS.

PRIMÈRE BRONNE.
(Ongedruk).

- V.A. Bloemfontein Camp Register: No. 1.
V.A. Bloemfontein Camp Register: No. 2.
V.A. Camp Statistics.
V.A. Military Administrator: Dewetsdorp and Thaba'Nchu, 28 March 1900 - 7 Feb. 1901.
V.A. Military Administrator: Harrismith, 17 Julie 1900 - 13 April 1901.
V.A. Military Administrator: Smithfield, 19 April 1900 - 12 Feb. 1901.
V.A. Statistics - Refugee Camps.
V.A. Steyn-versameling: Briewe Emily Hobhouse aan mev. Steyn.
V.A. Steyn-versameling: Korrespondensie - Hulp aan Duitsland.
V.A. Steyn-versameling: Reminiscences of and Letters to and from Emily Hobhouse.

Aangesien bladsynommers van hierdie onvoltooide Herinneringe foutief is, word na die hoofstukke daarvan verwys, as volg:

- Memoirs I: First Draft of Chapter for 1899.
Memoirs II: First Draft, typed Chapter for 1900.
Memoirs III: Typed. Chapter on Cape Town. Arrival there.
Memoirs IV: Typed. To the Camps.
Memoirs V: Work in England.
Memoirs VI: Arrest and Deportation.
Memoirs VII: Attacks and Criticisms, 1902.
Memoirs VIII: 1902.
Memoirs IX: Quieter Days, 1902 - 1903.
Memoirs X: Olive Schreiner and Beaufort West.
Memoirs XI: O.R.C. once more, 1902.
Memoirs XII: A Storm in a Tea-cup.
Memoirs XIII: In the Transvaal.
Memoirs XIV: First visit to General and Mrs. Smuts.
Memoirs XV: Repatriation and the Three Millions.
Memoirs XVI: Compensation. Repatriation. Settlers.
Memoirs XVII: A Rest in Pretoria.
Memoirs XVIII: Heilbron, Lindley, Reitz and Frankfort.
Memoirs XIX: Johannesburg. First impressions.
Memoirs XX: From Pretoria to the West Transvaal.
Memoirs XXI: Kroonstad and Ventersburg.
Memoirs XXII: Return to Cape Colony.
Memoirs XXIII: Return to England, 1904.
Memoirs XXIV: 1904. A Study of Cottage Industries.

V.A. Staatspresident O.V.S.: Telegrammen verzonden, 7 Julie 1899 - 19 Feb. 1900.

V.A. Secretary to the Orange River Colony Administration.

- T.A. Assistant Secretary to Transvaal Administration.
T.A. Luitenant-Goewerneur (Aangedui Lt. G.).
T.A. Secretary to Transvaal Administration.
T.A. Colonial Secretary.
T.A. Dr. W.J. Leyds Argief, Lêers No. 12, 17, 49, 51, 52, 56, 63 en 68.
T.A. Dr. G.S. Preller Versameling, Lêers No. 22, 167 en 25.
T.A. Genl J.H. de la Rey Versameling.

PRIMÈRE BRONNE.
(Gedruk)

- Cd. 426/1900: Proclamations issued by Field-Marshal Lord Roberts in South Africa.
- Cd. 524/1901: Return of Buildings burnt in each month from June 1900 to January 1901.
- Cd. 582/1901: Correspondence etc. between the Commander-in-chief in South Africa and the Boer commanders.
- Cd. 608/1901: Return of numbers of Persons in the Concentration Camps in South Africa, June 1901.
- Cd. 663/1901: Further papers relating to Negotiations between Commandant Louis Botha and Lord Kitchener.
- Cd. 793/1901: Return of Numbers of Persons in the Concentration Camps in South Africa, September 1901.
- Cd. 819/1901: Reports etc. on the Working of the Refugee Camps in the Transvaal, O.R.C., Cape Colony and Natal.
- Cd. 853/1901: Further Papers relating to the Working of the Refugee Camps.
- Cd. 893/1902: Report on the Concentration Camps in South Africa by the Committee of Ladies appointed by the Secretary of State for War.
- Cd. 902/1902: Further papers relating to the working of the Refugee Camps in South Africa.
- Cd. 903/1902: Further correspondence relating to affairs in South Africa.
- Cd. 934/1902: Further Papers relating to the working of the Refugee Camps in South Africa.
- Cd. 942/1902: Statistics of the Refugee Camps in South Africa.
- Cd. 979/1902: Returns of Farm Buildings etc., in Cape Colony and Natal, destroyed by the Boers.
- Cd. 1161/1902: Statistics of the Refugee Camps in South Africa.
- Cd. 1163/1902: Further Correspondence relating to Affairs in South Africa.
- Cd. 1284/1902: Papers relating to an Interview between the Secretary of State for the Colonies and Generals Botha, de Wet and de la Rey on September 5th, 1902.
- Cd. 1329/1902: Correspondence relating to the Appeal of the Boer Generals to the Civilized World.
- Cd. 1463/1903: Further Correspondence relating to Affairs in South Africa.
- Cd. 1551/1903: Progress of Administration in Transvaal and O.R.C.
- Cd. 1553/1903: Further papers relating to the progress of Administration in the Transvaal.
- Cd. 1640/1903: Minutes of Proceedings of the South African Customs Union Conference.
- Cd. 1895/1904: Further Correspondence relating to affairs in the Transvaal and Orange River Colony.
- Cd. 2102/1904: Correspondence relating to the Finances of the Transvaal and Orange River Colony.
- Cd. 2104/1904: Correspondence relating to Affairs in the Transvaal and Orange River Colony.
- Cd. 2482/1905: Further correspondence relating to Affairs in the Transvaal and Orange River Colony.
- Cd. 3028/1906: Further Correspondence relating to Affairs in the Transvaal and Orange River Colony.
- O.R.C. Administration: Public Health Department, 1902.
- O.R.C. Administration: A Year's Progress in the Orange River Colony, 1902.
- O.R.C. Administration: Farming in the Orange River Colony, 1901.
- O.R.C. Administration: Statistics Refugee Camps, 1901.
- O.R.C. Administration: Minutes of the Proceedings of the Legislative Council (First Session) 1903.
- O.R.C. Administration: Debates in the Legislative Council, (Second Session) 1903.
- O.R.C. Administration: Debates in the Legislative Council, (Third Session) 1903 - 1904.

- O.R.C. Administration: Rapport van de Kommissie door de Regeering van de O.R.K. aangesteld om onderzoek te doen naar den toestand van Arme Blanken in de O.R.K.
- O.R.C. Administration: Government Gazette, 14 Sept., 1900.
- O.R.C. Administration: Government Gazette, 19 Okt., 1900.
- O.R.C. Administration: Government Gazette, 4 April, 1902.
- O.R.C. Administration: Government Gazette, 22 Aug., 1902.
- O.R.C. Administration: Government Gazette, 15 May, 1903.
- Transvaal Administration: Government Gazette, Feb., 1903.
- Transvaal Administration: Government Gazette, Oct., 1903.
- Transvaal Administration: Government Gazette, Nov., 1903.
- Transvaal Administration: Government Gazette, Dec., 1903.
- Colonial Debates: Session 1905.
- High Commissioner: Official Gazette, June 6th 1902.
- Buitengewone Staatscourant der Zuid-Afrikaansche Republiek : Deel XX, No. 1121-1147. Uitgegeen deur Alg. Nederlandsch Verbond.

Kopy van eene Telegraphische Communicatie van den Staats Sekretaris voor de Koloniën aan zyne Excellentie den Lieut. Goew. van Ceylon, 5 Junie 1902 : (In my persoonlike besit).

British Parliamentary Debates. Fourth Series Vol. LXXXVII-CVII, 1900 - 1902.

PERIODIEKE PUBLIKASIES.

VRYSTAATSE ARGIEF:

De Lydenburger. (Lydenburg)	23 Julie 1900.
Die Volksstem. (Pretoria)	8 Junie 1904.
Jong Zuid-Afrika. (Bloemfontein)	Julie 1912.
Edinburgh Evening News. (Edinburgh)	20 Junie 1901.
Edinburgh Evening News. (")	3 Nov. 1901.
Edinburgh Evening News. (")	8 Des. 1901.
The Friend. (Bloemfontein)	15 Jan. 1903.
The Friend. (")	10 Julie 1903.
The Birmingham Post. (Birmingham).	29 Des. 1903.
The Daily Mail. (Londen)	18 April 1901.
The Daily News. (Londen)	27 Junie 1901.
The Daily News. (")	19 Julie 1901.
The Daily News. (")	17 Aug. 1901.
The Daily News. (")	4 Okt. 1901.
The Cape Argus Weekly, (Kaapstad)	17 Julie 1901.
The Cape Argus Weekly. (")	31 Julie 1901.
The Cape Argus Weekly. (")	7 Aug. 1901.
The Daily Telegraph. (Sheffield)	17 Okt. 1900.
The Daily Telegraph. (")	1 Jan. 1904.
The Manchester Guardian. (Manchester)	14 Junie 1900.
The Manchester Guardian. (")	15 Des. 1900.
The Manchester Guardian. (")	4 Okt. 1901.
The Manchester Guardian. (")	28 Okt. 1901.
The Manchester Guardian. (")	15 Julie 1903.
The Manchester Guardian. (")	3 Sept. 1903.
The Morning Leader.	10 Sept. 1900.
The Morning Leader.	22 Junie 1901.
The Times. (Londen).	19 Junie 1901.
The Times. (")	20 Junie 1901.
The Times. (")	25 Junie 1901.
The Times. (")	27 Junie 1901.
The Times. (")	27 Aug. 1901.
The Times. (")	12 Julie 1902.

The Times. (Londen).	15 Julie 1903.
The Times. (").	28 Sept. 1903.
The Times. (").	25 April 1924.
The New Age (Supplement) (Johannesburg)	6 Sept. 1906.
The Northern Whig.	19 Okt. 1903.
The Standard. (Londen).	16 Okt. 1900.
Saturday Review.	16 Mei 1903.
St. James's Gazette. (Londen).	20 Aug. 1900.

TRANSVAAL ARGIEF:

The Times. (Londen).	5 Julie 1901.
The Standard. (Londen).	12 Aug. 1901.

SEKONDÊRE BRONNE.

- Aked, C.F.: A Sermon on our Cowardly War. Liverpool, 1900.
- Aked, C.F.: Our Cowardly War. Liverpool, 1901.
- Amery, L.S.: The Time's History of the War in South Africa, I-VI. Londen, 1906 - 1909.
- Armstrong, H.C.: Grey Steel. J.C. Smuts. A Study in Arrogance. Londen, 1937.
- Armstrong, M.: Trelawny. A Man's Life. Londen, 1941.
- Andriessen, W.F.: De Rol van den Oranje-Vrystaat in den Oorlog in Zuid-Afrika. Oorgedruk uit "De Gids", 1901.
- Andriessen, W.F.: De Vrouwen der Boeren. Oorgedruk uit "De Gids", 1903.
- Andriessen, W.F.: Gedenkboek van den Oorlog in Zuid-Afrika. Amsterdam, 1904.
- Beak, G.B.: The Aftermath of War. An Account of Repatriation of the Boers and Natives in Orange River Colony, 1902-1904. Londen, 1906.
- Boissevain, Charles: Open Letter to the Duke of Devonshire. Amsterdam, 1899.
- Boissevain, Charles: The Law of Nations and the Law of Humanity. Amsterdam, 1901.
- Boissevain, Charles: The Struggle of the Dutch Republics. A Great Crime. Amsterdam, 1900.
- Brandt, Johanna: The Petticoat Commando, or Boer Women in Secret Service. Londen, 1913.
- Brandt-Van Warmelo, Johanna: Het Concentratiekamp van Irene. Amsterdam, 1905.
- Breytenbach, J.H.: Die Tweede Vryheidsoorlog, Deel II. Kaapstad, 1949.
- Brink, J.N.: Oorlog en Ballingskap. Kaapstad, 1940.
- Buchanan-Gould, Vera: Not without Honour. The Life and Writings of Olive Schreiner. Kaapstad, 1949.
- Buckle, G.E. (and Monypenny, W.F.): The Life of Benjamin Disraeli, Earl of Beaconsfield. Londen, 1920.
- Chilvers, Hedley A.: The Yellow Man looks on. Londen, 1933.
- Chilvers, Hedley A.: Out of the Crucible. Londen, 1930.
- Christelĳk Nasionaal Boeren-Comite: Voor de Boeren. Amsterdam, 1900.
- Conradie, F.D.: Met Cronje aan die Wesfront, 1899-1900. Kaapstad, 1943.
- Cook, Edward T.: Rights and Wrongs of the Transvaal War. Londen, 1902.
- Courtney, Leonard: A crushing Answer to Mr. Chamberlain's Case against the Transvaal. Londen, 1900.
- Creswicke, Louis: South Africa and the Transvaal War, VII. Edinburgh, Ongedateerd.
- Cunliffe, F.H.E.: The history of the Boer War, I-II. Londen, 1901.

- Davitt, Michael: The Boer Fight for Freedom, Londen, 1902.
- De la Rey, J.H. en Smuts, J.C.: Official Reports of General J.H. de la Rey and General J.C. Smuts Londen, 1912.
- Devitt, Napier: The Concentration Camps in South Africa during the Anglo Boer War of 1899-1902. Pietermaritzburg, 1941.
- De Wet, C.R.: De Strijd tusschen Boer en Brit. Amsterdam, 1902.
- De Wet, C.R.: Three Year's War (October 1899 - June 1902). Westminster, 1902.
- Dormer, Francis J.: Vengeance as a Policy in Afrikanderland. Londen, 1901.
- Doyle, A. Conan: De Oorlog in Zuid-Afrika. Londen, 1902.
- Doyle, A. Conan: The War in South Africa, its Cause and Conduct. Londen, 1902.
- Doyle, A. Conan: The Great Boer War. Londen, 1900.
- Duitse Koloniale Kantoor: The Treatment of Native and other Populations in the Colonial Possession of Germany and England. Berlyn, 1919.
- Een Haarlemmer: Dagboek van een Haarlemmer uit den Oorlog in Zuid-Afrika. Haarlem, 1901.
- Fareilly, M.J.: The Settlement after the War in South Africa. Londen, 1900.
- Fawcett. (Mev) Henry: Some Eminent Women of our Times. Londen, 1889.
- Fry, A. Ruth: Emily Hobhouse. A Memoir. Londen, 1929.
- Garvin, J.L.: The Life of Joseph Chamberlain, 1895-1900. Londen, 1934.
- Hazen, C.D.: Modern European History. Londen, 4de uitgawe.
- Headlam, C.: The Milner Papers, I en II. Londen, 1931.
- Hobhouse, Emily: Die Smarte van die Oorlog en wie dit gely het. (Vertaal deur N.J. van der Merwe). Bloemfontein, 1942.
- Hobhouse. Emily: Onthullingen uit de Vrouwenkampen in Zuid-Afrika. Rotterdam, 1901.
- Hobhouse, Emily: A Letter to the Committee of the South African Women and Children's Distress Fund. Argus Printing Co., ongedateerd.
- Hobhouse, Emily: The Brunt of the War and where it fell. Londen, 1902.
- Hobhouse, Emily: Tant Alie of Transvaal. Her Diary 1880-1902. Londen, 1923.
- Hobhouse, Emily: Report to the Committee of the Distress Fund for South African Women and Children. Londen, ongedateerd.
- Hobhouse, Emily: War without Glamour. Londen, 1923.
- Hobhouse, L.T. (en Hammond, J.L.): Lord Hobhouse. A Memoir. Londen, 1905.
- Hobson, J.A.: The Psychology of Jingoism. Londen, ongedateerd.
- Hobson, J.A.: The War in South Africa, its Causes and Conduct. Londen, 1900.
- Hofmeyr, S.: Die Boere-Republieke en die Volkereg. Utrecht, ongedateerd.
- Hopps, John Page: The Coming Day, Pamphlets 1899 - March 1902. Londen.
- Iwan-Müller, E.B.: Lord Milner and South Africa. Londen, 1902.
- James, David: Lord Roberts. Londen, 1954.
- Kemp, J.C.G.: Vir Vryheid en vir Reg. Bloemfontein, 1941.
- Kemp, J.C.G.: Die Pad van die Veroweraar. Bloemfontein, 1941.
- Kestell, J.D.: Met die Boeren-Commando's. Myne Ervaringen als Veld-prediker. Amsterdam, 1903.
- Kestell, J.D. (en Van Velden, D.E.): The Peace Negotiations between Boer and Britain in South Africa. Londen, 1912.
- Kritzinger, P.H. (en Macdonald, R.D.): In die Skaduwee van die Dood (Vertaling). Kaapstad, 1939.

- Kruger, Nellie: Rachel Isabella Steyn. Kaapstad, 1949.
- Kuyper, A.: The South African Crisis. Londen, 1900.
- Le Clus, S.L.: Lief en Leed. Bloemfontein, ongedateerd.
- L(uckhoff), A.D.: Women's Endurance. Kaapstad, 1904.
- Macaulay, T.B.: The History of England from the accession of James II. Dent's, Londen, 1934.
- Macdonald, J.R.: What I saw in South Africa, September and October 1902. Londen, 1902.
- Macdonald, J.R.: Wat ek in Suid-Afrika gesien het, September en Oktober 1902. (Vertaal deur J.A. Coetzee). Johannesburg, 1941.
- Mackarness, Frederic: Martial Law in the Cape Colony during 1901. Londen, 1901.
- Malherbe, E.C.: Education in South Africa. Kaapstad, 1925.
- March-Phillipps, L.: With Rimington. Londen, 1901.
- Marks, Alfred: The Churches and the South African War. Londen, 1901.
- Millen, S.G.: General Smuts. Londen, 1936.
- Milroy, R.P.: Handbook on Dyeing, etc. for Woollen ... Homespun Workers. Belfast, ongedateerd.
- N(eethling), E.: Fünfzehn Monate in den Konzentrationslagern. Basel, 1903.
- Neethling E.: Mag ons vergeet? Kaapstad, 1940.
- Neethling, E.: Should we forget? Kaapstad, ongedateerd.
- Ogden, H.J.: The War against the Dutch Republics in South Africa. Its Origin, Progress and Results. Manchester, 1901.
- Oman, C.: A History of England. Londen, ongedateerd.
- Otto, J.C.: Die Konsentrasiekampe, Kaapstad, 1954.
- Ferris, G.H.: Blood and Gold in South Africa. An answer to Dr. Conan Doyle. Londen, 1902.
- Pienaar, T.C.: 'n Merk vir die Eeue. Bloemfontein, 1936.
- Postma, M.M.: Stemme uit die Verlede. 'n Versameling van beëdigde Verklarings van Vroue wat tydens die Tweede Vryheidsoorlog in die Konsentrasiekampe verkeer het. Johannesburg, 1939.
- Preller, G.S.: Ons Parool. Kaapstad, 1937.
- Preller, G.S.: Talana. Kaapstad, 1942.
- Raal, Sarah: Met die Boere in die Veld. Bloemfontein, 1937.
- Ratane: Vrede in Zuid-Afrika. Amsterdam, 1899.
- Robertson, J.M.: The Truth about the War. An open letter to Dr. A. Conan Doyle. Londen, 1902.
- Robertson, J.M.: Wrecking an Empire. Londen, 1901.
- Robinson, J.H.: An Introduction to the History of Western Europe. II. Boston, 1934.
- Rompel, F.: Een Studie in Proclamaties. Dordrecht, 1901.
- Rothman, M.E.: Tant Alie van Transvaal. (Uit die oorspronklike Nederlands oorgesit). Kaapstad, 1939.
- Ryksen-Van Helsdingen, J.: Vrouweleed. Pretoria, 1918.
- S.A.C.C.: Some Comments on the Report of the Ladies Commission on the Concentration Camps. Londen, 1902.
- S.A.C.C.: List of Names and Addresses. Ongedateerd.
- S.A.C.C.: The Action of Sir Alfred Milner as High Commissioner from a Constitutional Point of View. Ongedateerd.
- Scholtz, G.D.: Europa en die Tweede Vryheidsoorlog, 1899-1902. Johannesburg, 1939.
- Scholtz, G.D.: In Doodsgevaar. Johannesburg, 1940.
- Schwyzler, Fritz: Child-life in Leipzig. -, 1920.
- Selous, F.C.: Reconstruction in South Africa, Londen, ongedateerd.
- Selous, F.C.: The War in South Africa. Londen, ongedateerd.
- Spender, Harold: General Botha. The Career and the Man. Londen, 1916.
- Spender, J.A.: The Life of the Rt. Hon. Sir Henry Campbell-Bannerman. Londen, 1923.
- Spruyt, C.B.: Chamberlain's Zuidafrikaansche Politiek (Oorgedruk uit „Vragen des Tyds“). -, 1896.

- Stead, W.T.: Are we in the Right? Londen, 1899.
Stead, W.T.: How Britain goes to War. Londen, 1903.
Stead, W.T.: How not to make Peace. Evidence as to Homestead
Burning collected and examined. Londen, 1900.
Stead, W.T.: Methods of Barbarism. The Case for Intervention.
Londen, 1901.
Stead, W.T.: Joseph Chamberlain: Conspirator or Statesman?
Londen, 1900.
Stead, W.T.: The Candidates of Cain. Londen, 1900.
Stead, W.T.: Shall I slay my Brother Boer? An appeal to the Con-
science of Britain. Londen, 1899.
Stead, W.T.: The Scandal of the South African Committee. Londen.
1899.
Stead, W.T.: What I learned in South Africa. Londen, ongedateerd.
Steenkamp, Ewald: Helkampe. Ongedateerd.
Stemme uit die Vrouwekampe. Ongedateerd.
Strydom, C.J.S.: Kaapland en die Tweede Vryheidsoorlog. Kaapstad,
1937.
Terblanche, Anette: Emily Hobhouse. Johannesburg, 1948.
The Dictionary of National Biography. Londen, ongedateerd.
Trevelyan, G.M.: History of England. Londen, 1945.
Vallentin, W.: Der Burenkrieg. I en II. Leipzig, 1903.
Van den Heever, C.M.: Generaal J.B.M. Hertzog. Johannesburg,
1943.
Van der Merwe, N.J.: Marthinus Theunis Steyn. I en II. Kaap-
stad, 1921.
Van der Merwe, N.J.: Ter Nagedagtenis van Emily Hobhouse, Bloem-
fontein, 1926.
Van der Walt, Wiid en Geyer: Geskiedenis van Suid-Afrika I en II.
Kaapstad, 1951.
Van Everdingen, W.: De Oorlog in Zuid-Afrika. Tweede Tydvak.
Delft, 1915.
Van Schoor, M.C.E. en Oberholster: President Steyn aan die Woord.
Bloemfontein, 1954.
Van Zyl, D.H.: In die Konsentrasiekamp. Jeugherinneringe. Bloem-
fontein, 1944.
Verloren van Themaat, H.: Twee Jaren in den Boerenoorlog. Haar-
lem, 1903.
Visser, Sannie: Via Dolorosa. Johannesburg, 1942.
Von Bar, L.: Der Burenkrieg, die Russificierung Finnlands. die
Haager Friedensconferenz. Hannover, 1900.
Vulliamy, C.E.: Outlanders. A Study of Imperial Expansion in
South Africa 1877- 1902. Londen, 1939.
Walker, Eric: History of South Africa. Nu York, 1928.
Whyte, Frederic: The Life of W.T. Stead. II. Londen, ongedateerd.
Wilson, H.W.: After Pretoria. The Guerilla War. Londen, 1902.
Worsfold, W.B.: Lord Milner's Work in South Africa, Londen, 1906.
Worsfold, W.B.: The Reconstruction of the New Colonies under
Lord Milner I en II. Londen, 1913.

